

**GEïNTEGREERDE BEDIENING IN DIE OPBOU VAN `n IDENTITEITSGEDREWE
MISSIONALE GEMEENTE**

deur

Cornelius Theodorus Rattray Marais

**Ter vervulling van die vereiste vir die graad
Philosophiae Doctor**

in

Praktiese Teologie

**Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria**

Promotor: Professor Malan Nel

2018

SUMMARY

The role that integration and coordination of ministries play in the discovery and development of a missional congregation's identity is being investigated in this study. The theory of the building up of a congregation is being investigated after which the identity and missional being of a congregation is subjected to scrutiny. It is being argued that the missional congregation identity is a gift from the triune God. This identity is corporative, relational and dynamic and is initiated by God. The challenge for congregations in a post-Christianity world lies in the fact to anew reclaim and deepen their missional identity.

As a result of the research conducted for this study, it is assumed that the intentional integration and coordination of the ministries facilitate the discovery and development of the identity. In this study Nel's argument that ministries need each other to facilitate the discovery and development of identity is tested. There is synergy between the different ministries in a systems approach and the effectiveness of the ministries is much greater than it would be if they were to function on their own. The various ministries need each other to fully come into their own.

Osmer's four tasks of practical theology were implemented in this study. The empirical research (quantitative as well qualitative) was conducted among the ministers of the Highveld Synod of the Dutch Reformed Church. One-hundred-and-thirty-nine of the 144 ministers agreed to take part in the quantitative research followed by partly structured interviews with 16 randomly selected ministers. During the empirical study every attempt was made to obtain data in connection with the understanding of ministers regarding the building up, identity and missional being of a congregation as well as the integration and coordination of the ministries that are present in their congregations. The probability exists that an identity-driven missional congregation in which the ministry is integrated and coordinated, could go from strength to strength in the world.

The research has shown that some of the ministers seem to show a flawed understanding that identity is a relational reality. At the same time there exists quite possibly a defective understanding that a congregation's reason for existence originates in its identity, and that the contributions that the integration and coordination of the ministry play in the discovery and development of the identity, are not fully understood. Most of the ministers are aware of the fact, that they need to develop their congregations as missional congregations, but the ministers do not always have the knowledge, competence, inclination and experience to make the move. An endeavor is made to better understand these core concerns and in the last chapter strategic plans, with an eye on desired outcomes, are presented.

OPSOMMING

Die rol wat die integrering en koördinering van bedienings in die identiteitsontdekking en -ontwikkeling van 'n missionale gemeente speel, word in hierdie studie ondersoek. Die teorie van gemeentebou word verken, waarna die identiteit van die kerk en missionale gemeenteweес onder die loep kom. Daar word geargumenteer dat die missionale gemeente se identiteit deur die drie-enige God geskenk word. Dié identiteit is korporatief, relasioneel en dinamies en word deur Hom geïnisieer. Die uitdaging vir gemeentes in 'n post-Christendom wêreld lê daarin om opnuut hul missionale identiteit te herwin en te verdiep.

Die navorsingsvermoede van die studie is dat die doelbewuste integrering en koördinering van die bedienings identiteits-ontdekking en -ontwikkeling fasiliteer. In hierdie studie word Nel se argument dat die bedienings mekaar nodig het om identiteits-ontdekking en -ontwikkeling te fasiliteer beredeneer, maar ook getoets. Binne 'n sisteembenadering is daar sinergie tussen die verskillende bedienings en die bedienings se effektiwiteit is veel meer as wanneer hulle op hul eie funksioneer. Die verskillende bedienings het mekaar nodig om tot hul volle reg te kom.

Osmer se vier take van prakties-teologiese interpretasie is in dié studie uitgevoer. Die empiriese navorsing (kwantitatief sowel as kwalitatief) is onder die leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Hoëveld Sinode gedoen. 139 leraars (uit 'n totaal van 144) het ingestem om aan die kwantitatiewe navorsing deel te neem, waarna half-gestruktureerde onderhoude met 16 ewekansig verkose leraars gevoer is. Tydens die empiriese studie is gepoog om data te bekom met betrekking tot leraars se verstaan van gemeentebou, identiteit, missionale gemeenteweес, sowel as die integrering en koördinering van die bedienings wat by hul gemeentes teenwoordig is. Die vermoede bestaan dat 'n identiteitsgedrewe missionale gemeente, waar die bedienings geïntegreer en gekoördineer word, van krag tot krag in 'n post-Christendom wêreld kan gaan.

In die navorsing is gevind dat daar 'n gebrekkige besef by van die leraars bestaan dat identiteit 'n relasionele werklikheid is. Daarbenewens bestaan daar heel moontlik 'n gebrekkige begrip dat 'n gemeente se bestaansdoel uit haar identiteit voortspruit. Die bydrae wat die integrering en koördinering van die bedienings in identiteitsontdekking en -ontwikkeling speel, word heel moontlik ook nie ten volle begryp nie. Meeste van die leraars weet dat hul gemeentes as missionale gemeentes moet ontwikkel, maar die leraars het nie aldag die kennis, vaardighede, lus en ondervinding om dié skuif te maak nie. Daar word gepoog om dié kernsake beter te verstaan en in die laaste hoofstuk word strategiese planne met die oog op verlangde uitkomste voorgelê.

BEDANKINGS

- Aan ons Hemelse Vader vir die voorreg om hierdie stuk werk tot sy eer en die uitbreiding van die koninkryk te kon doen. Soli Deo gloria.
- My lewensmaat, vriend en vrou Chrisna Marais. Chrisna, dankie vir jou voortdurende ondersteuning, aanmoediging en positiwiteit. Ek het jou lief.
- My promotor, Professor Malan Nel vir sy leiding, raad, aanmoediging, entoesiasme en ondersteuning. Dit is `n voorreg om onder u te kon studeer en om eerstehands u passie vir die kerk van Christus te kon beleef.
- Joyce Jordaan en Jaqui Sommerville van die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek. Joyce, baie dankie vir jou geduld, leiding, aanbevelings en ure se sorgvuldige werk. Ek waardeer dit oopreg en sal jou bydrae nooit vergeet nie.
- Marthinet Niemandt as taalversorger. Dankie dat die geskrewe teks soveel beter daar uitsien. Ek was verheug toe jy ingestem het om as taalversorger op te tree.
- Die Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin waar ek predikant is. `n Spesiale woord van dank aan my kollegas Danie Malan, Schalk Basson, Michelle van Tonder en Gert Reynolds vir jul ondersteuning, aanmoediging en positiewe houdings jeens dié navorsing.

INHOUDSOPGawe

HOOFSTUK 1 - VOORBEREIDING, TERREINVERKENNING EN METODOLOGIE

1.1 Inleiding	1
1.2 Relevansie van die navorsing	2
1.3 Doelgerigte soeke na antwoorde	4
1.3.1 Doelstelling met betrekking tot die literatuurstudie	4
1.3.2 Doelstelling met betrekking tot die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing	5
1.4 Bepaling van die grense	5
1.5 Wat wil met die ondersoek bereik word?	5
1.6 Die plek van die studie in die veld van die praktiese teologie	6
1.7 Tipe navorsing	7
1.8 Formulering van die probleem en doel van die navorsing: Navorsingsvrae en -vermoede	9
1.9 Kenteoretiese begronding van probleemstelling	9
1.10 Konseptualisering	10
1.11 Metodologie	11
1.11.1 Osmer se vier take van prakties-teologiese interpretasie	12
1.11.2 Die deskriptief-empiriese taak	13
1.11.3 Die interpretatiewe taak	15
1.11.4 Die normatiewe taak	16
1.11.5 Die pragmatiese taak	17
1.12 Vooruitskouing	19

HOOFSTUK 2 – NORMATIEWE TAAK (GEMEENTEBOU)

2.1 Inleiding	20
2.2 Boumetafoor	21
2.2.1 Metafoor	21
2.3 God as Subjek van die bouwerk in die Ou en Nuwe Testament	22
2.4 Boumetafoor in die Ou Testament	23
2.4.1 Boumetafoor in Amos	25
2.4.2 Sagaria 6:9-15 as oorgang tot die Nuwe Testament	27
2.5 Boumetafoor in die Nuwe Testament	29
2.5.1 Die boumetafoor in die evangelies	30
2.5.2 Die boumetafoor in Handelinge	32
2.5.3 Die boumetafoor by Paulus	34
2.5.4 Die boumetafoor by Petrus	36
2.6 Die doel van die bouwerk vanuit beide testamente	37
2.7 Geskiedkundige oorsig van gemeentebou	38
2.7.1 Gemeentebou in Suid-Afrika	40
2.8 Definisie van gemeentebou	40
2.9 Werksformule	43
2.10 Vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou	43
2.10.1 `n Konsep van reformasie	44
2.10.2 `n Konsep van `n langtermynbediening	46
2.10.3 `n Konsep van afhanklikheid van God	47
2.11 Die gemeentebouproses	48
2.11.1 Motivering, ontvriesing en die ontwikkeling van `n missie-stelling	48
2.11.2 Gemeente-analise	55
2.11.3 Beplanning van `n strategie	55

2.11.4 Implementering van die strategiese plan en bereiking van doelwitte	58
2.11.5 Evaluering, stabilisering en herhaling van die proses	59
2.12 Doel van gemeentebou	59
2.12.1 Die bekendmaking van God	60
2.12.2 Die word van `n volwasse organisme	60
2.12.3 Bevoordeling van ander	60
2.13 Hoekom gestruktueerde gemeentebou noodsaaklik is	61
2.14 Samevatting en vooruitskouing	62

HOOFTUK 3 – NORMATIEWE TAAK (IDENTITEITS- EN MISSIONALE KERKWEES)

3.1 Inleiding	64
3.2 Definisies van identiteit	65
3.3 Wat is die identiteit van die kerk?	66
3.3.1 Trinitariese verstaan van die identiteit van die kerk	66
3.3.2 Missionale denke se beïnvloeding van ekklesiologie	70
3.3.3 Dubbele identiteit – inkarnasie as toonbeeld van ‘heilige wêreldsheid’	74
3.3.4 Tweeledige identiteit	76
3.3.5 Paradoksale identiteit van die kerk	77
3.3.6 Paulus en die Christelike korporatiewe identiteit	78
3.3.7 Teologiese perspektiewe op die identiteit van die kerk	80
3.3.8 Samevatting – wat is die identiteit van die kerk?	89
3.4 Normatiewe aspekte met betrekking tot die identiteit van die kerk	90
3.4.1 Missionale gemeentes se identiteit kom van God	90

3.4.2 Missionale gemeentes moet hul identiteit herontdek	92
3.4.3 Missionale gemeentes moet hul identiteit, hulself en hul roeping Verstaan	98
3.4.4 Belangrikheid van 'n sterk korporatiewe identiteitsverstaan	99
3.4.5 Verdieping van die missionale gemeente se identiteit	103
3.5 Vorming van die missionale kerk se identiteit	104
3.5.1 Vorming van identiteit deur heerskappy van God	104
3.5.2 Vorming van identiteit deur die <i>imago Dei</i>	105
3.5.3 Vorming van identiteit deur aanbidding	106
3.5.4 Vorming van identiteit deur die doop	107
3.5.5 Vorming van identiteit deur narratiewe	108
3.5.6 Identiteitsvorming op psigologiese vlak: Erikson en Fowler	109
3.6 Samevatting: Identiteit	111
3.7 Patrone en empiriese aanduidings van 'n missionale gemeente	112
3.8 Die aard en doelwit van die kerk se sending	123
3.9 Vooruitskouing	125

HOOFSTUK 4 – NORMATIEWE TAAK (INTEGRERING EN KOÖRDINERING VAN BEDIENINGE)

4.1 Inleiding	127
4.2 God se komst na die kerk en wêreld deur bedieninge	128
4.3 Integrering en koördinering van die bedieninge	130
4.3.1 Relasionele kommunikasie: <i>kerugma</i>	131
4.3.2 Relasionele kommunikasie: <i>leitourgia</i>	133
4.3.3 Relasionele sorg: <i>paraklesis</i>	135
4.3.4 Relasionele sorg: <i>koinonia</i>	137
4.3.5 Relasionele diens: <i>diakonia</i>	139

4.3.6 Relasionele <i>marturia</i>	139
4.3.7 Relasionele <i>didaché</i>	141
4.3.8 Relasionele <i>kubernesis</i>	143
4.4 Sisteemdenke: Integrering en koördinering van die bedieninge	147
4.4.1 Sisteemdenke en identiteit	149
4.4.2 Sinergie: Aksie van vermenigvuldiging	151
4.5 Vooruitskouing	155

HOOFTUK 5: DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK (KWANTITATIEWE NAVORSING)

5.1 Inleiding	156
5.2 Wat is kwantitatiewe navorsing?	157
5.3 Die kwantitatiewe navorsingsproses	158
5.3.1 Die mense wat ondersoek is	158
5.3.2 Die spesifieke metodes wat gebruik is om data te versamel	158
5.3.3 Navorsingspan wat die navorsing onderneem het	158
5.3.4 Die stappe wat gevolg is om die projek suksesvol binne 'n spesifieke tydsraamwerk te voltooi	159
5.4 Die opstel van vraelys	160
5.5 Cronbach Alfa: Die interne betrouwbaarheid van die vraelys	160
5.6 Resultate van die navorsing	161
5.6.1 Biografiese inligting	161
5.6.2 Missionale blootstelling	165
5.6.3 Teenwoordigheid van bedieninge by gemeentes	166
5.6.4 Kategorie 1: Die <i>missio Dei</i> en die missionale gemeente	169
5.6.5 Kategorie 2: Gemeentebou	177
5.6.6 Kategorie 3: Identiteit	185

5.6.7 Kategorie 4: Integrering en koördinering van bedieninge	191
5.6.7.1 God se komste na die wêreld	195
5.6.7.2 Bedieninge se rol in identiteitsontdekking en –ontwikkeling	203
5.6.7.3 Interverweefheid van die bedieninge	211
5.7 Verbande tussen veranderlikes	218
5.8 Vooruitskouing	228

HOOFTUK 6: DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK (KWALITATIEWE NAVORSING)

6.1 Inleiding	229
6.2 Wat is kwalitatiewe navorsing?	230
6.3 Navorsingsplan	232
6.3.1 Die mense wat aan die navorsing deelgeneem het	232
6.3.2 Navorsingsmetodes	233
6.3.3 Onderhoude	233
6.3.4 Navorsing-span	234
6.3.5 Opstel van halfgestructueerde vraelys	234
6.3.6 Maak van afsprake	235
6.3.7 Onderhoudsvrae vir halfgestructureerde onderhoude	235
6.4 Versameling van die data	237
6.4.1 Die navorser se subjektiwiteit	238
6.5 Aanbieding van die data	238
6.5.1 Kategorie 1 – Gemeentebou	238
6.5.2 Kategorie 2 – Die <i>missio Dei</i> en die missionale gemeente	240
6.5.3 Kategorie 3 – Identiteit	243
6.5.4 Kategorie 4 – Integrering en koördinering van bedieninge	246
6.6 Vooruitskouing	249

HOOFTUK 7: INTERPRETATIEWE TAAK

7.1 Inleiding	250
7.2 Uitwys van kernsake en knelpunte	251
7.3 Skematische voorstelling van die kernsake en knelpunte met behulp van ATLAS.ti se “Network view”	252
7.4 Interpreting van die data	252
7.4.1 Friesse se NCT-metode	253
7.5 Bespreking en verduideliking van die kernsake en knelpunte	256
7.5.1 Kernsaak: Die gebrekkige besef by van die leraars dat identiteit `n relasionele werklikheid is	257
7.5.2 Kernsaak: Heelwat leraars het vermoedelik nie die vaardighede, kennis en ondervinding om die skuif van instandhouding na gestuurdeheid te maak nie	260
7.5.3 Knelpunt: Die diakonia is nie wesenlik/prominent teenwoordig in die leraars se verstaan van gemeentelike identiteit nie	268
7.5.4 Kernsaak: Gebrekkige begrip dat `n gemeente se bestaansdoel en roeping vanuit haar identiteit voortspruit	271
7.5.5 Knelpunt: Moontlike misverstaan met betrekking tot die rol van die bedieninge in God se komste na die wêreld	274
7.5.6 Kernsaak: Die bydrae wat die integrering en koördinering van die bedieninge in identiteitsontdekking en identiteitsontwikkeling speel, word heel moontlik nie ten volle begryp nie	277
7.6 Vooruitskouing	280

HOOFTUK 8: PRAGMATIESE TAAK

8.1 Inleiding	281
8.1.1 Probleemstelling en navorsingsvermoede	282
8.1.2 Die hipotese	282
8.2 Toetsing van probleemstelling	282
8.2.1 Opbou van `n missionale gemeente	282
8.2.2 Die identiteit van `n missionale gemeente	283
8.2.3 Integrering en koördinering van bedieninge	283
8.2.4 Bevestiging van navorsingsvermoede	283
8.3 SMART-aksieplanne: Strategieë om verandering teweeg te bring	284
8.3.1 Bereiking van strategiese doelwitte	284
8.3.2 Drie doelstellings	285
8.4 Slotopmerking	293
LITERATUURVERWYSINGS	294
LYS VAN BYLAE	314

HOOFSTUK 1

VOORBEREIDING, TERREINVERKENNING EN METODOLOGIE

1.1 Inleiding

Wie is ons? Wat is ons roeping? Wat is ons bestaansdoel? Die kerk vaar die perfekte storm binne (kyk Joubert 2007) en as gevolg van onder andere die kragte en invloed van postmodernisme, globalisasie, sekularisme, pluralisme en tegnologie (Roxburgh 2010:87-110), voel dit soms of die kerk `n identiteitskrisis beleef. Die navorsing se waarneming die afgelope paar jaar as lidmaat en predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) is dat die meeste gemeenteleiers nie weet hoe om `n identiteitsgedreve missionale gemeente in `n postmoderne samelewing te ontwikkel nie. Dit is juis om dié rede dat Nel sê dat gemeentebou as `n konsep verstaan wil word waar identiteit voortdurend gevind en verstaan word: “In accountability towards God and in a responsible encounter with Scripture and culture this identity should be rediscovered and understood – continually” (Nel 2015:49).

Die waarneming het dus te make met gemeentebou en die gebrekkige rol wat ons identiteit binne dié proses speel. Hierdie navorsingstuk is `n wetenskaplike ondersoek wat gerig is op die generering van kennis. Daar sal veral gefokus word op die identiteitsverstaan van missionale gemeentes, veral in hoe `n mate dié verstaan die ontwikkeling van `n missionale gemeente beïnvloed. Die missionale gesprek wentel rondom die ware identiteit van die kerk en soos Zscheile (2012:1) sê: “At the heart of the missional church conversation lies a challenge: to recover and deepen the church’s Christian identity in a post-Christendom world in light of the triune God’s mission in all of creation.”

Gibbs en Coffey (2001:30) skryf dat een van die gevolge van postmodernisme die verlies aan die bewustheid van jouself is (“the loss of a sense of self”). Die “self” is gefragmenteer en die dekonstruksie van die eerste persoon enkelvoud (“first person singular”), het tot gevolg dat die mens hom- of haarself elke dag moet “reinvent”. Postmodernisme het die kerk ook al hoe meer na die buitewyke geskuif, saam met die stormwinde en al die veranderinge wat deel geword het van kerkwees in die 21ste eeu. Gibbs en Coffey (2001:36) praat van die era van “discontinuous change” – waar dit verregaande is om te dink dat gemeentes nie meer sekerheid oor hul eie identiteit het nie. Nel (2015:49) sluit by hierdie punt aan as hy skryf hoe skokkend dit is om te sien hoe daar by sommige gemeenteleiers binne die gereformeerde tradisie geen eenstemmigheid oor die verstaan van die identiteit van die plaaslike gemeente is nie.

Dick Foster (in Nel 2015:30) vertel van `n baie ryk man wat op `n keer in `n woud verdwaal het. Hoe verder hy stap, hoe meer het hy verdwaal en die gevolg was dat hy baie angstig en desperaat geword het. `n Bosbouer het op hom afgekom en toe

hy hom sien, het hy gevra: "Wie is jy, meneer, en waarheen gaan jy?" Die man was verlig dat iemand hom gevind het, maar ook baie beïndruk met die bosbouer se twee vrae, soveel só dat hy hom `n pos aangebied het wat hy nie van die hand kon wys nie. Deel van sy verpligtinge by sy nuwe werk was om elke dag aan die ryk man te vra: "Wie is jy, meneer, en waarheen is jy op pad?"

Nel (2001a:13) skryf dat elke gesonde mens die vraag "Wie is ek?" vra. Kinders vra vrae oor waar hulle vandaan kom, tieners stoei met vrae soos "Wie is ek?", "Wat glo ek?" en "Met wie kan ek my vereenselwig?" Volwassenes worstel ook met hierdie vrae en eintlik kry gelowiges in Christus nooit werklik met hierdie vrae klaar nie, juis omdat daar `n dringende dryfkrag in ons is om al hoe meer te word wie ons in Hom is (Nel 2001a:13).

Om die saak meer kompleks te maak voel ons almal aan dat stormwinde oor die kerklike toneel in Suid-Afrika waai.

Baie gemeentes ervaar die ruk en pluk van woeste winde en is soos `n skip wat besig is om water in te neem. Ons leef in stormagtige tye en nijs gaan dieselfde bly nie. Eintlik leef ons in `n heel nuwe wêreld. (Niemandt 2007:13)

Vrae wat gevvolglik by mense in dié tye kan opkom, is vrae soos "Wie is ek in hierdie nuwe wêreld?" of dalk iets soos "Hoe word ek wat ek reeds in Christus is ten spyte van al die stormwinde wat binne myself en in die wêreld waai?"

Gemeentelede van missionale gemeentes het heel waarskynlik vrede gevind in wie hul fisies, geneties, kultureel en antropologies is, maar aan die ander kant is daar `n voortdurende onrustigheid oor die *herskepte wie* wat ek eintlik nog besig is om te word, hoewel ek dit tog in Christus reeds is (Nel 2001a:13).

Gibbs dink terug aan die vroeë kerk wat voortdurend die evangelie uitgedra het na mense en plekke waar die Gees deure vir hulle oopgemaak het.

In that transmission and translation, the salvation events, the gospel itself, continued and continue to have their unique impact as individuals respond and individual lives are transformed or converted. (Gibbs & Coffey 2000:80)

Gibbs sê verder die blye boodskap van Jesus Christus word – soos wat die Heilige Gees die getuies bemagtig – die nuwe Christene se storie en hul self-definisie.

1.2 Relevansie van die navorsing

Die relevansie van dié studie draai om die identiteitsverstaan binne en van gemeentes en in hoe `n mate die integrering en koördinering van die bediening die identiteitsverstaan kan fasilitateer ten einde die gemeente uit te bou. Nel (2015:78) wys op die belangrikheid daarvan om die bedieninge te integreer en te koördineer juis omrede dit die manier is hoe God na die kerk kom en hoe die kerk op haar beurt na die wêreld gaan.

Integrating and coordinating is difficult but should not be put aside because of its complex nature. It is necessary, for this is the way in which God comes to his church and through the church to the world. (Nel 2015:78)

In hierdie studie word Nel (kyk hoofstuk 4) se argument aanvaar dat die bedieninge mekaar nodig het om identiteitsontdekking en -vorming te faciliteer. Binne 'n sisteembenadering is daar sinergie tussen die verskillende bedieninge en die bedieninge se effektiwiteit is veel meer as wanneer hulle op hul eie funksioneer. Die verskillende bedieninge het mekaar nodig om tot hul volle reg te kom (Nel 2015:78). In die navorsing word Nel se teorie gebruik, maar ook getoets, met die gevolg dat dit die navorser noodsaak om dikwels met sy werke om te gaan.

Heitink fokus ons aandag daarop dat een van die redes hoekom daar die afgelope tyd stagnasie in die kerk ingetree het, is omrede ons nie ons identiteit verstaan nie:

Er is blijkbaar iets mis met de christelijke traditie dat zij mensen in onze tijd minder weet te bezien. Er is veel onduidelijkheid en het lukt de kerk niet temidden van een pluraliteit van belevingen de eenheid in het geloof te versterken. Wie is Jezus voor ons? Wat heet christelijk en waar staat het geloof in jesus Christus voor? (Heitink 2008:22)

Guder neem waar dat daar wêreldwyd inisiatiewe geloods word om kerk te wees op 'n nuwe manier, maar dit kan nooit los wees of los raak van wie ons in Christus is nie.

These initiatives are enormously diverse, although they all share a commitment to experiment with forms and styles of community life that are clearly not beholden to the received traditions of the Western church. In terms of the practices and patterns of their gathered life, they are decidedly countercultural. (Guder in Hirsch & Catchim 2012:xv)

Aangesien daar volgens Nel nog nie genoeg navorsing gedoen is oor gemeentegebou, in samehang met die identiteitsverstaan binne één van 'n gemeente tesame met die integrering en koördinering van die bedieninge nie, het dit nie veel oorreding gekos om die navorsing in hierdie rigting te stuur nie. Die navorser hou van wat Warren (1995) in *Purpose Driven Church*, skryf, maar hy stem 100 persent saam met die argument in Nel (2015) se boek *Identity-driven churches*, dat 'n gemeente se identiteit haar doel voorafgaan.

Bosch (1991:23) soek in sy boek *Transforming mission* antwoorde op vrae soos die volgende: "Wat was die vroeë Christene en die daaropvolgende geslagte se selfverstaan?" "Hoe verstaan Christene vandag hulself?" "Hoe het hul selfverstaan 'n effek op ons verstaan van sending?" Ben Meyer (in Bosch 1991:23) toon in sy werk aan dat die dissipels 'n nuwe selfverstaan gehad het en dat dit die rede was waarom hulle uitgereik het na die omliggende streke rondom hulle. Ons, as burgers

van die 21ste eeu, het ook nodig om te dink en te wonder oor ons identiteit - oor die manier hoe ons onsself verstaan en oor die manier hoe die Here ons sien.

Die kerk se primêre identiteit is lankal nie meer daarin geleë dat sy sosiaal sentraal in ons samelewing staan nie (Zscheile in Nel 2015:25). Ons identiteit lê daarin dat ons deel is van dit wat God in die wêreld wil doen. Aagard (in Bosch 1991:390) skroom nie om te sê daar is `n kerk omdat daar sending is en nie *vice versa* nie – “There is a church because there is mission.” Nel (2015:26) sê dit helder en duidelik dat gemeentebou daarmee te make het om gemeentes te lei sodat hulle hul God-gegewe identiteit kan vind en verstaan. Die identiteit is `n gegewe. Die identiteit wat met verskeie metafore beskryf word, is `n gegewe, maar die plaaslike gemeentes moet voortdurend gehelp word om hul identiteit *in Christus* te verstaan (Nel 2015:26). Hierdie is `n belangrike punt, want ons identiteit lê nie in individue nie, dit lê in die gemeente – dit lê in die ‘ons’ en moet gestalte in al die bedieninge kry. Nel voeg ook daarby: “...building up a local church is about building up a *corporative sense of identity*.” Dit gaan dus hier oor baie meer as net die dominees, die kerkraad en die aktiewe lidmate se identiteitsverstaan, dit gaan oor die gemeente as geheel en haar identiteit in Christus. “The concept is therefore about the integration and coordination of all the ministries in service of God, of one another and of the world” (Nel 2015:77).

Die navorsing is deel van `n generasie wat nuut wil dink oor kerkwees en gemeentebou en die doel en relevansie van hierdie studie sal wees om te probeer aantoon dat gemeente-wees uit identiteit moet voortspruit.

1.3 `n Doelgerigte soeke na antwoorde

Navorsing is in die eerste plek `n soeke, `n doelgerigte en metodies verantwoorde soeke wat `n duidelike doel voor oë het (Osmer 2008:48).

1.3.1 Doelstelling met betrekking tot die literatuurstudie

In die literatuurnavorsing (hoofstuk 2 - 4) wil die navorsing antwoorde op die volgende vrae kry:

- Wat sê gemeenteboukenners oor die rol van identiteit in gemeentebou?
- Hoe verstaan kenners die theologiese identiteit van die kerk?
- Wat is die normatiewe aspekte met betrekking tot die identiteit van die kerk?
- Hoe word die identiteit gevorm?
- Hoe lyk `n missionale gemeente in `n postmoderne tyd?
- Wat is die bedieninge se rol in God se komst na die wêreld?
- Kan die bedieninge (afsonderlik én gesamentlik) identiteitsontdekking en -ontwikkeling faciliteer?
- Wat is die vrug van die integrering en koördinering van die bedieninge?

1.3.2 Doelstelling met betrekking tot die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing

Met die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing (hoofstuk 5 - 6) wil die navorser antwoorde op die volgende vrae kry:

- Hoe dink leraars oor die *Missio Dei* en hul gemeentes?
- Hoe dink en verstaan leraars gemeentebou?
- Hoe verstaan leraars hul gemeentes se identiteit?
- Hoe verstaan leraars God se komst na die wêreld?
- Hoe sien leraars die rol van bedieninge in die gemeente?
- Begryp leraars dat die integrering en koördinering van bedieninge identiteitsontdekking en -ontwikkeling kan fasiliteer?

1.4 Bepaling van die grense

Die navorsing word toegespits op al Hoëveld Sinode se NG-leraars. Hierdie is deels 'n empiriese studie om vas te stel wat die verband is tussen die ontwikkeling van 'n missionale gemeente en die identiteitsverstaan binne en van so 'n gemeente. Daar sal vasgestel word wat die aard van die verband is tussen die integrering en koördinering van die bedieninge binne 'n gemeente en die ontdekking sowel as vorming van gemeente-identiteit.

'n Gestruktureerde vraelys (Bylaag C) sal ontwerp en ingevul word deur die persone/gemeentes wat ewekansig gekies is en daar sal ook kwalitatiewe navorsing deur middel van half-gestruktueerde onderhoude onder 'n persentasie van die ewekansig verkose leraars gedoen word.

1.5 Wat wil met die ondersoek bereik word?

Pieterse (1993:108) som die praktiese teologie op as die teologiese teorie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Ons dien 'n God wat met en deur mense handel en hierdie handeling is kommunikatief in wese en vorm. In aansluiting by Pieterse, sê Nel (2001b:4) in die praktiese teologie gaan dit basisteoreties om kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie en in diens van die koninkryk van God in die huidige samelewing.

Die hermeneutiese proses binne praktiese teologie wil beweeg van die verstaan na verklaring en wil uiteindelik verandering teweeg bring. Iets moet in die identiteitsverstaan van gemeentes verander. Heitink vra die vraag oor hoe die kerk haar identiteit met die pluraliteit waarin ons leef, kan verbind, en dan antwoord hy met:

Naarmate gemeenten een duidelijke identiteit kennen en zich daarop naar buiten toe profileren, blijken ze een grotere aantrekkingskracht uit te oefenen op

hun omgeving. Want pluraliteit in belewing roept die behoefte op aan identiteit om duidelijk te maken wat je gelooft en waar je voor staat. (Heitink 2008:182)

Met hierdie navorsing wil die navorser vasstel of daar 'n verband is tussen gemeentebou en die identiteitsverstaan van gemeentes. Indien die navorser uit hierdie navorsing vasstel dat daar wel 'n sterk verband is tussen gemeentebou en die gemeente se identiteitsverstaan, kan gemeenteleiers nie anders as om al hoe meer die integrering en koördinering van al agt die bedieninge binne 'n gemeente aan te pas ten einde identiteitsontdekking en identiteitsvorming te faciliteer nie.

Dit kan uit die aard van die saak lei tot aanbevelings oor hoe gemeentes hierdie proses kan faciliteer. Indien hierdie studie bevind dat daar nie 'n verband tussen gemeentebou en 'n gemeente se identiteitsverstaan is nie, sou die navorser tog wou vasstel wat die gevolg is van die integrering en koördinering van al agt die bedieninge wat identiteitsontdekking en identiteitsvorming faciliteer.

Roxburgh en Romanuk (2006:9) het nie soos talle ander alle hoop laat vaar dat baie gemeentes eerder hulle deure moet sluit nie. Hulle stel dit prontuit dat hulle nie naïef is nie, en hoewel hulle bewus is daarvan dat dit glad nie goed by baie gemeentes gaan nie, glo hulle tog dat 'n plaaslike gemeente die sentrum van missionale lewe kan word. Gemeentes is volgens Roxburgh en Romanuk belangrik en hulle glo die nodige verstellings en aanpassings kan gemaak word ten einde 'n verskil binne hul konteks te maak.

Congregations matter. But they need leaders with the skills to cultivate an environment in which the Spirit-given presence of God's future may emerge among the people of God. (Roxburgh & Romanuk 2006:9)

1.6 Die plek van die studie in die veld van die praktiese teologie

Gemeentebou is volgens Nel 'n onderdeel van praktiese teologie wat homself telkens aan veral die ekklesiologie (leer van die kerk) oriënteer.

Hierdie oriënterig ten opsigte van die kerk in sy Trinitariese oorsprong is vir die verstaan van die begrip *gemeentebou* van uiterste belang. Die bediening raak die opbou van die gemeente wat die Vader op grond van Christus se versoeningswerk en deur die Heilige Gees tot stand gebring het. (Nel 1994:11–12)

Praktiese teologie as teorie van aksie is volgens Heitink (1999:6) "... the empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society". Dié definisie verwys volgens Avenant (2011:5) na die mediasie van die Christelike geloof wat plaasvind in die praxis van die moderne samelewing. Dus is praktiese teologie gemoeid met dit waarmee God besig is deur die bediening van mense (Heitink 1999:7).

Hierdie studie kyk vanuit 'n gemeentebouhoek na gemeentes se identiteit en is veral gemoeid met die integrering en koördinering van al agt die bedieninge binne 'n gemeente wat identiteitsontdekking en identiteitsvorming fasiliteer. Die integrering en koördinering van al agt die bedieninge binne 'n gemeente het onder ander ook geloofsontwikkeling ten doel en geloofsontwikkeling is binne die reformatoriële tradisie niks anders as identiteitsvorming nie. Jongmense en kinders word binne die reformatoriële tradisie deur 'n totale bediening *gehelp om te word wat hulle reeds in Christus is* (Nel 2001b:149). Dit sluit natuurlik oor volwassenes in.

In die tyd waarin ons leef, is die kerk belangrik, juis omdat die Here die kerk belangrik ag en ons as kerk kan iets van sy koninkryk ten toon stel en wys hoe dit lyk waar God regeer, waar sy koningskap bely word en waar Hy eerbiedig, geniet en gedien word (Nel 1994:11).

Lidmate, insluitend kinders en jongmense, word deur die totale bediening binne 'n gemeente gehelp om te word wat hulle reeds in Christus is. Dieselfde argument word by Osmer gevind wanneer hy na sowel die doop as die nagmaal verwys.

Their theological content is identical: become who you already are in Christ for in Him you are elected, reconciled, and redeemed! Confirmation represents a taking up and grasping of a reality that has already been established in Christ, and, following this, in the experience of all the baptized members of the church, no matter how young they are. (Osmer 1996:189)

1.7 Tipe navorsing

Binne die empiriese benadering word daar 'n keuse uitgeoefen vir toetsende, maar ook eksplorerende navorsing waar data deur kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe metodes verkry word (Heitink 1999:230-231).

1.7.1 Eksplorerende navorsing

Eksplorerende navorsing is 'n mengsel van navorsing wat poog om te beskryf en navorsing wat hipoteses wil toets, maar dit kan sy eie onafhanklike plek hê, veral wanneer die navorsing nie primêr die breë veld wil verken of sekere fenomene wil registreer nie. Wanneer die breë veld of sekere fenomene beskryf word, kan sekere hipoteses na vore tree.

1.7.2 Toetsende navorsing

Die karaktereienskap van toetsende navorsing is waar soms slegs een of 'n beperkte aantal verwante en interverweefde hipoteses empiries getoets word. Meestal word dit gedoen deur toetsing van 'n afgebakende verteenwoordigende groep. "The tests must give clarity whether certain relationships, which are thought to exist on theoretical grounds, can be detected in reality or in the human consciousness" (Heitink 1999:231).

1.7.3 Kwantitatiewe navorsing

In hierdie studie sal vraelyste gebruik word ten einde kwantitatiewe data te verkry (hoofstuk 5). Daar is gekies vir kwantitatiewe navorsingsmetodes aangesien hierdie studie fokus op die verband tussen gemeentebou en die integrering en koördinering van die bedieninge wat identiteitsontdekking en -vorming fasiliteer.

Met kwantitatiewe data word daar statisties bepaal of daar 'n verband tussen veranderlikes is. "Quantitative research gathers and analyse numeric data to explore relationships between variables (Osmer 2008:49). Pieterse (1993:27) argumenteer dat die praktiese teologie (en die pogings tot verstaan van die evangelie in ons eietydse konteks) gevaar loop sonder hierdie empiriese navorsing om verkeerde vermoedens, naïeve assosiasies en ongegronde spekulasies oor wat mense sou glo, ervaar en praktiseer, as die waarheid daar te stel.

Empiriese ondersoek, aldus Pieterse geskied

deur distansiëring, objektivering en deur beskrywing, verkenning en verklaring. Empiriese navorsing verloop ordelik en sistematies. Navorsingsdata word volgens 'n vaste en sistematiese metode ingesamel. Die navorsingsproses moet deur ander navorsers gevolg en gekontroleer kan word. Vooroordele moet sover moontlik uitgeskakel word en noukeurigheid en geldigheid is van uiterste belang. Die gegewens bestaan in die werklikheid, daarom heet dit empiriese gegewens. (1993:26)

Osmer (2008:50) sê kwantitatiewe navorsing is veral waardevol om breeë statistiese patronen en verhoudings te ontdek.

1.7.4 Kwalitatiewe navorsing

Van der Ven sê dat kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing mekaar nie uitsluit nie.

Rather, they constitute two orientations, the elements of which may occur in various combinations. The primary accent may nevertheless differ, and it is this accent which forms the object of the methodological reflection with respect to the particular empirical-theological research project. (1993:154)

Osmer (2008:49) beskryf kwalitatiewe navorsing as volg: "Qualitative research seeks to understand the actions and practices in which individuals and groups engage in everyday life and the meanings they ascribe to their experience." Dit is veral gepas wanneer 'n klein aantal individue, groepe of gemeenskappe in diepte bestudeer word (Osmer 2008:50).

1.8 Formulering van die probleem en doel van die navorsing: Navorsingsvrae en navorsingsvermoede

Die navorsingsvrae waarop ek graag die navorsing sou wou fokus, is:

- tot hoe `n mate die ontwikkeling van 'n missionale gemeente deur die teologiese en kontekstuele identiteitsverstaan binne en van die gemeente beïnvloed word;
- tot hoe `n mate hierdie identiteitsverstaan en –ontwikkeling direk verband hou met die integrering en koördinering van alle bedieninge in belang daarvan.

Die navorsingsvermoede (en probleem) is dat die ontwikkeling van missionale gemeentes negatief beïnvloed word wanneer die integrering en koördinering van al die bedieninge nie identiteitsontdekking en -vorming op `n hermeneutiese vlak fasiliteer nie.

1.9 Kenteoretiese begronding van probleemstelling

Osmer se metode van prakties-teologiese interpretasie gaan in die navorsing gevolg word met in ag neming van die volgende vier epistemologiese skuiwe wat in die postmoderne intellektuele konteks plaasgevind het (Osmer 2008:236-238):

- van wetenskap as die toonbeeld van geleerdheid binne alle velde (insluitend teologie), na die bevestiging en erkenning van `n verskeidenheid van maniere hoe navorsing uitgevoer word;
- van spesialisering binne relatiewe geïsoleerde dissiplines na kruis-dissiplinêre denke as die middelpunt van akademiese navorsing;
- van die ideaal van universaliteit, konsensus en vooruitgang na pluralisme en rasionele dissensus;
- van `n skerp onderskeid tussen belangeloze, suiwer geleerdheid en toegepaste wetenskap na die erkenning dat geleerdheid begroot en gerig is op die praktyk en dat dit konstellasies van waardes, belang en mag reflekteer.

Practical theology as an academic field has its own distinctive research program. It makes its own constructive contribution to the theological enterprise as a whole and to the ongoing conversation of humankind in its quest for intelligibility. (Osmer 2008:240)

Osmer se vier take, wat onderling verwante intellektuele operasies uitvoer, onderskei die praktiese teologie van ander vorme van teologie en die sosiale wetenskappe, hoewel daar plek-plek oorvleueling en raakpunte is. In dieselfde asem kan genoem word dat praktiese teologie, soos baie ander velde, in `n robuuste gesprek is met ander dissiplines, wat ander teologiese dissiplines sowel as die kunste en wetenskap insluit. “It is not self-enclosed. Cross-disciplinary thinking is an inherent part of each of its four tasks” (Osmer 2008:240).

Praktiese teologie is deesdae `n uiters pluralistiese veld en die vier take word op merkbaar verskillende maniere uitgevoer: navorsers skenk meer aandag aan sommige take as ander en dié vier take word op verskillende maniere as verwant aan mekaar gesien.

They engage quite different conversation partners from various fields. This pluralism is a sign of vitality. But it is helpful in our pluralistic, post-modern intellectual context to periodically articulate what the philosophical theologian Wentzel van Huyssteen and others call a *wide reflective equilibrium*. (Osmer 2008:241)

Van Huyssteen (in Müller 2011) gebruik die term *wide reflective equilibrium*:

...to point to the optimal, but fragile communal understanding we are capable of in any given moment in time. A postfoundationalist notion of reality enables us to communicate across boundaries and move transversally from context to context, from one tradition to another, from one discipline to another.

Die vraag moet gevra word of daar gemene delers in die breë landskap van `n betrokke vakgebied is. Is daar iets wat die navorsers deel wat `n gesprek tussen hulle aan die gang kan sit?

Equilibriums are made to be punctuated, as we have seen, and reflective equilibriums are no different, they are fragile and tenuous. But they do provide a helpful way for the members of a field to talk to each other instead of past each other. (Osmer 2008:241)

1.10 Konseptualisering

1.10.1 Gemeentebou

Gemeentebou is om `n gemeente te begelei om haar Godgegewe identiteit te ontdek en te verstaan deur onder andere die koördinering en integrering van alle bedieninge - getuienis (*marturia*), verkondiging (*kerugma*), erediens (*leitourgia*), pastoraat (*paraklesis*), onderrig (*didaché*), administrasie (*kubernesis*), gemeenskap van die gelowiges (*koinonia*) en diens van barmhartigheid (*diakonia*) - in diens van God, mekaar en die wêreld en in diens van die kommunikasie van die evangelie van Jesus Christus.

1.10.2 Missionaal

Die term *missionaal* fokus op die doel en karakter van die kerk – die kerk is die geroepenes van God wat deur God na die wêreld gestuur word. Die kerk is dus God se instrument vir dit wat Hy wil doen. `n Missionale kerk is `n kerk wat haarself definineer en haarself orden rondom haar werklike doel as agent vir God se missie na die wêreld. Die kerk se ware en outentieke organisatoriese beginsel is sending. Dus, as `n kerk in sending is, is dit waarlik kerk. Die missie van God vloeい direk deur

elke gelowige en die gemeenskap van gelowiges waar hulle in Christus is (Guder in Hirsch & Catchim 2012:xv). `n Missionale kerk is `n kerk wie se identiteit begrond is in die deelname van God se missie in die kosmos. “By ‘missional church’ I mean a church whose identity lies in its participation in the triune God’s mission in all of creation” (Nel 2015:26).

1.10.3 Gemeente-identiteit

Die kerk is van die drie-enige God: Die gemeente glo in Christus, wie gereinig is deur sy lewe-gewende offer. Die gemeente is dié, wie deur Christus aan God behoort en dit word deur die Heilige Gees beseël. Die kernmetafoor is dat die kerk *in* Christus is.

1.10.4 Bediening

Bediening is die manier hoe God na sy kerk en deur die kerk na die wêreld kom. Die totale bedieninge bestaan uit die kommunikatiewe handelinge wat die kommunikasie van die evangelie dien. In hierdie studie word daar gewerk met agt bedieninge, naamlik *leitourgia*, *paraklesis*, *kubernesis*, *didaché*, *koinonia*, *diakonia*, *marturia* en *kerugma* waar al die bedieninge (as geheel en individueel) drie-dimensioneel is. Dit beteken dat elkeen altyd diens aan God, diens aan mekaar en diens aan die wêreld moet wees (Nel 2015:70).

1.10.5 Integrering van bedieninge

Integrering verwys na die interverweefdheid van die bedieninge, soos bv. dat daar altyd onderrig (*didaché*) in die verkondiging (*kerugma*) is en predikers wat dit doelbewus in ag neem.

1.10.6 Koördinering van bedieninge

Koördinering verwys na die gesamentlike funksionering van die bedieninge, soos bv. verkondiging (*kerugma*) en liturgie (*leitourgia*) en ons wat doelbewus daarmee rekening hou.


1.11 Metodologie

Osmer (2008:4) beskryf die proses van prakties-teologiese interpretasie met vier take waarmee navorsers besig moet wees ten einde enige proses in die gemeente of navorsingsveld te kan fasiliteer.

Hierdie vier take kan ook in die vorm van 'n hermeneutiese sirkel gekonseptualiseer word (figuur 1) en staan bekend as die:

- deskriptief-empiriese taak
- interpretatiewe taak
- normatiewe taak
- pragmatiese taak

Figuur 1. Hermeneutiese sirkel vir prakties-teologiese interpretasie van Osmer



1.11.1 Osmer se vier take van prakties-teologiese interpretasie

Practical theology as an academic field has its own distinctive research program. It makes its own constructive contribution to the theological enterprise as a whole and to the ongoing conversation of humankind in its quest for intelligibility. (Osmer 2008:240)

Die bogenoemde vier take, wat onderling verwante intellektuele operasies uitvoer, onderskei die praktiese teologie van ander vorme van teologie en die sosiale wetenskappe, hoewel daar plek-plek oorvleueling en raakpunte is. (Osmer 2008:240).

In dieselfde asem kan genoem word dat praktiese teologie, soos baie ander velde, in robuuste gesprek is met ander dissiplines, wat ander theologiese dissiplines sowel as die kunste en wetenskap insluit. “It is not self-enclosed. Cross-disciplinary thinking is an inherent part of each of its four tasks” (Osmer 2008:240). Praktiese teologie is deesdae ‘n uiters pluralistiese veld en die vier take word op merkbaar verskillende maniere uitgevoer. Navorsers skenk meer aandag aan sommige take as aan ander en dié vier take word op verskillende maniere as verwant aan mekaar gesien.

They engage quite different conversation partners from various fields. This pluralism is a sign of vitality. But it is helpful in our pluralistic, post-modern intellectual context to periodically articulate what the philosophical theologian

Wentzel van Huyssteen and others call a wide reflective equilibrium. (Osmer 2008:241)

Die vraag moet gevra word of daar gemene delers is in die breë landskap van `n betrokke vakgebied. Is daar iets wat die navorsers deel wat `n gesprek tussen hulle aan die gang kan sit?

Equilibriums are made to be punctuated, as we have seen, and reflective equilibriums are no different, they are fragile and tenuous. But they do provide a helpful way for the members of a field to talk to each other instead of past each other. (Osmer 2008:241)

Wat hierop volg, is dat die kerntaak van prakties-teologiese interpretasie én optrede in vier take opgesom kan word:

- Wat is aan die gebeur? (deskriptief-empiriese taak)
- Hoekom is dit aan die gebeur? (interpretatiewe taak)
- Wat behoort te gebeur? (normatiewe taak)
- Hoe kan ons hierop reageer? (pragmatiese taak)

Die beantwoording van elk van die bestaande vier vroeë is die fokus van een van die vier kerntake van prakties-teologiese interpretasie (Osmer 2008:4).

1.11.2 Die deskriptief-empiriese taak

Die vraag “Wat is aan die gebeur?” lê in die hart van deskriptief-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie (Osmer 2008:4).

In die bediening voer kerkleiers heel dikwels hierdie taak op `n informele wyse uit deur onder andere inligting te vergader, aandagtig te luister en om `n fyn oog op sekere patronen en verhoudings te hou.

Die praktiese teologie nooi ons uit om die teks van die lewe en wat om ons gebeur, te interpreteer. Boison (in Osmer 2008:33) noem dit die interpretasie van “living human documents.”

As kerkleiers kruis ons paaie dikwels met dié van ons gemeentelede. Mense deel hul probleme met ons, ander soek hulp, lidmate is soms in die hospitaal, staan geliefdes aan die dood af en beweeg deur die verskillende fasies van die lewe en in hierdie situasies sal kerkleiers observasies maak en inligting versamel om die vraag ‘wat is aan die gebeur’ te beantwoord. Dit gebeur egter nie net in krisisse en in tye van nood nie, maar “... it has to with the quality of attentiveness congregational leaders give to people and events in their everyday lives” (Osmer 2008:33).

Dit gaan hier oor die versameling van data wat ons help om patronen en `n sekere dinamika te onderskei en heel dikwels gebeur die versameling van data informeel in die bediening. Soms luister dominees na veel meer as wat gesê word. Osmer

(2008:5) sê hy luister soms met 'n 'derde oor', wat beteken dat hy op die liggaamstaal en gevoelens van sy lidmate let.

Om werklik te kan vasstel wat aan die gebeur is, moet kerkleiers ten volle wees waar hulle is. Hul aandag moet by die persoon wees met wie hulle in kontak is. Osmer (2008:34) noem dit 'n "spirituality of presence".

Here it describes a spiritual orientation of attending to others in their particularity and otherness within the presence of God. The key term here is 'attending', relating to others with openness, attentiveness, and prayerfulness. (Osmer 2008:34)

"Ultimately, the descriptive empirical task of practical theological interpretation is grounded in a spirituality of presence" (Osmer 2008:34).

'n "Spirituality of presence" sluit in om van tyd tot tyd namens lidmate tot God te bid, Osmer (2008:35) noem dit priesterlike luister ("priestly listening").

Die deskriptief-empiriese taak hou hom besig met 'n drievoudige metode van navraag (figuur 2):

- informele navraag
- semi-formele navraag
- formele navraag

Figuur 2. Drievoudige metode van navraag

Informeel teenwoordig.....	Formeel teenwoordig
Semi-formeel teenwoordig	

Informele navraag sluit in die goed wat elke dag rondom ons gebeur, maar tog moet ons fyn daarop ingestel wees om werklik die mooi en die donker kant van die lewe te sien en daaroor na te dink. (Osmer 2008:38)

Semi-formele navraag gebruik spesifieke metodes en aktiwiteite wat struktuur aan ons navorsing kan gee. Dit sluit in die byhou van 'n joernaal. Kleingroepe en sommige dominees verkies om deel te wees van 'n pastorale groep waar hulle nadink en reflekteer oor wat aan die gebeur is in hul bedienings. Dit sluit ook aktiwiteite in waar gemeenteleiers doelbewus tyd opsy sit om na te dink oor die ervarings van hul lidmate (Osmer 2008:38).

Soms is daar egter 'n behoefte dat inligting op 'n meer sistematiese en gedissiplineerde manier versamel moet word en dit bring ons by formele navraag (Osmer 2008:6). Formele navraag ondersoek spesifieke episodes, situasies en kontekste deur middel van empiriese navorsing. Om navraag op hierdie manier te doen gee aan gemeenteleiers die opsie om op 'n sistematiese en doelbewuste manier navraag te doen (Osmer 2008:39).

Navorsing en navraag gaan hand aan hand met die lei en rig van lidmate. “There is a deep connection between attending and guiding in congregational leadership” (Osmer 2008:39).

Uit die aard van die saak kan navorsers 'n veel dieper insig in 'n probleem verkry wanneer hulle steun op empiriese navorsing wat reeds op verwante gebiede gedoen is.

Empirical research proves especially helpful in allowing interpretives guides to better understand the people who participate in this dialogue. It also helps to recognize social trends that are impacting people's lives and shaping the context of ministry. (Osmer 2008:41)

Duidelike riglyne van hoe 'n navorsingsontwerp sowel as 'n navorsingsplan daaruit moet sien, word deur Osmer (2008:47-48) gegee en dit sluit in:

- die doel van die projek – duidelikheid/klarigheid oor die doel van die projek;
- strategie van navraag – watter metodologie gaan gevvolg word om die metodes wat gebruik en die uitkomste wat verlang word, te verbind;
- navorsingsplan – formasie van 'n navorsingsplan en die uitvoering daarvan, hoe die projek aangepak gaan word binne 'n bepaalde tydsraamwerk, wat nagevors gaan word, wie die navorsing gaan uitvoer, asook die metodes wat gebruik gaan word om die data bymekaar te maak en te analyseer;
- refleksie – refleksie oor die meta-teoretiese aannames wat betrekking het op die projek.

1.11.3 Die interpretatiewe taak

Dit handel ook oor watter teorieë die navorsing kan help om die patronen en dinamika van wat aan die gebeur is, beter te kan verstaan (Osmer 2008:6).

The interpretative task of practical theological interpretation draws on theories of this sort to better understand and explain why certain events are occurring. (Osmer 2008:7)

Hierdie taak wil die vraag "Hoekom is dit aan die gebeur?" beantwoord.

Wetenskaplike teorieë kan met kaarte vergelyk word (Osmer 2008:80). Leiers (in hierdie geval die interpreterende gids) bring kaarte saam wanneer hulle ander mense lei. Sulke kaarte gee mens 'n idee van die landskap en moontlike paaie waarop gereis kan word, maar daar moet onthou word dat die kaart nie die landskap is nie en dat die regte kaart, wat by die doel pas, gekies moet word.

Die Interpretatiewe taak verwys, volgens Osmer (2008:82), na 'n proses wat 'n leier volg om van insig en verstaan te beweeg tot teoretiese interpretasie deur wyse oordeel aan die dag te lê (figuur 3).

Figuur 3. Drievoudige proses in interpretasie

Bedagsaamheid..... Teoretiese interpretasie
Wyse oordeel

In 'n postmoderne tyd is lidmate op soek na denkende leiers wat hul kan help om sin te maak uit dit wat rondom hulle gebeur. Die spiritualiteit van sulke leiers vertoon die volgende drie kenmerke: bedagsaamheid, teoretiese interpretasie en wyse oordeel (Osmer 2008:82). Sulke kerkleiers is mense wat voortdurend lees en aanhou om te studeer. Osmer (2008:82) noem hierdie tipe spiritualiteit 'n "spirituality of sagely wisdom".

Die eerste kenmerk van 'bedagsaamheid' kan tweeledig verstaan word. Eerstens verwys dit na leiers wat bedagsaam is wanneer hulle met ander mense werk, maar dit sluit ook die insig in wat hul in alledaagse aangeleenthede het. Bedagsaamheid streef altyd na insig (Osmer 2008:82).

Aan die verste kant van die spektrum (figuur 3) is 'teoretiese interpretasie'. Dit is die vermoë om teorieë van die kunste en wetenskap te gebruik om sekere episodes, kontekste en situasies te verstaan, maar ook om daarop te reageer (Osmer 2008:83).

'Wyse oordeel' op sy beurt is onontbeerlik vir goeie leierskap. Wyse oordeel sluit in die kapasiteit om episodes, situasies en kontekste op die volgende manier te interpreteer: (1) erkenning van die relevante boublokkies van die spesifieke gebeure of omstandighede, (2) onderskeiding van waarheen mens op 'n morele vlak wil beweeg, met ander woorde die morele uitkomste en (3) vasstelling van die mees effektiewe manier om jou doel te bereik in die lig van moontlikhede en hindernisse binne tyd en plek (Osmer 2008:84).

'Wyse oordeel' sluit aan en steun op dit wat ons in die Bybel oor wysheid lees (Osmer 2008:86).

1.11.4 Die normatiewe taak

Die normatiewe taak is daarmee gemoeid om te bepaal hoe ons sekere situasies teologies kan interpreteer en hoe die normatiewe bronre van die Christelike tradisie vir ons 'n gids kan wees (Osmer 2008:128). Teologiese refleksie is gevvolglik 'n deel van hierdie taak.

Daar is 'n sterk band tussen die normatiewe taak en die rol wat die profete in die verbondsvolk gespeel het. Net soos dit die profete van ouds se taak was om God se woord vir die verbondsvolk binne 'n spesifieke tyd en plek te interpreteer, net so is die normatiewe taak, aldus Osmer (2008:132–136), 'n profetiese taak wat ons op so 'n manier na God se woord laat luister en interpreteer dat dit spesifieke sosiale omstandighede en gebeure hanteer (Avenant 2011:20). Dit is interessant dat Osmer (2008:133) baie klem daarop lê dat die profete aktief betrokke was by die vorming

van die boodskap. “It is appropriate, thus, to describe the interplay of divine disclosure and human shaping as prophetic discernment”(Osmer 2008:133). Profetiese onderskeiding sluit dus “divine disclosure” sowel as “human shaping of God’s word” in (Osmer 2008:135).

Hier oorvleuel die rol van die profete van die Ou Testament in ‘n sekere sin met die persoon wat besig is met die vraag “Wat behoort te gebeur?”

Die normatiewe taak van prakties-teologiese interpretasie kan drievoudig (“along three lines”) voorgestel word. Eerstens gaan dit oor ’n styl van theologiese refleksie wat Osmer (2008:131) theologiese interpretasie noem, waar theologiese konsepte gebruik word om episodes, situasies en kontekste te interpreteer. Daar sal ook na etiese norme gekyk word om daaroor te reflekteer, maar ook om ons in die praktyk te rig. Derdens word aandag gegee aan dit wat ons voorgangers goed gedoen het ten einde ons te rig. “Good practice provides normative guidance in two ways: (1) it offers a model of good practice from the past or present with which to reform a congregation’s present actions”, en tweedens sluit dit ook ’n nuwe verstaan van God, die Christelike lewe en nuwe sosiale waardes in (Osmer 2008:152).

Figuur 4. Drievalige fases in normatiewe interpretasie

Simpatie.....	Teologiese en etiese interpretasie
Onderskeiding	

Simpatie is menslike deelname aan God se *pathos* (Osmer 2008:136). As God se Woord is Jesus Christus die geïnkarneerde goddelike pathos en dit volg dus dat

Leaders who would discern God’s Word must begin by opening themselves to divine pathos ... the words of grace and hope that leaders have to offer emerge from their sympathetic identification with God’s Word, who entered fully into the suffering of creation and redeemed this condition. (Osmer 2008:137)

Die normatiewe taak help interpreteerders om te weet wat die uitkomste behoort te wees, maar dit help hulle nog nie om gebeure, situasies en kontekste te verander of te beweeg in die rigting van die verlangde uitkomst nie (Osmer 2008:173). Dit is juis hier waar die pragmatiese taak die navorsing en gemeenteleier kan help.

1.11.5 Die pragmatiese taak

Die pragmatiese taak fokus op die vorming en implementering van strategiese aksieplanne ten einde die uitkomste wat verlang word, te verkry. Die fokus is dus hier op die lei en begeleiding van verandering.

Practical theology often provides help by offering models of practice and rules of art. Models of practice offer leaders a general picture of the field in which they are acting and ways they might shape this field towards desired goals.

Rules of art are more specific guidelines about how to carry out particular actions or practices. (Osmer 2008:176)

Ten einde verandering te weeg te bring is leiers en leierskap nodig. Osmer (2008:176) onderskei drie vorme van leierskap, naamlik taakbevoegdheid, transaksionele leierskap en transformerende leierskap. Al drie vorme van leierskap is nodig in 'n gemeente, maar Osmer plaas 'n baie hoë premie op transformerende leierskap.

But today, especially in mainline congregations, it is transforming leadership that is most needed, leadership that can guide a congregation through a process of deep change. (Osmer 2008:178)

Hierdie drie vorme van leierskap moet egter deel wees van dienende leierskap (“servant leadership”). “Servant leadership is leadership that influences the congregation to change in ways that more fully embody the servanthood of Christ” (Osmer 2008:192).

Figuur 5. Drie vorms van leierskap in pragmatiese taak

Takkbevoegdheid.....	Transformerende leierskap
	Transaksionele leierskap

Task competence pursued with humility entails two things. First, it involves allowing the concrete needs of those in the community and the well-being of the community as a whole to influence the competencies leaders develop. Second it involves acknowledging their creatureliness, as described by Fee. All leaders have limitations. They can do important things in leading change, but they cannot do everything. In humility they will need to rely on others. (Osmer 2008:194)

Transactional leadership ... has to do with making trade-offs of two sorts: (1) leaders strive to make the congregation a place where the needs of people are met in return for their support and participation, and (2) leaders enter the political fray of competing agendas of different coalitions in order to help the congregation accomplish its mission. (Osmer 2008:194)

Dienende leiers streef daarna om hul gemeentes te belyn ten opsigte van die behoeftes van hul lidmate, maar daar is 'n onderskeid tussen die behoeftes wat aangevoel word en die dieper behoeftes. Behoeftes wat aangevoel word, word geskep deur die gemeenskap waarbinne mens leef. 'n Gemeenteleier se taak is egter ook om lidmate bewus te maak van hul dieper behoeftes wat voortvloei uit hul deelname aan die verbond (Osmer 2008:195). Hierdie bewusmaking van die mens se dieper behoeftes kan op twee maniere gedoen word - eerstens op 'n pad van dissipelskap waar die behoeftes van ander net so groot raak soos jou eie behoefthesis. “Self-concern is not your deepest need. Rather, you will find yourself as

you lose yourself in caring for others". Tweedens moet dienende leiers hul lidmate rig om na die behoeftes van mense wat anders as hulself is, om te sien (Jesus het dit gedoen).

Transformerende leierskap is om 'n gemeente deur diep veranderinge te lei waar haar identiteit, kultuur, operasionele prosedures en sending/gestuurdheid geraak kan word.

Hierdie tipe leierskap is vandag juis nodig, maar dit kom teen 'n prys en leiers moet weet dit is riskant en gevvaarlik. "But leaders who give themselves to this sort of leadership come closest to the sort of servant leadership found in Jesus" (Osmer 2008:196).

1.12 Vooruitskouing

In hoofstukke 2, 3 en 4 kom die normatiewe taak onder die loep, waarna die deskriptief-empiriese taak in hoofstuk 5 en 6 aandag geniet. Die interpretatiewe taak word in hoofstuk 7 aangepak en laastens kom die pragmatiese taak in hoofstuk 8 aan die beurt.

HOOFSTUK 2

NORMATIEWE TAAK (DEEL 1)

GEMEENTEBOU

Die doel van die hoofstuk is om die teorie van verskeie aspekte van gemeentebou te verken. Die volgende sake word beskryf:

- Boumetafoor
- God as Subjek van die bouwerk
- Boumetafoor in die Ou Testament
- Boumetafoor in die Nuwe Testament
- Die doel van die bouwerk vanuit die Skrif
- Geskiedkundige oorsig van gemeentebou
- Definisies van gemeentebou
- Werksformule
- Vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou
- Proses van gemeentebou
- Doel van gemeentebou
- Die noodsaaklikheid van gemeentebou

2.1 Inleiding

In die volgende drie hoofstukke val die fokus op Osmer (2008:129-174) se normatiewe taak van prakties-teologiese interpretasie en die vraag “wat behoort te gebeur?” word beantwoord.

Die navorsingsvermoede is dat die ontwikkeling van `n identiteitsgedrewe missionale gemeente positief beïnvloed word wanneer bedieninge identiteitsontdekking en identiteitsvorming fasiliteer. Soos in die navorsingsprobleem gestel, gaan dit om die integrering en koördinering van al die bedieninge in diens van God, in diens van mekaar en in diens van die wêreld ten einde identiteitsontdekking en identiteitsvorming te fasiliteer. Gemeentebou gaan primêr daaroor om `n gemeente te lei ten einde haar identiteit te ontdek én te verstaan (vgl. Nel 2015:26).

Die ontwikkeling van `n identiteitsgedrewe missionale gemeente deur die integrering en koördinering van alle bedieninge ten einde identiteitsontdekking en identiteitsvorming te fasiliteer, is kompleks en gemeenteleiers vind hulself dikwels eerder in `n meer eenvoudige benadering tuis (Nel 2015:77). Gemeentebou gaan egter om meer as net die bedieninge – dit sal nie suksesvol wees sonder al die bedieninge nie, maar dit is meer as net die somtotaal van die bedieninge (Nel 2015:74).

Die navorsing het in die probleemstelling die volgende sleutelsterme en konsepte geïdentifiseer wat binne die normatiewe taak bespreek word:

- gemeentebou (hoofstuk 2)
- identiteit - identiteitsontdekking en -vorming (hoofstuk 3)
- missionale gemeente (hoofstuk 3)
- integrering en koördinering van alle bedieninge (hoofstuk 4)

2.1.1 Vooruitskouing van literatuurnavorsing

Gemeentebou kom in hoofstuk 2 onder die loep terwyl daar in hoofstuk 3 na die teorie met betrekking tot identiteit van die kerk en missionale kerkwees gekyk word. In hoofstuk 4 word die teorie aangaande die integrering en koördinering van alle bedieninge uiteengesit.

2.2 Bou-metafoor

Ten einde te verstaan wat met die konsep *gemeentebou* bedoel word, word daar gekyk na die Bybelse metafoor van *bou*. Daar sal eerstens kortliks aandag geskenk word aan wat bedoel word met `n metafoor voordat die klem verskuif na God as Subjek van die bouwerk in sowel die Ou as Nuwe Testament.

2.2.1 Metafoor

Thinking metaphorically means spotting a thread of similarity between two dissimilar objects, events, or whatever, one of which is better known than the other, and using the better-known one as a way of speaking about the lesser known. (McFague 1983:15)

Van Wyk en Van Aarde (2015:2) argumenteer enersyds in die lig van die spektrum wat bestaan uit God wat nie vir die mens empiries waarneembaar is nie en andersyds die mens wat die teenwoordigheid van God in sy omgewing ervaar, dat die teologie beskou kan word as nadenke en 'n refleksie op die rasionele, ineengeweefde estetiese en pragmatiese verhouding tussen God en mens. In die teologie word daar dus op 'n reflekterende denkweg nagedink oor die ontmoeting tussen God en mens, waar dié ontmoeting uitgedruk en verwoord word in die konteks van die mens se omgewing. Hierdie ontmoeting kan in geykte relasionele verhoudingstaal deur metafore uitgedruk word. Hulle argumenteer egter dat metafore van die ontmoeting tussen God en mens op dinamiese wyse kreatief met behulp van nuwe metafore verduidelik kan word (Van Wyk & Van Aarde 2015:3).

Van Aarde (1995:41) het vroeër geargumenteer dat die sukses van ons teorieë daaruit bestaan dat dit verduidelikend van aard is, maar dit beteken nie dat die mens aan skeptisme uitgelewer is asof geen uitspraak oor God gemaak kan word nie. Daar is `n sterk band tussen ons uitsprake oor God en ons bestaan in die teenwoordigheid van God en ons moet onsself probeer ken wanneer ons oor God se teenwoordigheid in ons lewe praat. Ons uitsprake oor God is analogiese spreke - ons gebruik oordragtelike spreke, met ander woorde metafore. Wanneer ons egter met teologiese metafore werk, het ons met die paradoks te make waar

onvergelykbares met mekaar vergelyk word - natuurlike kategorieë en antropomorfe word gebruik om oor die Here te praat (Van Aarde 1995:41-42).

McFague (1983:1,13), met verwysing na die Protestantse se metaforiese en die Katolieke se simboliese taal, vestig ons aandag op die problematiek en uitdagings om oor God te praat. "One critical difference between symbolic and metaphorical statements is that the latter always contains the whisper, 'it is and it is not'" (McFague 1983:13). Eenvoudig gestel, kan'n metafoor verduidelik word waar een ding as iets anders gesien word. Daar word voorgegee dat 'hierdie' dus 'daardie' is, omdat ons nie weet hoe om oor 'hierdie' te dink en praat nie. Ons gebruik die 'daardie' om iets te sê oor die 'hierdie' (McFague 1983:15). Daar word dus oor 'hierdie' gedink in terme van 'daardie' (McFague 1983:16).

The aim of a metaphorical theology, as we recall, is to envision ways of talking about the relationship between the divine and the human which are nonidolatrous but relevant: ways which can be said to be true without being literal; ways which are meaningful to all peoples, the traditionally excluded as well as the included. (McFague 1983:28)

Metaforiese taalgebruik is om voor te gee dat daar 'n ooreenkoms tussen twee sake bestaan, waarvan ons van die een meer weet as die ander. As 'n wyse van spreke maak ons gebruik van die een waarvan ons meer weet om iets meer te sê van die een waarvan ons nie so baie weet nie (Van Aarde 1995:43).

2.3 God as Subjek van die bouwerk in die Ou en Nuwe Testament

Wat zegt de Heilige Schrift over gemeentebouw? Als we met die vraag als zoeksleutel de Bijbel openslaan, zullen we al snel tot de ontdekking komen, dat de term 'gemeenteopbouw' als vaste verbinding in de Bijbel helemaal niet voorkomt! Maar wel is de záák er volop aanwezig: de HERE is een God, die zijn gemeente wil bouwen. (Te Velde 1992a:10)

Uit die Ou sowel as Nuwe Testament is dit duidelik dat God self die Subjek is – die Een wat bou (Nel 1994:2; Hendriks 1992b:40). Die werkwoord dui, ook wanneer dit saam met ander begrippe gebruik word, op 'n subjek wat bou sowel as maak, oprig, tot stand bring, regmaak en skep. In sommige gevalle is die subjek die wysheid en die trou van die Here. God is egter altyd die een wat die inisiatief neem, al bou Hy soms deur mense (Nel 1994:2; vgl. Jer 1:10; Spr 9:1; Ps 89:3; Meistre 1991:21; Hendriks 1992b:40; Pieterse 1993:5). Pieterse (1993:5) onderstreep die argument dat God, in sy genadige en liefdevolle toewending tot die mense, ál die inisiatief neem (Stark 1998:91).

Te Velde (1992a:13) beklemtoon dié argument wanneer hy kort en kragtig sê: "Die opbou is die werk van God" (vgl. Stoppels 1998:13: 1 Kor 3:9; Heb 3:4; 11:10). Bisschoff (1991:37-38) benadruk Christus se beslissende rol in die bou van die huis wanneer hy pertinent verwys (Matt 16:18) na Hom as boumeester sowel as

hoeksteen en fondament wat die gemeente bou. Hendriks (1992b:40) sê Hy is die Verbondsgod wat in die geskiedenis optree en dit `n heilsgeskiedenis maak. “Die sondeurdrenkte situasie in ons tyd roep om God se genadige (her)bouwerk” (1992b:40). Beukes (1998:807) verwoord dit as die soewereine God wat aan die werk is, wat opbou ter wille van sy Naam, maar wanneer nodig, ook afbreek.

Die Here God is egter nie net die Een wat die bouwerk doen nie, Hy wíl dit doen.

Uitgaande van die feit dat God drie-enig sy gemeente bou, moet gehandhaaf word dat die doel daarvan die bekendwording van God is. God drie-enig moet as die enigste en ware God deur die gemeente in die wêreld bekend word – só soos Hy Hom deur sy Woord bekendgemaak het. Wanneer dit gebeur, word God verheerlik. (Nel 1994:7; 2015:19; vgl. Te Velde 1992a:10)

Die Nuwe Testamentikus N.T. Wright (2008:207) maak dit duidelik dat dit God is wat die bouwerk doen.

Let's be quite clear on two points. First, God builds God's kingdom. But God ordered his world in such a way that his own work within that world takes place not least through one of his creatures in particular, namely, the human beings who reflect his image. (Wright 2008:207)

Wanneer daar besin word oor ‘gemeentebou’, nagedink word oor wat dit is, hoe dit gedefinieer kan word en wat dit behoort te wees, moet só `n proses vanuit die Woord geskied (Bisshoff 1991:36). Vervolgens iets oor die boumetafoor in die Ou Testament, gevvolg deur navorsing hieroor in die Nuwe Testament.

2.4 Boumetafoor in die Ou Testament

Nel (1994:2; vgl. ook Nel 2015:13) fokus ons aandag daarop dat die stam van die werkwoord *bānāh* (om te bou) ongeveer 390 keer in `n verskeidenheid van vorme in die Ou Testament voorkom.

Die eerste keer waar die woord *bānāh* in die Bybel aangetref word, is waar die verhaal van Eva se skepping vertel word.

Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe. (Genesis 2:22)

Sarna (1989:22) wys daarop dat dit die enigste keer is waar *bānāh* in die skeppingsverhaal gebruik word, maar voeg by dat in antieke Midde-Oosterse tradisies die skeppings-aksies van die gode met dié begrip beskryf is.

In die Abrahamsverhale word die werkwoord *bānāh* twee keer gebruik wanneer daar gepraat word van die verwekking van `n kind. In Genesis 16:2 sê Sarai vir Abram: “Die Here het my nou eenmaal daarvan weerhou om kinders te kan hê. Gaan slaap by my slavin. Miskien bring sy 'n kind in die wêreld wat my eie kan

word.” Op `n ander geleentheid in Genesis 30:3 moedig Ragel vir Jakob aan om `n kind by haar slavin te verwek: “Hier is my slavin Bilha. Hou gemeenskap met haar sodat sy haar kind op my knieë in die wêreld kan bring en ek deur haar `n kind kan hê.” In beide gevalle is die vroue bewus van God se belofte aan hul mans en beide van die vroue is gretig dat dié belofte deur hulle in vervulling sal gaan. Die skeppende God van Genesis is egter ook die Een wat sy volk bou (Linden 2015:34).

In die res van die Ou Testament word die boumetafoor veral in die volgende verbande aangetref:

- Die opbou van die land, veral die geboue en landerye, ná oorlog
- Die opbou van die verbondsvolk, waar die Heilige Gees `n bepalende rol speel (Hendriks 1992b: 46-47)
- Die opbou deur die diens van mense
- Die toekomsgerigtheid van die boumetafoor
- Die missionêre perspektief van die boumetafoor wanneer heidene wat hul tot Jahwe bekeer, ingebou word in die verbondsvolk (Bisschoff 1991:36)

In Jeremia en Sagaria kom die boumetafoor dikwels voor waar God besig is om met sy verbondsvolk te handel (Linden 2015:34; Jer 18:6; Jer 31:4; Sag 1:16; Sag 6:9-15). Hendriks (1992b:40) wys daarop dat die woord *bānāh* telkens by Amos en Jeremia binne `n bepaalde woordpatroon voorkom. Jeremia 24:6 dien as voorbeeld waar die Here sê: “Ek sal hulle opbou (*bānāh*) en nie afbreek (*haras*) nie. Ek sal hulle plant (*nata*), nie uitruk (*natas*) nie. Daar is feitlik altyd die teenstelling tussen bou en plant aan die een kant en afbreek, vernietig en verwoes aan die ander kant (Hendriks 1992b:40; Eseg 36; Jes 65; Jes 66).

Om die boumetafoor te verstaan, moet in ag geneem word dat vernietiging en oorloë in die antieke midde-Ooste hand aan hand geloop het (Nel 1994:3; vgl. Brueggemann 2003:121 wat van die ‘brutaliteit’ van oorlog praat; 2 Kron 14:8-14; 2 Kon 25). Tydens oorloë is geboue, huise en landerye afgebreek of verwoes (Josua 8:8) net om weer in vredestye met die herstel- en opbouproses te begin. Huise, geboue en landerye is herstel, mense kon hul lewens en families van voor af bou en daar is van die opbrengs van die land geleef. Hierdie aksie van opbou en afbreek, konstruksie en destruksie, plant en uitruk, is metafore wat in die Ou Testament gebruik word om aan te dui hoe God positief sowel as negatief met sy volk werk (Hendriks 1992b: 48-55; Nel 2005:3; Linden 2015:34; Nel 2015:14-15). “Yahweh not only uproots and breaks down, he builds up and plants (Jer 1:10; 2:14-17; 24:6; 31:28; 32:41; 42:10; 45:4)” (Lundbom 2010:54).

Beukes (1995:807) wys daarop dat die profete Amos, Jeremia en Esegiël sterk klem plaas op die Messias wat in die volheid van die tyd die herstellende bouwerk aan die tempel sou doen. Hierdie bouwerk gaan met die lydende kneg van die Here en vergewing van sonde gepaard (Jer 31:34; Eseg 36:35; Sag 3:3-5; Jes 52:13-53:12; Webb 2003:106). Daar is dus `n sterk toekomsgerigtheid aan die boubeweld in die Ou

Testament, maar ook `n missionêre klem waar heidene ingebou word as deel van God se volk (Nel 1994:4; Hendriks 1992b:50,65; Te Velde 1992b:16; Conrad 1999:130; Nel 2015:14). Volgens Bailey (2008:310) is daar reeds in Jesaja 25:6-9 tekens van `n groep mense wat `n feesmaal saam met God sal geniet en dié groep sluit Israel sowel as mense van ander nasies in (Glenny 2013:160).

Vervolgens word `n voorbeeld van die boumetafoor uit Amos 9 en Sagaria 6 verduidelik.

2.4.1 Boumetafoor in Amos

Daardie dag bou Ek die vervalle hut van Dawid weer op; Ek stop sy barste toe en bou sy murasies op, Ek herbou hom soos hy in die ou tyd was, sodat my volk die oorwinnaar sal wees oor wat van Edom oor is, oor al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, sê die Here. Hy sal dit doen. (Amos 9:11-12)

In sy studie uit die *Codex Vaticanus* van Amos plaas Glenny klem op God wat die Een is wat die bouwerk gaan doen. “The four first person singular verbs in 9:11 emphatically state that it is the Lord who will do the rebuilding”(2013:158). Hy argumenteer dat die opbouwerk van Jahwe `n sterk missionêre motief het, in die sin dat heidene die Here sal soek en deel van sy volk word.

It is clear in 9:11-12 that the purpose for the Lord restoring and rebuilding the kingdom of David (9:11) is “so that” (ὅπως plus the subjunctive) gentiles may seek the Lord and be his people. (Glenny 2013:160)

Glenny (2013:160) benadruk ook die feit dat dit die Here is wat die subjek is wanneer hy sy kommentaar op 9:12 sluit. Die Here sal sy beloftes wat aan die aartvaders gemaak is, nakom: Hy sal weer grond aan sy volk gee wanneer Hy hulle uit die ballingskap bring (kyk Amos 9:14-15).

The One making these promises is identified at the close of the book. The translator changes the Hebrew’s “the LORD your God” to “the Lord, the God, the Almighty One.” The title (ὁ παντοχάτωρ) indicates that this God is God over all people. (Glenny 2013:162)

Radine (2010:1999) wys op die buitengewone positiewe epiloog van Amos 9 wat in sterk kontras met die meedoënlose aantuigings en veroordelings van die res van die boek staan. Hy argumenteer dat dié epiloog `n latere toevoeging tot die boek is. Die epiloog is moontlik ingevoeg in `n tyd toe Joodse skrywers (byvoorbeeld Joël en Sagaria) al hoe meer begin uitsien het na `n eskatologiese hoop (Radine 2010:211).

Stuart (1987:396; Mays 1991:163) verwys na Amos 9:11-15 as `n “restoration blessing oracle” wat hy in drie onderafdelings opdeel:

- 1) die belofte van mag oor die vyand

- 2) die belofte van voorspoed op die gebied van landbou (Linville 2008:170; Radine 2010:205; Glenny 2013:161)
- 3) die belofte van terugkoms en om die land in besit te neem

Stuart (1987:397) argumenteer verder dat hierdie tipe seën-uitsprake ten volle in God se genade gesetel is en dat daar niks van die mens verwag word nie, behalwe dat hy moet terugdraai na God en gehoorsaam wees (Deut 4:29-30; 30:1-3).

In accordance with this fact – that Israel cannot really make its own restoration happen – restoration blessings tend to begin rather simply and even abruptly. Amos 9:11-15 is no exception. (Stuart 1987:397)

Die *lo` `aśibennu* (geen moontlikheid van terugkeer) van Amos 1 en 2 word hier omgekeer (Linville 2008:171).

Die beloftes van herstel, herbevestig Jahwe se trou aan sy volk in die sin dat Hy hulle nie vir altyd verwerp nie en hierdie tipe gerusstelling is altyd welkom tydens die bediening van Amos ontvang (Stuart 1987:397). König (1974:131) beskryf dit as 'n "oorvloedige heilstyd sonder enige voorwaarde" en De Waard en Smalley (1979:264) sien die restorasie as 'n ommekeer van God se oordeel. Linville (2008:170) argumenteer dat die hervestiging van Goddelike orde die eerste stap vir die restorasie vir die wêreld is.

König (1974:132) wys daarop dat die "vervallende hut van Dawid" gelyk gestel kan word aan die "huis van Jakob" in vers 8 waar die vervallenheid verwys na die gehawendheid van die mense. Tog is hierdie gehawende oorblyfsel die ware "huis van Dawid" wat volgens die belofte van die Here nie sal ondergaan nie (2 Sam 7:11-16; Linville 2008:172). Glenny (2013:159) argumenteer dat Amos 9:11-12 verwys na die toekomstige restorasie van Dawid se koninkryk en dinastie en Mays (1969:164) suggereer dat die werkwoord "om te bou" die invloed van Jahwe se belofte aan Dawid (2 Sam 7:5,7,13, 27) reflektere.

Amos bring dit keer op keer onder die volk se aandag dat die Here hul vyand geword het, maar in hierdie gedeelte benadruk die profeet dit dat Hy die oorblyfsel se heil sal bewerk. Let op dat daar drie keer in vers 11 na "Ek" verwys word (vgl. Eks 3:11-14).

Mowvley beklemtoon die punt dat die restorasie van God alleen kom en dat dit 'n gevolg is van sy liefde en genade (vgl. Linville 2008:174).

This is true also for other writings which anticipate the return from exile like Ezekiel and Isaiah 40-55, where the honour of God's name or reputation, rather than a change of heart among his people, lies behind YHWH's redeeming activity. (Mowvley 1991:91)

2.4.2 Sagaria 6:9-15 as oorgang tot die Nuwe Testament

Die Ou Testamentiese aanwending van die boumetafoor berei in sekere opsigte die pad voor vir die meer eksplisiete gebruik van dié beeld in die Nuwe Testament (Bisschoff 1991:37). Hendriks (1992:48-51) sien byvoorbeeld Sagaria 6:9-15 as 'n oorgang na die Nuwe Testament waar hy veral klem op Sagaria se besliste invloed op die boubeeld van die Nuwe Testament plaas. Die volgende boodskap moes deur Sagaria aan die hoëpriester Jesua oorgedra word:

...So sê die Here die Almagtige: Daar is 'n man met die naam Loot. Hy maak vinnig opgang en hy sal die tempel van die Here bou. Dit is hy wat die tempel van die Here sal bou, dit is hy wat die mag sal besit, wat op die troon sal sit en sal heers. 'n Priester sal saam met hom regeer en daar sal vriendelike oorleg tussen hulle twee wees. (Sag 6:12-13)

Die hoëpriester moes 'n kroon van goud en silwer dra en daarna moes die kroon ter nagedagtenis aan en as simbool van die profetiese handeling en gebeure in die tempel gehou word. Verder het die hoëpriester, indien hy getrou sy amp volvoer en gehoorsaam aan die Here bly, volledige toegang tot God (Hendriks 1992b:48-49; Sag 3: 7b-9).

Wolters (2014:180) argumenteer vanuit die Nuwe Testament dat die Loot (Şemah) as koning-priester met Jesus Christus geïdentifiseer kan word. "It is clear that the figure of Şemah is an echo of a number of key messianic texts in Isaiah and Jeremiah." Die agtergrond van die Messiasverwagting in hierdie teks is Jeremia 23:5 en 33:15 waar daar van 'n Messianse Şemah gepraat word, sowel as Esegiël 21:29-32 wat na 'n kroon én 'n tulband verwys. "Especially significant are Jer 23:5 and 33:15, in both of which texts the word **נָמָת** occurs" (Wolters 2014:182).

Stead wys op die woorde in vers 12 en 13, naamlik "...hy sal die tempel van die Here bou" en "Dit is hy wat die tempel van die Here sal bou", wat bykans verbatim dieselfde is, en argumenteer dan dat tempel-bou die Loot sal definieer (2 Sam 7:12-13; kyk Sag 1-2).

By using the 'temple builder' theme, Zech 6 alludes not only to the specific promises of 2 Sam 7, but also incorporates the subsequent wider biblical development of this theme. For example, I take it that this elevated significance of the temple-building role is also reflected in what Yahweh says to Cyrus in Isa 44:28 – 45:1. (Stead 2009:139)

Kores word beskryf as die Here se gesalfde op grond van sy rol in die opbou van Jesusalem en herbou van die tempel (Stead 2009:141). Stead dui uit 2 Kronieke op die ongekwalificeerde goeie waardering van vyf van die konings. Interessant is dat almal van hulle 'n rol gespeel het in die opbou of restorasie van die tempel (Stead 2009:141).

Hendriks (1992:49) stel dat die gesigte in Sagaria 6 hul oorsprong in die lief en leed van die tempel in Jerusalem het, maar dat hulle ook vol van die Messias-verwagting is. Die algehele sondige aard van die mens, tesame met God se uitverkiesende genade, word duidelik uitgespel. `n Onteenseglike verband word gelê tussen die amp van die hoëpriester en die dienaar van die Here (Jes 42:1-9; 49:1-7; 50:4-11; 52:13-53:12), die Loot (Jes 11:1; Jer 23:5; 33:15). Vrede op aarde is alleen deur die bemiddeling van hierdie hoëpriester moontlik (Sag 3:10).

Na afloop van die bou van die tempel in 515 v.C. was daar groot teleurstelling omrede die nuwe tempel nie te vergelyk was met Salomo s'n nie. Die buitengewone groot verwagting wat deur profete soos Jesaja en selfs Haggai geskep is, was nie konkreet sigbaar nie. Daar was nie `n nuwe Jerusalem nie en geen Messias op Dawid se troon nie. Dit alles het aan Sagaria 6:9-5 `n spesifieke interpretasie verleen. Die sterk verwagting van materiële voorspoed en `n aardse koninkryk is stadig maar seker weggebuig na `n man, wat hier Loot genoem word, wat as hoeksteen `n tembel bou en wat as koning én hoëpriester sal heers. Só, ten minste, is dit op Jesus toegepas, deur Homself (Matt 16:18), Paulus (vgl. Ef 2:19-22), die skrywer van Hebreërs (Heb 3:3-6) en Petrus (1 Pet 2:4-9). Die hoëpriester Jesua is sondig en vuil, veroordeel – maar God beloof `n hoëpriester wat sondeloos, gehoorsaam en in vrye litugie Hom sal dien. Dié Hoëpriester sal die tempel bou en in feesvreugde (Esra 3:12) voltooi (Hendriks 1992b:49-51). Die eskatologiese momente transendeer elke keer die ploeterende werklikheid en rig die geloofsoog op die Messias – as Dienaar van die Here (vgl. Mat 12:18), as Loot, as Hoeksteen (Ef 4:20) en ook as Hoëpriester (Heb 2:17; 4:14; 5:5). Die Here sê in Sagaria 4:6 dié dinge sal deur die werking van die Gees gestalte kry (Hendriks 1992b:51).

Wolters (2014:189), met verwysing na Sag 6:13 waar die woorde **חִזְקָיָה** (dit is hy wat) twee keer voorkom (vgl. Webb 2003:108), argumenteer dat dit in die teks ingeskryf is om te beklemtoon wie die een is wat die subjek is.

In the light of the NT, which identifies the Davidic king of OT expectation with Jesus Christ, it is possible to resolve some of the ambiguities surrounding **Šemah**. It then makes good sense to see the **Šemah** of our passage as an OT adumbration of Christ. We find this interpretation already in Justin Martyr in the second century. (Wolters 2014:194)

Wolters (2014:182; vgl. Webb 2003:111) kies vir die tradisionele Christelike verstaan van die teks (waar Christus die **Šemah** is wat die tempel bou), maar hy beklemtoon dat Sagaria nie noodwendig presies geweet het wat alles in Jesus Christus sou gebeur nie.

In my view it is important to keep in mind that a typological understanding of an OT text is not to be equated with what the original author had in mind when he wrote the text. To see this text as applying to Christ does not mean that

Zechariah had a clear picture of the fullfilment of his prophecy. He might well have been surprised to see how it was fulfilled in the NT. (Wolters 2014:196)

2.5 Boumetafoor in die Nuwe Testament

Die werkwoord *oikodomeō* (οἰκοδομέω; vgl. Mat 7:24; Luk 6:48) is afkoms van die selfstanding naamwoord *oikodomos* wat ‘bouer’ beteken. Dit is ‘n samestelling van *oikos* (huis) en *demō* (om te bou). *Oikodomeō* kan vertaal word as bou, oprig, konstrueer (Pigeon 2014:134).

In die Nuwe Testament word οίκοδομέω in sowel sy letterlike as sy figuurlike betekenis aangetref. Om te bou (building) is primêr ‘n apokaliptiese en Messiaanse konsep waar Christus die hemelse tempel sal bou. Die Messias sal die toekomstige tempel en die nuwe gemeenskap bou (Michel 1967:138-139). Michel (1967:139) dui daarop dat οίκοδομέω reeds sedert die dae van die vroeë kerk aan die ekklesiologie verbind is. “The word οίκοδομέω is of Messianic significance, but from a very early time it also has a typically ecclesiastical ring, and it becomes a central concept in religious speech” (Michel 1967:139; vgl. Hand 9:31; 15:16).

In die Nuwe Testament word *bānāh* met ‘*oikodomeo* vertaal waar die simboliese gebruik van die woord deurgaans binne die konteks van gemeente-opbou aangetref word (Hendriks 1992:55). Nel (2005:4; 2015:15) verwys na die sterk band tussen οίκοδομέω en die Ou Testament waar gelees word van die Messias wat die nuwe tempel en die nuwe gemeenskap sal bou (vgl. Mark 14:58; 15:29; Joh 2:19; 1 Kor 3:16-17; 6:19; 2 Kor 6:16; 1 Tim 3:15; Heb 3:6; 10:21; 12:18-24; Open 3:12; 11:1; kyk Hendriks 1992b:49-51).

Omrede die boumetafoor in die Nuwe Testament in ‘n nuwe situasie gebruik word, word dit verder uitgebrei en ander beeldspraak uit die Ou Testament word daarby betrek. Jesus as die Christus (Messias) en Middelaar is die fokuspunt van die beeldspraak (Hendriks 1992:65).

Soos hierbo beskryf, is God deurgaans in die Nuwe Testament die Subjek wat bou en Hy hou die nuwe gelowiges wat op Christus gebou word, in stand (vgl. Michel 1967:139). God bou ‘n gemeente: Hy leef tussen hulle en werk deur hulle (Nel 2005:4; 2015:15). Hendriks (1992b:65) wys op die sterk klem wat Paulus plaas op die Trinitariese aard van die bouwerk en wys op Efesiërs 2:19-22 waar hy aan heidene die volgende sê:

Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. Julle is ‘n gebou wat *opgerig* is op die fondament van die apostels en die profete, ‘n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot ‘n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam *opgebou* word as ‘n geestelike huis waarin God woon. (Efesiërs 2:19-22)

Te Velde (1992b:13) beklemtoon die rol wat Christus in die bouwerk speel wanneer hy skryf: "De opbouw is het werk van God. Hij is de opperste Bouwheer (1 Kor. 3:9; Heb. 3:4; 11:10). Nader gezegd, het is het werk van Gods zoon, *de Here Christus*: Hij bouwt zijn gemeente" (Mat. 16:18; 1 Kor 3:16).

Die bouwerk kom van God af, Hy weet wat Hy wil hê en sorg dat die magte van die doderyk nie die kerk vernietig nie (Te Velde 1992a:14).

Nel (2015:15-16; vgl. Linden 2015:37) dui die band aan wat daar tussen Jeremia 31 en Hebreërs 8 en 10 bestaan. In hierdie gedeeltes kom die uniekheid van die persoon van Jesus Christus en sy offer na vore en ons sien hoe dit die basis word van die nuwe geloofsgemeenskap wat deur God gebou word: `n gemeenskap met `n nuwe hart en `n nuwe gees, `n gemeenskap wat vergifnis ontvang het en `n gemeenskap wat God op `n manier ken wat nie voorheen bestaan het nie (kyk Heb 8:7-13; 10:11-18).

In die volgende vier afdelings word daar korliks gekyk na die boumetafoor by Paulus en Petrus, in die evangelies en Handelinge.

2.5.1 Die boumetafoor in die evangelies

In hierdie afdeling word `n voorbeeld van die boumetafoor in onderskeidelik Matteus, Johannes en Markus beskryf.

2.5.1.1 Matteus 16:18

Wanneer Jesus en sy dissipels in die omgewing van Sesarea-Filippi is, vra Hy die vraag oor wie die mense én hulle dink die Seun van die mens is. Petrus se antwoord was dat Jesus die Christus, die Seun van die lewendige God is, waarop Jesus (Mat 16:18) sê: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Newman en Stine (1988:523) argumenteer dat hoewel die werkwoord 'bou' ("build") in die letterlike sin van die woord gebruik kan word om `n fisiese struktuur (vgl Mat 7:24) op te rig, word dit in hierdie geval nie só gebruik nie.

...[F]or church means 'congregation,' 'people,' 'assembly,' or, more specifically, 'community of believers,' with reference to a physical building. Except for the appearance of church in 18.17, the noun is not used elsewhere in any of the Gospels. (Newman en Stine 1988:523)

Luz (2001:362) wys daarop dat ἐκκλησία μου (my kerk) dui op die hele kerk en nie net op `n enkele gemeente nie. "We draw that conclusion from the fact that Jesus can build only one "church" (ἐκκλησία) and second from the image of the church as a "building." In die Qumram-geskrifte word daar dikwels na die gemeenskap as die tempel of die heilige huis verwys en dié tempel of huis word deur die leraar van geregtigheid gebou (Luz 2011:362). Senior (1998:191) wys op ander gedeeltes in

die Nuwe Testament waar daar van die gelowiges as `n tempel met Jesus as die hoeksteen gepraat word (vgl. Ef 2:20; 1 Pet 2:4-5).

2.5.1.2 Johannes 2:19-20

In Johannes 2:13-22 waar geskryf word oor die reiniging van die tempel, impliseer Jesus se woorde en dade dat Hy die Messias is. Die Jude vra `n wonder teken om dit te bevestig en hoewel Jesus nie aan hulle `n wonder teken gee nie, antwoord Hy hulle as volg: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig." Obrig ('egeiro) in vers 19-20 word as sinoniem vir 'oikodomeo gebruik, net soos wat die Septuagint dit in Amos 9:11 vertaal (Hendriks 1992:55). Jesus is die Een deur wie God sy nuwe tempel sal bou (Nel 2015:16).

Beasley-Murray (1987:41) argumenteer dat die vernietiging van die tempel afgehandel word met die vernietiging van Jesus se liggaam en dat die bou van die nuwe tempel deur die opstanding plaasvind (vgl. Ridderbos 1997:120; Joh 7:37-38; kyk Eseg 47:1-12; vgl. Open 21:22, 22:1-3). "The risen Lord is the "place" where the glory of God is revealed, where his forgiveness and renewal are experienced, and where fellowship with God is grounded and forever maintained" (Beasley-Murray 1987:41).

Jesus verwys na sy liggaam as die tempel van God, want dit is huis deur Jesus wat God homself ten volle openbaar. In Christus ontmoet Christen vir God (Newman & Nida 1980:70; vgl. Thompson 2001:224).

In Jesus Christ has become manifest the truth of what in all sorts of ways was foreshadowed and predicted in Israel's history, in the law of Moses, in the holy institutions of Israel as the people of God, and in the prophets' future expectation. In other words, just as Jesus is the Lamb of God (1:29), so he is also the temple that will replace the existing temple and in whom the indwelling of God among people will be truly and fully realized. (Ridderbos 1997:120)

2.5.1.3 Markus 14:58

Die konteks van Markus 14:58 (vgl. Mat 26:61) is Jesus se verhoor waar die afbreek-opbou-uitspraak van Johannes 2 teen Hom aangehaal word: "Ons het hom hoor sê: Ek sal hierdie tempel, wat deur mense gemaak is, vernietig en binne drie dae 'n ander een bou wat nie deur mense gemaak is nie." Mann (1986:623) verwys na 'n brief van Spiro waar hy die vers op die volgende manier vertaal: "I will destroy this Temple that is made with hands and in three days I will build another not made by hands."

Mann vra ook die vraag of Jesus met dié uitspraak `n aanspraak maak op sy Messias-skap aangesien die Christus `n tempel sal bou (vgl. 1 Enog 90:29; 4 Ezra 9:38 – 10:27).

Die tempel waarna Jesus hier verwys, is nie die hele tempel-kompleks nie, maar net die Heilige en die Allerheiligste.

The sanctuary (*ναός*), mentioned only here and in 15:29 and 38 in Mark, refers not to the entire temple complex (*ἱερόν*) but to the building located in the Court of the Priests, consisting of the holy place and the holy of holies. (Stein 2008:681)

Daar is egter 'n vraag oor wat met 'n 'ander een' (*ἄλλον*) bedoel word. Stein (2008:682) dui daarop dat sommige kenners dit verstaan as die Christelike kerk, ander sien dit as 'n toekomstige heiligdom wat God self gaan bou, ander weer verstaan dit as Jesus se opgestane verheerlike liggaam. Stein (2008:682) kies vir die opsie om dit te verstaan as Jesus se opgestane liggaam wat "nie deur mense gemaak is nie" (vgl. 8:31; 9:31; 10:34).

The term 'another' (*ἄλλον, allon*), however, suggests that the building of the 'other' sanctuary refers not to the replacement of the old physical sanctuary made with hands with another physical sanctuary made by God and therefore not made with hands, but rather to 'another' kind of temple altogether, Jesus's resurrected body. This 'other' sanctuary is qualitatively different in several ways: it is not made with hands, it is made in three days, and it is 'another' kind of sanctuary. (Stein 2008:682)

Collins (2008:701) verwys na 'n tradisie wat in Jesus se tyd in omloop was, dat 'n eskatologiese tempel deur God opgerig gaan word (vgl. Jubilees 1:17, 27, 29; Eks 15:17). Jesus word dus indirek aangekla dat hy godslasterlik praat.

The alleged claim of Jesus to be able to build a new temple in a short time ('in the course of three days') implies that he will employ miraculous power in doing so. This claim, which contrasts with the idea of the divine origin of the final temple, could also be seen as blasphemous, since Jesus would be arrogating to himself an activity attributed to God. (Collins 2008:702)

2.5.2 Die boumetafoor in Handelinge

In Handelinge word inligting deurgegee oor die eerste gemeente en hoe die gemeente opgebou word. Hoewel die boumetafoor net drie keer in Handelinge voorkom, is dit tog insiggewend om te sien hoe Handelinge 2:42-47 die groei van die kerk beskryf:

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefté. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel

bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydschap en in alle eenvoud geëet, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg. (Handelinge 2:42-47)

Die gedeeltes waar die boumetafoor voorkom, is in Handelinge 9:31; 15:13-17 en 20:31-32 (Hendriks 1992b:60-61).

In Handelinge 9:31 word vertel hoe die kerk in Judea, Galilea en Samaria `n tyd van rus en vrede beleef het, hoe dit gevestig geraak het, hoe die Heilige Gees dit versterk het en hoe die ledetal toegeneem het. Hendriks (1992b:60) reken die hoofrede vir die vrede en opbou van die kerk is waarskynlik Saulus se bekering. Rackham (1901:143) dui daarop dat die kerk sowel van binne as buite gegroei het.

Internally, the church was *being edified*, that is *builted up*. The metaphor of a building or temple has already been used by S. Peter in iv 11, as it will by S. Paul in xx 32; and the word *edify* is generally used in the spiritual sense. The stones had been hewn and prepared by the persecution, and now in the time of peace they are firmly built in their place. (Rackham 1901:143)

In Handelinge 14:23-27 (vgl. Ferebee 2012:48) skryf Lukas hoe die apostels wyd en syd gereis het om die evangelie te verkondig en dat God vir die heidene die deur van geloof oopgemaak het, maar die boumetafoor kom *per se* eers weer in Handelinge 15 voor. In dié gedeelte (Hand 15:13-17) haal Jakobus tydens `n kerkvergadering in Jerusalem uit Amos 9:11-12 aan. Glenny (2013:159) dui daarop dat Lukas Amos 9:11 aangepas en korter gemaak het ten einde sy doel te bereik, maar dat vers 12, met enkele uitsonderings, verbatim uit die LXX aangehaal word.

Jakobus se toespraak sou deur die rabbi's van sy tyd as `n *yēlammēdēū*-reaksie gesien word, waar hy `n gedeelte uit die Profete aanhaal om te verwys na iets wat reeds gebeur het en om te dui op iets wat binnekort gaan gebeur (Bruce 1988:294).

It has already been emphasized in Acts that, by the resurrection and exaltation of Jesus, the Son of David, God has fulfilled his dynastic promises to David (cf. Peter's argument in 2:25-36 and Paul's in 13:23, 32-37). This may be what is understood here as the raising up of David's fallen tent. But the promised extension of the sovereignty of the house of David over the Gentiles is taking place here and now, says James, through the gentile mission: over a far wider area than David ever ruled, men and women of Gentile stock are making haste to yield willing and glad allegiance to great David's Son. (Bruce 1988:294)

Die laaste geleentheid waar die boumetafoor in Handelinge aangetref word, is in hoofstuk 20 vers 31-32 waar Paulus afskeid neem van Efese se ouderlinge en hulle bemoedig met die woorde dat die woord magtig is om hulle op te bou. Bruce (1988:394) wys daarop dat hoewel Paulus nie meer fisies by die gemeente

teenwoordig sal wees nie, is God én sy woord by hulle. “To God, then, and to his word (with the grace which it proclaimed) Paul committed them.” Deur die woord, soos aan hulle verkondig en ontvang, sal hulle in geloof en liefde opgebou word (Bruce 1988:394). Die woord, aldus Williams (1964:235) verwys na Jesus Christus.

2.5.3 Die boumetafoor by Paulus

In die Nuwe Testament word die boumetafoor die meeste deur Paulus gebruik. Die Ou Testamentiese profete het dié metafoor gebruik in die vaste hoop dat `n Messias in die krag van die Heilige Gees sou kom wat sonde kan vergewe en wat die volk opnuut kan bou. In Paulus se brieve sien ons die nuwe gemeenskap, die *ekklesia*, wat gebou is op Christus se versoeningswerk en wat leef uit die krag van die Gees. Ook heidene word ingebou en Paulus gee aan ons die theologiese basis vir die eenheid tussen Jode en nie-Jode in die huisgesin of bouwerk van God (Hendriks 1992:65). Hendriks (1992:65-69) argumenteer dat Paulus die boumetafoor soos die Ou Testamentiese profete gebruik, maar beklemtoon die feit dat sy brieve meer aandag aan die positiewe sy van hierdie metafoor skenk as wat byvoorbeeld die geval is by Jeremia. As parallelle terme vir bou word die werkwoorde ‘plant’ en ‘groei’ soms deur Paulus gebruik (Hendriks 1992:65).

In die Pauliniese literatuur is die klem op sowel God wat die Subjek is, as die mens wat medewerker van Hom is (Nel 2015:16; vgl. Te Velde 1992b:13; Nel 2005:5; Linden 2015:38). In teenstelling met die Ou Testament, waar die Heilige Gees net aan gesalfdes soos konings, priesters en profete gegee is, is die Heilige Gees ná Pinksterdag aan alle gelowiges gegee (vgl. Hand 2:4; 1 Kor 12-14; Ef 4:7; kyk na die voorspelling in Eseg 36:26-27). God bou die afsonderlike lede van sy gemeente op sodat dit goed kan gaan met die gemeente en sodat die bestemming bereik kan word. Wat volg, is dat gewone gelowiges instrumente is wat by die bouwerk van God kan inval. Christus is steeds die regeerder en die hoofbouer. Die ampte en lidmate is sekondêr by die regeer- en bouhandelinge betrokke (Hendriks 1992b:67-69; vgl. Moltmann 2010:24). Lincoln argumenteer dat veral die gawe van die liefde onontbeerlik is by die opbou van die kerk.

If any corporate growth or building up is to take place, love is the indispensable means. The climatic stress on this performs a function here similar to that of Paul’s hymn to love in the middle of the discussion of the proper working of the body of Christ in 1 Cor 12-14. Love is the lifeblood of his body, and, therefore, the ultimate criterion for the assessment of the church’s growth will be how far it is characterized by love. (Lincoln 1990:264)

Elkeen wat ‘in Christus’ is, het die gawe van die Heilige Gees ontvang: Só iemand kan dus net soos die herders en leraars meewerk aan die opbou en uitbou van die *ekklesia* (Hendriks 1992b:68). Moltmann (2010:24-25; vgl. Heitink 1998b:20; Van Hooijdonk 1998:53) praat van gewone gelowiges wat spesialiste (“eksperts”) op die gebied van hul eie lewe én hul roeping is en dat alle gelowiges gawes ontvang het

wat binne die geloofsgemeenskap sowel as die missie van die geloofsgemeenskap uitgeleef word.

In a congregation which perceives its diverse gifts and tasks – its ‘charismata’ – all are accepted just as they are, and their individual talents and powers are used to build up the congregation and spread God’s kingdom” (Moltmann 2010:24; vgl. Gibbs & Bolger 2005:223, 236; kyk Ferebee 2012:99 se aanhaling: “Use what God has given you to get done what God wants”.

The notion of building up or edifying the body had been a major criterion in Paul’s evaluation of various ministries (cf. 1 Cor 14:3-5, 12, 26). Now this is seen as the goal for which the ministers of the word were given to the Church. Although this building up is also the task of all the members of the body (v 16), the ministers have a distinctive and particularly significant role to play in it. Their transmission and interpretation of the apostolic gospel and tradition are what will prove especially constructive for the rest of the body. (Lincoln 1990:255)

Vervolgens `n voorbeeld van die boumetafoor in een van Paulus se brieve.

2.5.3.1 Efesiërs 4:12

Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. (Efesiërs 4:12)

Barth (1974:440) dui op Griekse skrywers se liefde om metafore na willekeur te gebruik en verwys na Paulus se bou- sowel as ligaamsmetafoor in dieselfde vers (vgl. Lincoln 1990:254). “If Paul had used only one image in 4:12 and had spoken, e.g. of the ‘growth,’ not the ‘building’ of the body, nothing more would be expressed than a further development of an organism according to the laws of internal cellular processes” (Barth 1972:440). Die boumetafoor impliseer dat stene, blokke, balke, skaniere en uiteindelik `n hoeksteen nodig is vir die oprig van die gebou. Die liggaam van Christus is `n fisies liggaam, wat uit ander liggamen bestaan, wat soos `n fisiese struktuur opgebou kan word (Fowl 2012:142). Barth (1974:440) argumenteer dat `n gebou nie op sy eie kan ontwikkel sonder substansiële toevoeging wat die gebou nie op sy eie kan produseer nie. “On the other hand, the building metaphor alone might depict the church as a mechanical composite and would neglect the gift of life, will, and personality which according to Eph 2:1-16, 16 are essential to the church” (Barth 1974:440). Achtemeier (1996:156) suggereer dat Paulus die materiaal van 1 Petrus 2:1-11 uitgebrei, maar ook opgesom het in sy skrywe aan die gemeente van Efese.

Roberts (1983:119) dui op die missionêre konnotasie van die boubeeld in Efesiërs 4 wanneer hy sê dat die opbou van die kerk inhoud dat daar voortgaande sendingwerk gedoen sal word totdat al die lede van die liggaam die boodskap van heil aanvaar en deel van God se eiendomsvolk geword het. Die opbou van die liggaam het ten

doel dat die lede nie langer onstandvastig sal wees nie, maar eerder in krag sal toeneem deur standvastig in die waarheid van die evangelie van Christus te leef.

Die opbouwerksaamheid omvat hier óók die konsolidering van die Godsvolk, die versterking van die lede as mense wat vasstaan in die waarheid van die evangelie. Samevattend kan ons nou sê: Die werksaamheid om die kerk op te bou, is ook hier deur die verwesenliking van God se heilswerk onder sy mense. (Roberts 1983:119)

Roberts (1983:119) argumenteer verder dat die opbouwerk in Efesiërs 4 met sy tweeledige gerigtheid (sending en konsolidasie) geteken word as die taak en die dienswerk van ál die lede van God se volk. Die opbou van die kerk is en bly God se taak. Hy gebruik egter al die lede van die kerk as instrumente in die opbouproses.

2.5.4 Die boumetafoor by Petrus

Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
(1 Pet 2:5)

Hendriks (1992b:76) fokus ons aandag daarop dat ons in 1 Petrus 2 meer met 'n allegorie as 'n metafoor te doen het. Petrus gebruik die bou-terminologie in dieselfde konteks as Paulus, hoewel hy meer beeldspraak uit die Ou Testament by die beeld ontleen. In dié konteks gebruik hy nie die term *ekklesia* nie (vgl. Bolkenstein 1977:74) maar hy verkies om van die verbondsgemeenskap te praat. Uit 1 Petrus 2 is dit duidelik dat God die Een is wat die opbouwerk doen en dat dié werk in God se uitverkiesing gefundeer is (Hendriks 1992b:76).

Jobes (2011:348) sê Petrus wil hê sy lesers moet aan hulself in terme van kategorieë wat uit die Ou Tesmament kom, dink. Volgens Jobes sluit dit die priesterskap (geroep deur God), offer (geoffer aan God) en tempel (gebou deur God) in. Die Here is teenwoordig in die wêreld deur die geloofsgemeenskap.

Those who come to Christ are built as 'living stones' into God's great spiritual building, a new temple. This temple, whose foundation stone was laid in Zoin, extends around the world and throughout time as people in every generation and of every nation come to Christ. God reclaims all the earth by building his temple globally. (Jobes 2011:349)

'n Passiewe konstruksie word in 1 Pet 2:5 deur Petrus gebruik waar hy die gelowiges aanmoedig om as lewende stene opgebou te word tot 'n geestelike huis (Hendriks 1992B:76).

The comparison of chosen people to stone(s) is known both from the OT and from Qumram, but the status of the readers as "living stones" (*λίθοι ζῶντες*) here clearly derives from Christ the "living stone" (*λίθοι ζῶντα*) in v.4; the ὡς

points to their derived status since they have not yet, as has Christ, risen from the dead. (Achtemeier 1996:155)

Green (2007:58) wys daarop dat Petrus twee bouers in 1 Petrus 2 teenoor mekaar stel: God wat `n geestelike huis of tempel bou en dié mense wat die hoeksteen van die huis verwerp. Hy lees daarin `n stuk kritiek op die afgodediens van die Grieks-Romeinse wêreld – afgode is die werk van mense (vgl. Ps 115:4; Hand 19:26) en tempels wat deur mense gebou is, kan nie die woonplek van God wees nie (Green 2007:58; vgl. Hand 7:48; 17:24).

Bolkenstein (1977:75) beklemtoon die feit dat die woord ‘huis’ in die Ou sowel as die Nuwe Testament herhaaldelik vir die tempel gebruik word. In `n sekere sin is die tempel die huis van God huis omrede Hy daar teenwoordig en werksaam is. Die Jode verwag egter `n heel nuwe tempel wat nie deur stene gebou is nie, maar wat `n volk is waar God teenwoordig is (Bolkenstein 1977:75). Hy (1977:75-76) argumenteer dat dié verwagting agter Petrus se boubeeld lê en in Jesus Christus vervul is. Die nuwe, eskatologiese gemeente is nou in die lewe geroep.

Mensen, die tot Hem komen, maken er deel van uit. Zij worden zelf stenen in dat nieuwe grote geheel. Hier ligt dan ook de roeping, die de leden van de gemeente hebben: zich in te voegen en te laten gebruiken in dat geheel. (Bolkenstein 1977:76)

2.6 Die doel van die bouwerk vanuit beide testamente

Uit die Ou sowel as Nuwe Testament is dit dus duidelik dat God sy gemeente wil bou. Nel (2015:21) argumenteer vanuit die Skrif dat God se gemeentebou-doelstellings die volgende insluit:

- vorming van `n entoesiastiese gemeenskap van dissipels van Jesus Christus;
- waar die gelowiges individueel óf as `n groep hul gawes vir wedersydse diens en heil gebruik, en
- as toegeruste en opgeleide mense God op só `n manier openbaar dat die wêreld Hom deur Jesus Christus en deur die werk van die Heilige Gees leer ken
- ten einde self ook ingebou word in God se gebou, naamlik die kerk.

Die opbou van die kerk is gelyktydig konsoliderend maar ook missionêr (Nel 2015:21; kyk Hoek 1999:62-74) en volgens Gibbs (2013:252) moet plaaslike gemeentes alles in hul vermoë doen om lidmate by diens aan mekaar sowel as diens aan die wêreld te betrek (vgl. Easum 2001:85).

In die volgende afdeling word gekyk na die geskiedkundige oorsig van die saak van gemeentebou.

2.7 Geskiedkundige oorsig van gemeentebou

Te Velde (1989:10) verwys daarna dat die saak van gemeentebou reeds by die apostoliese vaders, in die didaché, in die *Constitutiones Apostolicae*, die oud-Christelike kerk sowel as by hervormers soos Calvyn, Bucer en Luther voorkom. Die saak van gemeentebou het ook voorgekom in vele kerkordes uit die 16de eeu, by Spener en ander uit die Piëtistiese tradisie sowel as by die Nadere Reformasie in Nederland. Nel (1994:9; 2015:23) argumenteer dat die idee van gemeentebou (opbou van die plaaslike gemeente) nog altyd in een of ander vorm binne die kerk aanwesig was.

Heitink (2007:340) wys daarop dat daar reeds omstreeks 1850 in die prakties teologiese werke van Muurling (1851) 'n teorie van kerkontwikkeling voorkom. "De hier ontwikkelde theorie heeft het karakter van een praktisch-theologische ecclesiologie of ecclesiastiek, een naam die het handelingskarakter van het model benadruk" (Heitink 2007:340). Heitink (2007:340) stel dat praktiese teologie in die volgende drie sektore opgedeel kan word, naamlik mens en die godsdiens; kerk en geloof, asook godsdiens en samelewing. Binne 'kerk en geloof' het daar talle vakgebiede ontstaan waaronder 'n betreklike jong, maar belangrike vak by name gemeente-opbou (oikodomiek). Heitink (1999:285) noem dat die vak *oikodomiek* in Duitsland as *kybernetiek* bekend staan.

Speaking about the church as a missionary-diaconological community suggests a relation in content with such subdisciplines as diaconology and evangelism theory. The question is then how the church can be developed in such a way that it can fullfill its goal. (Heitink 1999:286)

Die term *gemeentebou* soos dit vandag gebruik word, is bietjie meer as 125 jaar oud en het eerste gefigureer in die Duitse *Volkskirchen*. Rondom die jaar 1890 het leraars wat besorg was oor die kwynende getal lidmate wat betrokke by die bedieninge van die groot stadsgemeentes was, begin om die saak aan te spreek. Om iets aan die groot aantal onaktiewe lidmate te doen het die leiers van die stadsgemeentes begin met wat bekend gestaan het as *Gemeindeaufbau* (Te Velde 1989:10). Aanvanklik het gemeentebou bekend gestaan as pastorale kybernetiek en oikodomiek, maar met verloop van tyd is dié twee name vervang met gemeente-opbou of gemeentebou (Beukes 1995:809; kyk Herbst 1988: 71-72).

Aan die begin van die vorige eeu het Kuyper (1909) in sy *Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid* 'n indeling en beskrywing van die teologiese vakke gegee. Te Velde (1992a:48-49) beskryf Kuyper se beskrywing van kybernetiek as volg:

Daarby zijn ook de kybernetiek en de laïek, twee vakken die Kuyper tot de 'diakoniologische' vakgroep rekent. Kybernetiek betekent 'stuurmanskunde'. Kuyper verstaat daaronder de theoretische bezinning op de 'kunst' van het regeren van de kerk. Wat is de beste manier om het bestaande kerkrecht in praktijk te bregen? Welke praktische factoren en elementen komen daarbij

aan de orde? De kybernetiek moet het ‘kerkelijk regeertalent bespieden’ en de bijbelse regels voor de kerkregering concretiseren. Vergaderwerk en tuchtoefening noemt Kuyer daarbij als voorbeelden. Laïek betekent ‘de leer over het werk van de ‘leken’ in de kerk.’ Op welke wijze kunnen zij hun taken het beste vervullen? Hoe activeert men de gemeente? Hoe moeten hulpdiensten als voorlezer, organist, wijkbezoeker en koster functioneren? Kuyper onderscheidde daarbij tussen institutaire en organische laïek, de taken van de gelovigen in ambtelijk-kerkelijk verband en krachtens het particulier initiatief. (Te Velde 1992a:48-49)

Die term *gemeentebou* het in die 1930’s in Nederland in gebruik geraak in ‘n poging om die Gereformeerde Kerk te laat groei. Daar was ‘n sterk fokus op bediening deur één bemagtiging van gewone lidmate en met verloop van tyd het woord soos *Gemeindeaufbau* (Duits) en *gemeentebouw* (Nederlands) deel van die woordeskataf van die kerk geword (Nel 2015:24).

Te Velde (1992a:25) wys daarop dat daar na afloop van die Tweede Wêreldoorlog meer aandag aan die vak gemeentebou in die kerk en teologie gegee is. Wagner het leiding in die Verenigde State van Amerika in Pasadena by Fuller Theological Seminary geneem, terwyl Dietterich direkteur van die “Center for parish development” in Chicago was. In die 1980’s het die vakgebied sterk in Duitsland gegroei waar dit veral Seitz was wat by die Instituut voor Praktische Theologie die voortou geneem het met Möller wat in Heidelberg die leisels gevat het (Te Velde 1992a:25).

Intussen kan uit het voorafgaande duidelik zijn, dat allerwegen gemeenteopbouw in die belangstelling staat. Een stroom van boeken en kleine geschriften is er op de markt gekomen. En het bezig zijn met gemeenteopbouw is een apart vakje in de theologie geworden. Aan de theologische faculteiten in Nederland wordt het sinds 1982 gedoceerd in Groningen en sindsdien is het ook leiders ingevoerd. Aan de Theologische Universiteit (Broederweg) in Kampden wordt het sinds 1988 gegeven. Een nog nieuwe verschijning op het kerkelijk en theologisch erf dus. (Te Velde 1992a:27)

Nel (1994:9) kies op grond van taalkundige en nie soseer theologiese oorwegings nie, vir die term *gemeentebou*, omrede God reeds besig is om te bou en dat daar ingeval word met dit waarmee Hy besig is.

Die bedoeling met *gemeentebou* is byvoorbeeld beslis nie dat daar nijs bestaan nie en dat daar van vooraf gebou moet word nie. Die gedagte in die literatuur is dat daar meegebou word aan die bouwerk waarmee God in elke geval reeds besig is. (Nel 1994:9)

2.7.1 Gemeentebou in Suid-Afrika

As vakgebied het ‘Gemeentebou’ sy oorsprong in die jare 1870 tot 1930 met die Duitse teoloë Gutmann, Sulze en Wichern wat die voortou geneem het (Te Velde 1989:10), maar in Suid-Afrika is wetenskaplike besprekings met betrekking tot gemeentebou eers heelwat later gevoer (Nel 2015:24). Nel het grotendeels die gesprek in Suid-Afrika met sy 1986-publikasie getiteld *Teologiese Perspektiewe* ingelei. Nel het egter reeds in 1982 `n referaat oor die onderwerp by die Universiteit van Pretoria gelewer wat die weg gebaan het vir ander navorsers om ook op `n akademiese vlak `n bydrae te maak (kyk Heyns 1986; Janse van Rensburg 1990; Bisschoff 1991; Burger 1991; Hendriks 1992a en 1992b).

Sederdien het die vakgebied in Suid-Afrika goed ontwikkel (kyk Nel 1988; 1994) en word dit by al die groot universiteite se departement Praktiese Teologie doseer (kyk Beukes 1995:809). Dit word ook by bykans alle erkende praktiese teologiese departemente in Nederland, Duitsland en die VSA gedoseer (Beukes 1995:809). Publikasies van Breytenbach en Pieterse (1992), Burger (1995, 1999) sowel as Hendriks (2001, 2007) het verdere belangrike bydraes tot die vakgebied gemaak (vgl. Linden 2015:33).

In die VSA word die term *church growth* meestal gebruik, hoewel Nel (2015:24) dit duidelik stel dat dié term nooit presies dieselfde as “building up the local church” of “congregational development/studies” beteken het nie. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word Nel (2015:25) se argument aanvaar dat gemeentebou `n omvattende term is wat die idee van groei inkorporeer.

2.8 Definisie van gemeentebou

In hierdie gedeelte sal die navorsers die gemeentebou-definisies van verskeie kenners, te wete Nel, Hendriks, Goedhart, Hoek, Bisschoff, Te Velde, Beukes en Firet weergee:

Nel (2015:87. Vry vertaal NM) definieer *gemeentebou* as die bediening waardeur `n plaaslike gemeente geleei en geoefen word om:

- haar eie identiteit en rede vir bestaan te verstaan (hermeneutiese dimensie);
- haar funksionering, as `n groep gelowiges, te evaluateer, te onderskei waar God reeds aan die werk in die gemeenskap is en te onderskei waar en hoe hulle daarvan gaan deelneem, doelwitte te formuleer en korporatief die doelwitte planmatig te behaal (agogiese-teleologiese dimensie);
- deurlopend en soos wat dit benodig word, strukture vir die gemeentelike lewe te ontwikkel wat die drie-enige God en sy gesondmakende en restorerende handelinge in die kerk en wêreld dien.

Hendriks (1992b:85-86) gee die volgende definisie van gemeentebou. Gemeentebou is die werk van die drie-enige God.

- Dit is in die uitverkiesende genade van die Almagtige God wat Hom heilshistories-verbondsmatig aan die mens openbaar, gefundeer.
- Dit is gebaseer op die kruisversoening en opstanding van Jesus Christus wat, as Hoof van die kerk, sy kerk regeer.
- Dit is handelend aanwesig deur die lewegewende en kragdadige werking van die Heilige Gees.
- Die drie-enige God bou sy gemeente met die gelowiges wat Hy met gawes vir hierdie werk toerus. Die leidinggewende bedienings speel hierin 'n belangrike, grondliggende rol.
- Die dienswerk van die gelowiges geskied in die konteks van die liefde, *koinonia*, gehoorsaamheid, kennis, vrede, orde, vreugde, gebed, getuienis, onderrig, die erediens, geregtigheid, dade van barmhartigheid en die voortgaande proses van stryd.

Gemeentebou het ten doel:

- die kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou (dit beteken geestelike groei tot volwassenheid, die voorkoming van dwaalleer en die betrokke raak by die *missio dei*) van die *ekklesia*;
- die realisering van die eenheid van die liggaam van Christus;
- die blywende visie op die eskatologiese hoop van die *ekklesia*;
- die daarstelling van die *ekklesia* as 'n voorlopige gestalte van die koninkryk van God;
- die verheerliking van God;
- die bestudering van die teorie en praktyk van die opbou van die gemeente om die *ekklesia* as liggaam van Christus in sy geheel en in sy dele te laat funksioneer.

Hoewel Goedhart (1984:10) nie gemeentebou *per se* definieer nie, argumenteer hy dat gemeente-opbou impliseer om 'n dienende, vierende, lerende en delende gemeente te word.

Het gemeenteopbouwwerk wil die gemeente systematisch helpen om werkelijk gemeente van Jezus Christus te worden in deze tijd. Ik probeerde dat precies weer te geven in die titel: *Gemeenteopbou – om dienende, vierende, lerende en delende gemeente te worden*. (Goedhart 1984:10)

Hoek (1999) bou op dit wat Goedhart (1984:10) hierbo sê en voeg nog twee kenmerke by, naamlik die pastorale en getuigende gemeente. Die pastorale gemeente is 'n gemeente waar elke lidmaat van die kerk self 'n herder word wat na ander skape omsien. Jesus is en bly die kerk se Opperherder wat na sy skape omsien, maar binne die kudde is al die skape herders wat veronderstel is om na mekaar om te sien (Goedhart 1999:49; vgl. Ef 4:4-6; Kol 3:16; 1 Tes 4:18; Jak 5:19-20; kyk Ps 23). Die getuigende gemeente gaan daaroor dat die gemeente in haar diepste wese 'n gemeenskap is wat van Jesus Christus getuig (Hoek 1999:62).

Bisschoff (1991:44) meen dat gemeentegebou die toegespitste aktiwiteit is naas en saam met ander fasette van die gemeentewerksaamhede waardeur die gemeente begelei word om eerstens al meer te verstaan wat hy moet wees volgens die Woord, en om tweedens self mee te werk aan die bereiking van die Bybelse ideaal deur doelgerigte en beplande ingryping in die huidige stand van sake.

Te Velde se definisie is soos volg:

In het vak gemeenteopbou vindt de theologische bezinning plaats op de structuren, werkvormen en processen, waarin de gaven en diensten in de gemeente van Jezus Christus in een optimale samenhang kunnen worden dienstbaar gemaakt aan haar intern en extern, horizontaal en verticaal functioneren met het oog op haar volmaking in Christus. (1989:11-12)

Beukes (1995:817) beskryf gemeentegebou as 'n kerklike aktiwiteit om deur middel van die bestaande kommunikatiewe geloofshandelinge die gemeente te lei om te funksioneer ooreenkomsdig sy wese tot eer van God, tot opbou van die gemeente en tot uitbreiding van God se koninkryk in die wêreld. Die werk word op die Bybel, die belydenisskrifte en die bestaande kerklike bepalings gegrond. Die bestaande word gekoördineer, beter beplan, geïntensiveer en indien en waar nodig, teruggelei om te wees soos God dit wil hê.

Jan Hendriks (2008:394) noem dat "gemeenteopbou" talle definisies het, maar meen dat die definisie van Firet algemeen aanvaarbaar is:

- de theologische theorie omtrent het op gang brengen en begeleiden van processen die gericht zijn op het functionering van de gemeente
- in een bepaalde situasie
- overeenkomstig haar mogelijkheden
- en naar haar roeping;
- en van processen die gericht zijn op die vorming van aan dat functioneren adequate structuren. (1986b:590)

Uit bestaande definisies is dit duidelik hoe omvattend die saak van gemeentegebou is en hoe moeilik dit is om 'n bondige definiëring daarvan te stel. Met 'n definisie word soveel agtergrond en konsepte veronderstel, dat net die mees basiese en grondliggende gestel kan word (Ungerer 2010:80). Ungerer (2010:80) werk egter met die volgende raakpunte:

Firet (1986b:590) en Te Velde (1989:11-12) gebruik onder andere die woord *processen* om iets van die dinamika van gemeentegebou aan te dui. Die eerste drie sake in Hendriks (1992b:85-86) se definisie word byvoorbeeld deur Nel (1994:14, 216) se bewoording "wese en bestaansdoel" omsluit. Hendriks (1992b: 85-86) se definisie het 'n meer inhoudelike strekking, terwyl Nel

(1994: 14, 216) die proses omlyn met die inhoudelike as veronderstelde kennis. Goedhart (1984:10) konsentreer op die vier hoofsake, Bisschoff (1991:44) het raakpunte met Nel (1994: 14, 216) en Hendriks (1992:85-86), hoewel sy definisie kort en bondig is.

2.9 Werksformule

Nel (2015:85) stel die volgende werksformule vir gemeentebou voor:

- Vader, Seun en Heilige Gees bou die kerk, en doen dit deur mense.
- God bou sy kerk want die koms van sy Koninkryk vind plaas deur die gemeente.
- Die bestaan en doel van die kerk is van kardinale belang.
- Die empiriese kerk moet deur die Gees geleid word om in `n bepaalde tyd en plek te word wat dit reeds in Christus is. Die gaping tussen die empiriese en gedefinieerde onderwerp moet kleiner word.
- Daar moet op die totale gemeente, met betrekking tot haar wese, funksies en struktuur, gefokus word.

Uit bestaande werksformule is dit dus duidelik dat Nel (2015:85) `n voorstander is van `n inklusiewe en omvattende benadering wanneer dit by die opbou en ontwikkeling van `n missionale plaaslike gemeente kom.

Gemeentebou as vakgebied fokus intensioneel op die studie van reformasie en verandering. Tweedens word dit `n konsensie vir die ander vakgebiede om op die missie van God te fokus en te bly worstel met die vraag na die rol van die gemeente binne sy missie. In die derde plek sensitiseer dit die ander vakgebiede binne die teologie dat teologie missionaal moet wees. Indien dit nie is nie, is dit nie meer teologie nie. Laastens gaan dit om die integrering en koördinering van die subsisteme ten einde die sisteem as geheel te ontwikkel (Nel 2015:86).

2.10 Vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou

Nel (2015:25–88) argumenteer vir `n vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou wat uit die volgende bestaan:

- 1) `n konsep waar die gemeente haar identiteit vorm
- 2) `n konsep van reformasie
- 3) `n konsep van integrering en koördinering van al die bedieninge
- 4) `n konsep van `n langtermyn bediening
- 5) `n konsep van afhanklikheid van God

In hierdie gedeelte gaan kortliks gekyk word na die tweede, vierde en vyfde aspek van Nel se vyf-dimensionele verstaan. Die konsep van identiteitsvorming (hoofstuk 3), sowel as die konsep van integrering en koördinering van al die bedieninge (hoofstuk 4) raak die navorsingsprobleem direk en word later as deel van die normatiewe taak breedvoerig bespreek.

2.10.1 `n Konsep van reformatie

Being a church is to be in step with God who is renewing all things. (Nel 2015:62)

Hoewel terme soos vernuwing, herlewing, opvlamping (“rekindling”) en herstigting (“refounding”) gebruik word om die konsep te bespreek, verkies Nel (2015:50) om die term *reformatie* te gebruik wanneer die proses beskryf word wanneer ‘n gemeente op ‘n deurlopende grondslag al hoe meer word wat dit reeds in Jesus Christus is. Nel (2009:2) argumenteer dat reformatie met die herontdekking en verstaan van identiteit begin (vgl. Nel 1994:125–147; 2005:150–175) en hoewel dit ‘n moeilike en pynvolle proses is, is dit iets wat deur die Here moontlik gemaak word (Nel 2009:3).

Guder (2000), soos die titel van sy boek aandui, beskryf dié proses as die “continuing conversion of the church”.

That phrase, ecclesia reformata secundum verbi Dei semper reformanda, is used a great deal in the North Atlantic Reformed circles these days, probably because of the crisis in which most of these churches find themselves. It is indeed a work of God’s Spirit when we recognize that under the guidance of the Word of God the church must constantly experience re-shaping, re-forming. (Guder 2000:150)

Gibbs (2009:16) kies om die term *morphing* te gebruik wanneer hy die proses beskryf wanneer die kerk van die Weste al hoe meer ‘n identiteitsgedreve, missionale liggaam word. In 2013 het ‘n boek van hom verskyn met die titel *Die hergeboorte van die kerk* (“The rebirth of the church”). In dié publikasie worstel hy met die vraag oor hoe kerk in ‘n post-Christendom Westerse samelewing gaan lyk. “As we endeavor to dare to reimagine the church for the twenty-first century, we must look for models that are both biblically rooted and culturally engaged” (Gibbs 2013:ix). Hy stel dat daar sowel kontinuïteit as diskontinuïteit met die kerk van die vorige eeu se bediening en gestuurheid gaan wees. Een van sy sterk argumente is dat daar nie ‘n skeiding tussen ekklesiologie en missiologie mag wees nie. ‘n Missionale ekklesiologie erken dat sending die hartklop van die kerk is, want die God wat Christene aanbid, is die God van sending (Gibbs 2013:ix-x; vgl. Gibbs & Bolger 2005:51).

Moltmann (2010:17-27) het ‘n hoofstuk in sy boek *Arise* geskryf wat dieselfde naam het as Gibbs se 2013 publikasie, naamlik *The rebirth of the church*. Moltmann (2010:17) voer aan dat die groot gebeurtenis van die 20ste eeu die hergeboorte van die kerk was. Daar word van die hergeboorte van die kerk gespeak want Christendom, die Christen-era en Christelike nasies het tot ‘n einde gekom. Die kerk is wedergebore as ‘n onafhanklike en weerstandsgemeenskap, ‘n gemeenskap met ‘n universele missie en ‘n alles oorkoepelende hoop vir die koninkryk van God as die toekoms van die wêreld (Moltmann 2010:17; vgl. Ferebee 2012:78).

Nel (2015:51) is vas oortuig dat enige gemeente wel kan verander en dit is een van die redes hoekom hy die term *reformasie* kies. Hy argumenteer dat God die wêreld so liefhet dat Hy nie gaan moed opgee met sy verkose mense (kerk) nie en dat Hy hulle gaan verander na wat hulle veronderstel is om te wees. Om getransformeer te word, is ons roeping (vgl. 2 Kor 3:18) en dit is van toepassing op sowel die individuele gelowiges as die gemeente. Geen enkele gelowige, op sy of haar eie, sonder die res van die liggaam, vertoon die volle beeld van Christus nie (Nel 2015:52).

Nel (2015:54-55) aanvaar dit as voor die hand liggend dat enige gemeente vernuwing nodig het en dit raak veral krities wanneer die gemeente nie meer betrokke by God en sy wêreld is nie. Vernuwing beteken dat die gemeente al hoe meer sal beweeg van die empiriese na die gedefinieerde onderwerp as 'n identiteitsgedrewe missionale gemeente (Nel 2015:59). Alleen waar Christus teenwoordig is, is die kerk - *ubi Christus, ibi Ecclesia*.

En Christus is daar, waar Hij heeft beloofd aanwezig te zullen zijn: in de missionaire communicatie, in de sacramentem en in de broederlike en zusterlijke gemeensschap, waar het om de kerk gaat; in de 'minste broeder of zuster', waar het om de maatschappij gaat; en – als de Komende – bij de komst van het Rijk van God, waar het om de toekomst van mens en wereld gaat. (De Roest & Stoppels 2007:15)

In die Nederlandse boek *Levend lichaam*, waar Brouwer, De Groot, De Roest, Sengers en Stoppels nadink en skryf oor praktiese ekklesiologie, sluit De Groot die boek af met die argument dat die kerk van die toekoms op verskillende maniere kerk van Christus kan wees.

Gebruiklike definisies van kerk-zijn verwijzen naar sacramentaliteit, de verkondiging van het Woord en naar ambt en/of gemeenschap. Aan dit boek ligt het vermoeden ten grondslag dat fluïde vromen van kerk-zijn kunnen aansluiten bij Gods verborgen aanwezigheid in de wereld, bij de overtuiging dat Gods woord in deze wereld moet klinken, en dat de Geest van liefde kan oplichten in de onderlinge verbondenheid van mensen. (De Groot 2007:280)

Keifert (2007:57) maak die opmerking dat die ware kerk van Christus nie net die kerk is wat in Jesus se tyd tot stand gekom het nie, maar ook die kerk wat aan die kom is, terwyl Ferebee (2012:10) aanvoer dat groot bewegings elke 500 jaar in die kerk plaasvind.

Mark Dyer, professor of theology and mission at Virginia Seminary and a retired bishop, takes a long view of that past and has pointed out to us humorously and profoundly, 'about every five hundred years the church has a giant rummage sale.' Then he ads wryly: 'We're due'. (Ferebee 2012:10)

Schaller (2003:15) sien die Christelike geloof as `n godsdiens wat hoop onder gelowiges genereer en hoewel daar probleme met die ‘sisteem’ is, is hy hoopvol dat die sisteem kan verander. Hy het nie hoop verloor dat dit te laat is om veranderinge aan te bring nie, maar hy erken ruiterlik dat dit baie moeilik is (2003:26). “The call is not to invent a new wheel. The call is to replace the worn-out or broken wheel with a better wheel that already has been invented and is in use” (Schaller 2003:27).

2.10.2 `n Konsep van `n langtermyn-bediening

Unless God in a very clear way calls pastors away, I maintain that pastors who are serious about and committed to the ministry of developing a missional local church stay long-term, if not for a lifetime. (Nel 2015:83)

Nel (2015:81) argumenteer vanuit die Skrif dat God besig is om sy mense te vernuwe. Hy word nie aan die werk gesit nie – Hy is besig om te werk. Kerkleiers wat iets verstaan van hul konteks, die gemeente en die gemeenskap weet dat vernuwing nie oornag gebeur nie. Dit is `n tydsame proses wat lank vat omdat dit `n veranderingsproses is wat onderhewig is aan wetenskaplike ‘wette’ (Nel 2015:81). Nel voel baie sterk dat die opbou van `n missionale gemeente `n lang proses is wat ernstig opgeneem moet word en dat baie geduld daarvoor nodig is.

Dieselfde argument word by Keller (2006:4) gevind waar hy spesifieker na groter gemeentes verwys. “And finally, the larger the church, the more important it is for ministers, especially the senior pastor, to stay put.” Hy argumenteer dat die senior gemeenteleier tesame met die personeel die hoofbron van kontinuïteit en stabiliteit is en sê dat personeelwisseling in groter gemeentes heelparty negatiewe gevolge inhoud (Keller 2006:4). Niemandt (2013:135) wys daarop dat gemeenteleiers wat lank in `n gemeente dien, waarskynlik baie vertroue onder die lidmate opgebou het en dat hulle makliker `n kultuur van innovasie en verandering kan skep. Schaller (2003:24) is ook `n voorstander van gemeenteleiers wat oor `n lang termyn in een gemeente bedien.

Die teorie van verandering bevestig dat slegs `n klein persentasie van `n populasie gemotiveerd is vir vinnige verandering. Sommige sal sê 2,5% onmiddellik en 13,5% binne die eerste ses maande. Minstens 50% van `n groep vat langer om vir verandering gemotiveer te word – indien ooit (Nel 2015:82). Hirsch en Ferguson (2011:100) steun op Everett Rogers se teorie, genaam *Diffusion of Innovation*, waar hy argumenteer dat enige populasie gesegmenteer kan word op grond van mense se reaksie op nuwe idees.

This suggestion of 10 percent buy-in – a missional “people tithe,” so to speak – is an intuitive guess, but it does square well with Everett Rogers’ theory called Diffusion of Innovation, which states that in any given population there are a range of people with different responses to new ideas, including the progressive wing composed of innovators and early adopters. It’s a leader’s job to understand that these people are present and are vital in changing the

organization, and indeed for innovation itself. The same theory of knowledge would suggest that all you need is 16 percent of the most progressive sectors of a population for the idea to be inevitable in that system!" (Hirsch & Ferguson 2011:100)

Dit is belangrik om te onthou dat God vernuwing deur sy Gees, Woord en die diens van mense bring – dit is nie die fases in die proses wat vernuwing en reformasie bring nie. God is die aktiewe agent wat verandering meebring (Nel 2015:83).

When we commit to a vision to do something that has never been done before, there is no way to know how to get there. We simply have to build the bridge as we walk on it. (Quinn 2004:9)

In Quinn se model word vier fases van organisatoriese verandering beskryf wat hy die *transformational cycle* noem (Quinn 1996:167-169). Dis 'n deurlopende proses waarbinne die vier fases mekaar herhaal. "To remain healthy and vibrant, as system must continuously circulate through the transformational cycle" (Quinn 1996:168).

- 1) Inisiasie: 'n Leier, groep of leierskapspan ontwikkel die behoefté dat dit onontbeerlik is om te verander. 'n Visie van die verlangde toekoms word mettertyd gevorm; aksies word uitgevoer om die visie te realiseer en risiko's word geneem.
- 2) Onsekerheid: Leierskap eksperimenteer daadwerklik en nuwe innovasies sien die lig; sommige van dié eksperimente, innovasies en idees is nie geslaagd nie en dit lei tot onsekerheid by dié wat die verandering dryf. Dit is hier van kardinale belang dat die leiers en visiedraers nie moed verloor nie. As hulle moed hou, sal hul visie verdiep en nuwe moontlikhede kan ontgin word.
- 3) Transformasie: Innovasie versprei met gelang van tyd deur die hele organisasie wat na 'n diep vlak van verandering op gebiede soos identiteit, missie, kultuur en operasionele procedures lei. Nuwe energie word vrygestel en verhoudings word gevorm.
- 4) 'n Nuwe reëlmaat ("routinization"): Die organisasie begin 'n nuwe hoofstuk soos nuwe roetines gevestig word. Nuwe strukture word deel van die organisasie en probleme kan binne die nuwe organisatoriese sisteem aangespreek word.

Verandering op 'n diep vlak sal slegs voortgaan indien organisasies op 'n konstante basis hulself evalueer, herbelyn en herontdek ("re-invent") (Quinn 1996:169).

2.10.3 'n Konsep van afhanklikheid van God

As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs.
(Ps 127:1)

Die opbou van 'n identiteitsgedreve missionale gemeente gebeur nie as God dit nie laat gebeur nie (Kyk die afdeling oor *God as Subjek* hierbo). Ps 121 sê immers ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Nel (2015:84) argumenteer

dat Firet (1986a) se insigte `n groot bydrae in die opbou van `n missionale gemeente maak, omdat dit daarteen waak dat mens sou dink net die leiers en die proses maak dat die gemeente ontwikkel. Aan die ander kant waak dit daarteen dat gemeenteleiers dink dat hulle nik van hul kant moet doen nie en dat die Here alles self sal doen. Afhanklikheid van God is nie dieselfde as luiheid of die ontwyking van verantwoordelikheid nie. Die konsep van afhanklikheid van God is `n houding wat ingeneem word waar die mens van harte werk en die vrug op sy arbeid van God verwag (Nel 2015:84).

Stoppels en Sengers (2007:183) plaas klem op die belangrikheid van `n gebedskultuur in `n gemeente, juis sodat die wete dat die kerk nie van ons is nie, maar van Christus, lewend gehou kan word.

In het volgehouden gebed groei wijsheid en fijngevoeligheid om een weg te zoeken rondom kerk-zijn anno nu, zo menen zij die het kerkelijk leven graag meer dan nu gestempeld zien worden door een existentieel gebedsleven. (Stoppels en Sengers 2007:183)

2.11 Die gemeentebou-proses

Hoewel Seifert en Clinebell (1996), Hendriks (1992), Easum (2001) en Kallestad (2001) hul eie fases in die proses van verandering ontwikkel het, het Nel (2015:222; vgl. 1994:216; 2005:147) die proses vereenvoudig tot:

- motivering, ontvriesing en die ontwikkeling van `n missie-stelling
- analyse van die gemeente
- beplanning van `n strategie
- implementering van die strategiese plan en bereiking van doelwitte
- evaluering, stabilisering en herhaling van die proses

2.11.1 Motivering, ontvriesing en die ontwikkeling van `n missie-stelling

2.11.1.1 Identiteitsverstaan as motivering en ontvriesing

Nel (2015:223-229) argumenteer dat die motivering van `n gemeente daarin lê dat sy haar identiteit verstaan én geniet. Sulke gemeentes sal gemotiveerd wees om deel te neem aan hul eie opbou-proses soos hulle al hoe meer `n missionale gemeente word. Die identiteitsgedreve verstaan van gemeentebou is die fondament van elke fase in die proses. Dit is soos suurdeeg wat die proses aan die gang sit en krag daarvoor gee. Niks in die proses gebeur egter as die drie-enige God dit nie laat gebeur nie, want om gemeente te wees is per definisies die werk van die Vader, Seun en Heilige Gees - en dit is juis hier, in die Drie-eenheid waar die kerk haar ware identiteit en kragbron vind.

Motivering gaan daaroor om die gemeente korporatief te lei om haar God-gegewe identiteit te ontdek en om te verstaan wie dit in Christus is (Nel 2015:226). Die gemeente is dus op weg – God is besig met haar *en route* na die voleinding van die

wêreld (Nel 2015:229). Schoeman (2014:4) sê 'n herontdekte identiteit lei noodwendig tot nuwe prosesse en programme, want identiteit en konteks is voortdurend in interaksie met mekaar.

Die volgende ses aspekte is deur Callahan (2010:5) geïdentifiseer as bron van motivering:

- erbarming: waar daar empatie, sorg, omgee en wedersydse ondersteuning is;
- gemeenskap: waar die gemeentelede dit geniet om saam te kom, hulle voel hulle behoort en die gevoel bestaan dat hulle deel is van 'n gesin en 'n huis;
- hoop: waar daar gefokus word op die genade van God en op die koninkryk wat gekom het en aan die kom is;
- uitdaging: waar daar 'n gevoel is dat die uitdaging suksesvol aangepak en afgehandel is;
- redelikheid: waar daar plek is vir logiese denke, rede, analisering en nugter denkwyses;
- toewyding ("commitment"): waar daar 'n gevoel is van toewyding, verantwoording en lojaliteit.

Easum (2001:80) argumenteer in sy boek *Unfreezing moves*, dat die mees kritieke saak in die transformasie van gemeentes die geestelike dimensie van hul leierskap is. "Do not downplay the importance of developing spiritual giants before trying to transform a congregation." Die transformasie van 'n gemeente sal net gebeur wanneer die leiers afstand doen van hul selfgesentreerde benadering tot geloof en Jesus Christus toelaat om die middelpunt van hul geloof te word (Easum 2001:80-81; vgl. Carrol 2006:23).

2.11.1.2 Om onder leiding van die Gees tot verstaan te kom - 'n hermeneutiese uitgangspunt

In hierdie navorsing word die argument aanvaar dat gemeentes gemotiveer word wanneer hulle hul identiteit herontdek en verstaan. Vanuit 'n hermeneutiese uitgangspunt word daar dus gesê motivering vind plaas wanneer die kerk korporatief, onder leiding van die Heilige Gees, tot verstaan van haarself kom.

Die woord 'hermeneutiek' is afkomstig van die Griekse woord *hermeneuo* of *hermenia*, wat op hul beurt afkomstig is van *Hermes*, wat die boodskapper van die gode is. Dié woord kom 19 keer in die Nuwe Testament voor en beteken 'om te verduidelik of om te vertaal (*to explain or translate*) (vgl. Wofford 2009). Dit word byvoorbeeld in Lukas 24:27 gebruik waar Jesus aan die Emmausgangers verduidelik dat daar in die Ou Testament oor Hom geprofeteer is: "Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê" (*hermeneuo*) (Thiselton 2009:21).

Thiselton defineer hermeneutiek as volg:

Hermeneutics explores how we read, understand, and handle texts, especially those written in another time or in another context of life different from our own. Biblical hermeneutics investigates more specifically how we read, understand, apply, and respond to biblical texts. (2009:1)

Dit gaan oor die korrekte verstaan van die teks. Die doel van Bybelse hermeneutiek is om die Skrif te verstaan soos wat die skrywers bedoel het om verstaan te word (Wofford 2009). Om by die bedoeling van die teks uit te kom word verskillende vorme van eksegese ingespan, te wete die literêre, historiese en theologiese eksegese (Thompson 1981:23-35). Thompson (1981:23) praat van literêre, historiese en theologiese eksegese as die eksegetiese drietal (*exegetical triad*). Pieterse (2001:88) sê die stem van die lewende God word in die teks gesoek. "Die woorde van die Bybel word woorde wat oor God praat en God aan die woord stel wanneer die Gees van God daarin werksaam is" (Pieterse 2001:88).

Linden (2015:111) argumenteer dat goeie hermeneutiek die gevolg het dat gelowiges blootgestel word aan onder andere hul roeping om deel te neem aan die *missio Dei*. Gelowiges word blootgestel aan hul individuele identiteit sowel as die rede van hul bestaan, maar meer belangrik, hulle word blootgestel aan hul korporatiewe identiteit sowel as die rede van die kerk (waarvan hulle deel is) se bestaan (vgl. Olyott 2007:64-66; vgl. Mohler 2008:65).

Dit gaan dus daaroor dat die kerk korporatief, onder leiding van die Heilige Gees, tot verstaan van haarself kom. "*The congregation is being built even as it builds itself. It is God who does this through his Spirit, his Word and through the ministry of people*" (Nel 2015:225). Gemeentes moet die volgende verstaan: `n Gemeente bestaan uit mense wat in Christus glo en bely dat Hy die Here is. Hulle behoort deur Christus aan God en word deur die Heilige Gees beseël as God se eiendom (Nel 2015:226).

Gemeentes moet egter nie net hul identiteit verstaan nie, hulle moet ook verstaan wat hulle glo en die vermoë hê om hul geloof met ander te deel (Nel 2015:227). Dit is waarom Osmer (2012:29-55) soveel klem lê dat die gemeentes hulself en hul geloof verstaan. Osmer (2012:49) argumenteer dat gemeentes wat hul missionale roeping onderskei, aandag aan twee punte moet gee: Die een fokus is die bymekarmaak en die opbou van die gemeente en die tweede fokus lê in die gestuurdheid van die gemeente. "Formation is most powerful when deep connections are created between these two foci" (Osmer 2012:49).

Die primêre agent in geestelike formasie ("spiritual formation") is die Heilige Gees en nie die gemeente nie.

It is the Holy Spirit as she builds up and equips the congregation to carry out its particular vocation. Spiritual formation is thus the congregation's 'taking form' in the Spirit, what might be called primary missional formation. This

includes the relationships, structures, programs, and practices that emerge as a particular congregation lives into and out of its missional vocation. These, in turn, shape the spiritual lives of those who participate in this missional vocation, what might be called secondary missional formation. (Osmer 2012:49)

Met verwysing na Bosch en Moltmann brei Osmer die bogenoemde konsep as volg uit: Bosch (1991:385) beskryf die kerk as 'n ellips met 'n tweeledige fokus waar die kerk rondom die eerste fokuspunt haar bron van lewe erken en geniet. Rondom dié fokuspunt word aanbidding en gebed beklemtoon. Vanuit en deur haar tweede fokuspunt is die kerk gemoeid met die wêreld en daag sy die wêreld uit. "This is a forth-going and self-spending focus, where service, mission and evangelism are stressed" (Bosch 1991:385). Dié twee fokuspunte staan in diens van mekaar en moet nooit ten koste van mekaar wees nie. Bosch stel dat 1952 se LUND FO-vergadering dit baie goed verwoord het: "The church is always and at the same time called out of the world and sent into the world" (Bosch 1991:386). Moltmann (1975:1-4) argumenteer dat die kerk se identiteit haar relevansie sowel as haar betrokkenheid handhaaf en beskryf die kerk se identiteit met bipolêre konsepte van identiteit en relevansie (vgl. Osmer 2012:50). "Christian theology finds both its identity and its relevance in the cross of Christ. It finds its identity as Christian theology there: for his cross separates faith from superstition, as well as from unbelief" (Moltmann 1975:4).

Moltmann (1993:291) verwys na 1 Kor 14:33 en stel dat God 'n God van vrede en nie van wanorde is nie. Die geloofsgemeenskap, as kontras-gemeenskap, se lewe en aksies moet met sy vrede korrespondeer en dit antisipeer (vgl. 1 Kor 7:15; Ef 4:3), want dié geloofsgemeenskap leef vanuit God se vrede deur die heerskappy van Christus (Rom 5:1).

The life-style and the actions of the community do not therefore follow the general principles of order which obtain in its particular constitution but conform to the 'principles' of this divine peace. The ecclesiastical orders of Christ's church are historical portrayals of God's eschatological order of peace. What follows from this as far as state and society is concerned (as well as man's will to power in state and society) is the form taken by the contrast and the alternative. (Mark 10:42-45)

Moltmann (1990:43) argumenteer dat Christopraxis, wat verstaan moet word as die lewe van die geloofsgemeenskap as dissipels van Jesus (1990:42), noodwendig die geloofsgemeenskap na die armes, siekes, onderdruktes en 'oorbodige mense' lei. Soos die Messias word die geloofsgemeenskap in die eerste plek na onbelangrike persone gestuur (vgl. Matt 10:7-8; Matt 11:5-6).

The guideline of this christopraxis was, and still is, the messianic interpretation of the Torah in Jesus' Sermon on the Mount. But this praxis too

is not the application of a theory about Christ. It is a way of life, a way in which people learn who Jesus is, learn it with all their senses, acting and suffering, in work and prayer. To know Jesus does not simply mean learning the facts of christological dogma. It means learning to know him in the praxis of discipleship. (Moltmann 1990:42-43)

Osmer (2012:50), met verwysing na Moltmann, argumenteer dat die geloofgemeenskap aan die wêreld `n alternatief voorhou wat verandering aan `n wye sosiale konteks kan meebring. "The distinctiveness of its subcultural identity as a contrast society holds before the world an alternative set of possibilities, which is to have a catalytic role in bringing about change in the broader social context" (Osmer 2012:5). `n Katalisator veroorsaak dat elemente kombineer sonder dat die katalisator self enige verandering ondergaan.

The simple presence of Christians in environments determined by other religions provokes effects of this kind, provided that Christians live, think and act different. This can be called the indirect infection of other religions with Christian ideas, values and principles. (Moltmann 1993:158)

Pannenberg (1976:177) plaas klem op die werk van die Heilige Gees wat aan gelowiges eerder krag as `n nuwe stel morele waardes gee.

The Spirit shows himself to be a personal reality by not extinguishing the personal character of human action through his activity but by letting personal life come to consummation through willing dedication. A 'serving' on the part of Christians (Rom 7:6; cf. II Cor 3:6; Phil 3:3), the 'walking according to the Spirit' (Rom 8:4; II Cor 12:18; Gal 5:16) corresponds to the 'mind' of the Spirit. However, this does not involve only a new ethical standard to which the individual would have to adjust his behavior. The Christian has rather been transplanted into a sphere of power in which his behavior is no longer subject to his own decision, but which is nevertheless experienced as freedom, not compulsion. Through the Spirit the Christian has been transplanted into the freedom of sonship (Gal 4:6 f.; Rom 8:15; cf. II Cor 3:17b) (Pannenberg 1976:177)

Osmer (2012:50) gebruik die term 'kenotiese gemeenskap' wanneer hy nadink oor die kerk se verhoudings en ontmoetings met die wêreld. "With the relevance pole, Moltmann portrays the congregation as a kenotic community, a community of openness, self-giving, and solidarity in its various relationships with the world." Dit sluit `n hele klompie goed in, soos die kerk se konfrontasie met sistematiese bose kragte sowel as die dialoog met die Joodse en ander godsdiensste (Osmer 2012:50).

Met verwysing na Moltmann (1977) se *The church in the power of the Spirit: A contribution to Messianic ecclesiology*, sê Osmer (2012) dat die kerk in die spanning tussen identiteit en relevansie leef. Aan die een kant maak die kerk bymekaar en bou die kerk op, maar aan die ander kant lê die kerk se roeping daarin om uit te

gaan en van haarsel te gee. “The church lives in the tension between identity and relevance, between the pole of gathering and upbuilding, on the one hand, and the pole of sending and self-giving, on the other. It is both a contrast society and a kenotic society” (Osmer 2012:50-51; vgl. Mark 3:14).

Uit die geloofsbelijdenis van Athanasius (*Symbolum Quicunque*) word geleer dat ons die een God in die Drieheid, en die Drieheid in die eenheid eer, sonder om die persone te vermeng of die wese, die selfstandigheid, te deel. Want die persoon van die Vader is 'n ander, dié van die Seun is 'n ander, dié van die Heilige Gees is 'n ander. Tog het die Vader en die Seun en die Heilige Gees een Godheid, gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid. Soos die Vader is, so is ook die Seun en so ook die Heilige Gees. Die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape, die Heilige Gees is ongeskape. Onmeetlik is die Vader, onmeetlik is die Seun, onmeetlik is die Heilige Gees. Die Vader is ewig, die Seun is ewig, die Heilige Gees is ewig. Nogtans is daar nie drie ewiges nie, maar een Ewige, net soos daar ook nie drie ongeskapenes of drie onmeetlikes is nie, maar een Ongeskapene en een Onmeetlike. Eweneens is die Vader almagtig, die Seun almagtig, die Heilige Gees almagtig; en tog is daar nie drie almagtiges nie, maar een Almagtige. So ook is die Vader God, die Seun God, die Heilige Gees God; en tog is daar nie drie gode nie, maar een God. Net so is die Vader Here, die Seun Here, die Heilige Gees Here; en tog is daar nie drie heres nie, maar een Here.

Osmer (2012:51) praat van die openheid van hart (“centered openness” – vry vertaal deur Malan) van die Drie-eenheid, waar klem geplaas word op die eenheid van die Drie-eenheid, maar dat daar terselfdertyd ‘n openheid jeens mekaar én die wêreld is. Daar is ‘n eenheid in die drievuldigheid waar die Vader, Seun en Gees nie maar net in verhouding leef nie, maar dat hulle hul verhoudings is. Hulle bestaan in en vir mekaar met ‘n openheid van hart (“centered openness”).

Moltmann grounds his ecclesiology in his social doctrine of the Trinity, which portrays the divine persons perichoretically as existing in centered openness. The Father, Son, and Spirit are centers of identity and personhood. Yet their particular identities are constituted by the mutual indwelling of their relationships to one another. They do not merely have their relationships; they are their relationships. They subsist in and for one another in centered openness. When the church lives as a community of centered openness, living in the tension between identity and relevance, it serves as an analogia Trinitatis (an analogy of the Trinity). (Osmer 2012:51)

‘n Trinitariese missionale ekklesiologie van ‘n openheid van hart (“centered openness”) is die sleutel tot die verhouding tussen vorming en ‘n gemeente se missionale roeping. ‘n Gemeente se missionale roeping gaan oor die onderskeiding van God se wil vir ‘n bepaalde gemeente binne ‘n bepaalde tyd en konteks.

It finds its particular mission within God's mission. In an ecclesiology of centered openness, this is best conceptualized as a process of missional formation: the discovery of congregational identity through relevance and, simultaneously, the sustaining of congregational relevance through identity. (Osmer 2012:51)

‘n Gemeente neem vorm aan soos wat uit haar en in haar missionale roeping geleef word.

Osmer (2012:52) plaas klem op en benadruk die werk van die Heilige Gees wanneer ‘n gemeente haar missionale roeping onderskei en beliggaam. “A more adequate way of putting this would be to say that the Holy Spirit forms the congregation and its individual members toward the likeness of Christ in ways that are particular to its missional vocation” (Osmer 2012:51).

Christus neem deur die Gees vorm aan in die gemeente soos sy haar roeping op ‘n bepaalde tyd en binne ‘n bepaalde konteks uitleef. Hy wys daarop dat missionale vorming geensins ‘n vorm van sosialisering is waar sekere gewoontes en roetines op lidmate afgedwing word nie. Wanneer daar gepraat word van die missionale vorming (“missional formation”) van ‘n gemeente, gaan dit primêr oor ‘n openheid vir die Heilige Gees waar Hy die gemeente oor tyd heen rig en verander. Dis egter nie altyd ‘n maklike proses nie want missionale vorming het ‘n prys. Dit gaan oor ‘n openheid vir die ‘nuwe dinge’ (“*new things*”) waartoe die Gees ‘n gemeente roep ten einde deel te neem aan Christus se missie (Osmer 2012:52; vgl. Jes 43:19).

This is because missional formation is a matter of inviting a congregation to become open to the Spirit, to enter a dynamic and creative process in which the Spirit forms the congregation Christomorphically and transforms its relationships in openness to the surrounding world. (Osmer 2012:52)

Moltmann argumenteer vanuit sy pneumatologie dat die eskatologie die werk van die Gees is.

Eschatologically, therefore, the Spirit can be termed ‘the power of futurity’, for it is ‘the eschatological gift’, the beginning (Rom 8:23) and the earnest or guarantee (II Cor 1:22; 5:5) of the future. Pneumatologically, eschatology is the work of the Holy Spirit. For through the Spirit the believer is determined by the divine future. The powers of the Spirit are the powers of life, which determine the present, extending their influence forward from the future of the new life. (Moltmann 1993:34)

As die kerk van Christus, is dit die kerk van die Heilige Gees wat in die wêreld die draers van hoop is (Moltmann 1993:35).

2.11.1.3 Missie-stelling

Die bepaling en ontwikkeling van `n missie-stelling word dikwels gesien as die beginpunt van strategiese beplanning. Strategiese beplanning het verskeie aspekte, maar die beplanningsproses bestaan om die missie te dien (vgl. Smit 1997:342). Die missie-stelling is dus `n voorvereiste vir die bepaling van doelwitte en strategieë. Die ontdekking van die missie gaan oor die ontdekking en verstaan van die kerk se doel, en meer spesifiek die doel van `n bepaalde gemeente binne die liggaam van Christus binne `n bepaalde konteks (Van der Merwe 1999:29). Die punt van `n missie-stelling is om die bestaansrede van `n gemeente te verwoord (Nel 2015:250). Nel (2015:251) argumenteer dat só `n missie-stelling `n eerlike poging van die gemeente se kant is om te beskryf hoe sy deelneem aan God se missie – Sy spesifieke rede/doel vir en met die gemeente in `n bepaalde konteks (Nel 2015:251-254).

2.11.2 Gemeente-analise

Die opbou van `n missionale gemeente gaan oor die analisering van `n gemeente, maar in dieselfde asem moet genoem word dat dit `n analise is wat die gemeente self doen. Dit is `n eerlike poging van die gemeente se kant om haarself te evalueer – dit is dus selfevaluering deur die vraag “Hoe vaar ons?” te probeer beantwoord (Nel 2015:278-279). `n Gemeente-analise gaan oor meer as net die feite van `n gegewe gemeente. Dit gaan sowel om die *wie*-vraag (Wie is hierdie empiriese gemeente in `n bepaalde tyd en plek?) as die *hoe*-vraag (Hoe gaan die spesifieke geloofsgemeenskap in haar gemeenskap te werk?) Dit is soos om in `n spieël te kyk, maar nie net bloot om te kyk hoe jy lyk nie, maar om te bepaal hoe jy vaar (Nel 2015:256). Lissenburg (in Nel 2015:256) voer tereg aan dat daar in die spieël gekyk word huis sodat iets daarna kan gebeur én sodat die gemeente in die toekoms beter kan vaar (Nel 2015:257). Collins (2001:36-37) wys in sy navorsing op `n tendens in die besigheidswêreld waar suksesvolle vlak 5-leiers in die spieël kyk wanneer dinge nie goed gaan by hul ondernemings nie, maar wanneer dit goed gaan, kyk hulle by die venster uit om krediet aan faktore buite hulself te gee (vgl. Ungerer 2010:40-45).

In Nel (2015:257; vgl. Hendriks 1992b 128-182) se verstaan bestaan `n gemeente-analise uit die volgende drie aspekte: die ontwikkeling van `n gemeente-profiel (kyk Nel 2015:257-259), `n diagnose van die konteks wat die situasie en die omliggende gemeenskap insluit (kyk Nel 2015:260-265) en `n gemeente-analise en -evaluering wat die gemeente self uitvoer (Nel 2015:268).

2.11.3 Beplanning van `n strategie

Planning in a congregation is about discerning as a body and drafting a theologically informed strategic plan of action with the necessary purpose and objectives. (Nel 2015:307)

Die skepping is `n bewys van God se deeglike beplanning vir die ordelike bestaan van die wêreld en dit is voor die hand liggend dat daar chaos in `n mens se lewe sal heers indien daar nie `n beplanningsproses in plek is nie. Goeie beplanning is iets wat dringend, nodig en onontbeerlik vir die gemeente is om haar doelwitte stelselmatig te bereik (Nel 2015:306). Van die begin tot die einde van die proses gaan dit oor die onderskeiding van God se wil (Nel 2015:312; vgl. Keifert 2007:56). Frederickson plaas veral klem op die ontleding van die konteks ten einde te bepaal wat die Here se wil vir `n spesifieke gemeente is.

Surveying the ecclesiastical landscape is an important part of a missional congregation's discernment of its context, and it can play a key role in its understanding of how God has called the congregation to make a difference in that culture and community. (Frederickson 2007:62)

Nel (2015:307-308) stel `n eenvoudige maar doeltreffende strategiese beplanningsproses vir die opbou van `n missionale gemeente voor. Só `n proses sal die volgende insluit:

- deeglike gemeente-analise;
- die vasstelling van die gemeente se sterk- en swakpunte;
- die opstel van `n missie-stelling (hoe die gemeente inval by dit wat God reeds besig is om in hul gemeenskap te doen, Vry vertaal, NM);
- die daarstel van doelwitte *en route* om die missie-stelling uit te leef;
- die kies van strategiese stappe om die doelwitte te bereik;
- die opstel van `n strategiese plan wat die volgende insluit: skedules, metodes, hulpbronne en verantwoordelike persone.

Tydens dié proses is dit belangrik om ag te slaan op Schaller en Tidwell (1975:118) se argument dat die bediening van beplanning ("ministry of planning") op sigself opvoedkundig, konstruktief en inspirerend is. Louw 1985:38 stel dit so sterk dat hy aanvoer `n "disease of congregational paralysis sets in" wanneer daar nie `n doelgerigte beplanningsproses is nie. Wat van belang is, is dat die gemeente fokus +op haar sterkpunte en dit verder uitbou (Nel 2015:319). Buckingham (2007) pleit dat kerkleiers sal fokus om hul sterkpunte uit te bou, eerder as om al hul aandag aan hul swakpunte te gee. Sy argument kom daarop neer dat mens al hoe meer aandag aan jou sterkpunte moet gee en dat jy jou swakpunte moet bestuur. Wat hierdie beginsel verder onderskraag, is Nel (2015:320) se argument dat `n gemeente haar sterkpunte verloor wanneer daar op die swakpunte gekonsentreer word. Gemeenteleiers met `n wye verskeidenheid van gawes en vermoëns is nodig om `n gemeente van instandhouding na gestuurdeheid te begelei. Wat egter selfs belangriker is, is dat die leierspan sensitief vir die leiding van die Gees is en mense op die reis saamvat. Strategiese planne wat deur leraars uitgedink is en aan lidmate gedelegeer word, gaan nie werk nie. Lidmate wil deel van die strategiese proses wees. Hulle wil saam beplan, saam dink, saam skep en as `n groep eienaarskap van `n strategiese proses vat (Roxburgh 2010:85). Hybels (2007) stel voor dat

gemeenteleiers én lidmate die volgende vraag beantwoord: "Hoe wil God hê moet ons gemeente oor vyf jaar lyk?" Hy beklemtoon dat hierdie vraag 'n soeke na God se wil is en plaas klem op die 'ons'. Dit is nie die leraar se gemeente nie. Die lidmate vat saam met die leraar verantwoordelik vir hul aandeel in die strategiese proses, want geen visie gaan realiseer as lidmate nie eienaarskap daarvan vat nie.

Daar is egter baie agterdog in die veld oor enige vorm van strategiese beplanning. Niemandt (2013:131) wys daarop dat die Bybelse beelde wat vir die kerk gebruik word eerder organies is.

Die hele gedagte van 'eerste volgelingskap' is 'n groot skuif weg van 'n siening waar leiers dink hulle kan die uitkomste self beheer – byna soos die meganiese werking van 'n groot masjien. Dit is 'n massiewe skuif weg van een van die leierskapmodelle wat die afgelope 20 jaar baie gewild was in Suid-Afrika – *strategiese beplanning*. (Niemandt 2013:131)

Sy argument is dat strategiese beplanning mens aan masjiene en manipuleerbare objekte laat dink waar jy met genoeg inligting en vaardigheid die toekoms kan manipuleer om voorafopgestelde uitkomste te bereik. Roxburg (2010:73-86) is diep oortuig dat strategiese beplanning nie help om missionale gemeenskappe te vorm nie en dat dit nie deug vir God se doelstellings met die kerk nie. Die kern van sy argument is dat strategiese beplanning op 'n oorsaak-gevolg-model gebou is. Die veronderstelling is dat wat in beheer is, die betrokke faktore kan manipuleer en beheer en sodoende die uitkomste kan bepaal (vgl. Niemandt 2013:132). Niemandt (2013:132) sê dat iets wat so lewendig en organies soos die kerk is, nie so maklik gemanipuleer kan word nie. "Die mense wat betrokke is, kan nie eenvoudig soos stukke op 'n skaakbord rondgeskuif word nie. Ek is oortuig dat strategiese beplanning misluk, omdat mense eerder deur stories as deur feite oortuig word" Niemandt (2013:132). Niemandt is egter nie totaal en al gekant teen beplanning nie en erken dat beplanning wel nodig is. Dit gaan vir hom oor die aard van die beplanning en argumenteer dat daar 'n baie groot sensitiwiteit vir die inkarnasie van Christus en die implikasies daarvan in missionale leierskap moet wees.

Die kerk *doen* wat die kerk *is*, en die kerk *organiseer* dan dit wat die kerk *doen*. Die wese van 'n missionale kerk is om 'n omgewing te skep waarbinne die lewende en teenwoordige God die hart van die gesprekke is en waar God die lewe en werk van gemeentelewe vorm. Niemandt 2013:133

Roxburgh en Romanuk (2006:42) verwoord dit as volg: "Missional leadership cultivates an environment in which the people of God imagine together a new future rather than one already determined by a leader" (kyk Brueggemann 1993:14-16).

Nel (2015:205-206) se reaksie op die negatiewe kritiek teenoor strategiese beplanning is dat die opbou van 'n missionale gemeente 'n proses van reformasie is. Die gemeente moet op 'n konstante basis al hoe meer word wat hulle reeds in Christus is.

What the congregation *is*, *is in toto* the result of God's work of salvation in Christ and through the Spirit. Similarly, what the congregation becomes, it becomes by means of the on-going work of the same God in Christ and through the Spirit. (Nel 2015:205)

2.11.4 Implementering van die strategiese plan en bereiking van doelwitte

Nel (2015:331) verwys na Ten Have wat sê wanneer die beginpunt en die einddoel vasgestel is, moet die pad waarvolgens die einddoel bereik gaan word, gekies en uitgestippel word. Volgens Nel (2015:332) is die belangrikste vrae in hierdie fase die volgende:

- Watter roetes is beskikbaar?
- Watter metodes is die beste in hierdie konteks?
- Watter procedures moet gevolg word?
- Watter hulpbronne, hulpmiddele en menslike hulpbronne is beskikbaar?
- Watter pad vorentoe is getrou aan die evangelie?

Daar moet dus deeglike beplanning wees ten einde die doelwitte te realiseer. Die implementering van die strategiese plan, wat meestal bekend staan as organisering en bestuur, moet beplan word (Nel 2015:332). Die strategiese beplanningsproses is die werk van die mense wat in beheer is van 'n organisasie. Dit is topbestuur se taak om die organisasie te lei om sy doelwitte te bereik (Brümmer 1981:22).

Hoewel die beginsels van organisering en bestuur toegepas word in die opbou van 'n missionale gemeente, moet daar altyd in gedagte gehou word dat 'n gemeente nie 'n besigheid met topbestuurders is nie. Die gemeente is 'n lewende organisme onder die hoofskap van Christus (Nel 2015:333; vgl. Kol 1:18). Wat volg, is dat verhoudings in 'n identiteitsgedreve missionale gemeente baie belangrik is. Daar is in 'n gemeente geen plek vir mense wat baasspeel oor ander nie (vgl. Mark 10:43-45). Dit gaan immers oor die opbou van mense, mense wat God vernuwe ten einde die doel uit te leef wat Hy vir die gemeente in 'n spesifieke konteks het (Nel 2015:334). Tydens die implementering van die strategiese plan van 'n missionale gemeente moet drie aspekte aandag geniet. Eerstens moet leiers opgelei word om saam met mense te werk en hulle moet geleer word hoe om ander op te bou. Tweedens moet die onderlinge verhoudings tussen die leiers aandag geniet, en derdens ook die verhoudings tussen die leiers en die mense wat deel is van die groep wat die planne implementeer (kyk Richards & Hoeldtke 1980:219-234;283-352).

Om doelwitte te bereik is harde werk wat deursettingsvermoë, moed en hoop vereis. Daarom beklemtoon Nel (2015:335) die noodsaak van deurlopende en kragtige leierskap tydens die implementering van die strategiese plan. Omrede toewyding aan die saak van Christus soms skokkend min is, moet daar tydens hierdie fase onthou word dat die motiveringsfase altyd 'n deurlopende proses is (Nel 2015:336).

Keifert (2007:98–102) stel voor dat kerke al hoe meer van SMART-aksieplanne gebruik maak om hul doelwitte te behaal, aangesien baie van die dinge wat by 'n gemeente beplan en oor gedroom word, nooit uitgevoer word nie. "SMART-aksieplanne sal help om die lys van goeie voornemens te verkort en die lys van besluite wat uitgevoer is, te laat groei" (Keifert 2007:99). Die SMART-aksieplan van Keifert (2007:98–102) word in hoofstuk 8 beskryf.

2.11.5 Evaluering, stabilisering en herhaling van die proses

Developing a missional local church means that a congregation that understands and appreciates its identity, will evaluate its own operation, formulate objectives for building itself up and work to reach these objectives in a planned way.

Nel 2015:342

Nel (2015:342) argumenteer dat dit logies is dat 'n gemeente haar eie progressie sagkens, maar korrek sal evalueer. Evaluasie is egter nie iets wat net aan die einde van die proses plaasvind nie, dit gebeur voortdurend en is deel van elke proses. Daar is egter 'n behoefte aan deeglike evaluasie nadat die implementering van die strategiese plan begin het. Nel (2015:342) stel voor dat dit deurlopend ná drie, ses en twaalf maande gedoen word en beklemtoon die noodsaak van 'n gedetailleerde formele evalueringsproses wat minstens een maal per jaar gedoen word. Elke plan, sowel as elke aksie, moet geëvalueer word en dit is belangrik dat almal wat by die proses betrokke was, ook by die evaluasie betrokke moet wees (Nel 2015:342).

Wanneer een of meer van die doelwitte bereik is, volg 'n sekere tipe van stabilisasie. Die gemeente moet seker maak dat enige effektiewe bediening wat beplan is en goed funksioneer, veilig is en dat dié bediening stabiel is met die moontlikheid om verder te ontwikkel. Dit gaan beslis nie daaroor om 'n bediening te 'vries' nie, maar die doel is om 'n nuwe bediening te laat wortel skiet sowel as om dit deeglik te vestig. Wat verder van belang is, is dat suksesse gevier moet word (Nel 2015:344).

Die opbou van 'n missionale gemeente is 'n proses wat nooit werklik ophou nie. Dit is 'n bediening wat voortdurende reformasie, groeiende getrouheid en die effektiewe uitleef van die gemeente se God-gegewe missie ten doel het. Die konteks, sowel as die wêreld waarbinne die gemeente Jesus Christus moet verteenwoordig en sy koninkryk soek, verander só vinnig dat geeneen kan verwag dat gemeentebou kan ophou nie. Gemeentes kan dit ernstig oorweeg om elke drie tot vyf jaar 'n analise met die daaropvolgende fases te doen.

Evaluation, stabilisation, and repetition are as much part of the process of developing a missional local church as motivation and analysis and any of the other phases. They, like motivation, are spiritual work, and need to be approached as such. They are "ministry" at its best. Without them all the other wonderful work, for which the congregation has prayed and laboured, hangs in the air. (Nel 2015:345-346)

2.12 Doel van gemeentegebou

Nel (2005:8-9) identifiseer drie doelstellings van gemeentegebou:

- die bekendmaking van God
- om `n volwasse organisme te word
- dit is tot voordeel van ander

2.12.1 Die bekendmaking van God

God moet aan die wêreld bekend gemaak word. Hendriks (1992b:83), met verwysing na Esegiël 36, sê God pak die herstel- en herbouwerk aan ter wille van die eer van sy Naam. Hy kan nie maar net genoë neem met die verdorwenheid van sy skepping en die verdorwenheid van die volk met wie Hy in verbond getree het nie. Hy is getrou aan Homself en aan sy besluite en daarom bou Hy sy kerk.

Soos die kerk opgebou word en al hoe meer word soos wat dit veronderstel is en geroep is om te wees, word God aan die wêreld geopenbaar. Die wêreld vind ook uit hoe God waarlik is en wys dat Hy die enigste ware God is wat Homself aan die wêreld deur sy woord geopenbaar het. Wanneer die kerk `n vertoonvenster is van wie God is en die wêreld dit sien, word sy Naam verheerlik.

2.12.2 Die word van `n volwasse organisme

Volwassenheid in `n plaaslike gemeente het te doen met die kweek van gesonde persoonlike en gemeenskaplike verhoudings waar daar in liefde teenoor mekaar en teenoor die wêreld gegroeи word. `n Volwasse gemeente “vergestalt” `n eenheid in geloof en onwankelbare hoop wat die wese van God aan die wêreld bekend maak en waar sy Naam sodoende verheerlik word. (Linden 2015:46). Hendriks (1992b:84) stel dit dat geestelike volwassenheid onontbeerlik is vir die innerlike opbou van die gemeente.

2.12.3 Bevoordeling van ander

God does not merely build a congregation for its own sake, and neither is his work of building up ‘finished’ with any given group of believers in a local church. He indeed builds when the people who do not yet belong to him are “built into” the church by means of witness, faith, love, and the life of his church. (Nel 2005:9)

Nel (1998:73) argumenteer dat die samelewings `n behoefté het aan gelowiges wat in die gebrokenheid van die werklikheid om en in ons `n verskil sal maak. Gelowiges maak nie die verskil omdat hulle goed is nie, hulle maak dit omdat hulle weet wie God is, Hom ken, Hom liefhet en dien. Gelowiges het `n geroopenheid om in wat hulle ook al sê en doen, alles te sê en te doen in die Naam van die Here Jesus Christus. Hulle dien (werk) om heel te maak (Nel 1998:73-74).

Nel (1999:389) praat van die gemeente as `n geskenk van God aan die wêreld.

Om dit nog eens metafories te sê: Dit is hierdie verstaansraam wat die metafories-dimensionele verstaan van die kerk afrond soos 'n goeie raam 'n mooi skildery. Verstaan van roeping en doel het alles te doen met hierdie primêre insig in die wese van die kerk. Metaforiese verstaan van die kerk alleen en opsigself (sonder 'n ekklesiologiese raam) het selfs al daartoe geleid dat van metafore vir die gemeentemodelle vir die gemeente en sy funksionering gemaak is. Metaforiese identiteitsvorming bly slegs heilsaam vir die gemeente en relevant vir die wêreld binne 'n Trinitariese verstaansraam van die kerk as sodanig. Die kerk is die beweging van God Drie-enig. Die kerk is een van die unieke, deur Hom gekose, maniere waarop Hy na die wêreld kom. (Nel 1999:389-390)

Hoewel dit tot voordeel van die plaaslike gemeente is wanneer dit groei tot 'n volwasse organisme, is dit ook tot voordeel van die wêreld. Wanneer God die kerk opbou, word dit nie net opgebou ter wille van die gemeente nie, maar ook ter wille van die wêreld sodat die wêreld ingebou kan word in die kerk. Gemeentebou inkorporeer 'n kwalitatiewe sowel as 'n kwantitatiewe element; 'n ekklesiologiese én 'n soteriologiese element (Nel 2005:9).

Hendriks (1992b:83) verwys na die inwendige, kwalitatiewe opbou-aspek, sowel as die uitwendige, kwantitatiewe missionêre aspek van gemeentebou. Dit is twee kante van dieselfde munt en as die een stol, sal die ander een ook kwyn. Bosch (1991:168) argumenteer dat die kerk se primêre doelwit in die wêreld is om God se nuwe skepping te wees. "Its very existence should be for the sake of the glory of God. Yet precisely this has an effect on the 'outsiders'...the church is not otherworldly." Dit is betrokke by die wêreld, wat beteken dat die kerk missionêr is. Christene word nie net geroep om 'n Messiaanse leefstyl binne die kerk te vergestalt nie, maar ook om rewolusionêre inpak op die waardes van die wêreld te hê (Bosch 1991:168).

2.13 Hoekom gestruktueerde gemeentebou noodsaaklik is

Beukes (1995:816-817) wys daarop dat verskillende aspekte van die kerk gestruktueerde gemeentebou noodsaaklik maak:

- Groot getalle gemeentes kom nie meer die mas op nie (vgl. Gibbs 2013:ix).
- Baie predikante tree uit die bediening.
- Die totaal na binne-gerigtheid van gemeentes dui aan dat die kerk nie werklik besef wat haar roeping in die lig van die Woord is nie. Uit jaarverslae blyk dat gemeentes net groei deur die byvoeging van dooplidmate, maar nie deur evangelisasie nie.
- Gebrek aan beroepe dwing predikante om feitlik lewenslank in een gemeente te werk. Afgesien van gevvolglike stagnasie, kan 'n predikant na 'n aantal jare

sonder intensiewe beplanning en doelgerigte bediening net nie meer die mas opkom nie.

- Kerkleiers funksioneer nie in gemeentes volgens die gawes wat hulle ontvang het nie. In baie gemeentes is dit algemene praktyk dat die sterkste leiers nie in werkgroepe wat te doen het met die bediening van die Woord geplaas word nie, maar by die finansies.
- Pastor-gesentreerde gemeentes is bykans 'n algemene verskynsel.
- Die ampte funksioneer so oorheersend dat daar feitlik nie ruimte is vir dienswerk deur die gelowiges nie.
- Gestolde strukture is aan die orde van die dag en daar word nie rekening gehou met die nuutste teologiese ontwikkeling nie, veral nie op die terrein van die Praktiese Teologie nie.
- Nuwe omstandighede in die land en op plaaslike vlak word doodgewoon geïgnoreer. Die stagnante situasie in gemeentes het in baie gevalle daartoe aanleiding gegee dat vernuwing bloot ter wille van vernuwing ingevoer is. In baie gevalle is hierdie ongemotiveerde, planlose vernuwing niks anders as oppervlakkige foefies wat nie stand hou nie.

Beukes (1995:817) sê dat gemeentebou aan gemeentes die geleenthed bied om na uitnemendheid te streef en om die kerk en gemeentes op 'n wetenskaplike en planmatige wyse te begelei om te wees wat dit reeds in Christus is.

Ungerer (2010:47-48) argumenteer dat daar veel te leer is by die besigheids- en korporatiewe wêreld om die missionale gemeente van goed na uitnemend te ontwikkel. Waar uitnemendheid in die besigheidswêreld aan die winspersentasie gemeet word, geld ander standarde in die kerk en sosiale sektor. Uitnemendheid word aan die effektiewe bereiking van die gemeente se missie en doelstellings gemeet. Uitnemendheid by die missionale gemeente word bepaal deur die funksionering volgens haar missie in die wêreld, haar impak op die gemeenskap en haar vermoë om volhoubaar 'n impak te maak sodat sukses nie aan die persoonlikheid van een leier toegeskryf kan word nie.

2.14 Samevatting en vooruitskouing

Gemeentebou (met die klem op die ontwikkeling van 'n identiteitsgedreve missionale gemeente) deur die integrering en koördinering van alle bedieninge, gaan primêr daaroor om 'n gemeente te lei ten einde haar identiteit te ontdek en te verstaan. In dié hoofstuk is die volgende aspekte van gemeentebou verken: die boumetafoor, God as Subjek van die bouwerk, die boumetafoor in die Ou en Nuwe Testament, die doel van die bouwerk vanuit die Skrif, 'n geskiedkundige oorsig van gemeentebou, definisies van gemeentebou, 'n werksformule, 'n vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou, die proses asook die doel en noodsaaklikheid van gemeentebou.

God, as Subjek, is die Een wat die inisiatief neem en sy gemeente bou. Deur die gemeente word God aan die wêreld bekend gemaak. Die boubeeld kom in albei Testamente voor waar aksies soos opbou en afbreek, konstruksie en destruksie, plant en uitruk metafore is wat in die Ou Testament iets van God se handeling met sy volk verwoord. Reeds in die Ou Testament is daar tekens van die Messias wat in die toekoms herstellende bouwerk sal doen en dié bouwerk sal mense van ander volke insluit. In die eerste Testament is daar dus `n sterk toekoms- én missionale gerigtheid. In die Nuwe Testament word die boumetafoor verder uitgebrei waar God steeds die Subjek is wat die gelowiges wat op Christus gebou word, in stand hou. Klem word op die Trinitariese aard van die bouwerk geplaas waar God nie net die gemeente bou nie, maar ook tussen die gelowiges leef en deur hulle werk. Vanuit die Skrif gesien, is die doel van gemeentebou om God aan die wêreld te openbaar soos hulle Hom deur Christus en deur die werk van die Gees leer ken.

Die saak van gemeentebou was nog altyd in een of ander vorm binne die kerk aanwesig en die gedagte is dat daar meegebou word aan die bouwerk waarmee God reeds besig is. As vakgebied het Gemeentebou sy oorsprong in die jare 1870 tot 1930 met Duitse teoloë wat die voortou geneem het, maar in Suid-Afrika het wetenskaplike besprekings en publikasies eers in die 1980's die lig gesien.

Gemeentebou kan gedefinieer word as die bediening waardeur `n plaaslike gemeente geleid en geoefen word om haar identiteit en bestaansrede te verstaan. Die Trinitariese God bou sy gemeente deur die gelowiges wat Hy met gawes vir hierdie werk toerus. Dit sluit in die evaluering van die funksionering van die gemeente en dit vereis onderskeidingsvermoë ten einde te bepaal waarmee die Here besig is, sodat die gemeente daaraan kan deelneem. Gemeentebou gaan om die ontwikkeling van strukture en prosesse wat die werk van God in die kerk en wêreld kan dien.

`n Vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou sal die volgende konsepte insluit: Identiteitsvorming, reformasie en die integrering en koördinering van al die bedieninge. Dit sluit ook die konsep van langtermynbediening en die konsep van die afhanklikheid van God in. As proses sluit gemeentebou die volgende fases in: motivering (wat insluit om onder die leiding van die Heilige Gees tot verstaan te kom), ontvriesing en die ontwikkeling van `n missie-stelling, analise van die gemeente, beplanning van `n strategie, die implementering van die strategiese plan en bereiking van doelwitte, evaluering, stabilisering en die herhaling van die proses.

Binne hierdie navorsing word aanvaar dat gestruktueerde gemeentebou noodsaaklik is, want heelparty gemeentes funksioneer nie soos wat hulle kan nie en leef ook nie uit hul identiteit nie.

In die volgende hoofstuk val die klem op verskeie aspekte van die identiteit van die kerk en die normatiewe aspekte van `n missionale gemeente word ondersoek.

HOOFSTUK 3

NORMATIEWE TAAK (DEEL 2)

IDENTITEIT EN MISSIONALE KERKWEES

Die volgende sake word in dié hoofstuk beskryf:

- **Definisie van identiteit**
- **Identiteit van die kerk**
 - Trinitariese verstaan
 - Missionale denke se beïnvloeding van ekklesiologie
 - Dubbele identiteit
 - Tweeledige identiteit
 - Paradoksale siening
 - Paulus en die Christelike korporatiewe identiteit
 - Teologiese perspektiewe
- **Normatiewe aspekte met betrekking tot die identiteit van die kerk**
 - Identiteit kom van God
 - Missionale gemeentes moet hul identiteit herontdek
 - Missionale gemeentes moet hul identiteit, hulself en hul roeping verstaan
 - Belangrikheid van 'n sterk korporatiewe identiteitsverstaan
 - Verdieping van die missionale gemeente se identiteit
- **Vorming van die missionale gemeente se identiteit**
 - Vorming van identiteit deur heerskappy van God
 - Vorming van identiteit deur die *imago Dei*
 - Vorming van identiteit deur aanbidding
 - Vorming van identiteit deur die doop
 - Vorming van identiteit deur narratiewe
 - Identiteitsvorming op psigologiese vlak
- **Patrone en empiriese aanduidings van 'n missionale gemeente**
- **Aard en doel van die kerk se sending**

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk handel - binne die normatiewe taak - oor die identiteit van die missionale kerk. In die voorverse se probleemstelling is genoem dat daar 'n vermoede bestaan dat die ontwikkeling van 'n missionale gemeente negatief

beïnvloed word wanneer die integrering en koördinering van al die bedieninge nie identiteitsontdekking en identiteitsvorming fasiliteer nie. Die doel van hoofstuk 3 is om die teorie van die identiteit van die kerk na te vors en te verken. Inleidend word navorsing gedoen oor dit wat normatief met betrekking tot identiteit is. Die vorming van identiteit kom onder die loep, waarna die teorie aangaande die kerk se identiteit sowel as theologiese perspektiewe met betrekking tot identiteit verken word. Kenmerke van missionale gemeentes word ondersoek en die hoofstuk sluit af met 'n paar perspektiewe op die aard en doel van sending.

In hierdie hoofstuk word breedvoerig aandag aan die identiteit van die kerk geskenk voordat daar in hoofstuk 4 gekyk word na die integrering en koördinering van al die bedieninge ten einde identiteitsontdekking en identiteitsvorming te fasiliteer.

Voordat daar na die identiteit en doel van die plaaslike gemeente gekyk word, is dit belangrik om die volgende te noem:

- 1) Hierdie studie val onder die vakgebied van gemeentebou in Praktiese Teologie en daarom word navorsing gedoen oor die *teologiese identiteit* van die kerk. Die fokus van hierdie studie is teologies en nie filosofies, sosiaal, kultureel, etnies of selfgerig nie.
- 2) In hierdie studie word daar 'n onderskeid getref tussen die *korporatiewe identiteit* van die plaaslike gemeente en die *individuele identiteit* van die lidmate. In dié navorsing val die klem op eersgenoemde.

3.2 Definisies van identiteit

- Die gevoel van 'n persoon dat hy tot 'n groep mense, bv. 'n volk of ouderdomsgroep behoort, dit wil sê dat hy in die belangrikste opsigte soos hulle is en dat hy hom met hulle vereenselwig (Plug *et al.* 1988:150).
- Identiteit verwys na die karaktertrekke en eienskappe waardeur 'n institusie of kollektief onderskei kan word van ander institusies en gemeenskappe (Hendriks 1990:140).
- Sosiale identiteit is ons verstaan van wie ons is en wie ander mense is, sowel as ander mense se selfverstaan en hul verstaan van ander (wat ons insluit). Sosiale identiteit is onderhandelbaar want dit is die produk waaroer saamgestem en nie saamgestem word nie (Jenkins 1996:5).
- Identiteit verwys na die karaktereienskappe waardeur 'n instansie of groep van ander instansies of gemeenskappe onderskei kan word (De Roest 1998:372).
- Die karaktereienskappe, gevoelens en geloofsoortuigings onderskei een groep mense van 'n ander (Hornby *et al.* 2010:770).

- Die *Stanford Encyclopedia of Philosophy* definieer identiteit as i) die vrae wat by mens ontstaan aangaande jouself omdat jy `n mens is. Dit is vrae soos: "Wie is ek?"; "Wat maak van my die persoon wat ek is?"; "Hoe definieer ek myself?"; "Wat is die netwerk van waardes en oortuigings wat my anders en uniek van ander maak?" (Olsten 2016). Olsten se definisie het betrekking op die individu, maar dit kan ook van `n groep, byvoorbeeld `n plaaslike gemeente gevra word: "Wie is ons?"; "Wat maak die geloofsfiliaal wat ons is?"; "Hoe definieer ons onself?"; "Wat is die netwerk van waardes en oortuigings wat ons anders en uniek van ander maak?" (Linden 2015).

Uit bestaande definisies kan samevattend gesê word dat die identiteit van `n missionale gemeente die karaktereienskappe, waardes, geloofsoortuigings en selfverstaan van die gemeente is wat haar van ander instansies onderskei. Dit sal dus die antwoord wees wat `n missionale gemeente op die vrae "Wie is ons?" en "Wat moet ons doen?" gee.

3.3 Wat is die identiteit van die kerk?

In hierdie afdeling word daar na die identiteit van die kerk gekyk. In die eerste plek word `n Trinitariese verstaan van die identiteit van die kerk gargumenteer en aandag word geskenk aan die missionale denke se beïnvloeding van ekklesiologie. Verder word die dubbele identiteit van die kerk gargumenteer waar die inkarnasie as toonbeeld van heilige wêreldsheid bespreek sal word. Dan word ook gelet op die tweeledige identiteit van die kerk waar daar gefokus word op die heilige, sowel as menslike aspekte van die kerk.

Moltmann se paradoksale siening van die kerk se identiteit word daarna gargumenteer en Paulus en die Christelike korporatiewe identiteit kom in die sesde plek onder die loep. Laastens word Nel se teologiese perspektiewe op die kerk gargumenteer.

3.3.1 Trinitariese verstaan van die identiteit van die kerk

In die missionale gesprekke met betrekking tot die identiteit van die kerk, plaas navorsers soos Guder (1998), Volf (1998), Van Gelder (2007), Zscheile (2012), Osmer (2012) en Nel (2015) baie klem op die Trinitariese verstaan van die kerk.

Nel (2015:117-118) sien die kerk as `n skepping van die Vader, Seun en Heilige Gees en dié Trinitariese oorsprong van die kerk is belangrik om haar identiteit en funksionering te verstaan. In die gemeentebou-debatte is daar dikwels `n eensydige benadering wat óf meer Christologies óf meer Pneumatologies is, maar dit is onnodig en lei tot `n verarming, juis omdat die drie-enige God van die begin af by die kerk betrokke is. Schoeman (in Nel 2015:364) sê gemeente-identiteit word gevorm en geskep deur `n verhouding met die drie-enige God waar elke Persoon van die Drie-eenheid `n belangrike rol speel. Die Vader is die Skepper van die verhouding –

Hy het sy Seun gestuur sodat sy koninkryk `n realiteit kon word. Die Seun is die Redder. Sonder die verlossende werk van die Seun is `n verhouding nie moontlik nie. Die Heilige Gees sit die werk van die Vader en die Seun voort en maak dit `n realiteit in die lewe van die gelowige sowel as die gemeente.

Van Gelder (2000:37) argumenteer dat `n gemeente in die teenwoordigheid en in verhouding met die drie-enige God bestaan, waar die gemeente se identiteit deur hierdie verhouding gekonstitueer en gevorm word. In van sy later werke (2007a:18) praat hy van die drie-enige God as die primêre agent waar die wêreld die groter horison van God se aktiwiteite word (vgl. Newbigin 1996:67).

Volgens Guder (1998:4) het die kerk met verloop van tyd geleer om God as `n ‘sending God’ (“missionary God”) te sien en om, met verwysing na Johannes 20:21, haarself as ‘gestuurdes’ (“sent people”) te verstaan (vgl. Ott 2016:3). Hierdie missionale heroriëntasie van ons teologie is die resultaat van `n breë Bybelse en teologiese ontwaking wat die evangelie op `n vars manier hoor. In Katolieke kringe word daar na die Tweede Vatikaanse Konsilie as `n missionale konsilie verwys. “The Second Vatican Council was fundamentally a ‘missionary council.’ This is not always seen clearly, but as one revisits the council after fifty years and in the light of present developments, its missionary spirit and style emerge sharply” (Bevans 2015:4).

Die *missio Deo* herdefinieer dus die verstaan van die Triniteit (Guder 1998:4). Bosch verwoord dié ontwaking as volg:

Mission was understood as being derived from the very nature of God. It was thus put in the context of the Trinity, not of ecclesiology or soteriology. The classical doctrine on the missio Dei as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another ‘movement’: Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world. (Bosch 1991:390)

Newbigin (1989:119) wys daarop dat daar nie genoeg klem gelê kan word op die feit dat sending (“mission”) nie iets is wat uit die mens gebore is nie. “It is impossible to stress too strongly that the beginning of mission is not an action of ours, but the presence of a new reality, the presence of the Spirit of God in power” (Newbigin 1989:119).

Pasztor (2001:138) argumenteer dat die misterie van die persoon van Jesus Christus sowel as die misterie van die kerk in die 21ste eeu baie beklemtoon moet word. Hy maak die stelling dat die sending van God op Trinitariese fondasies gebou moet word en verwys na die skilder Andrei Rublev se werk, getiteld *Die Ou Testamentiese Triniteit*. In die skildery is daar drie engele wat rondom `n tafel sit en na mekaar toe uitrek. Dit simboliseer `n dinamiese en lewenskragtige verhouding. In die middel van die drie engele is daar `n geslagte lammetjie in `n bak, wat uitdrukking gee aan die hart van hul saamwees, naamlik dat daar `n stuk opoffering opgesluit is, waar daar vir mekaar geleef – en wanneer nodig – vir mekaar gesterf sal word.

Looking at the painting, one has the impression of a powerful unity of stability and movement: the unchanging nature of God that is not motionless but movement for others. The inner life of God the Trinity is the dialectic of eternal stability and movement. (Pasztor in Brueggemann 2001:138)

Om na ander uit te reik en om by hulle teenwoordig te wees, is liefde. Dit is waarom die Skrif nie net sê dat God die wêreld liefhet nie, maar dat Hy liefde ‘is’ – liefde konstitueer die essensie van wie Hy is. Die konteks van die situasie van die drie engele is die Here se besoek aan Abraham (Gen 18) waar uitdrukking aan die binne-dinamiek van God gegee word waar Hy buite Homself tree en na diegene wat buite is, gaan. Geen verduideliking van hierdie beweging kan of hoef gegee te word nie. Dit is `n misterie - `n wonder van genade, want God ‘is’ liefde en Hy het die wêreld lief (Pasztor in Brueggemann 2001:138-139). Die Vader in die krag van die Gees stuur die Seun. In hul interpenetrasie is selfs die verskillende aksies en verhoudings iets wat hulle aan mekaar bind. Die perfekte harmonie van die Goddelike (“divine”) Persone sluit die verstaan in dat die Seun deel van die besluit was om Hom aarde toe te stuur. Die sending van die Seun beteken dat God teenwoordig is in die geskiedenis van die hele skepping. Hy is vir die wêreld en vir dié wat daarop woon (Pasztor in Brueggemann 2001:140).

God se missie word in drie goed gedefinieerde, onderskeibare gebeurtenisse wat `n organiese eenheid vorm, uitgevoer. Dit korrespondeer met die natuur van die eenheid en verskille van die drie Goddelike (“divine”) Persone: hulle interpenetree mekaar en neem deel aan die besondere aktiwiteit van mekaar. Eerstens kan gesê word dat God se self-gestuurdheid (“self-sending”) met die skepping begin en dit word voortgesit in sy voorsienigheid. Hy is aanwesig in die skepping deur sy Gees en is veral in mense teenwoordig, of soos Moltmann (1985:15) sê: “God creates the world and at the same time, enters into it. He calls it into existence, and at the same time manifests himself through its being.”

Die tweede fase van God se missie is waar Hy sy Seun stuur om die skepping te herstel en te verlos. In die derde plek word die Heilige Gees gestuur om die teenwoordigheid van God op `n nuwe manier te realiseer. Nou identifiseer Hy Homself met `n groep mense wat die ‘kerk’ genoem word. “In establishing the church, the Holy Spirit constructed a community whose existence is absolutely meaningless without the twofold movement of having been called and sent” (Pasztor 2001:142). Die kerk is in essensie gestuurdes. Die Heilige Gees, wat die kerk in Christus inent, het hierdie bestaan geskep en wat dus volg, is dat die kerk deel in Christus se missie. “That is why Karl Barth could say that the church is the new form of the existence of Christ. Newbigin expressed the same reality, which is the very body of Christ” (Pasztor 2001:143).

Volf (1998:191-193) erken dat dit moeilik is om `n vergelyking tussen die Triniteit en die kerk te tref, maar daar kan gereflekteer word op die moontlikhede en korrespondensies van só `n vergelyking. Aan die een kant bly God se Trinitariese

bestaan `n misterie wat geëer kan word, maar dit kan nie nagemaak word nie. "On the other hand, both the entire history of God with the world and the worship of God constituting the answer to this history aim precisely at the indwelling of the truine God in the world" (Volf 1998:192). Enige refleksie op die verhouding tussen die Triniteit en die kerk moet God se uniekheid en die wêreld se doel om die woning van God drie-enig te word en wat korrespondeer met die drie-enige God self, in ag neem. Volf (1998:195) argumenteer dat die ekklesiologiese tradisies van sowel die Ooste as die Weste deur die Nuwe Testamentiese getuienis van die verhouding tussen die Triniteit en die kerk gevorm is. Originus, as een van die belangrikste leermeesters in die vroeë Griekse kerk, het geskryf dat die kerk vol van die Triniteit is. Eweneens sien Cyprianus, wat `n groot rol in die ekklesiologie van die Weste gespeel het, die kerk as "de unitate Patris, et Filii, et Spiritus Sancti, plebs adunata". Die idee of denkbeeld van die *magio Dei* het beide die ekklesiologiese tradisies beïnvloed en albei het op verskillende wyses ontwikkel en korrespondeer met hul verskillende verstaan van die Triniteit (Volf 1998:196).

Volf (1998:197) verstaan geloof as `n opname in die Trinitariese asook die ekklesiologise gemeenskap. In aansluiting by die denke van Tertullianus sowel as Ratzinger, argumenteer hy dat waar gelowiges in die naam van Christus bymekaarkom, kan hulle `n beeld van die Triniteit wees (vgl. Mat 18:20 "...want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle"). Op hierdie punt, waar die gemeente in die naam van Christus bymekaarkom, is die kerk `n beeld van die Triniteit (Volf 1998:197). Hy (Volf 1998:197) brei Tertullianus se idee in gesprek met die Katolieke sowel as Ortodoksie uit deur Joh 17:21 ("Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees") in gesprek te bring met die idees van Mat 18:20, Gal 2:20 ("en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe") en 1 Kor 14:26 ("Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik `n bydrae om te lewer: 'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan.")

Volf (1998:198), deeglik bewus van die kompleksiteit en voorlopigheid van `n vergelyking tussen kerk en die Triniteit, argumenteer dat daar wel korrespondensie tussen die aard van die Trinitariese Persone (in hul verwantskap en wedersydse interpenetrasie) en kerkmense ("ecclesial persons") in plaaslike gemeentes is.

Hy argumenteer verder dat as mens die Trinitariese persone én verhoudings as komplementêr sien, is dit moontlik om `n ooreenkoms met die kerk te sien (Volf 1998:206).

Christene, soos die Trinitariese persone, kan nie in isolasie van mekaar leef nie. Die gemeenskap van die heiliges, aan hierdie kant van God se nuwe skepping (kyk Bosch 1994:84), korrespondeer op `n gebroke manier met die wedersydse liefde van die Drie-eenheid. En soos wat die drie Persone interafhanglik van mekaar in hul wedersydse gee en ontvang is, só gee en ontvang Christene ook van mekaar (Volf 1998:207). Jesus se Hoëpriesterlike gebed in Johannes 17 bring almal wat in Hom

glo in korrespondensie met die eenheid van die Drie-enige God (Volf 1998:218, vgl. Joh 17:20, 1 Joh 1:3). Aldus Volf (1998:218) lyk dit of Paulus (1 Kor 12:4-6, vgl. Ef 4:3-6) vanuit 'n Trinitariese perspektief argumenteer wanneer hy die gemeente in Korinte vermaan tot eenheid en die verskeie gawes, dienste en aktiwiteite wat alle Christene het, bymekaar bring met die *divine multiplicity*.

Just as the one deity exists as the Father, Son, and Spirit, so also do these different divine persons distribute different gifts to *all* Christians. That these gifts are distributed for the benefit of *all*, however (1 Cor. 12:7), corresponds to the divine unity; *the same* Spirit, *the same* Lord, and *the same* God (the Father) are active in all these different gifts. (Volf 1998:218-219)

Die simmetriese resiprositeit van die verhoudings van die Trinitariese Persone korrespondeer met die beeld van die kerk waar *alle* lede, in navolging van die Here en deur die krag van die Vader, mekaar met hul spesifieke gawes van die Gees bedien (Volf 1998:219).

'n Laaste woord kan dalk aan Moltmann (1992:xvii) behoort waar hy argumenteer dat die gemeenskap van die gelowiges wel hulself as 'n aardse refleksie van die drie-enige God mag sien.

3.3.2 Missionale denke se beïnvloeding van ekklesiologie

Tydens die Bradenburg Missionary Conference van 1932 was Karl Barth een van die eerste teoloë wat sending as 'n aktiwiteit van God self beskryf het (Bosch 1991:389; sien Newbigin 1995:19-29).

Twintig jaar later het die idee van *missio Dei*, grotendeels as gevolg van Barth sowel as Hartenstein se invloed, baie sterk tydens die Willingen Konferensie van die International Missionary Council in 1952 na vore getree, hoewel die presiese term *missio Dei* nog nie daar gebruik is nie (Bosch 1991:390; vgl. Ott 2016:7).

Mission was understood as being derived from the very nature of God. It was thus put in the context of the doctrine of the Trinity, not of ecclesiology or soteriology. The classic doctrine of the *missio Dei* as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another "movement": Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world. (Bosch 1991:390, kyk Moltmann 1992:11)

Barth se teologiese invloed het sowel die missionale as die ekklesiologiese gesprekke gedurende die 1950's en 1960's gevorm. Sy terugkeer na 'n Trinitariese siening van God se sending (vgl. Moltmann 1997:17-18) en sy verstaan dat die kerk gestuur is na die wêreld het bygedra tot die verstaan dat die kerk missionaal van aard is (Van Gelder & Zscheile 2011:32). Hierdie verstaan van die kerk beteken dat ekklesiologie uit missiologie voorspruit en nie andersom nie.

“Mission precedes the church and mission must be understood as God’s mission” (Van Gelder & Zscheile 2011:32). Die besef dat die kerk missionaal in haar aard is, spruit voort uit die verstaan dat God missionaal in sy aard is. As die kerk dus missionaal van aard is, is deelname aan God se missie die hele kerk (wat ál haar lede insluit) se verantwoordelikheid.

In aansluiting hierby kan Moltmann (1974:243) se argument kortliks genoem word waar hy sê die inkarnasie, kruisiging en opstanding van Jesus Christus moet uit ‘n Trinitariese oogpunt gesien word: Jesus se lyding affekteer die Vader en die Gees. “The Son suffers dying, the Father suffers the death of the Son. The grief of the Father here is just as important as the death of the Son” (Moltmann 1974:243).

Van Gelder en Zscheile (2011:109) verstaan Moltmann se argument as God se binneste (“inner life”) wat deur die wêreld geaffekteer word, wat beteken dat die aksies van die mensdom die binneste (“inner life”) van God affekteer. Wat volg, is dat die kerk se lewe nie ‘n nabootsing van die Drie-eenheid is nie, maar ‘n deelname in die lewe en missie van die Drie-eenheid (Van Gelder & Zscheile 2011:109). God se verhouding met die wêreld word baie goed deur die term *perichoresis* (vgl. Moltmann 2010:112) beskryf en word roerend uitgebeeld in die lyding van God soos hierbo deur Moltmann beskryf is (Van Gelder & Zscheile 2011:109).

Gedurende die middel van die 20ste eeu het die fokus van sending al hoe meer in ‘n Teo-sentriese rigting beweeg. Die missie van God (*missio Dei*) is as fondasie vir die missie van die kerk gesien. “The church became redefined as the community spawned by the mission of God and gathered up into that mission. The church was coming to understand that in any place it is a community sent by God” (Guder 1998:82). ‘Sending’ is nie iets wat die kerk doen nie. Nee, die kerk is in haar essensie missionaal, omdat die roepende én sturende aksies van God die kerk se identiteit vorm (Guder 1998:82; vgl Wright 2008:193). Ott (2016:11), met verwysing na die Tweede Vatikaanse Konsilie, skryf dat die kerk haar identiteit vind wanneer sy deelneem aan die sturende aktiwiteite van die drie-enige God. Imperatori-Lee (2015:45) verwys ook na die Tweede Vatikaanse Konsilie en skryf dat die kerk se ‘storie’ na afloop van die konsilie al hoe meer ‘n globale narratief aangeneem het.

In doing this, the council moved away from ‘static, idealized notions of perfection’ and toward the messiness of history; it acknowledged the church’s role in human events, including politics; and it professed to have a stake in the future of the world – a hope for, and a role in, its salvation. Vatican II broadened and complexified the church’s story, moving it toward a more genuinely global narrative. (Imperatori-Lee 2015:45)

Die woord ‘missionaal’ (“missional”) is geskep om uitdrukking te gee aan die feit dat Europa en Noord-Amerika primêre sendingvelde is. “Missional also express that God’s mission (or *missio dei* as we will later explore it) is that which shapes and defines all that the church is and does, as opposed to expecting church to be the

ultimate self-help group for meeting our own needs and finding fulfillment in our individual lives”(Roxburgh 2005:12).

Terme soos ‘sending’ en ‘evangelisasie’ was afwesig in die taal van die Middeleeuse Christen kultuur. Europese teologie het vir bykans ‘n 1000 jaar nie werklik gewerk met die ‘missionale karakter van die kerk’ nie. Die kerk het egter nie ophou sendingwerk doen nie, maar die strategieë het verander toe Konstantyn die Christelike geloof as die amptelike godsdiens van die Weste ingestel het. “From the ‘Constantinianization’ of Christianity in the fourth century onward, Christian mission was the outward expansion of the Christian culture that was the established religious force in Europe” (Guder 2000:9; vgl. Niemandt 2007:13).

There should be no theology that does not relate to the mission of the church – either by being generated out of the church’s mission or by inspiring and shaping it. And there should be no mission of the church carried on without deep theological roots in the soil of the Bible. No theology without missional impact; no mission without theological foundations. (Wright 2010:20)

If the ‘national’ or ‘established’ church no longer exists as a living reality, then ‘the people of God’ must present itself to the people in a form of its own. The more the Christian West disintegrates culturally and geographically, the more the church will find its self-understanding in the context of the whole world. (Moltmann 1977:8)

In die leer van die kerk sal Christologie die dominante tema van ekklesiologie wees, omrede Christus die ‘onderwerp’ van die kerk is. Elke stelling oor die kerk sal ook ‘n stelling oor Christus wees, met die gevolg dat elke stelling oor Christus ‘n stelling oor die kerk impliseer (Moltmann 1977:6).

Die woord ‘missionaal’ (“missional”) verteenwoordig ‘n veranderende verhouding tussen die kerk en die plaaslike konteks en roep die kerk op na ‘n nuwe verstaan van haar identiteit in God (Van Gelder & Zscheile 2011:1).

Die Engelse woord “missional” het eers laat in die 19de eeu in gebruik gekom en is deur die loop van die 20ste eeu nie veel gebruik nie. Dit was eers toe Guder (1998) se boek *Missional Church* verskyn het, dat die woord al hoe meer deel geword het van die taal wat in die kerk gepraat is. In dié boek is gepoog om die verstaan van kerk te herdefinieer en hoewel die woord op baie maniere in verskillende kontekste en denominasies gebruik word, is daar tog vier temas wat na vore kom, naamlik dat God ‘n sending-God is wat die kerk in die wêreld instuur. Verder is God se missie in die wêreld verwant aan die heerskappy (koninkryk) van God. In die derde plek is die missionale kerk ‘n inkarnasionele (“incarnational”) bediening wat gestuur word na ‘n postmoderne, post-Christendom, globale konteks. En in die vierde plek is die fokus binne die missionale kerk op elke gelowige wat as ‘n dissipel leef en deelneem aan God se sending.

Guder (2000:20) sê sending kan dus nie meer as net `n sub-onderwerp van die kerk gesien word nie juis omdat die kerk in haar wese missionaal is – “the church’s very nature is missionary”. Tydens die Tweede Vatikaanse Konsilie het die Rooms-Katolieke kerk dit duidelik gestel dat die kerk “missionary by its very nature” is (Bevans 2015:5). Die kerk is in haar essensie die mense wat deur God geroep en gestuur is en word deur Hom geroep om binne haar konteks en kultuur `n missionale kerk te wees (Gibbs & Coffey 2001:55; vgl. Bosch 1994:15; Niemandt 2007:84).

Sending is die resultaat van God se inisiatief wat gewortel is in sy doel om die skepping weer heel en gesond te maak. “Mission means ‘sending’, and it is the central biblical theme describing the purpose of God’s action in human history (Gibbs & Coffey 2001:56).

Die missie van God verenig die Bybel vanaf die skepping tot by die nuwe skepping. Wat volg, is die vraag: “Wat is die missie van God se mense?” “What does the Bible as a whole in both testaments have to tell us about why the people of God exist and what it is they are supposed to be and do in the world? What is the mission of God’s people? Wright (2010:17).

Wanneer Guder (1998:4) skryf oor die *missio Dei*, sê hy God se sending het met Israel begin wat God se seën ontvang het, ten einde `n seën vir alle nasies te wees.

God’s mission unfolded in the history of God’s people across the centuries recorded in Scripture, and it reached its revelatory climax in the incarnation of God’s work of salvation in Jesus ministering, crucified, and resurrected. God’s mission continued then in the sending of the Spirit to call forth and empower the church as the witness to God’s good news in Jesus Christ. It continues today in the worldwide witness of churches in every culture to the gospel of Jesus Christ, and it moves toward the promised consummation of God’s salvation in the eschaton (“last”of “final day”). (Guder 1998:4)

Ons identiteit lê dus grotendeels in die *missio Dei*. Ons is gestuurdes. Ons is mense wat deur God na die wêreld gestuur word. Jesus verwoord dit in Johannes 20:21 wanneer Hy sê: “...soos die Vader My gestuur het, so stuur ek julle.” Guder (1998:4; kyk Niemandt 2007:64) sien die kerk as gestuurdes (“sent people”) en merk op dat die kerk gedefinieer moet word as die mense wat deur God gestuur word – “Either we are defined by mission, or we reduce the scope of the gospel and the mandate of the church.”

Gelowiges se fokus is dus nie op die kerk nie, maar op God en dit is Hy wat ons na die wêreld stuur. “As a result of these developments, a shift from a *ecclesiocentric* (church-centered) view of mission to a *theocentric* (God-centered) one took place (Guder 1998:81). Guder (2000:21) vestig ons aandag daarop dat die Wêreldraad van Kerke (1982) se amptelike definisie van die kerk `n missionale definisie is.

Die genadevolle werk van God ontvou in die roeping en vorming van die kerk om die goeie nuus van Jesus Christus as Redder en Here aan die wêreld te verkondig.

I will argue that the concepts “witness” serves as the overarching definition of the church’s calling. This way of understanding Christian identity and vocation brings together the centrality of Christ with the sending of the church. (Guder 2000:2)

3.3.3 Dubbele identiteit – inkarnasie as toonbeeld van ‘heilige wêreldsheid’

Volgens Stott (1992:243) het die kerk `n verantwoordelikheid om God te dien én om die wêreld te dien. Dit is wat hy die dubbele identiteit (“double identity”) van die kerk noem. Hy bedoel daarmee dat die kerk `n groep mense is wat uit die wêreld geroep is om God te dien, maar dan teruggestuur word na die wêreld om te getuig en te dien. Dit is die klassieke ‘tekens’ van die kerk: in die eerste plek is die kerk ‘heilig’ – uitgeroep om aan God te behoort (vgl. Niemandt 2007:162) en om Hom te dien. In die tweede plek is die kerk ‘apostolies’- gestuur in die wêreld in met `n sending (vgl. Joh 20:21).

“Our calling is to be ‘holy’ and ‘worldly’ at the same time. Without this balanced biblical ecclesiology we will never recover or fulfil our mission (Stott:1992:245). Alec Vidler (in Stott 1992:244) het die kerk se dubbele identiteit ‘heilige wêreldsheid’ (“holy worldliness”) genoem waar Jesus Christus se inkarnasie die toonbeeld van heilige wêreldsheid is. Guder (1998:11) skryf: “There is but one way to be church and that is incarnationally” en in `n later publikasie (Guder 1999:23) argumenteer hy dat die wêreld nie in die kerk die ervaring van perfekte Christene moet hê nie, maar eerlike Christene wie se lewens die werklike moontlikheid van `n nuwe lewe, `n nuwe skepping en `n nuwe hoop beliggaam (vgl. Moltmann 2010:115).

Volgens Guder (1999:23) is die inkarnasionele karakter van die kerk gewortel in haar onderwerping aan Jesus Christus en nie in haar sogenoamde perfeksie nie. Die kerk se identiteit word gedefinieer deur haar verhouding met Jesus Christus en dit is ook die rede hoekom volgelinge van Jesus ‘Christene’ genoem is (Hand 11:26).

This relationship to Jesus Christ is one of response to the One who calls, of submission to the One who commands, of union with the One who gives himself to his own, of dependence upon the grace of the One who equips and forms his people in word and sacrament, and of faithful continuation of his ministry. (Guder 1999:23)

Guder (1999:44) sê daar word in die brieue van die Nuwe Testament baie klem op die karakter van die Christen-gemeenskap gelê. Dit maak byvoorbeeld nie sin om onvoorwaardelike liefde in ons evangelisasie te benadruk as ons Christengemeenskap nie `n toonbeeld van hierdie tipe liefde is nie. Voordat daar gekyk word hoe ons die evangelie in ons evangelisasie beliggaam (“incarnate”), moet ons kyk na hoe ons as geloofsgemeenskap die evangelie beliggaam (Guder 1999:44).

Herbert en Meneses (1995:373) het reeds in die 1990's geargumenteer dat die doel van inkarnasionele bediening ("incarnational ministry") nie is dat mense die evangelie moet verstaan nie, maar dat hulle op God se uitnodiging sal reageer en dat hulle getransformeer word deur sy krag. Wat dan volg, is dat hulle deur Christus nuwe skepsels word en deel word van 'n nuwe gemeenskap, naamlik die kerk (Herbert & Meneses 1995:373).

We must become incarnate because God himself is already incarnate among people before we arrive, preparing their hearts to hear God's Word, revealing that Word to them by the work of the Holy Spirit, and transforming them through the power of the cross. (Herbert & Meneses 1995:373, vgl. Bosch 1991:484)

As gestuurders van God moet die evangelie nie aan mense in die algemeen bekend gemaak word nie, maar aan die regte mense wat op 'n spesifieke plek en binne 'n bepaalde tyd in die geskiedenis leef. Dié mense is lede van bepaalde gemeenskappe wat 'n sekere taal praat en 'n sekere tipe kultuur het en dit is hier waar die sosiale wetenskappe van groot waarde kan wees.

Anthropology and sociology help us study people's social and cultural contexts by living with people, observing them, and listening to what they say. Psychology helps us examine people's personal contexts - their deep emotions and inner conflicts. History gives us insight into the events that have shaped their present. (Hiebert en Meneses 1995:369)

Volgens Hirsch (in Hirsch & Ferguson 2011:69) kyk ons as gelowiges na Jesus, ons maak 'n studie van die lewe van Paulus en ons ontdek dat sending nie maar net daaruit bestaan om mense na die kerk te trek nie. Dit gaan daaroor dat gelowiges gestuurdes in die wêreld is en dat daar uitgegaan moet word na elke gebied en kultuur.

Mission inspires innovation, deeper cultural engagement, and calls for more integrity in our witness. And because mission is tied to the very being of God and to the work of Jesus, it offers the imagination a profoundly rich resource in engaging culture, incarnating the gospel, sharing faith, and forming faith communities. (Hirsch & Ferguson 2011:69)

Die missionale God het 'n missionale kerk tot gevolg en die inkarnasionele God het 'n inkarnasionele kerk tot gevolg (Hirsch & Ferguson 2011:133).

3.3.4 Tweeledige identiteit

Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig. (Efesiërs 4:23 – 24)

Rouse en Van Gelder (2008:31) argumenteer dat die sleutel om `n gemeente se identiteit te verstaan is om die ware natuur, die essensie van `n gemeente, te verstaan. Dit is ook waar mens moet begin om perspektief te kry om die missionale kerk te verstaan. Uit die Skrif (Hand 2:1-4) leer ons dat God deur sy Gees die kerk geskep het en daardeur het die Gees aan die kerk `n heilige natuur gegee te midde van haar menslikheid (2 Korintiërs 5:17, Efesiërs 4:23-24). Dit beteken dat `n gemeente twee nature het. Dit is die Gees wat die gemeente as `n anderse gemeenskap skep, een wat gelyktydig heilig en menslik is (Rouse & Van Gelder (2008:31).

`n Gemeente se menslikheid maak haar lewe en bedieninge konkreet. Hierdie konkrete aspekte van `n gemeente – geografiese ligging, geloofstradisie, taal en die kulturele konteks – dra alles tot haar identiteit by. Dit verteenwoordig die menslike kant van die dubbele natuur van die kerk. Ander aspekte soos onder andere die gemeente se geboue, die argitektuur, die totale ledetal, aktiewe lidmate, aanbidding-style, die aantal eredienste en organisatoriese strukture dra ook by om `n gemeente se identiteit te vorm. Die menslike aspekte soos hierbo genoem, verteenwoordig sowel `n gemeente se geleenthede as haar uitdagings. “How can a congregation best utilize the human side of its identity to enhance its ministry ? To do this, a congregation must understand the other side of its nature, that it is also holy” (Rouse & Van Gelder (2008:33).

God se Gees bring gemeentes tot stand as gemeenskappe van God se mense op aarde. Juis hierdie werking van God verskaf inligting aangaande die identiteit van `n gemeente en verduidelik hoekom dit bestaan. Dit help gemeentes verder om perspektief te kry en om God se krag wat beskikbaar is uit die nuwe natuur wat aan hul geskenk is, toe te eien (Rouse en Van Gelder (2008:33). Die Skrif maak dit vir ons duidelik hoekom God gemeentes deur sy Gees geskep het en volgens Rouse en Van Gelder (2008:33-34) is daar basies drie waarhede wat uitstaan wat inligting moet verskaf aangaande die identiteit van `n gemeente. In die eerste plek is God `n skeppende God wat `n plan vir die wêreld het. Tweedens is God die Verlosser wat in `n versoenende verhouding met die mens wil leef en derdens werk God deur mense om die versoening te bewerkstellig. Die primêre manier hoe God se kinders in die wêreld bestaan, is deur gemeentes. Gemeentes is in die hart van God se plan en doel met die wêreld en huis daarom is dit so belangrik om die identiteit van `n gemeente te ontdek om sodoende vanuit haar identiteit na haar doel te kan beweeg.

3.3.5 Paradoksale identiteit van die kerk

Waar Stott praat van 'n 'dubbele identiteit' en Rouse en Van Gelder van 'n 'tweeledige identiteit', praat Moltmann van die 'paradoksale identiteit' van die kerk.

The church is 'at the same time' the object of faith and the object of empiricism. It is 'at the same time' an eschatological and historical power. By way of this paradoxical 'at the same time' it partakes of the paradox of Christ's proclamation, which preaches the historical cross of Christ as being at the same time an eschatological saving event. Its paradoxical 'at the same time' corresponds to Christian existence, which is at once eschatological and historical. (Moltmann: 1977:22)

Ook vir die kerk kom eskatologie en geskiedenis bymekaar in die oomblik wanneer die 'eskatologiese oomblik' deur geloof begryp word. In haar paradoksale identiteit word die kerk se eskatologiese en historiese bestaan binne die raamwerk van die Lutherse leer van regverdiging ("doctrine of justification") verstaan. Vir 'n verstaan van die spanning tussen geloof en ervaring van kerk, is die konklusie wat bereik word dat die kerk 'een' is, maar terselfdertyd baie. Die kerk is verdeel en geskei; dis heilig en terselfdertyd ongeregverdig; dis universeel, maar terselfdertyd partikularisties.

As ons die Lutherse leer van regverdiging met betrekking tot ekklesiologie ernstig opneem, kan die paradoksale identiteit van die kerk nie toegepas word op elke vorm van die kerk se aardse kondisie nie (Moltmann 1977:22). Geloof in die heiligeheid van die kerk kan nie 'n regverdiging wees van haar onheilige kondisie nie, net so min as wat die regverdiging van sondaars 'n regverdiging van sonde beteken. Wanneer die mens as 'n sondaar vrygespreek en geheilig word, is hy vry van sy selfregverdiging en los van die boeie van die kragte en magte van hierdie wêreld (Moltmann 1977:22).

If the event of justification is transferred to the event of the church, then the statement about the church's unity, holiness and catholicity are not analytical judgements about its present conditionand characteristics; they are synthetic judgements about what it will be and where it will be preserved in God's acts. (Moltmann 1977:22)

As ons die kerk verstaan soos dit geword het en soos wat dit gaan wees in die lig van die regverdigmakende handelinge van God, is dit nie genoeg om te verwys na die Lutherse frase *simul iustus et peccator* (gelyktydig geregverdig en sondaar) nie. Die paradoksale identiteit sou dan eensydig verstaan word. Die Lutherse *simul* is nie volledig sonder die verdere definisie van die gelyktydige nie-gelyktydigheid: *peccator in re - iustus in spe*. Die huidige gelyktydigheid van die geregverdice man en die sondaar is gevvolglik gelyktydigheid van die verbygaande wêreld van sonde en die komende wêreld van God. Deur die regverdigmaking van die sondaar is die kerk

terselfdertyd *congregatio sanctorum* en *congregatio peccatorum* (heilig en sondig) (Moltmann 1977:23).

Vroeër het Moltmann (1975:4) geargumenteer dat Christelike teologie sowel sy identiteit as relevansie in die kruis van Christus vind.

It finds its *identity* as Christian theology there; for his cross separates faith from superstition, as well as from disbelief. His cross separates theology from other religions, as well as from modern ideologies of power. And Christian theology finds its *relevance* in the hope for the *kingdom of the crucified one* in that it suffers with those who bear ‘the sufferings of this present time’ (Rom 8:18), and makes the cry of the oppressed its own cry, and fills it with hope of liberation and redemption’. (Moltmann 1975:4)

3.3.6 Paulus en die Christelike korporatiewe identiteit

Die Nuwe Testamentikus Dunn (1998:534-536) voer aan dat die rede hoekom die begin sowel as die einde van Romeine 9-11 misverstaan word, is omdat daar nie rekening gehou word met Paulus wat in dié hoofstukke skryf oor die korporatiewe identiteit van die kerk nie. Die Christelike korporatiewe identiteit is implisiet in Romeine 5-8, hoewel lezers mag dink dat dit net iets persoonliks is, veral omdat Abraham voorgehou word as die voorbeeld van geloof. Geloof was vir Paulus iets wat intens persoonlik was, maar dit beteken nie dat hy geglo het gelowiges kan ‘n verhouding met die opgestane Christus op hul eie geniet nie. “The faith relationship was also corporate. And that perception is equally fundamental to Paul’s theology” (Dunn 1998:534).

Hy argumenteer dat groepe op ‘n sosiologiese vlak kenmerkende eienskappe het wat hulle onderskei van ander groepe. Groepe kan geklassifiseer word as groepe omdat daar iets soos ‘n grens is wat hulle van ander groepe onderskei. Die vraag wat dus gevra word, is: “Wat is die korporatiewe identiteit van die eskatologiese volk van God?” (Dunn 1998:536). Om dié vraag te beantwoord, fokus Dunn op vier kategorieë, naamlik die kerk van God, gemeenskap sonder kultus, die liggaam van Christus en die charismatiese gemeenskap.

3.3.6.1 Kerk van God

Ekklesia (kerk) is die term wat die meeste deur Paulus gebruik word om die groepe te beskryf wat in die Naam van Christus ontmoet. “Clearly then, ‘church’ is the term with which Paul most regularly conceptualized the corporate identity of those converted in Gentile mission” (Dunn 1988:537). Dunn argumenteer dat Paulus waarskynlik dié term gebruik het omdat dit voorspruit uit die self-identiteit van Israel.

Ekklesia occurs about 100 times in the LXX, where the underlying Hebrew is principally *qahal*, ‘assembly’. Most notable are the phrases *qahal Yahweh* or *qahal Israel*. Since Paul speaks so often of the ‘church of God,’ it is hard to doubt that he had in mind this distinctive background. (Dunn 1998:537-538)

3.3.6.2 Gemeenskap sonder kultus

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. (Rom 12:1)

Dunn (1998:543) argumenteer dat die hart van Jode se self-identiteit gesetel was in die offerkultus en aanbidding wat by die tempel plaasgevind het. Dit wat Paulus egter in Romeine 12:1 sê, sit 'n nuwe stel identiteitsmerkers op die tafel.

What he calls for, then, is the offering up of oneself in one's corporeal relationships, in the relationships of every day, made possible by one's being as an embodied person. In other words, he takes the language of the cult, in its characteristic abstraction from daily living, and reverses the relationship. If 'the holy place' is where sacrifice is to be offered, precisely in its set-apartness from the commonplace of everyday usage, Paul in effect transforms the holy place into the marketplace. (Dunn 1998:544)

Paulus sien alle bedienings en diens in belang van die evangelie van Jesus Christus as priestelike diens. Alle gelowiges kon daaraan deelneem en dit was nie die eksklusieve voorreg van 'n paar geordende priesters nie.

Paul, evidently saw the new Christian assemblies as an extension of the assembly of Yahweh, but now without any of the cultic features so characteristic of Israel's temple cult, and without any category of priest as a function different in kind from the priestly ministry of all which served the gospel. (Dunn 1998:547)

Dunn (1998:548) glo dat Paulus bewus was van die vreemdheid van sy visie van die kerk en dat hy doelbewus wou van breek van gemeenskappe wat van kultiese sentrums, geordende priesters en rituele offers afhanklik was (Dunn 1998:548).

3.3.6.3 Die liggaam van Christus

This in fact is the dominant theological image in Pauline ecclesiology.

Dunn 1998:548

Dunn (1998:548) argumenteer dat van die Christene wat vanuit die heidendom bekeer is, dit moeilik sou vind om aan hulself as Israel te dink.

Evidently the implication to be drawn is that if the Gentile churches found it hard to think of themselves as Israel, even with the concept of their cult transformed, the more meaningful or realistic imagery was that of the body, and specifically of the body of Christ. (Dunn 1998:548)

Die liggaam van Christus is die dominante teologiese beeld in Paulus se ekklesiologie (Dunn 1998:548). Hy gebruik dié beeld in Romeine 12 sowel as in 1

Korintiërs 10 en 12. Dit kom ook voor in die oorgang na die post-Paulus briewe, veral Kolossense en Efesiërs (vgl. Kol 1:18, 24; Ef 1:22-23, 2:15-16). Paulus praat egter nie oral op dieselfde manier van die ‘liggaam van Christus’ nie (vgl. 1 Kor 10:16; 1 Kor 12:12, 27; Rom 12:5). “Evidently the imagery was still fresh and malleable and not yet fixed or formalized” (Dunn 1998:549). Dunn (1998:550) argumenteer dat Paulus kies om dié beeldspraak te gebruik om iets weer te gee van die eenheid van die gemeenskap ten spyte van die diversiteit van sy lede.

The identity of the *Christian* assembly as ‘body,’ however, is given not by geographical location or political allegiance but by their common allegiance to *Christ* (visibly expressed not least in baptism and the sacramental sharing in his body). (Dunn 1998:551)

3.3.6.4 Charismatiese gemeenskap

Een van die mees kenmerkende eienskappe hoe Paulus die liggaam van Christus verstaan, is dat in elkeen van die Bybelgedeeltes waar die konsep uitgebrei word, word dit as ‘n charismatiese gemeenskap beskryf (Dunn 1998:552; kyk Rom 12:4-8; 1 Kor 12:4-27; Ef 4:7-16). *Charisma* as ‘n Christelike term, is ‘n konsep wat Paulus op die tafel gesit het.

Its significance for Paul’s concept of the body of Christ can be easily illuminated. (a) Its very formation, *charis-ma*, indicates that it denotes the result of the act of gracious giving (*charizesthai*, ‘give graciously’). It is only a matter of shorthand to describe *charisma* as the result or effect or expression of *charis*, a ‘concrete materialization of God’s grace. By definition a charism is the result of God’s gracious act; it is divine grace come to effect and expression in word and deed. (Dunn 1998:553-554)

Paulus kan dit as ‘n opsomming gebruik vir dit wat Christus bereik het, vir die gawes wat aan Israel geskenk is, sowel as die gawes van individuele gelowiges (Dunn 1998:554).

Behalwe vir die bovenoemde vier kategorieë, argumenteer Dunn ook dat die kerk van God uit ‘n gedeelde ervaring van die Gees groei. Soos wat die gemeenskap sonder kultus vryspreek deur geloof weergee en die liggaam van Christus *in Christus* is, só is die gemeenskap van die Gees (the community of the Spirit) die resultaat van die werking van die gawes van die Gees (Dunn 1998:561).

3.3.7 Teologiese perspektiewe op die identiteit van die kerk

Aangesien daar in hierdie studie na die kerk se teologiese identiteit gekyk word, is dit belangrik om te ontgin wat die Skrif aangaande die kerk se identiteit sê. Nel (2015:89-202) praat van *teologiese perspektiewe* wanneer hy vanuit die Skrif en ander insigte argumenteer hoe God sy kerk sien.

Daar is volgens Nel (2015:90) drie perspektiewe van hoe God sy kerk sien en hy is oortuig dat dié perspektiewe van groot waarde is om die kerk se identiteit te onderskei. Die perspektiewe is ewe belangrik en word in geen spesifieke volgorde bespreek nie, en kan as volg opgesom word: God het die kerk geskep om die evangelie van die koninkryk te kommunikeer, om Sy én ander se dienaars te wees en om voortdurend te groei as dissipels van Jesus Christus (Nel 2015:90).

3.3.7.1 Kommunikasie van die evangelie

Die kerk bestaan ter wille van die Een wat dit in die lewe geroep het en in essensie moet die kerk die uitdrukking wees van die nuwe mensdom wat na die beeld van God geskep is en Hom op aarde verteenwoordig. Die kerk, wat elke plaaslike gemeente insluit, behoort aan God op só `n manier en op só `n wyse dat haar bestaan die Vader, Seun en Gees verheerlik. In `n postmoderne wêreld word Christus beslis nie oral as Here erken nie en een gevolg hiervan is dat daar nie gereeld oor God se heerskappy of sy koninkryk gereflekteer word nie. Juis daarom het die kerk `n toenemende groeiende verantwoordelikheid om `n teken van God se heerskappy te wees. Hierdie perspektief is die rigtinggewende beginsel vir die bestaan (identiteit) vir die gemeente en vir haar diens aan die Koning en sy koninkryk (Nel 2015:92). Wright (2008:209) is oortuig dat volgelinge van Jesus `n teken van God se heerskappy moet wees. “The resurrection of Jesus and the gift of the Spirit mean that we are called to bring real and effective signs of God’s renewed creation to birth even in the midst of the present age” (Wright 2008:209).

Die kerk is immers die mense wat God se verlossing deur Christus aanvaar, Jesus as Here bely, in wie God se Gees woon en werk en wat hoe langer hoe meer `n uitdrukking is van God se heerskappy oor ons gedagtes, houdings, lewe, woorde en werke (Nel 2015:90-91). “The church has to help people to acknowledge the Kingship of God, to recognize and accept the gift of his Son and, under the guidance of the Holy Spirit, joyously submit to God and serve him as King” (Nel 2015:91).

Die voortdurende verstaan en onthou van dié perspektief om die evangelie van die koninkryk te kommunikeer, sal gemeentes help om nie hul missionale fokus te verloor nie. Die *raison d'être* (rede vir die bestaan) van die kerk is en was nog altyd om God te verheerlik, die uitbou van sy koninkryk en die verantwoordelike verkondiging van hierdie Koning en sy wil in en vir die wêreld (vgl. Pasveer 1992:119). Die opbou van `n missionale gemeente dien hierdie doel (Nel 2015:97).

In navolging van Firet sê Nel (2015:99-101) dat God met sy skepping (die wêreld) deur die kerk praat en dus bestaan die kerk om die evangelie te kommunikeer en om die evangelie te dien. Met sy inkarnasie het Jesus Christus aan ons kom vertel wie God is, wat Hy besig is om te doen en wat Hy gaan doen (“what he is up to”). Die kerk, op haar beurt, sit hierdie kommunikasie in woord en daad voort.

Met verwysing na die werk van Murray, argumenteer Boshart (2011:20) dat die *missio Dei* `n kerk oproep wat gekenmerk word deur die inkarnasie van Jesus

Christus waar die kerk nie net die goeie nuus verkondig nie, maar die goeie nuus is. Dit beteken ook om die goeie nuus uit te leef. Ogden (2003:31) sê die kerk van Jesus Christus beliggaam Hom op aarde. Die kerk is dus `n voortsetting van sy inkarnasie. God kommunikeer dus op `n spesiale manier met die kultuur waarbinne ons leef deur middel van die geloofsgemeenskappe wat identifiseer met die Woord wat vlees geword het (Nel 2015:103).

Van Gelder vat die werk van die Gees as volg saam:

Seeing the truine God as the primary acting subject changes the way we think about both the church and the world. The world becomes the larger horizon of God's activity...In doing so it becomes a sign that God's redemption is now present in the world, a foretaste of what that redemption is like, and an instrument to carry that message into every local context and to the end of the earth. (Van Gelder 2007b:17)

In the ecclesiocentric approach of Christendom, mission became only one of many programs of the church...But it has taken us decades to realize that mission is not just a program of the church. It defines the church as God's sent people. (Guder 1998:6)

Die kerk is God se gestuurdes en as gestuurdes is ons bevoorreg om deel te neem aan God se missie (*missio Dei*) in en vir die wêreld. In hierdie studie word Nel se agtvoudige bedienings-modi aanvaar, waar elke bediening gerig is op God, mekaar en die wêreld. Die bedieninge is verskillende maniere hoe God na die wêreld kom en elke bediening is dus missionaal van aard (Nel 2015:107-109).

Die kerk, deur die bedieninge, kommunikeer goeie nuus: die goeie nuus van Jesus en die goeie nuus van die koninkryk van God wat Hy geleef en aangekondig het. Die kommunikasie, met betrekking tot die goeie nuus van Jesus Christus as Here, is essensieel en primêr in die *missio Dei*. Die bediening aan en van die gemeente mis sy doel as die evangelie nie gekommunikeer, gehoor, geglo, aanvaar en geleef word nie. Die hoofdoel van die gemeente is immers om God bekend te maak aan sy skepsels en sy skepping (Nel 2015:111).

Boshart (2011:19) werk met die insigte van Newbigin en McPhee wanneer hy kyk na Jesus se woorde in Hand 1:8 waar Hy sê: "Julle sal my getuies wees..." Jesus se volgelinge is nie betrokke by sending omdat hulle moet nie, maar omdat dit deel is van hulle nuwe identiteit. In dieselfde asem kan gesê word die metafore wat ons in die Nuwe Testament vir Jesus se volgelinge kry – sout, lig, vissers, sterre, briewe, ambassadeurs, goeie saad – is altyd in die indikatief en nie in die imperatief nie.

3.3.7.2 Perspektief van diakonia

The ministry of reconciliation that has been entrusted to the congregation flows from the insight that being believers is essentially about being servants – believers are servants and exist to serve. (Nel 2015:119)

Nel (2015:117-118) sien die kerk primêr as `n skepping van die Vader, Seun en Heilige Gees, waar die diens in en die diens van die kerk verstaan moet word aan die hand van die bediening van die drie-enige God. Die *diakonia* (bediening) van Christus is die bron en voorbeeld vir die *diakonia* van die gemeente. Die bediening van die gemeente is dus `n navolging van Christus se *diakonia* en moet dieselfde karaktereienskappe vertoon. Die gemeente, onder die beheer van die Heilige Gees, is dinamies betrokke by die werk van die drie-enige God om die kosmos terug te win (“reclaim”). Bosch (1991:9) argumenteer dat die Christelike geloof missionaal in sy wese is, en as dit nie is nie, verraai dit sy *raison d'être*. Verder skryf hy: “Christian mission gives expression to the dynamic relationship between God and the world, particularly as this was portrayed, first, in the story of the covenant people of Israel and then, supremely, in the birth, life, death, resurrection, and exaltation of Jesus of Nazareth” (Bosch 1991:9).

Newbigin (1994:1) sê danksy die getroue diens van God se dienaars is die kerk tans teenwoordig in bykans elke land op aarde, maar dit beteken nie die kerk se sendingwerk en dienswerk is nou klaar nie.

The first and fundamental thing that needs to be said about the pattern of the Christian missionary enterprise is that we must recover the sense that it is the enterprise of the whole Church of God in every land, directed towards the whole world in which it is put. (Newbigin 1994:11)

Met verwysing na Fil 2:5-11, skryf Nel:

God reclaims his world, that is to say, letting his kingdom come, by way of service to Christ and through Christ motivated ministry in and to the world. Jesus the Christ and Jesus the Kurios is at the same time also Jesus the *Diakonos*. (Nel 2015:118)

Jesus wys dat Hy die Christus en Here is deur sy bediening en hou dit voor as voorbeeld vir sy dissipels (vgl. Mark 10:45; Joh 13:13-15). Die gemeente as gelowiges is dus dienaars wat bestaan om te dien (Nel 2015:119) en deur die kerk sit Christus sy werk voort (Nel 2015:121).

Pasveer (1992:124) wys daarop dat die gemeente, wat deelneem aan God se plan met die wêreld, herken word deur haar ‘apostolaat’. Die sending van Christus, soos beskryf deur Paulus in Fillipense 2 se ‘Christus-hymne’ word in soortgelyke terme – die van selfontlediging – beskryf.

Daarmee heeft haar identiteit haar principiële inkleuring ontvangen. Maar opgenomen in die beweging van God in Christus door die Geest na die wereld toe, krijgt haar eigenheid haar historische kleur op die momenten en die plaatsen waar die selfontlediging concrete historische werkelijkheid wordt. Daar wordt zij wat zij is. (Pasveer 1992:125)

Die Rooms-Katolieke Paul Lakeland skryf van 'n kenotiese ekklesiologie waar apostolisiteit deur 'n besorgheid vir die wêreld eerder as 'n besorgheid vir die kerk gekenmerk word. "It is appropriate to designate this ecclesiology as 'kenotic' for two principal reasons. In the first place, kenosis denotes the self-emptying of the church in discipleship to Christ in whom God emptied the self of God in the world." (2015:35-36). Die kerk sal deur die Gees vervul word namate sy haarselv ontledig van alles wat 'n struikelblok vir haar apostolisiteit is. Die tweede rede hoekom Lakeland (2015:36) hierdie tipe ekklesiologie as kenoties beskryf, gaan oor die erkenning van die verhouding tussen kerk en kultuur.

A postmodern Western culture which does not appreciate essentialist thinking and notions of transcendence exhibits a symbiotic relationship to a church which takes seriously the death of the God of the philosophers on the one hand, and a Christ in whom the biblical God has 'emptied himself,' on the other. To develop this second characteristic in a little more detail would show how a kenotic church can be enriched by its encounter with the secular world, how indeed it can perform an ecclesiology of self-forgetfulness. (Lakeland 2015:36)

Vir Paulus beteken om 'n Christen te wees en om 'n gemeente te wees, om *in diens te wees* (Nel 2015:121). Bosch (1991:9-10) skryf dat 'n persoon wat tot bekering gekom en deel geword het van Christus se aardse gemeenskap, 'n lewe van diens aan ander begin. "At the heart of mission is simply the desire to be with him and to give him the service of our lives" (Newbigin 1989:127). "God's sovereign, royal rule takes the form of self-giving love in Christ. The Lord is a servant, and the Servant is the Lord. Power and authority is redefined" (Osmer 2008:191).

Jesus Christus herdefinieer die aard van mag en ouoriteit deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem (kyk Filippense 2:5-11). Hy leer sy volgelinge dat diensbaarheid sowel as die ingesteldheid van 'n diensknege onontbeerlik vir die voortbestaan van die kerk is (Osmer 2008:184; kyk Markus 10:42-45). "Servant leadership is leadership that influences the congregation to change in ways that more fully embody the servanthood of Christ" (Osmer 2008:192). Richards en Hoeldtke (1982:102) sê proutuit dat gemeenteleiers se identiteit dié van 'n dienaar is. Leiers in die kerk behoort dus ook in 'n post-Christendom wêreld soos Christus te dien en waar dit gebeur is die kerk sowel 'n kontras-gemeenskap as 'n katalisator van sosiale transformasie. 'n Gemeente wat die gestalte van 'n diensknege aanneem, verteenwoordig 'n alternatief (op die wêreld se manier van doen en dink) wat die moontlikheid van sosiale transformasie insluit.

Gemeentes se vermoë om hul plaaslike gemeenskappe te verander is nie afkomstig van hul sosiale status óf hul hulpbronne nie. Gemeentes se vermoë om hul plaaslike gemeenskappe en moontlik ook die breër gemeenskap te beïnvloed, is opgesluit in hul vermoë om alternatiewe moontlikhede voor te hou wat moontlik tot sosiale transformasie kan lei (Osmer 2018:192). Osmer (2008:196) argumenteer dat

gemeenteleiers al drie die vorme van leierskap (kyk hoofstuk 1) wat hy beskryf, nodig het, maar hy plaas veral klem op transformerende leierskap want daar sonder sal verandering nie op `n diep vlak intree nie. “Transforming leadership is the sort of leadership most needed in mainline congregations today” (Osmer 2008:196).

Op `n praktiese vlak beteken dit dat gemeenteleiers op reis sal gaan na onbekende lande (Sweet 2007:19; kyk Roxburgh 2010:73-85), maar hul reis met die wete dat God reeds dáár aan die werk is (Niemandt 2013:51). Verandering op `n diep vlak (“deep change”) word gekenmerk deur diskontinuïteit met die verlede en dit is een van die redes waarom gemeenteleiers in dié seisoen van hul bediening ten volle op God moet vertrou (vgl. Sweet 2008:41). Martoia (2008:101) verwys na `n gesprek tussen Peter Senge en Otto Scharmer waar Scharmer gesê het die woord ‘lei’ is afgelei van die Indo-Europese stamwoord “leith”. Volgens hom is ‘om oor `n drumpel te tree’ die letterlikste vertaling van dié woord. “Om te lei is om drumpels oor te steek, wat beteken om sekere dinge agter te laat, hulle te laat sterf, sodat ons die nuwe wat uit die toekoms voortspruit kan gebruik” (Martoia 2008:101).

3.3.7.3 Perspektief van didaché

Een leerling van Jezus Christus is een mens die in die kracht van de heilige Geest en in verbondenheid met (de) kring(en) van andere leerlingen over de volle breedte van zijn of haar leven het verlangen heeft te leren leven in zijn spoor en zijn leven daadwerkelijk en duurzaam richt op het Rijk Gods zoals Jezus Christus dat belichaamde en verkondigde. (Stoppels 2013:73)

Nel (2015:192-193) argumenteer dat niemand werklik aan die gemeente van Christus behoort as hulle nie in die eerste plek aan God, danksy die bemiddelende werk van die Christus, behoort nie. Bybelse dissipelskap was nog altyd uniek omdat die Gees mense bymekaarmaak wat uit die wêreld geroep is om God se volk (“God’s people”) te wees. Die Heilige Gees, wat in ons woon, inkorporeer ons in hierdie gemeenskap deur die doop, voed ons geloof in die werk en persoon van Christus en seël ons as eiendom van God. Hierdie waarhede maak die gemeente soveel meer as maar nog net `n organisasie, program, gebou of klub van mense wat min of meer dieselfde dink. Die gemeente is in essensie mense wat geseël is as God se eiendom deur die verlossing van Christus deur die Heilige Gees, en deur die geloof wat Hy aan ons geskenk het.

As gemeenskap van die gelowiges waar almal dissipels word en maak, is die oogmerk die opbou van die missionale liggaam van Christus. Dissipelskap impliseer `n lewenslange verbintenis aan Christus waar daar voortdurend by Hom geleer en saam met Hom gestap word (Nel 2015:193, vgl. Stoppels 2013:74; kyk Newbigin 1995:122, kyk Gittens 2008:1). Gelowiges is leerders (dissipels) op weg, wat Hom volg waar Hy lei. Dissipels van Christus stap as’t ware die toekoms in op die Here se pad, want hulle kan Hom nie sien nie. “It becomes a faith-trek, an odyssey of the faithful in his footsteps, and all because he calls us to do so” (Nel 2015:193). Dit is

een van die redes waarom die Ou Testamentiese metafoor van die herder in die Nuwe Testament uitgebrei word: dissipels is dié mense wat sy stem ken, na Hom luister en Hom volg (Nel 2015:193).

Die manier hoe Jesus sy dissipels geleer het, in-diens opleiding, en die manier waarop Hy hulle geleer het, moet die model wees van hoe `n gemeente leer en geleer word.

Not only formal opportunities for teaching (the catechesis and Sunday school programmes), but the whole of congregational life, should be an *in-service* training of people to follow Christ on a daily basis. The believers *learn* to be true followers of God within the Raum of all the ministries of the congregation. Therefore, developing a missional local church is always accompanied by a new emphasis on the congregation's duty to be trained and to teach. (Nel 2015:194)

Zscheile (2012:1; kyk Osmer 2012:29-53) se betoog is dat die kerk opnuut en indringend aan die vorming van dissipels moet aandag skenk huis omrede daar nie van die samelewing (buite die grense van die kerk) verwag kan word om dissipels te produseer nie. Die kerk van die 21ste eeu is dus min of meer in dieselfde posisie as waarin die vroeë kerk voor Konstantyn se bekering was (Zscheile 2012:13). Sy argument is dat deelname aan dit waarmee God reeds op aarde besig is, `n baie goeie manier is om dissipels te vorm. “A missional view of God offers rich resources for reenvisioning how disciples might be formed in the power of the Spirit for faithful participation in the truine God’s communal, creative, and reconciling movement in the world” (Zscheile 2012:1).

Die kerk is `n produk van God se missie (*missio Dei*) wat ook aan dié missie deelneem (Zscheile 2012:6). Zscheile (2012:1-28) se argument aanvaar `n Godsbeeld waar die Here aktief betrokke is by die wel en weë van mense (vgl. Zscheile 2012:12). Christelike geestelike vorming (“Christian spiritual formation”) is die doelbewuste en gemeenskaplike proses waar dissipels, deur die krag van die Heilige Gees, groei in hul verhouding met God en al hoe meer soos Christus word ter wille van die wêreld. Dit is die werk van die Gees en dit geskied oor tyd heen (Zscheile 2012:7).

Stoppels (2013:78-98) beskryf in sy boek *Oefenruimte: Gemeente en parochie als gemeenschap van leerlingen* tien kenmerke van dissipelskap wat kortlik verduidelik word.

1) Dissipelskap veronderstel gemeenskap (Stoppels 2013:78-79)

Met verwysing na Jesus se woorde in Johannes 13:34 – “Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.” skryf Stoppels dat 59 aansporings tot onderlinge gemeenskap in die Nuwe Testament gevind word. Dissipelskap en onderlinge gemeenskap gaan hand aan

hand en diensbare liefde is die kern van die Messiaanse gemeenskap. Newbigin (1989:133,227) sê dat Jesus nooit 'n boek geskryf het nie, maar 'n gemeenskap gevorm het en dat sy plan vir die verspreiding van die evangelie nie boeke of preke nie, maar 'n geloofsgemeenskap was. "I am suggesting that the only answer, the only hermeneutic of the gospel, is a congregation of men and women who believe it and live by it" (Newbigin 1989:227).

2) Dissipelskap sit ons op die spoor van "een Tegenstem" (Stoppels 2013:80-83)

In ons navolging van Christus neem ons eie gevoelens en belewenisse nie die dominante plek in nie. "Leren is aanleren en afleren. Leren betekent dat we niet alleen varen op het kompas van gevoel en eigenbelang, maar leren luisteren naar de Stem die ook een Tegenstem zal blijken te zijn" (Stoppels 2013:81). Voornemende dissipels word deur Jesus aangespoor om eers goed na te dink oor die eise van dissipelskap voordat hulle sy juk opneem (kyk Lukas 14:25-33).

3) Dissipelskap skuif ons fokus na die koninkryk (Stoppels 2013:83-84)

Denke in terme van dissipelskap verskuif ons fokus van die kerk na die koninkryk van God. Die breë samelewing is die ruimte waarbinne dissipelskap gestalte kry (vgl. Bosch 1991:67). In die evangelies is die nuwe realiteit die teenwoordigheid van Jesus self. In Hom het die koninkryk van God naby gekom sodat die mense met die waarheid van Christus gekonfronteer kan word ten einde radikaal tot bekering te kom. "If we are to be true to the intention of Jesus today we must put in the center of our vision not the Church but the kingdom" (Newbigin 1989:133). Die evangelie gaan oor God se heerskappy oor alle volke en nasies. In die hart van Jesus se leer kry ons die volgende woorde: "Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel" (kyk Mat 6:10). Die sentrale verantwoordelikheid van die kerk word deur dié gebed aangedui en dit is die soeke na God se geregtigheid en vrede in die wêreld (Newbigin 1989:135).

4) Dissipelskap snoer saam wat verdeel is (Stoppels 2013:85-86)

Een van die gevolge van die tyd waarin ons leef, is dat ons lewens in verskillende kompartemente opgedeel word. Só word kerk en godsdienst uitgeskuif na 'n sfeer wat 'religie' genoem word. Dissipelskap het egter te make met alle lewensfere. Jesus Christus is betrokke by die volle breedte van ons bestaan - wat beteken dat Hy alle dimensies van ons lewe kleur, beïnvloed en deurtrek.

5) Dissipelskap beteken groei (Stoppels 2013:88-89)

Om 'n leerling van Christus te wees, beteken om in jou menswees te groei. Dissipelskap veronderstel 'n dinamiese proses waar ontwikkeling en groei nie opsioneel is nie. Groei beteken onder andere om onsself en ons beperktheid beter te leer ken.

6) Dissipelskap vra dissipline (Stoppels 2013:90-91)

Die feit dat die woorde ‘dissipline’ en ‘dissipel’ etimologies aan mekaar verbonde is, lei tot `n belangrike aspek van dissipelskap, naamlik toewyding en dissipline. Dit gaan by dissipelskap eerder oor karaktervorming as aktiwiteite. Jesus Christus moet in die dissipel gestalte kry en die leerling moet al hoe meer soos die Leermeester lyk (vgl. Gal 5:19). Geestelike disciplines soos vas, alleenwees (“solitude”), stilte, soberheid en die memorisering van Skrifgedeeltes, kan hiermee behulpsaam wees.

7) Dissipelskap verenig leraars en lidmate (Stoppels 2013:92-93)

Leraars is binne die gemeente van Christus in die eerste plek leerling en medeleerling. Dissipelskap maak die kloof tussen ampsdraers en ‘gewone lidmate’ kleiner. Alle lede van die geloofsgemeenskap kan soms leraar wees, maar dit moet `n gegewe wees dat almal deurentyd leerlinge van Christus is en bly. Slegs as die leraar `n leerling is, kan hy of sy met vrug voorgaan. Hirsch (2006:119) stel dit só: “The quality of the church’s leadership is directly proportional to the quality of discipleship.” Newbigin (1989:118) wys daarop dat die apostels se bediening nie net uit prediking en onderwysing bestaan het nie, maar dat hulle voortdurend self geleer het. “When he sends them out on their mission, Jesus tells the disciples that there is much for them to learn and he promises that the Spirit who convict the world will also lead them into the truth in its fullness” (Newbigin 1989:118; kyk Joh 16:12-15).

8) Dissipels leef nie met `n verbruikersmentaliteit nie (Stoppels 2013:94-95)

Dissipels van Jesus Christus leef nie met `n verbruikersmentaliteit nie (kyk Beaudoin 2003). Hirch betoog dat die mens se verbruikersgeoriënteerde mentaliteit die grootste bedreiging vir die kerk is. Dissipelskap gaan oor deelname en reproduksie. Die priesterskap van alle gelowiges word ernstig opgeneem en dissipels is in hul wese mense wat dissipels maak. Dissipelskap is missionaal deurdat alle mense uitgenooi word om by die Rabbi, Jesus van Nasaret, te leer.

9) Dissipelskap vra dat elkeen sy eie juk opneem (Stoppels 2013:96-97)

Stoppels argumeneer dat dissipelskap nie iets is wat iemand anders namens jou kan doen nie. Mense verskil van mekaar wat hul godsdienstigheid en self hul ‘kerklikheid’ betref. Wat egter belangrik is, is dat jou kompas deur die Here gerig word en dat dissipels sy juk opneem.

Het gaat hier niet meer om religieuze virtuositeit (wat is dat eigenlijk?), maar om de openheid om te willen leren van Christus, gegeven de mens die je bent. Niet een bepaalde capaciteit of begaafheid staat dan centraal, maar een attitude, en wel het verlangen en de inzet om leerling van Christus te worden en te blijven. (Stoppels 2013:96)

10) Dissipelskap is gerig op die praktyk van die alledaagse

Die vraag wat gevra word, is of `n gemeente se eredienste, programme, aktiwiteite, ensovoorts, mense op `n praktiesevlak in hul dag tot dag lewe help om dissipels

van Jesus te word. Stoppels (2013:97-98) argumenteer dat veral kleingroepe op `n praktiese vlak dissipelskap kan bevorder huis omrede die erediens nie alleen die wa deur die drif kan trek nie.

Onderzoek leert dat mensen gemiddeld genomen 10 procent onthouden van wat ze lezen, 20 procent van wat ze horen, 30 procent van wat ze zien, 50 procent van wat ze horen én zien, 70 procent van wat ze zelf zeggen en 90 procent van wat ze zeggen én doen. (Stoppels 2013:97)

3.3.8 Samevatting – wat is die identiteit van die kerk?

In hierdie afdeling is die verskillende verstaansmoontlikhede van die kerk se identiteit geargumenteer. Aandag is gegee aan die Trinitariese verstaan van die kerk, sowel as die *Missio Dei* se beïnvloeding van ekklesiologie, die dubbele sowel as tweeledige identiteit van die kerk, die paradoksale seining van die kerk, Paulus se vier kategorieë van die korporatiewe identiteit van die volk van God en laastens is gekyk na drie teologiese perspektiewe op die kerk.

Die kerk is `n skepping van die Vader, Seun en Heilige Gees en dié Trinitariese oorsprong van die kerk is belangrik om haar identiteit en funksionering te verstaan. Die *missio Deo* herdefinieer die verstaan van die Triniteit waar die Vader die Seun stuur, die Vader en die Seun die Heilige Gees stuur en waar die Vader, Seun en Gees die kerk in die wêreld instuur. Die geloofsgemeenskap kan nie, soos die Trinitariese persone, in isolasie leef nie. Die kerk korrespondeer op `n gebroke manier met die wedersydse liefde van die Drie-eenheid en is `n aardse refleksie van die drie-enige God. Die verstaan dat die kerk missionaal in haar aard is, spruit voort uit die verstaan dat God missionaal in sy aard is. As die kerk dus missionaal van aard is, is deelname aan God se missie (*missio Dei*) die hele kerk se verantwoordelikheid.

Die dubbele identiteit van die kerk gaan oor die kerk se roeping om sowel God as die wêreld te dien; om sowel heilig as wêrelds te wees. Die inkarnasionele karakter van die kerk is gewortel in haar onderwerping aan Jesus Christus wat vlees geword het. Die kerk se identiteit word gedefinieer deur haar verhouding met Christus en dit is die rede hoekom volgelinge van Jesus ‘Christene’ genoem word en *in Christus* is.

Die kerk se tweeledige identiteit bestaan daaruit dat sy sowel heilig as menslik is. Die Gees van God heilig die kerk en gelowiges maak dit menslik. Die paradoksale identiteit van die kerk verwys na die kerk wat sowel histories as eskatalogies is. In haar paradoksale identiteit word die kerk se eskatalogiese en historiese bestaan verstaan binne die raamwerk van die Lutherse leer van regverdiging. Deur die regverdigmaking van die sondaar is die kerk terselfdertyd *congregatio sanctorum* en *congregatio peccatorum* (heilig en sondig).

Paulus fokus veral op vier kategorieë wanneer hy skryf oor die korporatiewe identiteit van die eskatologiese volk van God: kerk, gemeenskap sonder kultus, die liggaam van Christus en die charismatiese gemeenskap.

Laastens is na drie teologiese perspektiewe van die kerk gekyk. God het die kerk geskep om die evangelie van die koninkryk te kommunikeer, om sy én ander se dienaars te wees en om voortdurend te groei as dissipels van Jesus Christus.

In die volgende afdeling word normatiewe aspekte met betrekking tot die kerk se identiteit geargumenteer.

3.4 Normatiewe aspekte met betrekking tot die identiteit van die kerk

In hierdie afdeling word klem geplaas op die normatiewe aspekte van die identiteit van die kerk: Identiteit kom van God, identiteit moet herontdek word, identiteit moet teruggewin word, identiteit moet verstaan word en identiteit moet verdiep word.

3.4.1 Missionale gemeentes se identiteit kom van God

Nel (2015:27; kyk Moltmann in Runyon 1979:31) argumenteer dat die missionale gemeente se identiteit iets is wat God aan sy kerk gee. Identiteit is iets wat deur God geskenk is (vgl. Burger 1999:72). Juis daarom sê Van Gelder en Zscheile (2011:122) dat dit van kardinale belang is dat die missionale kerk `n alternatiewe siening van die mensdom moet aanbied. Om `n Christen te wees beteken dat jy `n nuwe ekklesiologiese identiteit ontvang het en dat dié identiteit dinamies en relasioneel is en dat dit onder mekaar gedefinieer word (Van Gelder & Zscheile 2011:123).

Smit (2006:74), met verwysing na Moltmann (1977) se *The church in the power of the Spirit* verwys na die kerk wat haar bestaan, betekenis, identiteit en roeping van die Trinitariese God ontvang. Smit (2006:74) som Moltmann se argument as volg op: Die kerk is die kerk van Jesus Christus. Die kerk van Jesus Christus is die kerk van die koninkryk van God wat in die teenwoordigheid van die Heilige Gees is en daarom is die kerk ook in die kragveld van die Gees - “the church in the power of the Holy Spirit” (kyk Moltmann 1993:66-336). Later skryf Moltmann (2010:102) dat God die Heilige Een is wat voor ons uitgaan en ons lei na die ewige huis van identiteit (“eternal home of identity”).

Volgens Van Gelder en Zscheile (2011:122) moet daar egter onthou word dat identiteit `n problematiese en vloeibare konsep in laatmoderne en postmoderne kulture geword het. In teenstelling met Nel, Van Gelder en Zscheile argumenteer die sosioloog Zygmunt Bauman (2004:15-16) dat identiteit in die tyd waarin ons leef, iets is wat ontwerp moet word en nie iets wat ontdek moet word nie. Identiteit word `n doelwit wat deur inspanning bereik moet word; dit is iets wat van nuuts af gebou moet word (Bauman 2004:16).

In the sociological imagination identity always is something very evasive and slippery, almost an a priori, a pre-existing reality...However, in this analytical

frame, identity is to be considered as an objective, an aim, rather than a predefined factor. (Vecchi in Bauman 2004:15)

Van Gelder en Zscheile (2011:122) argumenteer dat só 'n soeke na en 'n konstruksie van identiteit 'n diep ontologiese onsekerheid weerspieël en dit roep vrae op soos waarin die fondasie van die mense se bestaan gesetel is. Giddens (1991:202) verduidelik hoe só 'n konstante bedreiging van sinloosheid verminder word deur die gekontroleerde aard van dag tot dag aktiwiteite binne 'n geslote sisteem. In sy boek *Golfslag van de tijd* argumenteer Heitink (2011), met die filosoof Charles Taylor se teorie as uitgangspunt, dat mense in tye van onsekerheid en verwarring op soek na hul wortels is. Hul wortels lê in die klassieke kultuur, maar ook in die Christendom (Heitink 2011:13). Die veranderinge in die wêrelد, wat hy die 'golfslag van die tyd' noem, het die kultuur van die wêrelد onherkenbaar verander. Een vloedgolf ná die ander tref Europa, maar daar is ten spyte van sekularisasie 'n onderstroom van 'n verlange na God wat nie deur die vloedgolwe vernietig is nie (Heitink 2011:13). As gevolg van sekularisasie en die talle vloedgolwe word die verligte Europese burger volwasse en groei hy/sy tot die geïndividualiseerde mens van vandag. "Maar toch ruist door Europa nog altijd een diep verlangen naar de Eeuwige, hoe mensen zich 'God' ook voorstellen" (Heitink 2011:14).

Volgens Heitink (2011:19) is die mens op 'n soektog na hom- en haarselф. 'n Soektog binne 'n wêrelد wat snel verander. Dit gaan oor 'n ingrypende bestaansvraag en 'n eksistensiële verlange. In die kern van die verlange is die hoop dat die mens in Godsnaam werklik tot sy en haar reg sal kom. Die mens kan altyd anders en beter, maar dit is nog nie ten volle geopenbaar hoe die mens se toekoms lyk nie. Met verwysing na 1 Johannes 3:2: "Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat,anneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees", sê Heintink (2011:264) dat ons identiteit ons vooruit gaan.

Want ook al mogen mensen zichzelf beschouwen als kinders van God, toch is 'nog niet geopenbaard wat we zijn zullen'(1 Jn. 3,2). Dat laatste blijft een verrassing. Onze identiteit ligt altijd voor ons uit. Niemand kan zeggen hoe ver die transformative reikt. (Heitink 2011:264)

Sy argument word beskryf deur 'n metafoor wat hy uit die Joodse tradisie (Psalm 1) verleen waar 'n boom in die goeie grond van Europa gewortel is. Psalm 1 praat van 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Indien só 'n boom 'n toekoms wil hê, sal die wortels diep onder die aarde moet skiet en uit die ryke tradisies van die klassieke oudheid en Joods/Christelike tradisie drink. Vir Heitink is die boom 'n toonbeeld van 'n volk, generasie, geslag, kerk, maar ook individu wat op soek is na die sin en samehang van die lewe. 'n Soeke na geloof is nie maar net alleen 'n geneesmiddel teen oppervlakkigheid nie, maar dit help 'n mens om in die stroom van die lewe regop te bly en vrug te dra. "Zo vindt een mens zijn identiteit" (Heitink 2011: 342).

Die Nuwe Testamentikus Karen Jobes (2011:348-349) wys daarop dat daar in die Christelike geloof nie enige rituele is wat `n individu self inisieer nie.

A self-identity based on new birth into the people of God also has implications for new relationships with other believers. Peter reminds his readers of their baptism ‘that now saves you...by the resurrection of Jesus Christ’ (1 Pet 3:21). Believers do not baptize themselves; there is no self-initiation ritual in the Christian faith. (And Holy Communion is also a communal sacrament.) The corporate nature of the Christian identity – that a believer is born again into a people, a nation – may be countercultural in places like modern North America, which prizes individualism in general but especially in religious matters. (Jobes 2011:348)

Sy sê die korporatiewe identiteit van Christene impliseer dat hulle nie alleen as vreemdelinge of buitestanders gelaat word nie, want hulle word in `n geestelike huis ingebou (Jobes 2011:348; 1 Pet 2:4-5).

This beautiful image of Christ as the Living Stone to which believers are joined is suggestive of ideas that help Christians understand their new identity in Christ, a goal that was apparently important to the apostle as he wrote to believers in need of encouragement to continue on in faith in Christ. (Jobes 2011:349)

In hierdie studie word die argument aanvaar dat die kerk se identiteit van God af kom en dat dit nie iets is wat van nuuts af opgebou moet word nie.

3.4.2 Missionale gemeentes moet hul identiteit herontdek

As the people of God, we must rediscover *whose* we are, *who* we are, and *what* we are to be about in our life and witness. (Dietterich in Branson: 2004:x)

Volgens Nel is die kerk se identiteit `n God-gegewe selfbeeld of selfverstaan wat herontdek moet word. Hierdie herontdekking sal sin in ons lewe bring soos ons al hoe meer word wie ons reeds in Christus is.“This rediscovery will bring meaning to our *being*. In that sense we are *finding* identity in becoming who we already *are in Christ*” (Nel 2015:27; vgl. Nel 1994:22).

Dietterich (in Branson 2004: ix-x) sê een van die grootste uitdagings van die kerk is om haar bestaansrede duidelik te formuleer en een manier om dit te doen is om op `n diepgaande wyse onder die oppervlak te beweeg en te gaan soek na dit wat lewe gee. Aldus Dietterich beteken dit dat `n geloofsgemeenskap haar Bybelse erfenis deur `n kritiese en kreatiewe proses van herinterpretasie moet terugkry.

Een van die eerste argumente wat Guder (1998:77) in sy boek *Missional Church* op die tafel gesit het, is dat die kerk moet terugkeer na `n diep studie van haar identiteit om te ontdek wat dit beteken om `n missionale kerk te wees.

This is a time for a dramatically new vision. The current predicament of churches in North America requires more than a mere tinkering with long-assumed notions about identity and mission of the church. Instead, as many knowledgeable observers have noted, there is a need for reinventing or rediscovering the church in this new kind of world. (Guder 1998:77)

Rouse en Van Gelder (2008:22) se argument sluit aan by dié van Nel, Guder en Dietterich waar hulle argumenter dat die enigste manier hoe die kerk effektief mense met die evangelie van God se liefde kan bereik, is om op 'n diepgaande wyse ons identiteit opnuut te ontdek en te ondersoek. Missionale gemeentes moet as beginpunt leer hoe om deel te neem aan God se missie ten einde hul nuwe identiteit te ontdek. Die groot opdrag van Jesus is in die hart van God se missie: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels" (Matt 28:19). As lidmate van missionale gemeentes hierdie opdrag van Jesus ernstig opneem, sal hulle verstaan dat die voordeur van elke kerk sowel as dié van elke Christen, in 'n sendingveld oopmaak (Rouse & Van Gelder 2008:23). Met verwysing na die groot opdrag in Matteus 28 skryf Newbigin (1989:116) dat daar soms 'n wanopvatting oor die sending van die kerk bestaan. Sy argument is dat die opdrag soms as 'n las ervaar word wat onder die wet verstaan word.

This way of putting the matter is certainly not without justification, and yet it seems to me that it misses the point. It tends to make mission a burden rather than a joy, to make it part of the law rather than part of the gospel. If one looks at the New Testament evidence one gets another impression. Mission begins with a kind of explosion of joy. (Newbigin 1989:116)

Heelparty gemeentes se identiteit sowel as hul benadering tot bediening, is deur 'n ander tyd en plek - soos die 1950's - gevorm, met die gevolg dat gemeentes hul identiteit moet herbedink en hul benadering tot bediening moet aanpas om te kan oorleef (Rouse & Van Gelder 2008:17-19).

Guder (1998:201) draai geen doekies om as hy sê gelowiges het hul kerklike identiteit verloor nie en skryf dit deels daaraan toe dat hulle nie genoeg reflekteer oor die aard van die kerk nie.

As leaders seek to address this complex situation, the tools and resources offered to them generally assume but rarely reflect on the nature of the church. Thus evangelism often is a function of recruitment. What is absent from the conversation is the crucial discussion of a missional ecclesiology. (Guder 1998:201)

Wanneer daar gewerk word met die ontdekking van die kerk se identiteit, plaas Zscheile (2012:26) baie klem op deelname: God se wedersydse, *perichoriese*, deelnemende lewe in die Drie-eenheid; Christus se deelname in sy vleeswording aan mense se lewens; gelowiges se deelname deur Christus in die krag van die

Gees in die lewens van ons naaste; en ons beloofde deelname aan Christus se opstanding en ewige gemeenskap met die Drie-eenheid.

Missional spiritual formation is a multifaceted, participatory endeavor that unfolds within and outside the gathered community in a web of relationships and influences with God and others in the world. Core Christian practices, such as worship, prayer, service, Sabbath, fellowship, and witness all have missional dimensions. (Zscheile 2012:27)

Sonder `n opnuut ontwikkelende identiteit as dissipels van Jesus, verloor die kerk haar vermoë om te getuig van Christus en om te dien in God se wêreld. As dissipels van Jesus Christus word die kerk se identiteit deels gevorm wanneer gelowiges as getuies en dienaars deelneem aan dit waarmee die Drie-enige God in die wêreld besig is (Zscheile 2012:28).

Die Spaanse sosioloog Manuel Castells (2000:1) sê `n reeks veranderinge aan die einde van die tweede millenium het die wêreld se sosiale landskap getransformeer. Die effek van hierdie veranderinge het `n groot impak op die kultuur van organisasies en kerke is volgens Roxburgh (2015:92) nie hiervan uitgesluit nie. Castells het 15 veranderinge geïdentifiseer, met een van hulle ‘identiteit’.

People cease to organize meaning around what they do and who they are. In an uncontrolled, confusing world they regroup around religious, ethnic, territorial or national identities. But this regrouping is not like previous commitments and loyalties to religion, nation, group or land. It is shaped by retreat into identity groups, not solidarity in a larger group. (Castells 2000:3)

Castells (2000:3) argumenteer dat godsdiestige fundamentalisme die mees formidabele krag vir persoonlike sekuriteit en kollektiewe mobilisasie is en sê die soeke na identiteit word die fundamentele bron van sosiale betekenis (“the fundamental source of social meaning”).

This is not a new trend, since identity, and particularly religious and ethnic identity, has been at the roots of meaning since the dawn of human society. Yet identity is becoming the main, and sometimes the only, source of meaning in an historical period characterized by widespread deconstructing of organizations, delegitimation of institutions, fading away of major social movements, and ephemeral cultural expressions. (Castells 2000:3)

As deel van Christus moet die gemeente geleer en aangemoedig word om haar identiteit te herontdek.

Dit gaan in gemeentebou allereers om doelgerigte begeleiding van die gemeente tot insig in sy identiteit. Dit sou identiteitsvorming genoem kon word. Wie in die kerk hiertoe kan kom, kan twee dinge doen: eerstens meewerk aan die formulering van die missie of taak van die kerk (wat uit sy identiteit voortvloe) en tweedens meewerk aan die formulering van die

identiteit en missie van 'n bepaalde gemeente op 'n bepaalde plek en in 'n bepaalde konkrete situasie op 'n bepaalde tyd in die geskiedenis. (Nel 1994:22)

Van Gelder (in Van Gelder & Zscheile 2011:xvii) plaas baie klem daarop dat die kerk haar identiteit moet terugwin. Wanneer die identiteit teruggewin word, dien dit as basis waarna daar na die kerk se doel en bediening gekyk kan word. Die kerk se identiteit het te make met haar natuur, wat die kerk *is* in die lig daarvan dat dit deur die Gees geskep word.

Much of the current missional church literature assumes the church's identity is self-evident and moves all too quickly to focusing on what the church is to do on behalf of God in the world or how the church should organize itself for this work. (Van Gelder & Zscheile 2011:xvii)

Só 'n tipe benadering verskuif die fokus te vinnig weg van die Gees se werking binne die kerk en plaas die klem op dit wat die mense se taak en verantwoordelikheid binne die kerk is.

3.4.2.1 Identiteitskrisis

Om die belangrikheid van die ontdekking én herontdekking van die kerk se identiteit aan die begin van die derde millennium te beklemtoon word daar vervolgens kortlik na die identiteitskrisis van die kerk en na teokapitalisme verwys.

Ter wille van oorleweling sal die kerk 'n nuwe konsep van identiteit moet formuleer. (De Roest 1998:372)

In sy doktorale proefskrif beskryf De Roest (1998:372-373) drie probleme met betrekking tot die kerk se identiteit. Hy begin met die kerk se onsekerheid met betrekking tot haar identiteit, daarna bespreek hy die bestaan van twee of meer identiteitskonsepte binne dieselfde groep en in die derde plek argumenteer hy vir 'n gesplete identiteit.

Volgens De Roest is die eerste probleem oor die kerk se identiteit juis Christengemeenskappe se onsekerheid met betrekking tot hul identiteit (vgl. Hendriks 1991:144; Burger 1999:53; Heitink 2007:22, kyk Stanley 2016:43-47). Die relatiewe duidelike konsepte wat daar in die verlede oor identiteit bestaan het, se dae is getel omdat daar onsekerheid bestaan oor onder andere ons geloof in God, die verhouding tussen kerk en gemeenskap, asook die taak van die kerk.

Van Gennep (1989:270-271, kyk Bosch 1995:28-29) argumenteer dat die skeiding tussen kerk en staat die gevolg gehad het dat die wêreld die kerk binnegedring het, maar ook dat die kerk die wêreld binnegedring het.

Gezien vanuit dit aspect betekent secularisatie een humanisering van die religie. Van oorsprong religieuze waarden en instellingen verliezen hun

religieuze identiteit en gaan op in die grootst gemene deler van de cultuur en de maatschappelijke ethiek. (Van Gennep 1989:270)

‘n Gevolg hiervan is dat individuele Christene dit moeilik vind om ‘n individuele identiteit te vorm en dit verhinder die sosialisering van jong lidmate. Lidmate ly vanweë ‘n groeiende ongemak met betrekking tot die Christen-kollektief en die gevolg is dat deelname afneem. Verskillende reaksies op die onsekerheid oor Christen-identiteit kan onderskei word: In die eerste plek kan daar van ‘onttrekking’ gepraat word. Tweedens kan daar by ‘n groep aangesluit word wat wel ‘n duidelike identiteit het en derdens kan dit gepropageer word dat dit ‘n deug is om te leer om met onsekerheid met betrekking tot identiteit saam te leef (De Roest 1998:372-373).

Die tweede probleem (De Roest 1998:373) aangaande die kerk se konsep-identiteit is die bestaan van twee of meer identiteitskonsepte binne dieselfde groep (kollektief). Meervoudige identiteitskonsepte konstitueer ‘n groot probleem vir ‘n groep, alhoewel dit nie noodwendig lei tot ‘n afname in deelname nie. Dis belangrik dat die verskillende groepe binne die kollektief genoeg in gemeen moet hê wat hulle aan mekaar bind en dat dié groepe in kontak met mekaar moet bly.

Die derde probleem is die probleem van ‘n sogenaamde gesplete identiteit. Een groep in ‘n kollektief fokus op die vraag “Wie is ons?” terwyl ‘n ander groep op ‘n vraag soos “Wat moet ons doen?” of “Wat is ons missie?” fokus. De Roest (1998:373 vgl. Hendriks 1991:139-149; Guder 1998:1-17; Hunsberger 2004:33-58; Van Gelder 2008:12-45 en Nel 2015:25-50) is egter oortuig dat hierdie vrae saam hoort. Die twee vrae oor die teoretiese en die normatief-praktiese diskouers sal die volgende tot gevolg hê: dit fasiliteer die bepaling van doelwitte, dit vergroot die kanses op ‘n duidelike struktuur en in die laaste plek verduidelik dit die kriteria om die beleid van die kollektief te oordeel en te evaluer (De Roest 1998:373). Mann (2000:37-49) stel dat die fundamentele vraag gevra moet word oor hoe gemeentes hul diepste geloofs-identiteit aan die realiteit van hul konteks verbind.

Hendriks (1990:140-144) gebruik ‘identiteit’ om te verwys na die self-definisie van ‘n groep of kollektief. Identiteit kan dus in die objektiewe sin gebruik word wanneer daar verwys word na die karaktereienskappe wat rofweg dieselfde in tye van verandering bly en in die subjektiewe sin as self-definisie. Die ‘self-definisie’ kan ook die ‘konsep van identiteit’ genoem word en hierdie konsep moet deur die kollektief ontwikkel word. Hendriks, wat sy argument op die sosiologie van organisasies baseer, sê duidelike en algemeen gedeelde konsepsies van kollektiewe identiteit bevorder die aantreklikheid van ‘n institusie, veral as die inhoud (“content”) waardeer kan word. ‘n Duidelike en algemeen gedeelde antwoord op die vraag “Wie is ons?” en “Wat moet ons doen?” is die basis vir die kollektief om ‘n ‘Ons’ te vorm. Dit maak dit vir mense moontlik om hul deelname te geniet en as gevolg daarvan sal hul deelname effektief wees.

Beaudion (2001a, 2001b en 2003) argumenteer dat kapitalisme, die mens se verbruikersmentaliteit en die media die rol ingeneem het wat godsdiens behoort te speel en dat mense hul identiteit daarin vind. Hy (2001a:6) noem hierdie verskynsel *teokapitalisme* ("theocapitalism") en die gevolg daarvan is 'n voortgaande, onoplosbare identiteitskrisis.

Consumer media capitalism functions strategically as an anonymous spiritual discipline on something like the terms of the strategic functioning of classic spiritual disciplines. If this proposal is adequate, we may then refer to consumer media capitalism as theocapitalism, an economic strategy attempting to secure its ends in and through religio-spiritual discourses or practices. (Beaudion 2001a:5-6)

Een gevolg hiervan is dat die lewe 'n onoplosbare, onophoudelike identiteitskrisis word waar die mens die hele tyd moet aanpas en upgradeer na die nuutste klere, motors en musiek. Ons word wat ons koop en wie ons is, word aan ander gekommunikeer via dit wat ons aangeskaf het (Beaudion 2001a:10). Beaudion (2003:binneblad) argumenteer dat Amerikaners op soek na hul identiteit is en dat hulle veral twee paradoksale mediums gebruik om dit te vind, naamlik spiritualiteit en verbruikerskultuur ("consumerism"). Die mens is beide 'n spirituele wese én verbruiker en Beaudion se argument is dat ons ons identiteit en ons verbruikersgedrag moet integreer.

As kommentaar op Beaudion skryf McLaren (2007) dat elke mens sy of haar eie identiteit skep deur sekere goed te koop omrede daar so 'n wye reeks van konfirmistiese en nie-konformistiese produkte beskikbaar is waaruit gekies kan word (McClaren 2007:192).

This godlike 'consumer media capitalism', Beaudion says, does for us exactly what any religion does for its adherents: 1. It gives us *identity*, helping us find or create our true selves – as the man who wears cologne X, or the kind of woman who wears dress Y, or the kind of teenager who buys music Z, or the kind of senior citizen who bonds her dentures and heals her hemorrhoids with Product Q or product H. (McClaren 2007:190)

Beaudion (2001b:25) is egter oortuig dat teokapitalisme nie die laaste sê moet hê nie en stel voor dat die kerk mense moet wys op die misterieuze diepte van hul identiteit.

...a depth today that can be rendered as that undomesticatable region of themselves that cannot be bought, branded, traded away, drugged up, compromised, dieted off, sold, sweated away, or coopted by an advertiser.
(Beaudion 2001b:25)

In sy boek *De maatschappij der toekomst*, argumenteer Van Riessen (1973:2) dat 'n tydperk ingegaan word waar daar algemeen aanvaar word dat God nie bestaan nie,

of ten minste afwesig is. Die wêreld is dus aan homself, dit wil sê aan die mens oorgelate.

Dit idee blijft echter niet besloten in die harten en hoofden van die mensen. Zij projecteren het in hun werken, in hun kunst, handel, productie, wetenschap, ja, in hun gesprek, feest en sport. Omdat dit idee de tijdgeest domineert, begint de wereld eruit te zien alsof God er niet is. (Van Riessen 1973:2)

Vroeër was daar `n sekerheid dat God bestaan, maar deesdae word dit as vanselfsprekend aanvaar dat Hy nie bestaan nie. Soos wat die mens magtiger word en meer selfversekerd optree, is daar `n afname in die mate waarop daar op God vertrou word.

Dat was reeds regelmatig het geval met Israël. Het is thans in uitzonderlijke en hardnekkige mate het geval. De mens denkt het nu zelf wel af te kunnen. Hij heeft God niet meer nodig. Zo roept de groeiende macht van de mens de geest van secularisatie op. (Van Riessen 1973:2)

Maar ten spyte van die mag van die mens is daar tekens van twyfel, vertwyfeling en wanhoop te bespeur huis omdat die mens die mag het om alles wat vir hom lief en dierbaar is, te kan verwoes. Die mensdom is soos verlate kinders wat verdwaal het in `n bos en daar is niemand wat hulle kan red nie (Van Riessen 1973:2).

Dat is het raadselachtige van onze tijd. Nooit was de mens zo machtig. Maar ook nooit stond hij zo machteloos tegenover zijn onvoorstelbaar ernstige problemen. De mens is mondig en vrij geworden, endelik. Hij is tot alles in staat en kan zich bijna alles ter beschikking stellen. Maar tegelyk is hij de gevangene van deze machten, terwyl het toch zijn eigen machten zijn. (Van Riessen 1973:3)

Met die mens se hoop en verwagting in die wetenskap, tegnologie, politiek en ekonomie (vgl. Van Riessen 1,3,21) is die tyd ryp dat daar weer terugkeer moet word na God (1973:357). Só `n terugkeer na God is `n vrymakende proses van mens en gemeenskap tot hul roeping in die skepping (Van Riessen 1973:257).

3.4.3 Missionale gemeentes moet hul identiteit, hulself en hul roeping verstaan

Naas die feit dat missionale gemeentes se identiteit `n God-gegewe gawe is en deur die gemeentes herontdek moet word, moet die gemeentes ook hul identiteit, hulself en hul roeping verstaan.

Stott (1992:242-243) argumeer dat die kerk haarself moet verstaan – haar identiteit én haar roeping. Heelparty kerke is klaarblyklik nie gesond nie, omdat hulle `n valse selfbeeld het: hulle het nie `n greep op wie hul is (identiteit) en ook nie waarvoor hulle geroep is (roeping) nie (vgl. McLaren 2010:165). Vir die mens sowel as vir die kerk is geestesgesondheid baie belangrik vir `n akkurate selfbeeld en

daarom sal die navorser vervolgens oorsigtelik bespreek wat Stott (1992:242-243) ‘n ‘valse selfbeeld’ noem.

Eerstens kan die gemeente haarself as ‘n godsdienstige klub sien wat grotendeels ooreenstem met iets soos ‘n sportklub - byvoorbeeld die plaaslike gholfklub. By die kerk is die lede se gemene belang ‘God’, waar dit by die gholfklub ‘gholf’ is. Die lede betaal hul klubgelde en in ruil daarvoor, verwag hulle om sekere voordele te geniet. Hul fokus is op hul eie status en hulle het nie ‘n saak met die mense wat nie deel van hul groep is nie. Hulle het klaarblyklik vergeet of nog gehoor dat William Temple vermoedelik gesê het dat die kerk die enigste organisasie is wat bestaan tot voordeel van sy nie-lede.

Die tweede valse selfbeeld van die kerk is iets wat Stott (1992:243) die sekulêre sending of godsdienslose Christendom (“religionless Christianity”) noem. As ‘n teenreaksie op die eersgenoemde na binne gerigte vals beeld wat die kerk van haarself het, het sekere Christen-denkleiers besluit om die kerk te verlaat.

They were no longer interested in ‘worship services’, they said, but only in ‘worship service’. So they tried to develop a ‘religionless Christianity’ in which they reinterpreted worship as mission, love for God as love for neighbour, and prayer to God as encounter with people. (Stott 1992:243)

In hierdie navorsing word die argument aanvaar dat die verskillende bedieninge identiteitsontdekking en identiteitsontwikkeling kan fasiliteer (kyk hoofstuk 4) wat sal help dat die missionale gemeente haar identiteit beter sal verstaan.

3.4.4 Belangrikheid van ‘n sterk korporatiewe identiteitsverstaan

A clear and commonly shared answer to the question “Who are we?” and “What should we do?” or “What do we want?” is the basis of realising that the collective forms a “We”. (De Roest 1998:372)

In sy studie van meer as 700 gemeentes het Dick gevind dat ‘n sterk korporatiewe identiteitsverstaan waarskynlik die mees belangrike kriteria vir stabiliteit is. “Wie is ons?” is die vraag wat in die hart van ons geloofspad is. As individue stoei ons met hierdie vraag, maar dit is belangrik dat ons ook korporatief met die vraag worstel (Dick 2007:17).

“At the heart of the issue is a very important question: Who do we think we are? If the church is essentially about us, then it doesn’t much matter what our driving motivations and values are.” Maar die kerk gaan nie oor ons nie. Natuurlik is die kerk *vir ons* en op ons heel beste *is ons* die kerk, maar dit gaan nie *oor ons* nie. Dit gaan oor God en sy visie vir die hele skepping (Dick 2007:126).

Rouse en Van Gelder (2008:31) sluit by Dick se argument aan en sê gemeentes moet worstel met hul identiteit.

This can be a healthy struggle, one that has to do with a congregation's *identity*. One of the most important things a congregation can do is to ask the right questions. Such questions include: 'Why does God, through the work of the Spirit, bring congregations into existence?' And even more importantly, 'Why did God bring our particular congregation into existence? (Rouse & Van Gelder 2008:31)

Guder (1998:150) verwys na Bellah wat argumenteer dat ons nie onself onafhanklik van ander mense en instansies vind nie, maar dat ons dit huis *deur* hulle doen. Ons kom nie op ons eie by die diepste kamers van ons hart uit nie. Ons ontdek wie ons is van aangesig tot aangesig en sy aan sy deur ander wat soos ons werk, liefhe en leer. Al ons aktiwiteite gebeur in verhoudings, groepe, assosiasies en gemeenskappe wat deur institusionele strukture geordend word en deur kulturele patronen van betekenis geïnterpreteer word (Guder 1998:150). Ons identiteit en ons visie word geleer en verkry uit interaksie in diverse sosiale groeperinge (Guder 1998:150).

Therefore a definite togetherness is assumed, a togetherness of identity and of life. Because the very identity of God's people involves being members one of another and because living of the Christian life depends on bearing one another's burdens, we are important to and bound up with one another. (Guder 1998:167)

3.4.4.1 Dick se navorsing met betrekking tot gemeentes se korporatiewe identiteitsverstaan

A vital institution needs a clear and commonly shared concept of identity.
(De Roest 1998:372)

In sy navorsing van meer as 700 gemeentes in Noord-Amerika het Dick (2007:7-14) dié gemeentes in vier groepe verdeel op grond van hul stabiliteit en groei: lewenskragtige ("vital") gemeentes, retrogressieve ("retrogressive") gemeentes, distrofiese ("dystrophic") gemeentes en vervallende ("decaying") gemeentes. In sy werk beskryf hy hierdie vier tipes gemeentes aan die hand van 15 kriterias waarvan hul sin van identiteit telkens eerste beskryf word. Vervolgens iets oor die identiteitsin van elke tipe gemeente.

i) Lewenskragtige gemeentes

'Ons' is die woord wat die meeste gebruik word in lewenskragtige gemeentes. Die gemeenskap van die gelowiges kom eerste. "Unity, connection, oneness, and communion are defining terms for these congregations" (Dick 2007:92). Dit beteken nie dat daar nooit verskille of konflik is nie, maar wanneer dit gebeur, word dit op 'n respektvolle wyse hanteer. Geen individu druk sy of haar eie wil op die gemeenskap van die gelowiges af nie - dit word nie toegelaat nie. Venynige invloede word gekonfronteer, uitgedaag en indien dit nie reggestel word nie, word dit verwyder en

só word die Christelike eenheid en genade beliggaam. Die rigtinggewende metafoor vir lewenskragtige gemeentes is die liggaam van Christus. Lewenskragtige kerke heg waarde aan enigets wat die liggaam kan bou, en iets wat die liggaam kan seermaak, word vermy (Dick 2007:92). Lede van lewenskragtige gemeentes praat minder oor wat die kerk ‘doen’ en meer oor wat hulle by die gemeente ‘ervaar’. Die kerk is ‘n plek waar God ontmoet word, waar mens in geloof groei, waar onderskeiding van sy wil geleer en beoefen word, waar die gemeenskap gebou en gawes ontwikkel kan word.

Invitations are to journey with the congregation, to participate in the discernment of God’s will, and to seek meaning and purpose in an open, honest, and safe environment – not to attend worship or join a group.

Dick 2007:92

‘n Respekkolle en sagte ‘kom kyk’ is die uitnodiging wat hierdie tipe gemeentes aan nie-lede rig: “Kom kyk of hierdie nie dalk die plek vir jou is nie, kom kyk of God jou nie wil deelmaak van hierdie gemeenskap nie, kom kyk wat God dalk vir jou en my in gedagte het” (Dick 2007:92). Die identiteit van die gemeenskap van gelowiges kom neer op die volgende: ons is wie ons is. Ons is ‘n gemeenskap aan wie God gawes gegee het, ons is geroep deur Hom, geïnspireer deur Hom en Hy het ons lief. Ons is die liggaam van Christus en as gelowiges streef ons na eensgesindheid. Ons is nie ‘n gebou, klub, plek of organisasie nie. Ons is die kerk en ons sal baie daarvan hou as hierdie die plek is waar jy en God wil hê jy moet wees (Dick 2007:92).

In sy navorsing het Dick (2007:104) bevind dat daar ‘n kern-kurrikulum in meeste lewenskragtige gemeentes is – ‘n stel klasse, groepe en ervarings – wat sentraal staan in die gemeenskaplike identiteit. Daar is essensiële elemente wat die identiteit van die gemeente vorm en daar word van almal verwag om hieraan deel te neem. Dit sluit gewoonlik die volgende in: Bybelstudie, aanbidding, getuienis, diens, teologie, leierskapsopleiding, kommunikasie en toerekenbaarheid. Daar word nie maar net aanvaar dat almal weet hoe om hierdie goed te doen nie, maar almal vat hande en werk saam ten einde te verbeter. Verskeie programme word ontwikkel en herontwikkel om gedeelde kennis en verstaan te promoveer. Programme is ‘n hulpmiddel wat gebruik word om eenheid te versterk en om gefokus te bly (Dick 2007:104).

There is a core curriculum in most vital congregations – a set of classes, groups, or experiences – that is central to the communal identity. There are essential components that shape the identity of the congregation. (Dick 2007:104)

In lewenskragte gemeentes speel gebed ‘n baie belangrike rol. Individue word geleer hoe om te bid, hulle word aangemoedig om te bid en daar word opgevolg of daar gebid word al dan nie. Dikwels kom leiers van dié gemeentes bymekaar om te bid en dit is uit hierdie diep, ryk lewe van gebed dat die identiteit van die gemeente na vore kom (Dick 2007:95). Lewenskragtige gemeentes leef vanuit hul identiteit en

dit is een van die redes waarom hulle nie baie betaalde personeel op hul boeke het nie (Dick 2007:101). Die leiers se belangrikste funksie is om die lidmate te herinner aan wie hulle is (Dick 2007:102).

ii) Retrogressiewe gemeentes

Voordat daar iets gesê word oor retrogressiewe gemeentes, moet daarop gelet word dat bykans alle lewenskragtige gemeentes deur 'n fase van retrogressiwiteit gaan voordat hulle as lewenskragtige gemeentes bestempel kan word (Dick 2007:12).

Die aktiewe lidmate van retrogressiewe gemeentes het 'n baie sterk sin van identiteit. Die eenvoudigste verduideliking hiervoor is dat daar slegs op een of twee bedieningsareas gefokus word. Hulle weet wie hulle is, want hulle is begrond in 'n baie klein waardestelsel wat definieer wat hulle doen en hoekom hulle dit doen. Die gevoel van gemeenskap en gemeenskaplikheid is diep gewortel in retrogressiewe gemeentes en daar word duidelik uitgestippel wat van lidmate verwag word. Lidmate van dié gemeentes is betrokke, groei, word bemagtig om as Christen in die wêreld te leef en voel dat hul bedieningsbydrae baie belangrik is. Deelname is fenominaal en meeste van hierdie gemeentes sê dat 100 persent van hul lidmate aktief is (Dick 2007:69-70).

'You ask who are we? We are a praying, serving, worshipping, learning, leading body. Lots of churches say things like that, and it's true for some of the people some of the time. But, us? It's true of all of us all the time. I have never been in a church like this before,' describes one woman from a newly-vital, formerly-retrogressive congregation. Her description is the rule, rather than the exception, for retrogressive churches. (Dick 2007:71)

iii) Distrofiese gemeentes (Dick 2007:44-46)

Die leierskap van distrofiese gemeentes het 'n duidelike, sterk sin van identiteit. Indien mens die leiers van distrofiese gemeentes die vraag "Wie is jy?" sou vra, sou hulle na alle waarskynlikheid met 'n redelike goeie antwoord na vore kom. Sou daar egter buite die binnekring beweeg word, is daar nie duidelikheid oor identiteit nie. In baie van die groeiende gemeentes is dit die visie, gedryf en ambisie van die senior leier wat die identiteit van die gemeente definieer. Distrofiese gemeentes het 'n gemene deler en dit is dat die naam van die kerk dikwels vervang word met die naam van die leier.

Pastors of both dystrophic and decaying congregations freely refer to the congregation they serve as 'my church', or 'my ministry'; something virtually no pastor of a vital or retrogressive congregation ever does. (They refer to the church in the plural: 'our church' or 'our ministry'). (Dick 2007:45)

Distrofiese gemeentes word deur die leierskap sowel as lidmate beskryf in terme van wat hulle doen en nie wie hulle is nie. Sou mens die leier van 'n distrofiese gemeente vra wie hulle is, is die kans baie goed dat die antwoord sentreer om 'n lys

van programme, aktiwiteite, bedieninge en aanbiddingsopsies. “ ‘Being’ is superseded by ‘doing” (Dick 2007:45). In distrofiese gemeentes was die nommer een antwoord op die vraag “Wie is julle?” ‘n erkennings dat hulle nie weet nie (Dick 2007:46).

iv) Ontbindende gemeentes (Dick 2007:17-18)

Dick (2007:17-18) se navorsing het getoon dat gemeentes wat kwyn, nie ‘n baie sterk identiteitsverstaan het nie. Van die kwynende gemeentes het bly vasklou aan ‘n identiteit wat uit die verlede kom (wie hul was in stede van wie hulle tans is). In sommige gevalle was daar verwarring oor wie die gemeentes dink hulle moet wees in plaas van wie hulle is. Daar kan gesê word dat die korporatiewe identiteit van kwynende gemeentes nie vir hulle belangrik is nie (Dick 2007:17). Dié tipe gemeentes het op hul beste ‘n beperkte of geen reputasie in die gemeenskap nie.

As die identiteitsvraag aan vervallende gemeentes gevra word, hoor mens dikwels dat dit ‘n vriendelike kerk is. Die ironie is dat besoekers huis die teenoorgestelde ervaar. Leiers van hierdie tipe gemeentes sou die identiteitsvraag beantwoord in terme van programme en nie wat hulle glo nie.

For most leaders in this category, the church is a place where worship, Sunday school, and fellowship occur. For the majority of congregants (those who attend worship on Sunday morning) the church is quite simply where they go to worship – it serves no larger function and its identity is a given.
(Dick 2007:18)

3.4.5 Verdieping van die missionale gemeente se identiteit

Zscheile (2012:1) argumenteer dat die uitdaging vir die kerk in ‘n post-Christendom wêreld daarin lê om opnuut haar identiteit te herwin en te verdiep. Hierdie identiteit moet in die lig gesien word van God se sending in die hele skepping (*missio Dei*). Die kerk se identiteit lê lankal nie meer daarin dat sy sentraal in die gemeenskap staan nie en huis daarom argumenteer Zscheile (2012:5-6) dat die kerk se identiteit in God se besig wees met die wêreld te vinde is. Hy sê die kerk se identiteit is in haar deelname en aansluiting by God se missie in die wêreld.

Guder (1998:199) skryf dat die marginale realiteit van die kerk ‘n geleentheid is om die wese van die evangelie as God se heerskappy in Christus deur die krag van die Gees te herwin. Maar leiers het min voorbereiding vir dié marginale identiteit gehad en huis daarom word leierskap in hierdie konteks ‘n *terra incognita* (terrein wat onbekend is of nog nie ontdek is nie). In die 21ste eeu is beelde van die ballingskap en diaspora van toepassing op die kerk, omdat daar in hierdie beelde iets opgesluit is van die belofte om die Christelike identiteit, wat uitgeskuif is, te herwin. “For covenant community to emerge, church life must be repatterned. In an individualistic, voluntaristic culture, people need to be led into forms of covenant identity” (Guder 1998:200). As godsdiens-sosioloog argumenteer die Nederlandse Dekker (2000:19-

27) dat die kerk `n krisis beleef, veral omdat die leddetal en erediensbywoning drasties aan die afneem is. Mense sê dat hulle nie die kerk nodig het om aan hulle voor te skryf wat hulle moet glo of nie. Hoewel die kerk steeds `n rol speel in die samelewing, is dié rol veel kleiner as wat dit in die verlede was. Volgens Dekker (2000:25-27) is daar `n afname in godsdiestigheid wat beteken dat godsdiens `n kleiner rol in sowel mense se lewens as in die samelewing speel. Die kerk kan nie aan die samelewing gee waaraan die samelewing `n behoefté het nie en die mense het geen behoefté aan wat die kerk bied nie. Die vraag is dus hoe moet die kerk haarself posisioneer en organiseer om haar unieke rol te vervul (Dekker 2000:37). Dekker argumenteer verder dat as die kerk sê dat sy die liggaam van Christus is, dan sê dit iets oor haar wese. Hy (2000:110) voer aan dat die term ‘liggaam van Christus’ iets sê van die eenheid van die kerk, maar ook dat die lede bymekaar wil wees en hul lewens op Christus wil rig. As die kerk verder na haarself verwys as ‘God se volk op weg’ dan druk dit `n bepaalde beweging en `n bepaalde doelstelling uit (Dekker 2000:110).

Burger (2011:179) plaas nes Dekker baie klem op die metafore van ‘liggaam van Christus’ en ‘volk van God’ en sê dat die kerk se verhouding met die Here haar totale identiteit moet stempel. Die kerk behoort aan die Here en staan in sy diens.

Dat die kerk se verhouding met Christus die sentrale saak in sy lewe is, staan vas. Die belangrikste beeld in die Nuwe Testament, naamlik volk van God en liggaam van Christus, wil in die eerste plek ons help om hierdie feit te onthou. (Burger 2011:179)

Burger skryf verder dat die woord ‘kerk’ afkomstig is van die Griekse “*kuriake*”, wat ‘die Here s’n’ beteken. Die mees fatale fout wat die kerk kan maak, is om te vergeet wie sy is en aan wie sy behoort (Burger 2011:179).

3.5 Vorming van die missionale kerk se identiteit

In hierdie afdeling word gekyk na die vorming van die kerk se identiteit deur onder ander die heerskappy van God, die beeld van God, aanbidding en narratiewe. Uit `n psigologiese hoek word Erikson en Fowler se bydraes met betrekking tot die vorming van identiteit ondersoek.

3.5.1 Vorming van identiteit deur heerskappy van God

Guder (1998:77-141) argumenteer in die vierde en vyfde hoofstuk van sy boek *Missional church* dat die goeie nuus van die evangelie, soos aangekondig deur Jesus Christus as die heerskappy van God, die identiteit van die missionale kerk moet vorm. Die kerk se missionale roeping lê daarin dat sy geroep en gestuur is om die heerskappy van God te verteenwoordig en dié roeping fokus op die lewe en boodskap van Jesus wat gesentreer is in sy aankondiging dat die heerskappy van God teenwoordig (“already”), maar nog nie volledig (“not yet”) is nie (vgl. Ott 2016:5). Die evangelie roep die kerk op om minder op haarself te fokus om haar roeping in

die wêreld uit te leef (vgl. Dekker 2000:115). Die taal van die koninkryk nooi die missionale kerk uit om te verstaan hoe die drie-enige God aan die werk is om die kerk se ware identiteit te vorm. Die drie-enige God is `n missionale God wat die kerk as `n gemeenskap in die wêreld instuur om die heerskappy van God te verteenwoordig ten aanskoue van die wêreld.

Wright (2008:192) plaas klem op Jesus se aardse bediening, want dit wat Hy destyds gedoen het, hou die belofte in van wat Hy in die toekoms gaan doen.

The whole point of what Jesus was up to was that he was doing, close up, in the present, what he was promising long-term, in the future. And what he was promising for that future, and doing in that present, was not saving souls for a disembodied eternity but rescuing people from the corruption and decay of the way the world presently is so they could enjoy, already in the present, that renewal of creation which is God's ultimate purpose – and so they could thus become colleagues and partners in that larger project. (Wright 2008:192)

Wright (2008:202) verstaan dat God nie die mensdom van die skepping wou red nie, soos wat Hy ook nie Israel van die heidene wou red nie. Hy wou Israel red sodat hulle `n lig vir die heidene kon wees (vgl. Gibbs en Bolger 2005:59) en Hy wil mense red sodat hulle sy reddende rentmeesters in die skepping kan wees.

Daarom is die identiteit van die missionale kerk in skerp kontras met die prentjie wat van die kerk in die laaste seisoen van die moderne era, waar die kerk gemarginaliseerd en op die rand van die samelewing in `n ontluikende postmoderne kultuur was (Van Gelder & Zscheile 2011:50).

Moltmann (1977:3) het bykans vier dekades gelede reeds geargumenteer dat die kerk se behoud nie by die vaardige aanpasbaarheid by sosiale toestande lê nie, maar by die innerlike vernuwing van die kerk deur die Gees van Christus wat die krag van die komende koninkryk is (vgl. Gibbs en Bolger 2005:223; Wright 2008:226).

Guder (1998:119-127) glo dat die missionale kerk met sy identiteit gewortel en begrond in die heerskappy van God, as `n alternatiewe gemeenskap in die wêreld moet leef. Dié gemeenskap moet sy lewe en bediening baseer op die bevrydende realiteit van die heerskappy van God, sodat dit `n volledige uitdrukking kan wees van die prentjie van die kerk - as `n heilige nasie onder die nasies - soos wat dit in 1 Petrus opgeteken is. Die missionale kerk as `n alternatiewe gemeenskap is geroep om `n alternatiewe kultuur in `n sondige wêreld te demonstreer, waar die kerk Jesus se sending en patronne beliggaam in haar eie aksies in die wêreld.

3.5.2 Vorming van identiteit deur die *imago Dei*

Van Gelder en Zscheile (2011:121) argumenteer dat die kerk se identiteit deur die *imago Dei* gevorm word. Die beeld van God (*imago Dei*) is nie `n statiese stel individuele eienskappe of `n vaste natuur nie; dit is eerder `n eskatologiese realiteit

wat die kerk se identiteit en missie vorm. Ons verstaan van die mensdom (antropologie) word verryk deur ons verstaan van die verhoudings binne die Drie-eenheid. Volgens kenners soos Grenz, Gunton en Zizioulas (in Van Gelder & Zscheile 2011:121) lê die beeld van God nie in individue *per se* nie, maar in die verhoudings van gelowiges wat in gemeenskap leef. Moltmann (2015:42) sê God is nie 'n God sonder verhoudings nie.

The living God is a being rich in relationships. In God's relationships to the world of those God has created and to their lives, God is experienced as living and as life-giving. In God's relationships to men and women, the living God is experienced both actively and passively. God speaks and God listens. God acts and God suffers. If the relationships are loving ones, then they are liberating; and in spite of all the qualitative differences between God and human beings, they are reciprocal relationships. (Moltmann 2015:42)

Grenz (in Van Gelder & Zscheile 2011:121) argumenteer dat die Gees van God die kerk lei en bemagtig om haar goddelike roeping om 'n sakrament van Trinitariese gemeenskap te wees, te vervul. Dié gemeenskap is 'n tydelike, sigbare teken van die ewige, dinamiese lewe van die drie-enige God. Die kerk, deur die gemeenskap van die gelowiges, verteenwoordig 'n beperkte en voorlopige, maar kragtige blik op wat dit beteken om mens te wees na God se beeld (Van Gelder & Zscheile 2011:121).

3.5.3 Vorming van identiteit deur aanbidding

It is also true of them that worship shapes their identity as Christian churches in this postmodern Western culture by nurturing and sustaining those things in their life and witness that distinguish what is good news about the gospel.

(Hunsberger & Stutzman 2004:111)

Hunsberger en Stutzman (2004:109-113, kyk Moltmann 1992:15) argumenteer dat die kerk geroep is om 'n ander politieke identiteit as die mense rondom haar te hê. Die simbool van die kerk se alternatiewe identiteit is aanbidding ("worship"). In sy mees basiese vorm verwys die Hebreeuse woord vir "worship" daarna om fisies op die grond met jou gesig na onder te val uit respek en eer voor die Een wat regeer.

Die kerk is geroep om God te aanbid en om dit te doen ten aanskoue van die publiek. Die kerk se aanbidding gaan nie om haarself nie, maar om God. Die mense van God aanbid Hom nie sodat hulle iets daaruit kan kry nie. Wanneer hulle Hom eer, word hulle eerder aangemoedig om iets vir God te gee: hul bewondering, hul belydenis, hulle geloof, hul lojaliteit en hul gehoorsaamheid. Deur dit alles word hul identiteit as volk van God gevorm. Hulle word individueel en korporatief gevorm as Christus se dissipels (Hunsberger & Stutzman 2004:110).

Soos wat die Hebreërs die Paasfees in die wildernis gevier het, reflekteer aanbidding wat die gemeente reeds is en dit wat dit besig is om te word. Daarom kan gesê word

God se vrygemaakte volk word gevorm deur hul aanbidding. Aanbidding kan die identiteit van `n Christen-gemeenskap verklaar en aankondig. Die erediens of ander samekomste vir aanbidding staan in skerp kontras met die normale roetines van die dag tot dag lewe van `n bepaalde gemeenskap. Selfs `n kerk se geboue en ander fasiliteite – soos die tabernakel van ouds en die katedrale van Europa - kondig deurlopend en in die publiek die geloofsgemeenskap se teenwoordigheid in die omgewing aan (Hunsberger & Stutzman 2004:111).

3.5.4 Vorming van identiteit deur die doop

Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? (Romeine 6:3)

Volgens Romeine 6:3-11 word Christene in Christus in-gedoop (“into Christ Jesus”). Paulus argumenteer dat hierdie handeling `n transformasie van identiteit en lewe impliseer. Lewe in Christus behels ‘n wedergeboorte, `n nuwe skepping. Dit is nie ‘n private aangeleentheid nie, maar `n publieke deklarasie van ‘n nuwe identiteit en ‘n getransformeerde lewe (Guder 1998:160). Volgens Guder (1998:166) word die wêreld uitgenooi om deel te hê aan hierdie nuwe geloofsgemeenskap waar mens `n nuwe sosiale identiteit ontvang.

Zscheile (2012:9) wys op die vroeë kerk se langdurige, intensieve proses wat nuwe gelowiges moes deurgaan ten einde deel van die geloofsgemeenskap te word.

Entry into the Christian community involved a long and intensive catechetical process that shaped new believers into a baptismal identity that stood in contrast to the norms and values of the surrounding pagan imperial culture. (Zscheile 2012:9)

Gelowiges se identiteit word hervorm en gerestoureer soos wat die Heilige Gees hul in die regte verhouding met die Vader deur Jesus Christus bring, soos wat gelowiges restourasie binne die geloofsgemeenskap beleef en in die krag van die Gees deelneem aan die *missio Dei* (Zscheile 2012:17). Hy (2012:16-17) benadruk die feit dat dit die Heilige Gees is wat verantwoordelik en betrokke by die vorming van dissipels is. “The spiritual life should not be understood as the nonmaterial dimension of human existence, but rather the new identity we have through baptism when we dwell in the power and community of the Holy Spirit” (Zscheile 2012:16-17). Deur die doop heen vind gelowiges hul nuwe identiteit as mense van die nuwe skepping wat vergifnis ontvang het en deel is van `n gemeenskap van hoop (Zscheile 2012:26).

Ridderbos (1979:400) dui aan dat Paulus se beskywings van die doop meestal daaroor gaan dat die persoon wat gedoop word, deel van die liggaam word en dat dié persoon toegang kry tot die lewe wat Jesus verteenwoordig. Die doop bind die mens aan Christus en aan sy manier van lewe.

The function of baptism therefore consists in this, that it incorporates or implants the one baptized into this corporate (“bodily”) unity between Christ and his own (Rom 6:5). For this reason the expression ‘to be baptized into Christ’ in Romans 6:3 and Galatians 3:27 cannot simply be interpreted as an abbreviation of the formula, to be ‘baptized in the name of Christ,’ as is often assumed. Rather, this compressed expression has a more pregnant significance, in that it is the denotation of the union of the one baptized with Christ in this corporate sense and thus with his death, burial and resurrection. It is this meaning of baptism as incorporation into Christ which is denoted in verse 5 by the characteristic expression: “are implanted” (*sympytoi gegonamen*). Believers are implanted or incorporated by baptism into what has taken place with Christ, what is applicable therefor *sui generis* to their own existence. (Ridderbos 1979:403)

Jewett (2013:85) sê om in Christus “in-gedoop” te word dui op ‘n metaforeise manier na die mistiese en korporatiewe aard van die nuwe gemeenskap wat *in Christus* is.

If the Roman believers can understand the deeper meaning of their incorporation into Christ’s death and resurrection, which they had experienced in their conversion and in their love feasts, they will be able to accept one another as fellow children of God, despite their differences. (Jewett 2013:85)

Wright (2008:200) wys daarop dat Paulus dit duidelik maak dat dié mense wat in Jesus Christus glo en deur die doop in Hom geïnkorporeer is, reeds kinders van God is. Newbigin (1989:117) verstaan die doop as ‘n inkorporasie in die dood van Jesus met die gevolg dat die persoon wat gedoop is, deel word en deelneem aan die lewe van die opgestane Christus. Sy argument is dat mens ná jou doop deel word van die missie van Christus – “it is to be baptized into his mission” (Newbigin 1989:117).

3.5.5 Vorming van identiteit deur narratiewe

Baker (2011:28) werk met die Franse filosoof Paul Ricoeur (1991) se term ‘narratiewe identiteit’ en argumenteer vir die bydrae wat tekste kan maak in die vorming van identiteit.

For Ricoeur, identity emerges as one engages a narrative in the three-fold process of prefiguration, configuration, and refiguration. The narrative-identity model presented here builds upon this framework by incorporating the insights of social identity and social memory theorists along with a focus on character and plot from narrative theory. As a heuristic framework, the narrative-identity model is intended to help interpreters better understand the identity-forming capacity and identity-forming process of texts. Moreover, the narrative-identity model focuses on the identity-forming work of the group’s narrative, particularly the prototypical ingroup members from the past that serves as major characters in the group’s formative narrative, and on the process of recategorization in which prototypical ingroup members are

reinterpreted by their presentation in the narrative to help construct a common superordinate identity while allowing subgroups to maintain salient ingroup features. (Baker 2011:28)

Baker (2011:69) glo dat Lukas sy twee-volume narratief met `n spesifieke doel voor oë geskryf het en dit is om `n groep bymekaar te bring wat etniese grense transendeer. Volgens hom (2011:53) is Lukas se gehoor (die mense wat sy twee-volume werk lees én hoor) bekend met die tradisies en gebruikte van Israel, veral die tradisie van `n Dawidiese messias (vgl. 1 Sam 7:5-16; Ps 89).

Within this context, I argue that Luke wrote his two-volume narrative as a foundation story for the early Christian community that would recategorize those of differing opinions about Paul and his mission to the non-Judeans into one superordinate group that transcends ethnicity. Luke begins his recategorization in the first volume by tracing the Christian movement back through its central prototype, Jesus, to the prophets of ancient Israel, David, and Abraham, encouraging members of the authorial audience to understand their shared Christian identity as grounded in the prophetic tradition of ancient Israel, a tradition that is linked with the divine promises made to David and Abraham. (Baker 2011:69)

Baker (2011:55) se argument is dat daar reeds in die Ou Testament, veral by Abraham, Dawid (vgl. Brueggemann 2011:23) en in die profete, klem val op die feit dat God die God van al die nasies is en nie net van Israel nie. Jesus is nie net `n afstammeling uit die lyn van Dawid nie (vgl. Luk 1:26), maar ook van Abraham (Luk 3:23-38). Die leser van Lukas word reeds vroeg in die eerste volume herinner aan die Here se beloftes aan Dawid (Luk 1:32-33), die beloftes aan Abraham (Luk 1:54-55) en dat die Messias “n lig tot verligting van die nasies” (vgl. Luk 2:32; Jes 42:6; Jes 49:6) sal wees. In Handelige 1:8 gee Jesus Christus te kenne dat sy volgelinge getuies sal wees tot in die uithoek van die aarde. Christene uit sowel die Jode as heidendom word in Lukas se werke herinner aan die talle ooreenkomsste en die eenstemmigheid in die boodskap van Jesus, Paulus en Petrus.

By linking Peter and Paul together with Jesus, Luke seeks to establish Peter and Paul as prototypical of a common superordinate identity that encompasses Judean and non-Judean Christ followers while allowing both, particularly the Judeans, to maintain salient features of its identity. (Baker 2011:70)

3.5.6 Identiteitsvorming op `n psigologiese vlak: Erikson en Fowler

Hoewel die navorsingsprobleem op die identiteitsverstaan van gemeentes fokus, is dit tog van waarde om kortlik na die werk van Fowler en Erikson te kyk, omdat hulle saam met Piaget en Kohlberg `n belangrike invloed op die ontwikkelingspsigologie gehad het.

In psychological terms, identity formation employs a process of simultaneous reflection and observation, a process taking place on all levels of mental functioning, by which the individual judges himself in the light of what he perceives to be the way in which others judge him in comparison to themselves and to a typology significant to them; while he judges their way of judging him in the light of how he perceives himself in comparison to them and to types that have become relevant to him. (Erikson 1968:22)

Erikson (1968:23) argumenteer dat identiteitsvorming begin wanneer 'n baba sy moeder kan aanraak en herken en dit is 'n voortdurende én veranderende proses. Dit is 'n proses waarvan al hoe meer mense deel word, soos wat 'n persoon bewus raak van die groeiende getal mense wat 'n betekenisvolle ("significant") rol in sy lewe speel. Dié proses se normatiewe krisis is gewoonlik tydens adolessensie en word bepaal deur dit wat vroeër in 'n persoon se lewe gebeur het. Dit bepaal ook redelik baie wat daarna gebeur.

Min mense het in perfekte huise grootgeword en het perfekte kinderde gehegad. Dit is hier waar godsdiens, as 'n sosiale institusie, vir individue van groot waarde kan wees. Ge-organiseerde godsdiens kombineer die vae beelde van individue se eerste versorgers in kollektiewe beelde van primatiewe supermenslike bewaarders. Dit defineer boosheid sodat die slegte in die lewe beter verstaan kan word en deur periodieke rituele gee dit van tyd tot tyd aan die mens 'n geleentheid om weer te vertrou - by sommige volwassenes sal dit lei tot 'n kombinasie van geloof en realisme (Erikson 1968:23). Godsdiens, deur middel van rituele wat op 'n betekenisvolle manier gekoppel kan word aan die krisisse van die lewe, dra by tot die heel wording van die mens (Erikson 1968:83).

Our commitments and trusts shape our identities. (Fowler 1981:18)

Fowler se teorie kan hierdie navorsing help om die patronen en dinamika van wat aan die gebeur is, beter te verstaan en dit kan ons help om sin te maak van dit wat rondom ons gebeur. Dit wat wetenskaplikes en ander psigoloë deur navorsing oor mense ontdek, is primêr volgens Nel (2001b:142) ter wille van die heel wording van die mens.

Fowler (1981:18) argumenteer dat ons verbintenisse ("commitments") en dit waarin ons ons vertroue plaas, ons identiteit vorm (vgl. Wright 1982:169). Dit bepaal, en word bepaal, deur die gemeenskappe waarby ons aansluit. Met verwysing na Jesus se woorde in Matteus 6:21 – "Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees" - word ons deel van dit wat ons liefhet en vertrou (Fowler 1981:18). Ons stel iets wat transcendente waarde het, hoog op prys en in 'n wêreld waarin kragtige magte aan die werk is, belê ons ons lojaliteit en stel ons ons vertroue in magte wat ons in die lewe kan help en ons kan ondersteun.

In sy onafhanklike voortsetting van Niebuhr se werk onderskei Fowler (1981:19-21) drie geloofsidentiteits relasies. Die eerste relasie noem hy die politeïstiese relasie

waar `n patroon van geloof en identiteit nie `n (een) voldoende transendentale waarde of krag besit wat `n mens se lewe kan rig en fokus nie. Dié tipe mens stel belang in verskillende uitdrukkings van waarde en mag, maar langtermyn verbintenisse word nie gemaak nie.

Most of us are more polytheistic than we might like to think. The practical impact of our consumer society's dominant myth – that you should experience everything that you desire, own everything you want and relate intimately with whomever you wish – is to make the polytheistic pattern, in either its protean or diffuse form, seem normative. (Fowler 1981:19-20)

Die tweede patroon word *henoteïsme* (Grieks, *heno* = 'een' + *theos* = 'god'). Waar politeïsme 'baie gode' sou beteken, beteken henoteïsme vertroue en lojaliteit in en aan 'een god'. Die henoteïstiese god is egter `n afgod waar waarde geheg word aan iets (bv. `n beroep) wat nie voldoende of volhoubaar is nie.

I shall use this term *henothetic* to characterize a pattern of faith and identity in which one invests deeply in a transcendent center of value and power, finding in it a focal unity of personality and outlook, but this center is inappropriate, false, not something of ultimate concern. (Fowler 1981:20)

Die derde patroon wat Fowler (1981:21) identifiseer, beskryf hy as radikale *monoteïsme*.

By it I shall mean a type of faith-identity relation in which a person or group focuses its supreme trust and loyalty in a transcendent center of value and power, that is neither a conscious or unconscious extension of personal or group ego nor a finite cause or institution. Rather this type of monothelism implies loyalty to the *principle of being* and to the *source and center of all value and power*. (Fowler 1981:23)

3.6 Samevatting: Identiteit

Die missionale gemeente se identiteit word deur die drie-enige God geskenk. Dié identiteit is korporatief, relasioneel en dinamies en word deur Hom geïnisieer. Missionale gemeentes moet hul identiteit herontdek en terugwin. Hierdie herontdekking sal sin in gemeentes se lewe bring soos hul al hoe meer word wie hul reeds *in Christus* is. Geloofsgemeenskappe kan hul Bybelse erfenis deur `n kritiese en kreatiewe proses van herinterpretasie terugkry soos hulle terugkeer na `n diep studie van hul identiteit om te ontdek wat dit beteken om `n missionale kerk te wees. Missionale gemeentes moet as beginpunt leer hoe om deel te neem aan God se missie, ten einde hul nuwe identiteit te ontdek. Gemeentes moet hul identiteit, hulself en hul roeping verstaan en `n vaste greep kry oor wie hulle is en wat hul roeping is. `n Sterk korporatiewe identiteitsverstaan is waarskynlik die belangrikste kriteria vir die stabiliteit van `n missionale gemeente.

Naas die aanvaarding daarvan dat identiteit deur God aan `n gemeente geskenk word en dat dié identiteit herontdek, terugwin en verstaan moet word, moet missionale gemeentes hul identiteit verdiep. Die uitdaging vir die kerk in `n post-Christendom wêreld lê daarin om opnuut haar identiteit te herwin en te verdiep. Hierdie identiteit moet in die lig gesien word van God se sending in die hele skepping (*missio Dei*).

Die missionale kerk se identiteit word onder andere gevorm deur die heerskappy van God, diebeeld van God, aanbidding, die doop en narratiewe. Die kerk se missionale roeping lê daarin dat sy geroep en gestuur is om die heerskappy van God te verteenwoordig en dié roeping fokus op die lewe en boodskap van Jesus wat gesentreer is in sy aankondiging dat die heerskappy van God sowel teenwoordig ("already") maar nog nie heeltemal ("not yet") is nie. Die drie-enige God is `n missionale God wat die kerk as `n gemeenskap in die wêreld instuur om die heerskappy van God te verteenwoordig ten aanskoue van die wêreld. Dié gemeenskap is `n tydelike, sigbare teken van die ewige, dinamiese lewe van die drie-enige God. Die kerk, deur die gemeenskap van die gelowiges wat in Christus gedoop is, verteenwoordig `n beperkte en voorlopige, maar kragtige blik op wat dit beteken om mens te wees na God sebeeld. Die beeld van God (*imago Dei*) is nie `n statiese stel van individuele eienskappe of `n vaste natuur nie. Dit is eerder `n eskatologiese realiteit wat die kerk se identiteit en missie vorm.

In aanbidding word gelowiges aangemoedig om iets vir God te gee: hul bewondering, hul belydenis, hulle geloof, hul lojaliteit en hul gehoorsaamheid. Deur dit alles word hul identiteit as volk van God gevorm. Laastens is daar gekyk na die bydrae wat narratiewe, soos Bybeltekste, kan maak in die vorming van `n kollektief se identiteit.

3.7 Patrone en empiriese aanduidings van `n missionale gemeente

Wanneer daar gewerk word met die normatiewe taak, is dit die moeite werd om te let op die *The Gospel and Our Culture Network* (Gibbs & Coffey 2001:56) se twaalf empiriese aanduidings van `n missionale kerk, sowel as die agt patronen wat deur Lois Barret (2004) en haar span in die boek *Treasure in clay jars* geïdentifiseer is. Gibbs en Coffey se twaalf aanduidings word in hierdie afdeling weergegee.

Voordat daar na die twaalf aanduidings gekyk word, volg `n kort opsomming van nege eienskappe van die vroeë kerk soos weergegee deur Noort et al. Ten spyne van heelwat konflik, debatte en twisgesprekke in die eerste drie eeuë van die kerk se bestaan, verwys Noort et al. (2004:38) na die volgende nege eienskappe as gemene delers van die vroeë kerk: Eerstens was die kerk wagtend op Jesus en het hulle `n vurige verlange gehad na die nabye koninkryk van God. Tweedens was die hele geloofsgemeenskap `n hoopvolle *ekklesia* wat geïnspireer is deur die Heilige Gees en gerig was op Christus. In die derde plek was daar `n oortuiging dat die heerskappy van God in die optrede van Jesus begin is. Vierdens was daar `n sterk

gerigtheid om mense vir Christus te wen. Daar was `n tradisie om periodiek in die huis van `n gemeentelid saam te kom vir die nagmaal. In die sesde plek het die taal van die geloofsgemeenskap hul verhouding tot mekaar uitgedruk, maar daar was ook `n "taal van verschil" om aan te dui dat nie almal deel van hierdie familie was nie. In die laaste plek is daar uit die Joodse bronne, die boeke van Moses en uit die profete gelees en daar is verbindinge in dié skrifte ontdek wat die mense tot nuwe insigte in Jesus Christus gelei het (Noort et al. 2008:28; vgl. Meeks 1983 vir omvattende inligting met betrekking tot die eerste Christene).

3.7.1 Dit is `n kerk wat die evangelie verkondig

The continual conversion of the church happens as the congregation hears, responds to, and obeys the gospel of Jesus Christ in ever new and more comprehensive ways. Or, to put it more succinctly: If evangelization is the heart of mission, then evangelization must be the heart of ministry. (Guder 2000:150)

Die middelpunt of kern van die *missio Dei* is evangelisasie: die kommunikasie van die evangelie (Guder 2000:49). Die goeie nuus is gewortel in God se liefdevolle, reddende, versoenende en vervullende self-openbaring. Die inkarnasie van Jesus is die klimaks van die self-openbaring (Guder 2000:2). Wat die evangelie waarlik goeie nuus maak, is dat die Jesus-gebeure die uitkoms van God se besluit was om die gebroke skepping te herstel (Guder 2000:49).

Newbigin (1994:13) voel baie sterk daaroor dat elke gemeente, maak nie saak hoe klein of swak nie, `n aandeel daarin moet hê om die evangelie tot in die uithoeke van die aarde uit te dra. Hy argumenteer dat elke gemeente deel moet neem aan buitelandse sending, juis omdat dit deel is van die integriteit van die evangelie. Ons kan nie Christus as die Here van alle mense bely as ons net daarop fokus om sy getuies teenoor ons bure te wees nie. Gibbs & Coffey (2001:167, kyk Gittens 2008:42) sê die uitdaging vir die kerk is om haar dinamiese oriëntasie van sentripitale na sentrifigale te verander. "In other words, the church must be not only inviting but infiltrating the groups it seeks to introduce to the Saviour" (Gibbs & Coffey (2001:167).

Guder (2000:26) argumenteer ook die ander kant van die munstuk wanneer hy groot klem daarop lê dat die evangelie ook in die kerk aan gelowiges verkondig moet word.

We need to free our language and our thinking from the idea that evangelistic ministry is only directed to nonbelievers. The New Testament, as I have stressed, addressed to believers from beginning to end, and it evangelizes at every turning. Evangelizing churches are churches that are being evangelized. For the sake of its evangelistic vocation, the continuing conversion of the church is essential. (Guder 2000:26)

Guder is eerlik genoeg wanneer hy erken dat hy vir jare gedink het dat die Nuwe Testament nie evangeliese materiaal bevat nie. Hy het aanvaar dat die skrywes van die Nuwe Testament aan gelowiges gerig is, maar hy het sy opinie verander en soos hy tereg opmerk, dit hang af van hoe mens 'n evangeliese bediening definieer. "Now, based on the theology of evangelistic ministry that will seek to develop in this book, I would say that the New Testament is evangelistic from beginning to end" (Guder 2000:1). Sweet (2001:60) se opmerking dat liefde 'n voorvereiste vir evangelisasie is (vgl. Joh 13:34) verduidelik dalk hoekom die kerk so sukkel met dié taak.

Met verwysing na Paulus se woorde in Romeine 15:23 ("Maar nou is daar vir my in hierdie streke nie meer 'n nuwe arbeidsveld nie...") skryf Newbigin (1989:121) dat Paulus seer sekerlik nie al die mense van Jerusalem tot aan die uithoek van die wêreld bekeer het nie. Newbigin se argument is dat Paulus die evangelie ten volle verkondig het en dat hy oraloor kerke geplant het wat dié verkondiging gaan voortsit. "He has, in his own words 'fully preached the gospel' and left behind communities of men and women who believe the gospel and live by it" (Newbigin 1989:121).

Die evangelie moet regoor die wêreld verkondig word want die ware betekenis van die mens se storie is geopenbaar. Omdat dit die waarheid is, moet dit universeel verkondig word. "So the logic of mission is this: the true meaning of the human story has been disclosed. Because it is the truth, it must be shared universally" (Newbigin 1989:125).

Dieselfde argument met betrekking tot die verkondiging van die evangelie word ook in die Rooms-Katolieke kerk gehoor waar Bevans (2015:8; kyk XIII Ordinary General Assembly of the Synod of Bishops, *Instrumentum Laboris*, of the new evangelization for the transmission of the Christian faith, preface, 23, 45, 62) klem op die dringendheid van die opdrag plaas en verwys na die *instrumentum laboris* wat die kerk aanmoedig om vreesloos te getuig.

In the *instrumentum laboris* we read that 'our institutions need to adopt a bold and even 'apologetic' approach and seek ways of publically affirming their faith, fearlessly and with a clear sense of pastoral urgency. The *instrumentum laboris* quotes Pope Benedict's conviction that there is in the church an 'educational emergency' due to the individualism and secularism of the age. (Bevans 2015:8)

3.7.2 Dit is 'n gemeenskap waar al die lede voortdurend leer om dissipels van Jesus te word

The missional church is a community in which all members are involved in learning what it means to be a disciple of Jesus. (Barrett 2004:xii)

Hirsch en Ferguson (2011:133) sê wanneer 'n kerk nie mense uitnooi om dissipels van Jesus te word en om op 'n konstante basis sy juk op te neem nie, doen die kerk

nie wat sy moet doen nie. Op `n persoonlike sowel as `n korporatiewe vlak is die roeping van die kerk om in, uit en van God in Christus te leef en om al hoe meer soos Hy te word. Hirsch en Ferguson (2011:70) se argument is dat elke lid van die kerk geaktiveer moet word om sy of haar God-gegewe roeping as agent van die Koning uit te leef. Indien dit nie gebeur nie, is die kansie nie baie goed dat die kerk `n dinamiese beweging gaan wees nie. “If we don’t disciple people to be like Jesus, not only is our witness distorted, but also we can never hope to develop Christlike leaders” (Hirsch & Ferguson 2011:70).

Hiebert en Meneses argumenteer dat sowel evangelisasie as dissipelskap baie belangrik is en dat die kerk albei nodig het.

Evangelizing and discipling.” We need them both. The first without the second leads to weak, immature churches poorly grounded in faith. The second without the first leads to ingrown, pharisaical churches that die in their self-centeredness. (Hiebert & Meneses 1995:374)

Die aktiwiteit wat in die Nuwe Testament as ‘evangelisasie’ en ‘evangelisering’ gedefinieer word, het gefokus op die kommunikasie van die evangelie sodat mense daarop kan reageer en volgelinge van Jesus Christus word (Guder 2000:12).

Oden (2015:5) dink na oor die transformerende krag van die kerk en argumenteer dat die kerk veral transformerend is wanneer die lewe van Christus meer sigbaar in die lewens van lidmate word. Volgens hom moet die kerk doelbewuste pogings aanwend om mense te ontwikkel sodat die lewe van Christus al hoe meer deur hul lewens reflekteer word. In die tweede plek moet hierdie nuwe lewe die grense van die kerk oorskei sodat gelowiges, waar hulle ook al is, op só `n manier lewe dat Christus se lewe gereflekteer word. Sy basis-argument is dat gelowiges in die kerk *word* wat hulle in die wêreld moet wees: “We become in the church who we are to be in the world” (Oden 2015:5). Wanneer dit gebeur, reflekteer die geloofsgemeenskap die lewe van die individuele gelowiges en die individuele gelowiges reflekteer die identiteit van die geloofsgemeenskap (Oden 2015:261). “They, it seems, became in the church who they were to be in the world, a community and a people who reflected the work and identity of Christ in all of life” (Oden 2015:262). Volf (2006:6) sê God het die mens gemaak om sy eie Trinitariese wese (“God’s own truine being”) te reflekteer. Die mense se taak is nie om te doen wat God gedoen het nie, maar om binnegedring te word deur Hom en om te vier en aan te kondig wat Hy gedoen het, wat Hy doen en wat Hy gaan doen.

3.7.3 Die Bybel is normatief in die lewe van die kerk

“Revival” is not a program we can put on a calendar and post on a banner hung out in front of a church. But we can start with what God has given us: the Biblical witness. We can ask Scripture the questions that will open us up to a reviving encounter with the gospel. We can ask Scripture what a gospel-centered church looks like and how it functions. (Guder 2000:151)

Barret (2004:xii, kyk Newbigin 1986:55) neem waar dat die Bybel normatief in die lewe van die missionale kerk is en dat Bybelse vorming van groot belang vir lidmate is. Van Gennep (1989:289) argumenteer dat hoe meer `n mens jouself in die Bybel verdiep, hoe meer aktueel word die Bybel.

Zij geeft uiting aan haar verlangen om door studie de bijbel op een nieuwe en verrassende wijze te leren kennen en zich door deze bijbelse heroriëntasie eveneens een nieuw zicht te verwerven op de nood van onze tijd. (Van Gennep 1989:289)

Roxburgh (2005:13) argumenteer dat daar meer met die Bybel omgegaan moet word om praktyke te ontdek wat normatief vir die kerk in die 21ste kan wees. "The church is to be formed around beliefs and practices discovered through interaction with scripture and not primarily derived from the particular culture in which it is found" Roxburgh (2005:13). Hybels (2014:19) moedig gelowiges aan om al hoe meer tyd met die Bybel deur te bring. Hy pleit vir tyd saam met God waar daar Bybel gelees, gemediteer en geluister word ten einde inspraak van Hom in ons lewens te kry. "When you are in that chair and you're in a right relationship with God, it secures your identity. It simplifies your agenda" (Hybels 2014:19). Hy argumenteer dat gelowiges wat verbonde aan God is, geborg is in hul identiteit as seuns en dogters van Hom is (Hybels 2014:19).

Andrew Walker (in Walker & Parry 2014:viii) wys op `n skeuring in die kerk wat in dieselfde asem as die skeurings van 1054 en 1517 genoem word.

The third schism – unlike the split between the Orthodox East and the Catholic West and between Protestants and Catholics in the Reformation of the West – undermines the very basis of Christian faith in its denial of the Trinity, incarnation, and the resurrection, and in its treating Scripture as an object of scientific inquiry rather than a sacred text. (Walker & Parry 2014:viii)

Walker se betoog is dat daar teruggekeer moet word na die hart van die Christelike geloof – dat Jesus die Here is – en dat die evangelië herstel ("recover") moet word.

This recovery is essential for the future of the church and the world: we are not going to be saved by a purpose-driven church or any gnostic substitute – the power of positive thinking *a la* Norman Vincent Peale looms even larger in our consumer-driven society. (Walker in Walker & Parry 2014 ix)

Om die evangelië te herstel moet die kerk gevind word.

Ecclesiology is the Achilles heel of Evangelicalism. When we have put missiology back to where it belongs – in the church – we will discover the true source of mission and truth. But our confidence in the gospel as the foundation of faith and the source of conversion is not a model of success. We are bearers and keepers of the flame: in short we are called to be faithfull disciples, not conquerors. (Walker in Walker & Parry 2014:ix)

Walker en Parry argumenteer vir wat hulle “deep church” noem - `n manier van kerkwees wat sowel `n eksistensiële as historiese werklikheid is.

The historical reality rests upon two givens: first, the very fact of God’s self-revelation to the world in the person of his Son; and second, the institution by the Son of his church. This historicity – of revelation and institution – has bequeathed to the people of God a living memory of what God has wrought on the cross for our salvation, and what he has continued to do in time through the operation of the Holy Spirit in the church (which is the main focus, though not the locus, of God’s presence in the world). (Parry in Walker & Parry 2014:14)

Walker en Parry (2014:14) argumenteer dat die kerk haar eie storie vergeet het en dat dit gemaak het dat die kerk deels haar identiteit verloor het. “The recollecting and retelling of our story – our *anamnesia* – is to reach down to the very core of who we are as Christians so that we may recover our identity as the people of God.” Volgens hulle (Walker & Parry 2014:16) is die tyd nie net ryp vir “deep church” nie: dit is `n ekklesiologiese én `n missiologiese imperatief waar die kerk haarself moet anker in die lewende waters van die Gees (vgl. Joh 4:14) en waar daar teruggekeer moet word na die hart van die evangelie van Jesus Christus (2014:3).

3.7.4 Die kerk verstaan haarself as anders as die wêreld vanweë haar deelname in die lewe, dood en opstanding van die Here

Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood. (Fil 3:10)

Die kerk, as `n teken, getuie en voorsmaak van die heerskappy van God moet as `n kontras-gemeenskap, in die midde van die buurt leef (Roxburgh & Boren 2009:71, vgl. Pasveer 1992:150; Barret 2004:xiii). Wright (2008:200) sien mense wat gered word as `n teken en `n voorsmaak van dit wat aan die kom is. Deur Sy Gees lei God mense tot geloof en Hy lei hulle in dissipelskap, gebed, heiligmaking, hoop en liefde. Hierdie mense is die teken van dit wat die Here met die hele kosmos wil doen. “What’s more, such people are not just to be a sign and foretaste of that ultimate salvation; they are to be *part of the means by which* God makes this happen in both the present and the future” (Wright 2008:200).

Guder (2000:61) skryf dat gestuurdes, individueel sowel as korporatief, se lewens getransformeer moet word. “They are to become an ‘alternative colony’ or ‘resident aliens’ because ‘as they no longer belong to themselves, they no longer belong to human society,’ although they do no cease to be part of it” (Guder 2000:61). Roxburgh (2005:13, vgl. Roxburgh & Boren 2009:103) pleit dat die weë van die kerk in skerp kontras met die wêreld s’n moet wees. “The ways of the church are to be a contrast to the ways of the world – it is intended to be strikingly different from the immediate society around it.” In die 1970’s het Moltmann (1975:3) geskryf van die

snel pas van verandering en gesê dat teologie wat probeer om 'n "kontekstuele teologie" te wees dikwels soos 'n verkleurmannetjie is wat die kleur van sy omgewing aanneem. "This 'chameleon theology' is no better than a fossil theology, for a chameleon changes the color of its skin in order to adapt itself and hide among the leaves" (Moltmann 1975:3). Christelike teologie moet egter nie aanpas om weg te kruip nie, intendeel, in tye van verandering moet dit huis sy uniekheid openbaar. "Christian theology should rather be an 'anti-chameleon theology,' and that means displaying colors which contrast with its environment" (Moltmann 1975:3).

Dit is net waar Christus regeer en waar die kerk net na sy stem luister waar die kerk by haar waarheid uitkom, vry word en 'n vrymakende krag in die wêreld word (Moltmann 1977:5). "The Lordship of Christ is the church's sole, and hence all-embracing, determining factor. It can neither be shared nor restricted. This is why Christianity's obedience to this liberating lordship is all-embracing and un-divided" (Moltmann 1977:5).

Wanneer gelowiges die nagmaal gebruik, dink hulle aan die Here se kruisdood en sy opstanding (vgl. 1 Kor 11:23-26). Bosch (1994:82, vgl. Moltmann 1992:65, kyk Bonhoeffer 1967:186) verwys na die kruis as die waарmerk ("hallmark") van die kerk – toe die opgestane Christus aan sy dissipels verskyn het, was sy wonder die bewys van sy identiteit (vgl. Newbigin 1986:124). Die dissipels het as gevolg van sy wonder geglo (Joh 20:20). Bosch (1994:82) se vraag is of die wêreld tot geloof sal kom as hulle nie die wonder van die kruis aan Christene se lewe sien nie.

Met verwysing na ontluikende kerke ("emerging churches") skryf Gibbs en Bolger (2005:235) dat dié tipe kerk 'n nuwe uitdrukking van kerk is ("a new expression of church"). "The three core practices are identifying with the life of Jesus, transforming secular space, and commitment to community as a way of life" (Gibbs en Bolger 2005:235). Burger (2011:197) verstaan Jesus se heerskappy en sy koningskap in die eerste plek as 'n aanbod en nie as 'n waarskuwing nie. In die kerk se doen en late moet die wêreld die wagtende God se verlange sien en alle mense moet hoor van God se liefde vir ons, dat hy op soek is na ons en dat die prys vir ons tuiskoms en herstel reeds betaal is.

3.7.5 Die kerk poog om God se spesifieke missionale opdrag vir die hele gemeenskap en vir al haar lede te onderskei

Jesus as the incarnate Good News took on the particularity of his context. But even in his particularity, he retained his universal relevance. (Van Gelder 2007a:62)

Die missionale kerk is op soek na God se spesifieke roeping vir die hele gemeenskap, maar ook vir al die lidmate. "The congregation is discovering together the missional vocation of the community. It is the beginning to redefine 'success' and 'vitality' in terms of faithfulness to God's calling and sending" (Barret 2004:xii, vgl. Niemandt 2007:84). Die kerk het haar 'sending' prioriteit gemaak en die kerk poog

om te doen wat God van haar verlang. “The church has made its ‘mission’ its priority, and in overt and communal ways is seeking to be and do ‘what God is calling us to know, be, and do” (Hobbs in Barret 2004:160).

Ott (2016:3) verwys na Johannes 20:21 waar Jesus sy dissipels stuur soos wat die Vader hom gestuur het en vra dan die vraag wat dié gestuurdeheid alles inhoud. Ott (2016) stoei met dié vraag en worstel met presies wat die sending (“mission”) van die kerk is. Hy (Ott 2016:3) argumenteer dat wanneer daar oor die sending van die kerk gepraat word, gaan dit oor die kerk se verhouding met die wêreld en die doel waarvoor God sy kerk (sy mense) in die wêreld instuur.

At a deeper level we must also explore the ways in which the very nature of the church is defined by its relationship to the Triune God, who is a missionary God. What precisely is the missionary nature of the church? What are those purposes for which God sends the church into the world, and how is the church to fulfill them? In what ways is the church to be an agent or sacrament of God’s redemptive purposes for the world? (Ott 2016:3)

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het drie ontwikkelings in die ekumeniese beweging `n groot invloed in die kerk se verstaan van sending gehad. In die eerste plek is die kerk se sending begrond in die *missio Dei*. Tweedens was daar `n bewussyn van die globale aard van die kerk en die skuif van “missions” (meervoud) na “mission” (enkelvoud). En derdens het `n vars visie vir die missionêre aard van die kerk in `n missionale ekklesiologie ontstaan (Ott 2016:6).

3.7.6 Christene gedra hulle soos Christene teenoor mekaar

Acts of self-sacrifice on behalf of one another both in the church and in the locale characterize the generosity of the community. (Hobbs in Barret:2004:160)

As die kerk `n evangelie van transformasie verkondig, moet daar bewyse wees van hoe transformasie lyk. “The Bible, in stark contrast , is passionately concerned about what kind of people they are who claim to be the people of God. If our mission is to share good news, we need to be good news people” (Wright 2010:30, kyk Moltmann in Runyon 1979:31, Bosch 1994:42,58).

Nel (2015) wys daarop dat die brieue in die Nuwe Testament nie die woord ‘dissipels’ gebruik wanneer daar oor die gemeente gepraat word nie. Die woord wat gebruik word, is ‘heiliges’ (saints) (vgl. Rom 1:7, 1 Kor 1:1, Ef 1:1, Fil 1:1, Kol 1:2). Of soos Moltmann (1977:66) tereg opmerk: “Without Christ, no church.” Twee jaar later argumenteer hy (Moltmann in Runyon 1979:32) met verwysing na Fil 2 dat Christene se lewe dié van Christus moet reflekteer – `n nederige kneg wat daar is om almal te dien.

3.7.7 Die kerk is `n gemeenskap waar versoening geleef word

‘n Gemeente is `n relasionele eenheid. Dit is geskep en word voortdurend deur God herskep binne `n liefdesverhouding. Rekonsiliasie, as `n relasionele konsep, is wat in missionale gemeentes gebeur. Die bedieninge vat die relasionele wese van die gemeente baie ernstig op (Nel 2015:73, kyk Moltmann in Runyon 1979:27).

Hobbs (in Barret 2004:161) voer aan dat `n missionale gemeente `n gemeenskap is wat rekonsiliasie beoefen en verby homogeniteit na `n meer heterogene gemeenskap beweeg. Gibbs en Coffey plaas klem op rekonsiliasie as die uitkoms van aanbidding.

The outcome of worship is threefold: reconciliation with God and with one another; inspiration through the awareness of God with us in word, sacrament and saving signs; and transformation that results from the encounter with the divine. (Gibbs & Coffey 2001:177)

3.7.8 Die mense binne die gemeenskap hou hulself in liefde toerekeningsvatbaar teenoor mekaar

Hobbs (in Barret 2004:161) wys daarop dat gelowiges van missionale kerke baie tyd saam met mekaar deurbring met die doel om in liefde ‘na mekaar’ te kyk. Niemandt (2007:83) wys op die belangrikheid van `n verbintenis tot kerkwees waar onderlinge verantwoordelikheid teenoor mekaar vereis word. Dit is iets wat in liefde geskied om mekaar te hou aan die kernwaardes en lewenstyl van mense wat sout vir die aarde is. Groeschel (2015) plaas klem op die waarde van mede-gelowiges wat mekaar toerekeningsvatbaar hou veral ten opsigte van die gebruik van die internet en sosiale media.

3.7.9 Die kerk is gasvry

“Het ‘kristallisatiepunt’ van elke gemeente is de maaltijd. Hier word brood gebroken en gegeten, wijn gedronken, gebeden, gesproken en gezongen. Christen-zijn is regelmatig samen eten, met samezang en onderling bevestiging van elkaars geloof. Het gaat om samekommen in de naam van Jezus en leven in een diep besef van zijn aanwezigheid.” (Noort et al. 2008:38)

In missionale kerke word moeite gedoen om die vreemdeling in die groep te verwelkoming. Gasvryheid speel `n sentrale rol in missionale kerke (Hobbs in Barret 2004:161, vgl. Niemandt 2007:94-97).

Gibbs en Bolger (2005:229) verwys na die sentrale plek wat in sommige “emerging churches” aan die altaar of nagmaalstafel gegee word. Die gemeenskap van die gelowiges is saam om `n maaltyd te geniet. Dit dien onder andere as `n aanbod van gasvryheid waar gelowiges ander uitnooi om aan die fees deel te neem. In “emerging churches” word daar nie aldag meer gepreek soos in hoofstroom-kerke

nie en in dié geval eet iemand saam met jou (in teenstelling met `n hoofstroom-kerk waar daar gewoonlik met jou vanaf die preekstoel gepraat word).

Roxburgh (2011:144) met verwysing na Jesus se sending van die 72 wys op die etenstafel as `n simbool van waarheen God met die skepping op pad is. Hy argumenteer dat dit ook meer as net `n tafel is – dit is `n sakrament wat ons laat deel in die lewe van God.

3.7.10 Aanbidding is die sentrale handeling waardeur die gemeenskap met vreugde en dankbaarheid God se teenwoordigheid, maar ook Sy beloofde toekoms vier

Worship is not merely a time to speak corporately *about* God, but a time to speak directly *to* God and hear *from* God. When God speaks and is truly heard, our minds are enlightened and our lives are impacted. (Gibbs & Coffey 2001:176)

In hul navorsing verwys Gibbs en Bolger (2005:228) na die simboliese aspekte van aanbidding wat `n sentrale plek inneem, met Gibbs en Coffey (2001:178-179) wat klem lê op kerkgangers wat van God wil hoor: “They want to engage in the Christian story. They want a message that is unavailable elsewhere...As a respite from the frenzy and clamour of life, people of all ages are looking for times of calm, quiet and stillness to create a space where they can wait on God and recentre their fragmented and conflicted lives.”

Moltmann (2015:191) skryf dat die opgestane Christus `n nimmereindigende fees van die lewe maak. Hy (2015:192) verwys na die woorde van die kerkvader Atanasius, Biskop van Alexandrië, wat gesê het: “Christ, risen from the dead, makes the whole of human life, a festival without end.” Christene se aanbidding was van die vroegste tye `n aanbiddingsfees, want dit het Christus se opwekking uit die dood gevier. Aanvanklik is dié fees op die eerste dag van die Joodse week met die nagmaal gevier.

Easter begins with a feast, for Easter is a feast and makes the life of those who celebrate it a festal life. Both are important: one can encounter the glory of God, which appears in the raising of the crucified Christ, only with profound astonishment and can only celebrate the victory of life as a festivity.

(Moltmann 2015:192)

Jesus het die teenwoordigheid van God, wat hy verteenwoordig en geleef het, met die feesvieringe van `n huwelik vergelyk.

His earthly life was a festal life, even if it ended in suffering and death. How much more must the early Christians have understood his raising from the dead and the presence of the now-exalted Christ as the beginning of an unending joy and a happiness without end. (Moltmann 2015:192)

3.7.11 Die kerk is `n gemeenskap met `n belangrike publieke getuienis

The church makes an observable impact that contributes to the transformation of life, society, and human relationships. (Hobbs in Barret 2004:161)

Roxburgh (2005:13, vgl. Newbigin 1986:124; Ott 2016:5; kyk Newbigin 1991:64) sê dit was God se bedoeling dat die gemeente `n teken, getuienis en `n voorsmakie moet wees van dit waarna God die hele skepping deur Jesus Christus na Hom toe nooi.

Vier jaar later argumenteer Roxburgh en Boren (2009:71; vgl. Moltmann in Runyon 1979:38) dat die Griekse woord wat die Bybel vir 'kerk' gebruik, die woord *ecclesia* is. Dit was nie `n godsdienstige woord nie, maar eerder `n politieke woord wat iets soos 'publieke samekoms' beteken het. Christene het hierdie woord gekies want hulle het hulself en die kerk as `n publieke teken gesien. Cilliers (2004:235) verwoord dit só: "Hierin lê die geheim van die identiteit van die kerk. Ons kán nie, mág nie, iets anders wees wat ons is nie. `n Hand, `n vinger, `n getuienis..."

3.7.12 Daar is `n erkenning dat die kerk `n onvolledige uitdrukking van God se heerskappy is

Die persepsie bestaan dat die missionale kerk iewers heen op pad is en dat die 'iewers' `n meer getroue weergawe sal wees van hoe dit is waar God regeer (Hobbs in Barret 2004:161, vgl. Newbigin & Wainwright 2003:27). Die missionale kerk is dus `n onvolledige uitdrukking van die heerskappy van God, maar dit word, hoe langer hoe meer, wat God wil hê sy moet wees. Newbigin en Wainwright (2003:27) argumenteer dat die kragte van die nuwe era in Christus aan die werk is en dié wat Hom aanneem, in die sfeer van die krag van die koninkryk kom.

Wright (2008:201) verstaan die koninkryk van God as die soewereine wil van God wat die wêreld stadig maar seker binnedring. Met verwysing na die Onse Vader sê Wright (2008:201) dat gelowiges steeds moet bid: "...laat U koninkryk kom".

This, as we have seen, is what the resurrection and ascension of Jesus and the gift of the Spirit are all about. They are designed not to take us away from this earth but rather to make us agents of the transformation of this earth, anticipating the day when, as we are promised, 'the earth shall be full of the knowledge of the Lord, as the waters cover the sea'. (Wright 2008:201)

Wanneer Jesus aan die einde van die Matteus-evangelie aan sy volgelinge verskyn, verklaar Hy dat alle mag in die hemel *en op die aarde* aan Hom gegee is. Die koninkryk van die wêreld het die koninkryk van God geword waar die Messias vir ewig sal regeer. Die punt van Matteus, Markus, Lukas, Johannes en Handelinge is dat dit reeds begin het (Wright 2008:201).

Heaven's rule, God's rule, is thus to be put into practice in the world, resulting in salvation in both the present and the future, a salvation that is both *for*

humans and, *through* saved humans, for the wider world. This is the solid basis for the mission of the church. (Wright 2008:205)

3.7.13 Samevatting: patronen en empiriese aanduidings van 'n missionale gemeente

'n Missionale gemeente is 'n gemeente wat die evangelie, wat gewortel is in God se liefdevolle, reddende, versoenende en vervullende self-openbaring in Jesus Christus, verkondig. Lidmate van missionale gemeentes is dissipels van Christus wie se lewens Hom toenemend reflekteer. Die Bybel is normatief in 'n missionale gemeente en die geloofsgemeenskap leef as kontras-gemeenskap binne hul konteks as teken, getuie en voorsmaak van die heerskappy van God. Die missionale kerk is aktief soekend na God se spesifieke roeping vir die hele gemeenskap, sowel as vir individue. As dissipels wat die moontlikheid van transformasie verkondig, gedra Christene hulle soos Christene teenoor mekaar en leef versoening uit. Onderlinge verantwoordelikheid word teenoor mekaar vereis, klem word op gasvryheid geplaas en deur aanbidding word God se teenwoordigheid, maar ook sy toekoms gevier. Die geloofsgemeenskap het 'n belangrike publieke getuienis, maar daar is 'n erkenning dat die kerk 'n onvolledige uitdrukking van God se heerskappy is.

3.8 Die aard en doelwit van die kerk se sending

Om die vraag te beantwoord oor wat die presiese aard en doelwit van die sending ("mission") van die kerk in die wêreld is, het Ott (2016) in gesprek getree met vyf navorsers uit verskillende denominasies met verskillende agtergronde, te wete Bevans, Guder, DeBorst, Rommen en Stetzer.

Bevans (2016:30-46) sê die afgelope dekade is al hoe meer stemme in die Rooms Katolieke kerk gehoor wat die kerk se sending ("mission") as profetiese dialoog ("prophetic dialogue") sien. Hierdie benadering beklemtoon die feit dat sending met 'n 'dialoog-houding' gedoen moet word. Dit impliseer gesprek waar 'n houding van openheid, kwesbaarheid en leerbaarheid aanwesig is. Bevans se argument het ook 'n ander kant en hier word die kerk se profetiese rol benadruk. Die kerk se profetiese taak sluit in getuienis oor en verkondiging van Jesus Christus, sowel as om hoop te bring in 'n gewelddadige en komplekse wêreld én om enige vorme van ongeregtigheid te konfronteer.

Guder (2016:47-64) argumeert dat die kerk geroep is om die *missio Dei* te dien deur getuies van Christus te wees. Dié roeping definieer die kerk se doel en haar aksies. Wanneer dissipels van alle nasies gemaak word, leef die kerk haar doel. Jesus se opdrag dat dissipels van alle nasies gemaak moet word, impliseer dat die evangelie vertaal kan word na en in enige kultuur – vandaar Guder se benaming: "A multicultural and translational approach" (Guder 2016:47). Die Gees van God maak die getuies bymekaar, rus hulle toe, bemagtig hulle en stuur hulle as ambassadeurs van versoening in die wêreld in. Die mense wat getuies is van Christus, is Christus se brief aan die wêreld, suurdeeg, sout en lig.

Witness is the biblical concept that draws together all the strands of the church's purpose and action. *Witness* is the divine vocation of the church (its "sentness" or *mission*), which is to be worked out in the entire range of actions of the church both corporately and individually (the *missions* of the church). In his ecclesiology Karl Barth expounds, in perhaps the most comprehensively missional theological vision of the church, the centrality of witness as the definitive Christian vocation. To be a Christian and part of the body of Christ is to be set apart, equipped, and sent as witnesses in the world. (Guder 2016: 48; kyk Barth 1962: 554–613)

Die verkondiging van die evangelie aan mense van verskillende tale op Pinksterdag, het die kerk se apostoliese missie as 'n bemagtigende proses van kulturele vertaling ("cultural translation") geïnisieer. "The entire New Testament record graphically and powerfully demonstrates the emerging multicultural character of the church and in the process equips the witnessing community to go about missional translation as its primary mandate" (Guder 2016:49).

Uit die Latyns-Amerikaanse wêreld argumenteer DeBorst (2016:65-89) vir 'n integrale transformasie-benadering ("integral transformation approach"). Sy argumenteer dat volgelinge van Jesus in die wêreld ingestuur word soos wat Hy gestuur is. Volgelinge van Christus beliggaam en verkondig die goeie nuus van God se versoenende teenwoordigheid en doel vir die hele skepping. Verhoudings waarbinne rekonsiliasie plaasgevind het, lê aan die hart van transformasie. Hierdie transformasie affekteer alle dimensies van die lewe: geestelik, sosiaal, polities, ekonomies en ekologies. Geloofsgemeenskappe word geroep om die "already" van God se koninkryk én God se geregtigheid te leef te midde van die skoonheid en pyn van vandag se wêreld. Wanneer DeBorst (2016:66) na die stukkende wêreld rondom haar kyk, vra sy die vraag: "Does your faith make any contribution to the transformation of these realities, or does it simply teach you to wait passively for another world?" Haar verstaan van die kerk se doel en sending is dat die kerk die waardes van God se koninkryk moet inkarneer en getuies van Christus se liefde en geregtigheid moet wees. Dit het implikasies vir die hier en nou en soos wat die kerk leef, handel en getuig ("being, doing, saying") word individue én gemeenskappe getransformeer.

Far from being reduced to the activity of a few specialists, mission lived as an extension of Jesus' ministry involves the whole church. Rather than a narrow understanding of mission as proclamation, this approach involves being, doing, and saying. Its grounding is trinitarian, having to do with God's kingdom, Jesus' life and ministry, and the ever-present work of the Spirit. Finally, it is born from and affects all areas of life in the here and now. An integral transformation approach to mission, then, weaves together theological strands related to ecclesiology, eschatology, and social ethics. (DeBorst 2016:68-69)

Rommen (2016:90-109) se Ortodokse verstaan van die kerk se missie en doel word beskryf as 'n "sacramental vision approach". Die evangelie word nie verstaan as informasie met betrekking tot 'n persoon nie. Die evangelie is Christus. Hy is die goeie nuus. Die taak van sending is dus om Christus voor te stel en bekend te maak aan dié wat Hom nie ken nie.

According to Orthodox thought, the gospel is not information about a person but rather the person of Christ himself. He is the good news. For that reason we understand the primary task of mission to be personally introducing Christ to those who do not yet know him so that they, through faith, can enter into communion with him and begin the journey to salvation. (Rommen 2016:90)

Hoewel die verheerlike Christus alomteenwoordig is, manifesteer Hy Homself dikwels in die eucharistiese byeenkoms van die kerk.

The faithful who celebrate the Divine Liturgy in the church experience the real presence of Christ and are then dismissed out into the world to invite others to come and see him for themselves. This has been called "The Liturgy after the Liturgy" (Bria 1996). The church and its sacraments are thus seen as the beginning and end of its mission. (Rommen 2016:90-91)

Uit Evangeliese kringe beklemtoon Stetzer (2016:110-133) tradisionele evangeliese waardes soos sending tot aan die uithoek van die aarde, evangelisme, dissipelskap en kerkplanting. Die kerk is nie die middelpunt van God se plan nie – Jesus is – maar die kerk is sentraal binne God se plan. God se missie en koninkryk gee rigting aan die missie van die kerk en die missionale aard van die kerk dryf God se mense om hul sending-roeping te leef.

The model proposed here, therefore, could be summarized this way: God's people are to participate in the divine mission to manifest and advance God's kingdom on earth through the means of sharing and showing the gospel of God's kingdom in Jesus Christ . We call this an evangelical, missional, kingdom model. (Stetzer 2016:110)

Samevattend kan gesê word dat die aard en doelwit van die kerk se sending is om te getuig van Jesus Christus, om hoop te bring en om enige vorm van ongeregtigheid te konfronteer. Die kerk is geroep om die *missio Dei* te dien en om dissipels van alle nasies te maak. Dissipels van Christus belliggaam en verkondig die goeie nuus van God se versoenende teenwoordigheid en doel vir die hele skepping. Geloofsgemeenskappe word geroep om die "already" van God se koninkryk én geregtigheid te leef te midde van die donker realiteit van die wêreld. Die taak van sending is om Christus voor te stel en bekend te maak aan dié wat Hom nie ken nie.

3.8 Vooruitskouing

Nadat aandag aan gemeentebou (hoofstuk 2) en die identiteit van die kerk (hoofstuk 3) geskenk is, word daar nou oorbeweeg na die integrering en koördinering van al

die bedieninge wat binne `n gemeente teenwoordig is. Die volgende hoofstuk val steeds binne die normatiewe taak en deur breedvoerige literatuurnavorsing word ondersoek of en hoe die verskillende bedieninge identiteitsontdekking en identiteitsvorming kan faciliteer.

HOOFTUK 4

NORMATIEWE TAAK (DEEL 3)

INTEGRERING EN KOÖRDINERING VAN AL DIE BEDIENINGE

Doel van die hoofstuk:

Die doelstelling van dié hoofstuk is om die teorie van die integrering en koördinering van al die bedieninge wat identiteitsontdekking en identiteits-vorming fasiliteer, te verken. Die volgende sake word beskryf:

- God se koms na die kerk én wêreld deur bedieninge
- Integrering en koördinering van die bedieninge
 - Relasionele kommunikasie: *kerugma*
 - Relasionele kommunikasie: *leitourgia*
 - Relasionele sorg: *paraklesis*
 - Relasionele sorg: *koinonia*
 - Relasionele diens: *diakonia*
 - *Marturia*
 - Relasionele *didaché*
 - Relasionele *kubernesis*
- Sisteemdenke: Integrering en koördinering van die bedieninge
 - Sisteemdenke
 - Sisteemdenke en identiteit
 - Sinergie: aksie van vermenigvuldiging

4.1 Inleiding

Hoofstuk 4 val saam met die voorafgaande twee hoofstukke onder Osmer (2008:129-174) se normatiewe taak van prakties-teologiese interpretasie. Die vraag "Wat behoort te gebeur?" word ook beantwoord met betrekking tot die integrering en koördinering van al die bedieninge ten einde identiteitsontdekking en identiteitsvorming te fasiliteer.

Soos vroeër in die probleemstelling genoem, bestaan die navorsingsvermoede dat die ontwikkeling van 'n identiteitsgedreve missionale gemeente positief beïnvloed word wanneer al die bedieninge wat binne 'n gemeente teenwoordig is, identiteitsontdekking en identiteitsvorming fasiliteer.

In hierdie gedeelte van die normatiewe taak wat handel oor die integrering en koördinering van bedieninge word daar gekyk na die vraag: "Wat behoort in gemeentes te gebeur sodat die integrering en koördinering van al die bedieninge identiteitsontdekking en identiteitsvorming fasiliteer?"

Die fokus val gevvolglik op identiteit: die integrering en koördinering van al die bedieninge ten einde identiteitsontdekking en identiteitsvorming op `n hermeneutiese vlak te faciliteer. Nel (2015:79) verduidelik dit aan die hand van die bou van `n legkaart. Indien mens voor die uitdaging staan om `n legkaart van 8000 stukke te bou, is dit onmoontlik om die taak aan te pak sonder `n prentjie van dit wat gebou moet word. Die prent moet daar wees sodat gesien kan word wat gebou moet word. Indien die prent nie aanwesig is nie, is die moontlikheid daar dat gemeenteleiers deur die loop van hul lewens met die ‘bedieningstukkies’ gaan speel sonder om te weet wat gebou moet word.

On top of the box is the complex image of who we are in Christ and we are integrating and coordinating the explicitly distinguished ways by which God makes this happen. We do so knowing that for the whole picture all the pieces are equally important and essential. Integrating and coordinating are both an art and trade. (Nel 2015:79)

4.2 God se koms na die kerk en wêreld deur bedieninge

In navolging van my teologiese mentor, Jacob Firet, se verstaan van die onderwerp, sien ek die bedieninge as God se koms na sy mense en sy koms na die wêreld deur sy mense. God kom deur die bedieninge na sy mense en die wêreld. (Nel 2015:68. Vry vertaal NM)

Nel (2015:64-66) argumenteer vanuit die skeppingsverhale in Genesis dat God nie die sondige mens kon laat gaan nie en dat Hy altyd op soek is na dié wat verlore en verborre is (vgl. Gen 3:8; kyk Luk 15:1-31). Hy het die mens na sy beeld én as sy verteenwoordiger geskep en hulle is dié wat Hom ken, liefhet en dien en gevvolglik Hom kan verteenwoordig. Wenham (1987:76) beklemtoon God se teenwoordigheid in die tuin ten spyte daarvan dat dit `n wegkruipplek vir die mense geword het. Arnold (2009:56) wys daarop dat die Here in Genesis 2-3 (en nêrens anders in Genesis) as *ywhh ἔλοحîm* aangedui word en wys op die spanning in Genesis 3 nadat die mens gesondig het. Gaan God straf? Of gaan Hy genadig wees? Arnold (2009:66-67) wys op God se geregtigheid en sien iets van God se genadige hart wat bereid is om te vergeef. Matthews (1996:240) plaas klem op God wat beskrywe word as `n liefdevolle Vader wat op soek is na dit wat aan Hom behoort (vgl. Heidelbergse Kategismus, Vraag 1).

In die beweging van die Ou na die Nuwe Testament word die kerk die skeppende God (kyk Kol 1:15-18) se nuwe skepping en dit word deurlopend herstel en vernuwe na haar oorspronklike doel. Die kerk is nie maar net `n terloopse werklikheid nie; dit het ontstaan in die wil van die drie-enige God ter wille van die wêreld.

The church is part of this reality because through it God wants to express his rule over and in the lives of men. While the world denies, rejects and opposes

this Lord and his dominion, the church confesses, accepts and serves him as the Only One. (Nel 2015:66; kyk Newbigin & Wainwright 2003:107)

Nel (2015:66-67) argumenteer dat die kerk belangrik is omdat God dit belangrik ag én dit behaag Hom om sy koninkryk deur die kerk te vertoon. Elke gemeente is veronderstel om `n vertoonvenster te wees van hoe dit is waar God regeer. Die kerk is in hierdie wêreld die draer van die koms van die koninkryk en die kerk is die manier hoe Hy na die wêreld kom (Nel 2015:66-67; vgl. Newbigin 1986:124).

Die Nederlandse teoloog Jacob Firet het aan ons die ‘begrippe apparaat’ (woordeskat) gegee om van God se koms na die kerk én na die wêreld deur middel van bedieninge te praat. Firet het gewerk met drie bedieninge (prediking, onderrig en pastorale sorg) en hoewel daar in hierdie studie vir Nel se agt modi van bedieninge gekies is, het Firet se proefskrif die weg vir ons gebaan om te praat van “...the action of God who, by way of the official ministry as intermediary, comes to people in his word” (1986a:15).

In navolging van Firet argumenteer Nel (2015:68) dat God na die wêreld kom via die bedieninge (kerugma, *leitourgia*, paraklesis, didache, koinonia, diakonia, marturia en kubernesis) en `n gemeente is op haar heel beste wanneer dit die koms van God promoveer en dien.

Waar Firet die term “pastoral role-fulfilment” gebruik om van God se koms deur `n persoon (pastor) te praat, argumenteer Nel (2015:68) dat `n gemeente ook dié rol kan vervul (kyk Moltmann in Runyon 1979:21; Newbigin 1986:142, 1991:6, 1995:129; Moltmann 1992:10; Pasveer 1992:112; Bosch 1995:59; Roxburgh 2011:129,189). “I believe it is fair and just to claim pastoral role-fulfilment not only for the pastor (as so well-developed in Firet’s dissertation), but also for the congregation as subject in God’s coming to one another and to the world” (Nel 2015:68).

Hobbs (in Barret 2004:159) sien die missionale kerk as sigbare manifestasie van die goeie nuus van Jesus Christus, as God se verteenwoordiger in die ontmoeting tussen God en die menslike kultuur. Die naam wat aan God se koms gegee word, is bedieninge (Nel 2015:69). Schaller (2003:185) stel `n paradigmkuif voor waar die identiteit van `n gemeente gekoppel moet word aan die spesifieke bedieninge wat teenwoordig is.

Instead of defining the identity by the denominational label or the personality and gifts of the pastor or the real estate or the weekend schedule of services or local traditions, define the congregation’s identity by its distinctive role in ministry. (Schaller 2003:185)

Meer as drie dekades gelede het Moltmann (in Runyon 1979:37) geargumenteer dat die toekoms van die kerk in die herstel van die bedieninge binne die plaaslike gemeente lê. Sy argument is dat die plaaslike gemeente die toekoms van die kerk is en dat God sy gawes van *diakonia* aan ál die gelowiges in die kerk gee. `n Diaken is

een wat dien en almal (die hele kerk) word opgeroep om in die wêreld te dien (Moltmann in Runyon 1979:2; vgl. Gittens 2008:4). Moltmann (in Runyon 1979:21) verstaan die kerk as ‘dienaars van God’ en die konteks van dié diens is God se koninkryk wat al hoe meer gestalte op aarde kry.

4.3 Integrering en koördinering van die bedieninge

Die integrering en koördinering van die bedieninge is moeilik, maar dit moet nie gering geskat word nie as gevolg van die komplekse aard van die saak nie. Dit is juis die manier hoe God na sy kerk en deur die kerk na die wêreld kom. (Nel 2015:78. Vry vertaal NM)

Konseptueel gaan dit om die integrering en koördinering van al die bedieninge in diens van God, in diens van mekaar en in diens van die wêreld. Nel (2015:78) erken dat dit `n gewigtige taak is, maar dit kan nie geïgnoreer en kant toe geskuif word omdat dit kompleks is nie. Die bedieninge in `n gemeente is `n eenheid – dit is God wat op verskillende wyses na sy gemeente kom (Nel 2005:369). Nel (2015:63) se waarneming is dat die opbou van `n missionale gemeente inklusief en omvattend is, juis omdat die gemeente in haar wese en in totaliteit hervorm moet word. Hierdie dimensie van die konsep is kompleks en gemeenteleiers vind hulself dikwels eerder in `n meer eenvoudige benadering in dié bediening (Nel 2015:77).

‘Integrering’ verwys veral na die inter-verweefdheid van die bedieninge soos bv. dat daar altyd onderrig (*didaché*) in die verkondiging (*kerugma*) is en gemeenteleiers wat dit doelbewus in ag neem. “Koördinering” verwys na die gesamentlike funksionering van die bedieninge soos bv. verkondiging (*kerugma*) en liturgie (*leitourgia*) en gemeenteleiers wat doelbewus daarmee rekening hou.

Die bedieninge (maak nie saak in watter vorm en wat dit genoem word nie) is die manier hoe God na die kerk en deur die kerk na die wêreld kom. Die totale bediening bestaan uit die kommunikatiewe handelinge wat die kommunikasie van die evangelie dien (Nel 2015:70).

In hierdie studie, in navolging van Nel (2015:71), word daar gekies vir agt modi van bedieninge waar elke modus daar is om die kommunikasie van die evangelie te dien. Elke bedieningsmodus én almal saam is drie-dimensioneel in die sin dat elkeen diens aan die drie-enige God, diens aan mekaar en diens aan die wêreld is. Die kritieke vraag wat elke modus van bediening moet beantwoord, is die vraag of dit `n kommunikatiewe handeling is wat die evangelie dien met betrekking tot God, die kerk en die wêreld.

Osmer (2012:51) wys op die belangrikheid van `n sterk band tussen bedieninge in identiteitsvorming en identiteitsontwikkeling .

The congregation and its members are formed as they act with and for others beyond the church in partnership, mutual learning, and solidarity with the vulnerables. Missional formation in a congregation of centered openness

includes, but goes beyond, the typical practices we associate with spiritual formation. An important practical implication of this point is the need to build deep connections between ministries of upbuilding and sending in formation. Perhaps the best examples of this in my interviews were mission groups and learning communities. These are relatively small groups – up to thirty people – that combine worship, fellowship, study, and service. (Osmer 2012:51-52)

In hierdie groepe is daar `n diep konneksie tussen opbou en gestuurdheid. “Service builds fellowship and deepens study; worship and mutual care sustains service; and in this way missional formation takes place” (Osmer 2012:52). `n Gemeente neem vorm aan soos wat dit uit haar en in haar missionale roeping leef (Osmer 2012:51).

In hierdie studie is die groepering van die bedieninge soos deur Nel (2009) uiteengesit, gebruik. Dit is gedoen met dien verstaande dat die gemeente basies `n relasionele eenheid is. Die gemeente is en word voortdurend deur God uit `n liefdesverhouding herskep. Die relasionele aard van die bedieninge kom dus sterk na vore by Nel:

- Relasionele kommunikasie: *kerugma* en *leitourgia*
- Relasionele sorg: *paraklesis* en *koinonia*
- Relasionele diens: *marturia* en *diakonia*
- Relasionele *didaché*
- Relasionele *kubernesis*

‘n Kort beskrywing van elke bediening en hoe die betrokke bediening identiteitsontdekking en identiteitsvorming op `n hermeneutiese vlak fasiliteer, volg hierna.

4.3.1 Relasionele kommunikasie: *kerugma*

Biblical preaching happens when a preacher prayerfully goes to listen to the Bible on behalf of the people and then speaks on Christ’s behalf what he or she hears there. (Long 1989:48)

Stott (1982:109) is oortuig dat die kerk die skepping van God deur sy Woord is: “God’s new creation (the Church) is as dependant upon his Word as his old creation (the universe).” Nel (2005:28) argumenteer dat die kwaliteit van `n gemeente in direkte verhouding met die kwaliteit van die kommunikasie tussen God en die gemeente staan. Dit is een van die redes waarom Nel (2005:28) kan sê as God ophou om deur die prediking te praat, hou die kerk op om te bestaan en is daar nie meer sprake van `n verhouding nie (kyk Gittens 2008:9).

In hierdie studie word die belangrikheid van prediking aanvaar, hoewel die navorser bewus is van stemme uit veral die gelede van “emerging churches” waar prediking nie meer aldag hoog op dié kerke se prioriteitslys is nie (vgl. Gibbs & Bolger 2005:165,229).

Pieterse (1986:10) sê die Woord van God kan in die prediking gehoor word in soverre dit die Skrifwoord lewend deur die Heilige Gees verkondig. Dieselfde argument word by Cilliers (2004:27) gevind, waar hy argumenteer dat die geheim van die prediking in die werking van die Gees lê. As `n theologiese veronderstelling argumenteer Nel (2005:166) dat die opbou van `n missionale gemeente deur die Woord en die Gees geskied. Long (1989) glo die Gees bou die gemeente deur die Woord waar dit stelselmatig, sistematies en met goeie beplanning gepaard gaan.

Long (1989:62-64) stel vier maniere voor hoe dit gedoen kan word: *Lectio continua*: waar daar deur die Bybel van boek tot boek en teks tot teks gepreek word. Tweedens `n *lectionary* waar die Bybelgedeeltes en prediking aansluit by die dae van die kerkjaar. In die derde plek stel Long (1989:63) `n plaaslike plan (“local plan”) voor wat gewoonlik deur die plaaslike prediker op die tafel gesit word en in die vierde plek kan predikers elke week `n ander Bybelgedeelte en tema kies wat gewoonlik korreleer met die behoeftes van die dag. Uit voorafgaande is dit dus van groot belang dat prediking *Bybelse* prediking sal wees. Bybelse prediking interpreteer die Skrif op `n geloofwaardige manier, dit is geskoei op sinagogale prediking, het sy wortels in die uitle van die Bybelse teks en is normatief vir die kerk van Christus (vgl. Long 1989:49-50; McClure 1991:15).

Long (1988:4) pleit vir prediking as getuienis. Voordat `n prediker iets kan sê, moet hy iets gesien het. Om `n prediker te wees kan vergelyk word met iemand wat geroep word om getuienis te lewer. “To be a preacher is to be called to be a *witness*, one who sees before speaking, one whose right to speak is created by what has been seen” (Long 1988:4). Cilliers argumenteer dat prediking een van die mees kritieke gebeurtenisse is wat in dié tyd van die geskiedenis in die wêreld kan gebeur en dat God deur die prediking self ter sprake kom en teenwoordig én werkbaar is.

Die geheim van die prediking – die theologiese integrasie van die stemme – is ten diepste `n *pneumatologiese geheim*. Die stem van die prediker, van die teks en die gemeente word deur die Gees saamgesnoer om stem van God te wees. (Cilliers 2004:21)

4.3.1.1 Kerugma en identiteit

Uit die Skrif word ons identiteit in Christus aan ons op `n diepgaande wyse geopenbaar en deur Bybelse prediking ontdek die kerk haar identiteit (Thompson 1981:17).

Die belangrikheid van prediking kom aan die lig wanneer Packer (in Logan 1986:19) opmerk dat die kerk basies in elke leeftyd `n probleem met betrekking tot haar identiteit het en in sommige gevalle eskaleer dit tot `n identiteitskrisis. Hy neem verder waar dat die meeste Westerse kerke `n baie swak sin van hul identiteit en roeping het en daarom argumenteer hy dat prediking die identiteit van die kerk fokus en dat dit die roeping van die kerk verhelder soos geen ander aktiwiteit kan nie.

4.3.2 Relasionele kommunikasie: *leitourgia*

Liturgie, volgens Müller (1987: 43) is "...meer as net die orde (van die erediens). Liturgie is die diens aan God wat telkens weer vorm aanneem in 'n bepaalde erediens." Liturgie is wel nie net beperk tot die uur op 'n Sondag nie, die erediens is enigets wat gebeur waar gelowiges saamkom met die doel om die Here te aanbid. Die verslag "Report of Liturgical Committee" (1974: 2) van die Christelike Gereformeerde Kerke stel dit soos volg: "Liturgy is what people do when they worship."

Wepener (2011:11) skryf in sy boek *'n blom na die son draai*, dat die ontmoeting tussen God en mens in die erediens, of by 'n aanbiddingsgeleentheid, een van die mens se diepste behoeftes is.

Dit is immers die kern en doelwit van die erediens – om vir dié wat saamkom om God te aanbid 'n ontmoetingsplek te skep waar hulle die lewende Christus kan ontmoet, en Hom dan spesifiek kan ontmoet as die verlossing wat God bewerk het. (Wepener 2011:11).

Dulles (2002:167) merk tereg op: "In all Christian ecclesiologies, the church is intimately connected with divine revelation. If there were no revelation there could be no faith in the biblical and Christian sense, nor any worship, nor any church."

Burger (in Wepener en Pauw 2009:21) plaas baie klem op die belangrikheid van die erediens en sê dat God op 'n besondere manier teenwoordig is en voeg by dat dit 'n gelade ervaring is waar baie meer gebeur as wat mens sien of dink. In aansluiting hierby verwys Van der Merwe (in Wepener en Pauw 2009:147) na Long se navorsing wat bevind het dat daar in 'lewende' eredienste dikwels tyd ingeruim word waar iets van die Here se teenwoordigheid ervaar kan word.

Die groter verhaal van die Bybel wys vir ons dat dit God is wat uit sy genade na ons toe uitreik en dat ons dan daarop reageer deur Hom te aanbid. Antropoloë vestig ons aandag daarop dat ons as mense ook sekere goed wil doen wanneer ons voor groot gebeure in die lewe staan. Wanneer die gebruiklike uitdrukings nie meer voldoende of bevredigend is nie, soek mense na ander handelinge om hul te help om sin te maak uit dit wat in hul lewens gebeur (Wepener 2011:12-13).

Die metafoor van 'n pad waarop gereis moet word, word deur Wepener (2009:223) gebruik wanneer hy oor die liturgie nadink. Dit is 'n God-gegewe pad wat gestap kan word met oomblikke wat ingeruim word vir rituele: soms word vinnig gestap, soms stadig, maar die pad lei altyd na God. Die pad is onvervangbaar en onvermydelik en lei dié wat daarop stap na die hemelse stad en die glorie van dit wat daar is. Wanneer die weg van die liturgie rekonsiliasie in gedagte het, lei dit ook oor Golgota want só 'n pad is dikwels 'n *via dolorosa*. God sal egter op só 'n pad teenwoordig wees en uit sy genade rituele vir rekonsiliasie voorsien (Wepener 2009:223).

4.3.2.1 *Leitourgia* en identiteit

Burger (1999:74) vra 'n deurslaggewende vraag in die liturgiese identiteitsvorming wanneer hy besin oor die mens se ervaring van die teenwoordigheid van God tydens aanbiddingsgeleenthede.

Is die eredienste, ander samekomste van die gemeente, gesins- en persoonlike aanbiddingsgeleenthede, byeenkomste waarin al die deelnemers ervaar dat hulle in die magtige, ontsagwekkende, liefdevolle, vrymakende en inspirerende teenwoordigheid van God in Christus kom? (Burger 1999:74)

Later skryf Burger (2011:184) dat 'n ander woord vir *leitourgia* die woord 'gebed' is. Die kerk moet op 'n gereelde en vaste basis voor die aangesig van die Here kom om Hom te ontmoet en in gemeenskap met Hom te wees. "Die rede hoekom ons Jesus nie hoor en sien nie, is nie omdat Hy weg is nie, maar omdat ons nie stil genoeg en helder genoeg in onsself word om Hom te kan hoor en sien nie" (Burger 2011:185).

Wanneer 'n geloofsgemeenskap se liturgiese identiteit hierdeur bepaal word, is daar plek vir 'n verskeidenheid mense wat verskillende beklemtonings het ten opsigte van dit wat eietyds is (De Klerk 2000:462). Wepener (2008) verwys na navorsers soos De Klerk (2000), Pieterse (1998), Van der Merwe (2003) sowel as sy eie werk saam Pauw (2004) en sê daar is die afgelope paar jaar redelik baie oor die verband tussen liturgie en identiteitsvorming nagevors. "These examples of liturgical research which point towards the fact that there is a connection between liturgy and identity formation are a clear barometer that in South Africa over the past decade or more our liturgy was and indeed is on the edge of tradition ... seeking and longing for the (trans)formation of identities" (Wepener 2008).

De Klerk (2000:461) verwys na Burger (1999:53) waar hy die begrip "identiteit" in verband met dié vraag: "Wie is ons?" bring. Die vraag word gevra na die kerk se diepste liturgiese wese en wortels, wie die kerk in die lig van sy geskiedenis en skepping is. De Klerk voer aan dat die lewe van die kerk in haar liturgie weerspieël word en daarom gaan dit oor die basis van die kerk se bestaan.

Die vraag "Wie is ons?" kyk ook na 'n kerk se diepste lojaliteite, diepste verbintenisse, die hart van die liturgie en dié wat deelneem aan die liturgie. Met verwysing na Dawn argumenteer De Klerk (2000:461) dat die Christelike samelewing 'n alternatiewe samelewing is en daarom is sy liturgiese identiteit van belang vir die geloofwaardigheid van die kerk.

As belangstellende ongelowiges sien dat die kerk in sy liturgie anders is as die vermaaklikheidswêreld, sal die 'geheime van hulle harte aan die lig kom', sal hulle voor God gestel word, en erken dat God werklik in die samekoms teenwoordig is. (De Klerk 2000:461, vgl. 1 Kor. 14:24, 25)

Van Beek maak die punt dat enige identiteit op twee pilare gebaseer is, naamlik die definisie van die kern en 'n definisie van die kontras.

We saw that demarcation of sacred place consisted of drawing a border, of inherent epistemological opposition. Anthropology has learned, since Barth, that any group identity – who does belong – primarily is a definition of who does *not* belong: identity is inclusion through exclusion. (Van Beek in Post et al. 2014:50)

Identiteit is ook self-definisie met verwysing na die kern en dit is hoe mense na hulself kyk.

For them identity is a way of being, a means to bond with co-beings, and though at pains to formulate what it exactly is that binds, shared experiences at a sacred place, joint bonds with that place and the perception that the significance one attaches to that place is recognized and felt by the others, is exactly what makes a stable and comfortable identity. (Van Beek in Post et al. 2014:51)

Liturgie word deur Pieterse (1998:348) as die bewaker van die hoop én die uitdrukking van die identiteit van ons geloofsgemeenskap gesien. "Deur op sinvolle wyse binne ons tradisie op 'n vernuwende wyse ons liturgie ten opsigte van rituele en simbole in te rig kan die liturgiese viering 'n bydrae lewer tot die bepaling van ons identiteit en so die hoop bewaar" (Pieterse 1998:344).

Wepener en Pauw (2004:119) argumenteer uit 'n bespreking van die konstruksie van identiteit dat Christelike identiteit oor tyd heen as kumulatiewe sosiale konstruksie gevestig word en daarom vereis dit die bevestiging van die simbole en beoefening van die Christelike rituele.

Daardie Christelike rituele, soos die nagmaal, oefen 'n diepgaande invloed uit op die presiese aard van die Christelike identiteit wat gevestig word. En die presiese temporele inkleding van die rituele, die tyd of tye waarop en waaraan die rituele uitgevoer word, kan ook 'n simbool wees waarmee groepslede hulself identifiseer en wat dus as sodanig meewerk in die konstruksie van identiteit. (Wepener en Pauw 2004:119)

4.3.3 Relasionele sorg: *paraklesis*

Paraklesis is the mode in which God comes to people in their situations of dread, suffering, sin, despair, error, and insufficiency. God comes to persons to rescue them out of the distress of their situation in order to bring them into new life with the church in the enjoyment of the salvation which is in Christ, comforted and courageous in the joy of new obedience. (Firet 1986a:82)

Paraklesis en *koinonia* hoort saam soos suurstof en lewe (Nel 2009). Wanneer daar oor relasionele sorg (*paraklesis* en *koinonia*) gepraat word, kom die verweefheid van die bedieninge baie sterk na vore. Gelowiges is deur Christus en in Christus aan mekaar verbonde en vanuit sy herderskap vloeи alle pastorale versorging en sorg vir mekaar (Nel 1994:40).

Firet (1986a:68-82) verwys na die groep woorde wat in die Skrif gebruik word wanneer hy die *paraklesis* as die derde manier van “pastoral role fulfilment” bespreek.

Activities like the following are mentioned: to appeal, to beg, to beseech, to invite, to entreat, to ask, to urge, to conciliate, to exhort, to give or receive encouragement, to console, to comfort. Checking them out, one discovers they are all translations of *paraklein*. (Firet 1986a:68)

Hy (Firet 1986a:68-69) argumenteer vanuit die Nuwe Testament dat *paraklēsis* ‘n vereiste in die lewe en aktiwiteite van die kerk is en verwys na Romeine 12:8 waar Paulus *paraklesis* noem as een van die *charismata* wat aan die gelowiges gegee is. In navolging van Firet (1986a:70) kan *paraklesis* – afhangende van die situasie - ‘n versoek, ‘n vermaning of ‘n uitdrukking van troos wees. Dit is ‘n bediening wat die mens se persoonlike omstandighede ernstig opneem, want soos hy sê: “When God come to me in the mode of paraklesis, it dawns on me: God has come and He wants to live in my house and in my situation – my situation is important to him” (Firet 1986a:70).

Die *paraklesis* kom na mense wat die *kerugma* ontvang het en wat reeds in Christus in die koninkryk van God leef. Hulle leef God se storie van genade en word herinner aan dit wat God reeds gedoen het (Firet 1986a:71).

Met verwysing na 1 Tess 5:11 wys Firet (1986a:81) op die verwantskap tussen *paraklesis* en *oikodomein*. *Oikodomein* (vgl. Rom 15:2, 1 Kor 14:17) mag gerig wees op die individu, maar dit het die bedoeling om die individu uit haar isolasie te trek en haar te lei na haar plek in die gemeenskap van die gelowiges (Firet 1986a:81).

Elford (1999:2) erken dat dit nie aldag maklik is om ‘n definisie van ‘pastoraal’ te gee nie, maar met verwysing na onder andere Clebsch, Jaekle en Pattison definieer hy pastoraal as volg: pastoraal (“pastoral”) moet gekoppel word aan sorg (“care”), ‘n sorg wat individueel of korporatief uitgedruk word.

4.3.3.1 Paraklesis en identiteit

In sy boek *Images of pastoral care*, deel Dykstra (2005) heelparty metafore wat negentien kenners, onder andere Anton Boisen, Alastair Campbell en Henri Nouwen gebruik om pastorale sorg te beskryf. Metafore soos die ‘begaande herder’, die ‘gewonde versorger’ (“wounded healer”), ‘vreemdeling as vertroueling’ en die ‘vroedvrou’ kom na vore, maar wat veral van toepassing is op hierdie studie, is dat Dykstra (2005:2) verwys na die identiteits-krisis van talle pastorale teoloë en die kerkleiers wat hulle beïnvloed. Pastorale versorgers is onseker van presies wie hulle is en wat hulle veronderstel is om te doen en soos Dykstra opmerk: “This insecure professional identity understandably has been cause for consternation over the years.” ‘n Paar jaar vantevore het Oden (in Elford 1999:3) reeds geargumenteer dat Christelike pastorale sorg sy identiteit verloor het en dat ‘n reuse poging nodig sal

wees om dit weer te ontgin en te ontdek, maar Elford (1999:16), met verwysing na die werke van Augustinus, Luther en Barth, is steeds optimisties oor die pastoraat. "Rather, the pastoral relevance of theology is what makes its existence necessary in the first place" (Elford 1999:17).

Dykstra (2005:2) se werk is aan die een kant `n omhelsing van dié onsekere identiteit van die pastorale versorgers, maar aan die ander kant is dit `n verduideliking van die rol wat pastorale versorgers speel en hoe hulle met verloop van tyd tot `n verstaan van hulself en die rol wat hulle speel én hoop om te speel, gekom het. Pastorale teologie en die pastorale bediening is dikwels ver verwyderd van die hoofstroom, ver van die hoofpad - amper vergete en saam met dié wat op die rant van die samelewing woon (Luk 4:14-30; Luk 14:15-24 et al.). Maar die paradoks lê huis hierin: die pastorale versorger se identiteit word gevind daar waar hy of sy saam met die verlorenes is, wat op die rant van die samelewing leef. "Here, pastoral identity paradoxically seems to be found in a threatened loss of identity and pastoral theology's relevance in the perception that it *lacks* much relevance" (Dykstra 2005:2).

Die metafore wat Dykstra (2005) beskryf, kan dus `n bydrae lewer om identiteitsontdekking en identiteitsvorming op `n hermeneutiese vlak te faciliteer.

4.3.4 Relasionele sorg: *Koinonia*

In Hom en deur Hom is gelowiges deur die Gees aan mekaar verbonde in en tot een liggaam. Die Vader skep in Christus en deur sy Gees `n nuwe dissipelgemeenskap waarbinne die mens uit sy eensaamheid verlos word; waarbinne en waaruit mens-tot-mens verhoudings weer sinvol word. (Nel 1994:40)

Burger (1997:7) in navolging van Wuthnow, glo dat die kerk van die 21ste eeu lewenskragtig sal bly solank dit aan mense `n sterk sin van gemeenskap kan gee. Hy stel voor dat `n herontdekking en -ontginnings van die kerk se familie-aard ons kan help om op `n goeie, nuwe spoor te kom. As kinders van God is gelowiges mekaar se broers en susters (vgl. Ef 2:19) en is ons deel van sy huisgesin (Burger 1997:125). Bonhoeffer (in Burger 1997:129) skryf in sy *Sanctorium communio* dat die kerk `n unieke organisasie is wat met geen ander vergelyk kan word nie, maar as mens die kerk met iets móét vergelyk, is die gesin of familie die samelewingsverband wat die meeste ooreenkomsdaarstelling toon.

Niemandt (2007:31) lê klem daarop dat die individuele mens in sy verhouding tot ander mense bestaan en verwys na die Bybel wat sowel die individu as die sosiale verbondenheid van die mens beklemtoon. Die mens kan nie los van ander verstaan word of bestaan nie. "Die *Ek* veronderstel die *Jy*" (Niemandt 2007:31).

Newbigin (1995:70-71; kyk Moltmann 1997:89-90) skryf oor die einddoel van God waar die kosmos vereenig word met Christus as die hoof en verwys na die interpersoonlike verwantskap wat aan die wese van God behoort.

No one can be made whole except by being restored to the wholeness of that being-in-relatedness for which God made us and the world and which is the image of that being-in-relatedness which is the being of God himself. (Newbigin 1995:70)

4.3.4.1 *Koinonia* en identiteit

The ‘*koinonia*’ of the future determines the identity of the congregation in the present. (De Roest 1998:290)

Die Duitse teoloog Ulrich Kuhnke (1992:99-106) voer aan dat die *koinonia* die identiteit van die kerk kan rekonstrueer. De Roest (1998: 290-291), in aansluiting by Kuhnke, verwys na die praktyk van Christene om Jesus te volg waar die *koinonia* ‘n narratiewe gemeenskap vestig waar die goeie nuus van die evangelie oor en oor op verskeie maniere vertel word. Die diakonale funksies is onlosmakend deel van hierdie gemeenskappe en die verhoudings is wederkerig. Die *koinonia* van die toekoms bepaal die identiteit van die gemeente in die hede. Belezikian (1997:9) glo dit is God se droom (vgl. Ps 133:1) dat sy skepsels in eenheid en harmonie saam sal woon, maar omdat die kerk in die verlede dikwels al afgedwaal het van dit wat die Skrif leer, is deurlopende reformasie nodig. Hy argumenteer dat die kerk haar identiteit in gemeenskap moet herontdek, juis omdat baie kerkleiers ervaar dat die kerk haar basiese Bybelse definisie as goddelike ontwerpte gemeenskap (“divinely designed community”) verloor het (Belezikian 1997:9).

Dingemans (1987:117) merk dat die vroeë gemeentes of gemeenskappe, die *koinonia* van die Jesus-beweging, die basis was vir die verdere ontwikkeling van die kerk en dat die broeder- en susterskap reeds in die voor-Pauliniese tradisie voorop gestaan het. “Het zijn ‘huiskerken’, plaatselijke gemeenschappen: hè kat’oikon ekklèisia, huisgemeenten. Een netwerk van face-to-face-relaties” (Dingemans 1987:117).

Doyle (2000:120) werk met die begrip ‘gemeenskaplike ekklesiologie’ (“communion ecclesiology”) as ‘n manier om die kerk te verstaan. Dié manier beweeg verby die juridiese en organisatoriese verstaan en beklemtoon die mistiese, sakramantele en historiese dimensies van die kerk. Dit fokus op verhoudings – die verhoudings in die Triniteit, tussen mens en God, tussen die gelowiges in die gemeenskap van die heiliges, tussen lidmate en die verhoudings tussen kerkleiers regoor die wêreld. Hierdie manier (gemeenskaplike ekklesiologie) om die kerk te verstaan plaas klem op die dinamiese tussenspel van die universele kerk en die plaaslike gemeente.

4.3.5 Relasionele diens: *Diakonia*

Alle handelinge is dienshandelinge (Nel 1994:83) en *diakonia* spruit nie net voort uit gesonde *koinonia* en pastorale versorging nie, maar is tegelyk ook deel van albei. Om versorgend binne en buite die gemeenskap van die gelowiges betrokke te wees, is op sigself reeds *diakonia* (Nel 1994:40). Bosch (1995:45) verwys na Karres wat argumenteer dat gelowiges se roeping en verantwoordelikheid duideliker word wanneer hulle bid en dat hul diensbaarheid huis voortspruit uit hul gebede. Bosch (1985:45) glo gebed maak van gelowiges diensknegte van God se liefde.

Dietrich et al. (2014: 2) erken dat die konsep van *diakonia* oor die laaste paar dekades ontwikkel het, soveel só dat sommige daarna sal verwys as `n paradigmeskif. Daar is basies drie kenmerke wat die verandering teken: Eerstens word die ekklesiologiese dimensie van *diakonia* sterk beklemtoom. Vroeër is diakonale diens as die werk van professionele diakonale werkers of agentskappe gesien, maar nou word dit verstaan as iets wat aan die natuur en missie van die kerk behoort. Tweedens bevestig dit dat diakonale aksies holisties moet wees, waar die fisiese, verstandelike, sosiale en geestelike dimensies van die mens in ag geneem moet word. En derdens is diakonale diens meer as net nederige diens: groot en profetiese aksies in solidariteit met die gemarginaliseerde en dié wat ly, word bevorder.

4.3.5.1 *Diakonia* en identiteit

Dietrich et al. (2014: 2) sien *diakonia* as `n teologiese begrip wat wys na die ware identiteit en missie van die kerk. Dit is `n reaksie op die oortuiging dat die Bybelse verstaan van *diakonia* mens oproep om te dien.

In sy studie op die *diak*-woorde (*diakonia*, *diakonein* en *diakonos*) wys Collins (in Dietrich et al. (2014:3) dat *diakonia* eerstens iets beteken soos taak of missie. “The importance of this task and its content relate to the one who authorises and in whose service the *diakonos* is sent as a messenger and go-between” (Dietrich et al. 2014:3).

4.3.6 Relasionele *Marturia*

The first and fundamental thing that needs to be said about the pattern of the Christian missionary enterprise is that we must recover the sense that it is the enterprise of the whole Church of God in every land, directed towards the whole world in which it is put. We have to recover a sense of the Christian mission based upon such fundamental scriptural texts as the word of our Lord in John 12:31 – “I, when I am lifted up from the earth, will draw all men to myself.” (Newbigin 1994:11)

Newbigin (1995:1) verwys na 1952 se Willingen-konferensie van die IMC waar daar bely is dat daar nie deelname aan Christus kan wees sonder deelname in sy missie na die wêreld nie. Hy (Newbigin 1995:66) glo dat die evangelie wat Jesus verkondig het, die goeie nuus van God se universele heerskappy is en dat dit gerig is op die

hele menslike en kosmiese realiteit. Wanneer daar dus oor sending gepraat word, moet daar gedink word oor partikulariteit. “To be more precise, it is the problem of relating God’s universality to his particular deeds and words” (Newbigin 1995:67). Die skopus van hierdie navorsing kan nie veel aandag aan Newbigin se argument met betrekking tot God se universaliteit en sy partikulariteit gee nie, maar daar kan met hom saamgestem word wanneer hy skryf: “Universality and particularity do not contradict one another but require one another” (Newbigin 1995:67). Die sleutel tot die relasie tussen universaliteit en sy partikulariteit is God se manier van verkiesing. Een, of ‘n paar, word gekies ter wille van die geheel: “...the particular is chosen for the sake of the universal”(Newbigin 1995:68).

In navolging van Hoekendijk skryf Bosch (1991:9) dat die totale Christelike bestaan gekarakteriseer moet word as missionale bestaan, of soos dit geformuleer is tydens die Second Vatican Council: “...the church on earth is by its very nature missionary”. Saam met Frazier sê hy die kerk begin nie om missionaal te wees in haar universele verkondiging van die evangelie nie, maar deur die universaliteit van die evangelie wat verkondig word (Bosch 1991:9). Sending is God se ‘ja’ vir die wêreld en wanneer daar oor God gepraat word, impliseer dit die wêreld as die teater van sy aktiwiteite. Schürtz (in Bosch 1991:10) se siening dat sending deelname aan God se bestaan in die wêreld is, word deur Bosch beaam. In die tyd waarin ons leef word God se ‘ja’ vir die wêreld uitgedruk in die kerk se sending-betrokkenheid met betrekking tot onregverdigheid, verdrukking, armoede, diskriminasie en geweld (Bosch 1991:10).

Bosch (1991:10) argumenteer dat sending ‘evangelisasie as een van sy essensiele dimensies’ insluit. Hy definieer evangelisasie as die verkondiging van verlossing in Christus aan die wat nie in hom glo nie, ‘n oproep tot berou en bekering, die aankondiging van vergifnis van sonde, ‘n uitnodiging om lewende lede van God se aardse gemeenskap te word en om ‘n lewe van diens in die krag van die Gees te lei.

Aangesien hierdie gedeelte van die studie deels oor die integrering van die bedieninge gaan, is dit van waarde om te merk dat Nel (2015:197) argumenteer dat die gewone lewe en bestaan van ‘n gemeenskap van dissipels groot evangeliese waarde en krag het.

4.3.6.1 *Marturia* en identiteit

Witness to the gospel defines the identity, the activity, and the communication which are the calling of the church since Pentecost. (Guder 2000:71)

Guder maak ook die volgende stelling met betrekking tot die konsep van *marturia* (“witness”):

It is missiologically provocative that this word family includes terms for the person who is the witness (*martyrs*, mainly in Acts), the testimony rendered by the witness (*martyria*, *martyrion*), and the process of giving or bearing witness (*matyrein*, *diamartyresthai*). (Guder 2000:55)

Guder (2000:55) argumenteer dat hierdie klompie betekenisse aandui dat die Christelike getuienis (“Christian witness”) onder andere die identiteit van die Christen definieer en verwys na Barth wat praat van die ‘die Christen as getuie’ (“the Christian as witness”).

Met verwysing na die *missio ecclesiae*, argumenteer Kirk (1999:30) dat sending die wese van die kerk moet definieer. Wanneer die kerk nie missionaal is nie, het dit opgehou om kerk te wees en daarom kan gesê word die kerk se selfverstaan en identiteit is gebind aan die opdrag van Jesus om die evangelie tot in die uithoede van die aarde uit te dra. Sonder `n sterk roepingsbewustheid kan die kerk nie haarself katoliek of apostolies ag nie (Kirk 1999:31).

Cilliers argumenteer dat die identiteit van die kerk daarin lê om Christus aan te toon, om Hom aan te dui, om na Hom te wys en om Hom te verkondig. “Dit is wat ons is: ‘n mond wat vol hoop is, en ‘n vinger wat vooruitwys...na Hóm. Gestalte wat getuig van die genade, van Christus.” (Cilliers 2004:234)

4.3.7 Relasionele *didaché*

In the kerygma God enters human life with his salvation; in the didache God points out a new way of life. (Firet 1986a:68)

Die *didaché* is een van die maniere hoe God na die gemeente kom en deur die gemeente na die wêreld. Deur die *didaché* word die mens blootgestel aan die weë van die Here, maar hy en sy word ook geleei en gehelp om dié weg met wysheid en onderskeiding te loop (Nel 2015:185). Met verwysing na Dulles en Rengstorf wys Nel (2015:191) daarop dat dissipelskap vir Jesus se dissipels nie `n trappie na iets groter beteken het nie. Dit was die vervulling van hul bestaan (vgl. Gittens 2008:15). Hy was die *Rabbi* (leermeester), maar ook die *Kurios*. Wanneer mens `n dissipel van Jesus word, is dit `n lewenslange verbintenis en volgens Nel (2015:19) kan die manier hoe Jesus sy dissipels opgelei het (in diens-opleiding), `n model wees vir hoe gemeentes oplei en opgelei word. In die woorde van Stoppels (in Nel 2015:195): “Die kerk is ‘n gimnasium vir die lewe as volgelinge van Jesus.” Long en Tisdale (2008:vii) pleit (binne die homilitiek) vir `n skuif van leraar-gesentreerde of leerder-gesentreerde *pedagogie* na lerende-gesentreerde (“learning centered”) *metodologie* wat volgens Wilson (in Long & Tisdale 2008:185) deelneem aan dit wat God besig is om in die wêreld te doen.

Osmer (1990:212) beskryf die gemeente se unieke rol in die opleiding/onderrig en voeg by dat die gemeente die middelpunt van praktiese theologiese diskourse in die kerklike is. Dit moet `n gemeenskap wees waar die kognitiewe waardering van alle dinge in verhouding met God, die roeping van elke Christen is, en gevvolglik word dit gevoed deur die gemeente se opvoedkundige bediening.

Stoppels (2013:13) se uitgangspunt is dat die kerk `n oop ruimte is waar navolging van Christus ingeoefen word. Hy beskryf die kerk as `n ‘oefenruimte’ waar mens

opgeroep word om `n volgeling van Jesus Christus te wees (Stoppels 2013:13). Die kerk het `n kultuur van sowel dissipelskap as bekering nodig wat aansluit by die fundamentele vraag na haar identiteit: "Wie is ons en wat is ons roeping?" (Stoppels 2013:14-15). Die vitaliteit van `n gemeente moet nie gemeet word aan die aantal lidmate wat gedoop word nie, maar aan die aantal mense wat waarlik dissipels van Jesus is (Stoppels 2013:16). In die woorde van Bonhoeffer (1959:50) in sy boek *The cost of discipleship*: "Christianity without the living Christ is inevitably Christianity without discipleship and Christianity without discipleship is always Christianity without Christ. It remains an abstract idea, a myth." Bosch (1991:81) argumenteer dat Matteus se verstaan van dissipelskap beliggaam word wanneer die leerstellings van Jesus geleef word. "It is unthinkable to divorce the Christian life of love and justice from being a disciple. Discipleship involves a commitment to God's reign, to justice and love, and to obedience to the entire will of God" (Bosch 1991:81).

Stoppels (2013:71) plaas klem daarop dat hoë eise aan dissipels gestel moet word, want nie veel waarde word aan iets geheg wanneer daar nie `n groot inset verlang word nie. In hierdie geval gaan dit nie in die eerste plek oor die kerk nie, maar oor die (aspirant) gelowige. Daar kan van die (aspirant) gelowige verwag en gevra word om volledig `n volgeling van Jesus te word – "Dat is het meest fundamentele dat de kerk van mensen kan en mag vragen" (Stoppels 2013:73).

Stoppels (2013:64) kies vir die begrip 'dissipel', juis omdat dit só `n belangrike plek in die Nuwe Testament inneem. Dissipelskap as duursame volgelingskap van Christus gebeur egter nie spontaan nie en moet aangeleer word - dit is nie opsioneel nie. Hy (2013:66) argumenteer verder dat deelname aan kerkaktiwiteite primêr uit die hoek van dissipelskapsontwikkeling bekyk en beoordeel moet word.

Met verwysing na Jesus maak Murphy (1986:13) die volgende stelling:

What was truly original in Christ's moral teachings was its unequivocally spiritual orientation, and the absolute authority with which he invested his ethical commandments. Thus, the substance of the Sermon on the Mount and the two commandments of love of God and love of neighbor can be found literally in the Old Testament, specifically in Leviticus and Deuteronomy. But his claim to be the Son of God, his insistence on the fact that he was "the way, the truth and the life," his invitation to penance and the imitation of his humility and patience, and his enunciation of his ethical requirements in an eschatological perspective gave Christ's doctrines a revolutionary aspect. It was in this guise that the Christian moral teachings was handed on to the primitive communities of the first century. (Murphy 1986:13)

Walker en Parry (2014:130) wys daarop dat die evangelie individue sowel as die gemeenskap moet transformeer, sodat hulle al hoe meer gelyk word aan die beeld van Jesus. Die gevvaar is egter dat die wêreld, en nie die evangelie nie, individue sowel as gemeenskappe vorm (vgl. Rom 12:2). "All day every day we are exposed to

a constant flow of formative inputs and often we are oblivious to it for it is the very air we breathe" (Walker & Parry 2014:130). Die wêreld het verander en om as Christen in `n postmoderne 21ste eeu te leef is heel anders as die lewe wat Christene geken het voor die Reformasie.

The sacred canopy of a Christian culture is now virtually gone and the social structures that made Christian belief and lifestyle plausible are no longer in place. It is harder to believe than it used to be - not because there are better arguments against Christianity that there used to be but simply because the plausibility structures are not in place. (Walker & Parry 2014:132)

Juis daarom pleit hulle (2014:133) dat kategese baie ernstig opgeneem moet word en verwys na die 3de eeuse *Apostolic Tradition* waar gesê word dat kategese `n drie jaar lange reis is - en dat die Sinode van Elvira `n vyf jaar program gehad het. Volgens Walker en Parry (2014:134-143) moet kategese minstens die volgende insluit: onderrig in gebed, onderrig in basiese teologie en onderrig in die lees van Bybel-tekste. Verder moet kategese katkisante leer hoe om heilig te lewe, hoe om die kultuur van die dag aan die hand van die Bybelse narratief te interpreteer, hoe om deel te wees van die geloofsgemeenskap en hoe om in vryheid te leef. Kategese gaan ook oor hoe om aan die *missio Dei* deel te neem.

Catechesis is where people are introduced to the breadth of God's mission, the work of the Spirit-filled church in being a medium of that mission, and the multiple ways in which the church can fulfill it. It is also the place in which individuals are encouraged to start participating in God's mission in exploratory ways. (Walker & Parry 2014:140)

4.3.7.1 *Didaché* en identiteit

Die ontwikkeling van `n missionale gemeente gaan oor die waarheid dat gelowiges, individueel en korporatief, doelbewus opgebou word om deel te neem aan God se sending in die wêreld. Daardeur kom hulle, as die mense van God, tot `n waardering van sowel hul identiteit as hul rede van bestaan (Nel 2015:185).

Die gemeente kan tot `n groot mate beskryf word as mense wat voortdurend leer en ontdek wie God is, hoe Hy werk, en wat Hy in en deur ons doen en begeer vir die wêreld. Dit is een van die redes hoekom dit wat Jesus en die apostels geleer het, soveel in die Bybel beklemtoon word. Daarom kan gesê word dat kinderlike geïnteresseerdheid en bereidwilligheid om te leer, van die mees belangrike eienskappe van dissipels is. Dit behoort so natuurlik te wees om die gemeente toe te rus en te leer as wat dit vir kinders natuurlik is om binne die familiekring te leer en te ontwikkel (Nel 2015:194).

4.3.8 Relasionele kubernesis

Romans 12:8 tells those of us who have the gift of leadership that we had better sit up and take notice, we had better 'lead with diligence.' Why,

because the Church, the bride of Christ, upon which the eternal destiny of the world depends, will flourish or falter largely on the basis of how we lead. (Hybels 2002:27)

Kubernesis is volgens Louw en Nida (1988:466, 548) “being able to lead” of “being able to get others to follow.” Nel (2009:12) beskryf die *kubernesis* as die handeling om ‘n skip wat jy nie besit nie, met ‘n vrag wat nie joune is nie, na ‘n bestemming te stuur wat die eienaar bepaal het (vgl. Niemandt 2013:51 se verwysing na ‘n definisie van leierskap: “Leierskap is om mense te neem na plekke waar hulle nog nie was nie.”)

Luecke en Southard (in Nel 2009:12) wys daarop dat *kubernesis* gedeeltelik die beeld is van die konsep wat Paulus gebruik om sy bediening te beskryf. Beyer (in Nel 2009:12) argumenteer dat die taak om ‘n skip te stuur op ‘n figuurlike vlak verwys na die taak van ‘n staatshoof. Die begrip kom drie maal in die Septuaginta (LXX) voor en dit word elke keer gekoppel aan wysheid. Volgens Beyer verwys dit in 1 Kor 12:28 na die gawe van leierskap, met verwysing na die bestuur van jou eie lewe. Jinkins (2012:309-310) argumenteer dat godsdienstige leierskap waarskynlik die jongste subdissipline binne die vakgebied van Praktiese Teologie is, hoewel mens deurentyd van leiers in die Bybel lees. Die Ou Testament maak melding van verskeie leiers, onder ander die aartsvaders, Moses, die rigters sowel as die konings, terwyl Jesus in die Nuwe Testament die rol van ‘n leier inneem. Sy leierskap is egter van ‘n heel ander aard as waaraan die mense gewoond is (Jinkins 2012:310). “The sensibility of the New Testament regarding leadership runs towards guardianship and stewardship, and favors the image of the shepherd (Jinkins 2012:311). Nouwen (1994:48; vgl. Gibbs en Bolger 2005:16) sê Christen-leiers is geroep om die *Inkarnasie* te leef. Hulle moet in hul eie liggaame leef, maar ook in die liggaam van gemeenskap en daar moet die teenwoordigheid van die Heilige Gees ontdek word.

Pasveer (1992:47) sê *kubernesis* gaan oor die bestuur én regulering van prosesse ten einde die gewenste doelwitte te bereik. “De oorspronkelijke betekenis is stuurmanskunde (“kybernètikè”). Plato heeft de term al gebezigt voor de besturen van steden en landen” (Pasveer 1992:47).

Wanneer Campolo (in Nel 2009) reflekteer oor leierskap en theologiese opleiding, skryf hy dat kerkleiers nie geleer word hoe om effektiewe kerke te bou nie. Hy glo die kerk het kerkleiers nodig wat die vaardighede van entrepreneurs het. Aleshire (2008:45) glo weer dat theologiese onderrig vir die bediening leierskaps-onderrig is.

Theological schools educate persons who, soon after they graduate, go to congregations, parishes, or nonprofit organizations and, in one form or another exercise leadership. This is not generally the case with medical education, legal education, or graduate liberal arts education – the fields that

theological schools often claim as cousins. In most other professions, leadership positions emerge over time. (Aleshire 2008:45-46)

Die leierskapguru en kerkleier Bill Hybels (2002:27) sê gereeld: "...the local church is the hope of the world." Hy glo met sy hele wese dat dit egter nie al is nie en voeg by: "...and its future rests primarily in the hands of its leaders."

Osmer (2008:177) argumenteer dat die tipe leierskap wat die nodigste in gemeentes is, 'n soort leierskap is wat 'n gemeente deur 'n proses van verandering kan lei. Hy noem dié tipe leierskap 'transformerende leierskap' ("transforming leadership"). Verandering in gemeentes kan egter nie 'n oppervlakkige aangeleentheid wees nie en huis daarom kies Osmer om Quinn (1996:23-25) se bewoording van 'diep verandering' ("deep change") te gebruik. Verandering op 'n diep vlak kan nie sonder dissiplines, moed en die nodige motivering plaasvind nie (Quinn 1996:24). Transformerende leierskap het tot gevolg dat daar op 'n diep vlak verandering aan 'n gemeente se identiteit, kultuur, gestuurdeheid ("mission") en operasionele procedures intree (Osmer 2008:177). Binne gemeentes kan dit beteken dat veranderings aan elke bediening aangebring word ten einde die gemeente te wees wat God wil hê dit moet wees.

Missional leadership is transformative leadership. It ignites and drives change; starting with the inner transformation of the leader, and leading to the transformation of the church as well as the context wherein the church finds itself. (Niemandt 2017:203)

Osmer (2008:177) waarsku egter dat verandering op 'n diep vlak ("deep change") riskant kan wees, veral omdat gemeentelede kort voor lank weerstand kan bied. Lidmate wat gewoonlik die meeste weerstand bied, is dié lidmate wat vir 'n geruime tyd die invloedrykste koalisie in die gemeente was. Hulle sal weerstand bied want verandering op 'n diep vlak sal na alle waarskynlikheid beteken dat hulle minder mag as in die verlede sal hê.

2.3.8.1 *Kubernesis* en identiteit

Through them [leaders], God prepares his people to understand their identity, to fulfil their functions according to the purpose of God for his congregation, and to create structures that best serve the acts of God's salvation in a given time and society. (Nel 2015:143)

Wanneer Niemandt (2013:50) nadink oor die behoefté aan 'n nuwe manier van leierskap, argumenteer hy dat baie van die hedendaagse leierskapsprobleme waarskynlik met 'n verkeerde verstaan van die identiteit en die wese van die kerk te doen het.

Die gesprek oor die ontwikkeling van leierskap in die kerk het ontstaan binne die raamwerk van missionale kerkwees. As missionale gemeenskap bepaal die identiteit van die kerk haar doel (Niemandt 2013:51).

Nel (2015:156) argumenteer dat sommige lidmate geroep word om gemeentes te lei en dit is hul bediening waar hulle dien. Die opbou van `n missionale gemeente kan nie plaasvind sonder gesonde leierskap nie en alles wat uit die leierskap voorspruit, moet daar toe bydra dat lidmate al hoe meer bewus word van wie hulle reeds in Christus is. Die identiteit van `n gemeenteleier is dié van `n dienaar. Leiers is betrokke by die verskillende *modi* van bedieninge in gemeentes en al dié bedieninge gaan primêr oor diens. Nel (2015:162) verwys na Markus 10:35-45 waar Jesus dit duidelik stel dat die een wat wil lei, soos `n dienaar moet word en dit is duidelik dat Paulus bediening definieer in terme van diens.

4.3.9 Samevatting

Die integrering en koördinering van die bedieninge is `n komplekse saak, waar integrering na die inter-verweefdheid en koördinering na die gesamentlike funksionering van die bedieninge verwys. In hierdie studie is gekies vir agt modi van bedieninge waar elke modus daar is om die kommunikasie van die evangelie te dien. Elke bedieningsmodus én almal saam is drie-dimensioneel in die sin dat elkeen diens aan die Trinitariese God, diens aan mekaar en diens aan die wêreld is.

Uit die literatuurstudie het dit duidelik na vore gekom dat ál agt bedieningsmodi identiteitsontdekking en identiteits-vorming fasiliteer.

In die Skrif word die kerk se identiteit in Christus aan haar op `n diepgaande wyse geopenbaar en deur Bybelse prediking wat onderrig insluit, ontdek die kerk haar identiteit. Daar bestaan `n band tussen die liturgie van `n geloofsgemeenskap en hul identiteitsvorming en dikwels kom só `n gemeenskap se identiteit na vore via hul liturgie. Liturgie het ten doel om geloofsgemeenskappe se identiteit te vorm en om dit te transformeer. Saam met die *kerugma*, *didaché* en *leitourgia* kan die *koinonia* die kerk se identiteit rekonstrueer. Die *koinonia* vestig `n narratiewe gemeenskap waar die goeie nuus van die evangelie van Jesus Christus oor en oor op verskeie maniere vertel word. Binne só `n geloofsgemeenskap word die pastorale versorger se identiteit gevind daar waar hy of sy saam met die verlorenes, wat op die rand van die samelewning leef, is en dit is hier waar metafore soos die herder wat omgee, "wounded healer", vreemdeling as vertroueling en die vroedvrou, identiteitsvorming en identiteitsontdekking fasiliteer. Alle handelinge, insluitend *kubernesis*, is dienshandelinge en *diakonia* spruit nie net voort uit gesonde *koinonia* en pastorale versorging nie, maar is tegelyk ook deel van albei. *Diakonia* is `n theologiese begrip wat wys na die identiteit en missie van die kerk. Dit is `n reaksie op die oortuiging dat die Bybelse verstaan van *diakonia* mens oproep om te dien. Gelowiges is egter nie net dienaars in hul wese nie, maar ook getuies. Christelike getuienis definieer die Christen se identiteit, want Jesus het voordat Hy in die hemel opgeneem is, gesê dat sy volgelinge sy getuies sal wees. Die kerk se selfverstaan en identiteit is gebind aan die opdrag van Jesus om die evangelie tot in die uithoek van die aarde uit te dra.

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat die bedieninge inter-verweefd is en gesamentlik funksioneer. Gevolglik kan dit in terme van sisteemdenke beskryf en verstaan word.

4.4 Sisteemdenke: Integrering en koördinering van die bedieninge

The essence of the discipline of systems thinking lies in a shift of mind:

- seeing interrelationships rather than linear cause-effect chains, and
- seeing processes of change rather than snapshots.(Senge 2006:73)

In hierdie afdeling word daar na die integrering en koördinering van die bedieninge as sisteemdenke gekyk. Die noodsaaklikheid van al die bedieninge word onderskyf en daar word ook aan sinergie as aksie van vermenigvuldiging geraak.

Senge (2006:6) vergelyk sisteemdenke met die verskillende elemente van 'n donderstorm. In só `n storm kom al die elemente (die dele van die geheel), wat op die oog af ver verwyderd is van mekaar, tóg wel bymekaar. "Each has an influence on the rest, an influence that is usually hidden from view" (Senge 2006:6). Hy argumenteer dat menslike strewes en pogings ("endeavors") sisteme is. Sisteme word verbind deur onsigbare weefsels van onderling verbonde aksies, wat oor jare heen hul invloed op mekaar laat geld. Alle gebeure het `n invloed op mekaar, hoewel dit nie altyd sigbaar is nie.

Met verwysing na Senge se argument, argumenteer Marais (2009:8) dat leersituasies wat nét fokus op die onderdele of nét op die geheel, leer in die ware sin van die woord in die wiele sal ry. Marais is `n voorstander daarvan dat spesifieke bedieningsvaardighede voortdurend met die volle gemeentebediening in gesprek moet wees en in verband met mekaar gebring moet word. Dit beteken daar word die hele tyd gebou aan `n *ekklesiologie* soos wat daar gewerk word aan die onderafdelings van gemeentebediening.

Senge (2006:68) beskryf sisteemdenke as die dissipline om die geheel te sien: dit is `n denkraamwerk waar onderlinge verbindinge en patronen raakgesien word. En in die 21ste eeu is dit meer nodig as ooit omrede ons maklik kan verdrink in die oorvloed inligting wat tot ons beskikking is (Senge 2006:69). Vir hom is sisteemdenke die hoeksteen van 'n leerbare gemeenskap. Dit is die dissipline wat integrasie tussen die onderdele en die geheel van die sisteem bring.

Nel vergelyk die noodsaak om al die bedieninge in `n gemeente te hê, met die dieet van `n gesonde persoon. "What we need to be, live, and work in a healthy way is food. Our food is made up of different minerals etc. We need them all. In the case of a local church this is similar" (2005:369). Dit is noodsaaklik in die opbou van `n missionale gemeente dat al die bedieninge teenwoordig is. Dit is byvoorbeeld `n teologiese insig dat `n plaaslike gemeente sowel goeie prediking as goeie bestuur nodig het (Nel 2005:369).

Die kerk is `n geskenk van God aan die wêreld en huis daarom is al die bedieninge nodig. In die opbou van `n missionale gemeente kan nie een van die bedieninge verkleineer of geïgnoreer word nie. Elke gemeente het die totale bediening nodig, want dit is God se manier hoe hy uitdrukking gee aan alles wat hy gee en wat hy deur die gemeente beplan vir die wêreld (Nel 2015:77).

Nel (2015:78) glo dat die meeste kenners in dié studieveld sal saamstem dat dit op die langtermyn nie goed sal gaan met `n gemeente wat spesifieke bedieninge 'kies' ten koste van ander nie. Hy argumenteer dat die opbou van `n missionale gemeente oor die integrering en koördinering van al die modi van bedieninge gaan. Die gebalanseerde dieet van elke gesonde gemeente is `n sintese van die modi van bedieninge. "It cannot be stressed enough that developing a missional local church has to take the whole of the ministry seriously in the service of the communication of the gospel" (Nel 2015:71). Die verskillende modi van bediening is verweef, hoewel dit nie die uniekheid van elke bediening wegvat nie. Nel (2015:74) sê dit is `n teologiese insig dat `n plaaslike gemeente, byvoorbeeld, goeie bestuur net só nodig as goeie prediking het. Gemeentebou gaan egter om meer as net die bedieninge – dit sal nie suksesvol wees sonder al die bedieninge nie, maar dit is meer as net die somtotaal van die bedieninge (Nel 2015:74).

In hul navorsing, in navolging van Clare Grave, wys Armour en Browning (1995:53-122) op agt denksisteme wat in gemeentes aanwesig is. Hierdie agt denksisteme vorm menslike waardes en is deels verantwoordelik vir die diversiteit tussen mense. Dit vorm ons uitkyk op die lewe én ons prioriteite. Omrede hierdie sisteme intern ("systems within us"), het dit `n groot invloed op die sisteme tussen ons ("systems between us"). Nie een van die sisteme is beter as die ander nie: elkeen het swak- en sterkpunte en dit is waarom `n gesonde gemeenskap en `n gesonde kerk op verskillende tye sisteem-diversiteit nodig het (Armour & Browning 1995:137).

Met verwysing na `n artikel in die *New York Times Magazine* sê Greeley (in Armour & Browning 1995:143) ons godsdiens verarm indien dit tot een sisteem gereduseer word. Armour en Browning (1995:143) argumenteer dat godsdiens, om die diepste impak te maak, verskillende sisteme met mekaar en met ons ervaring in gesprek moet tree.

To that end, having multiple systems in a congregation is not a detriment, but a boon. Properly engaged, that diversity can spawn fresh energy and creativity that invigorates the entire Body. Moreover, the earlier modalities, through their interaction with the later ones, gain sophistication and breadth they could never achieve alone. (Armour & Browning 1995:143)

Senge (2006:124) beskryf sisteemdenke as `n kunsvorm wat deur die detail van kompleksiteit kyk om die onderliggende sisteme raak te sien wat veranderinge genereer. Dit beteken egter nie om die detail van kompleksiteit te ignoreer nie. Inteendeel, dit dryf ons om die detail van kompleksiteit in `n koherente storie te

organiseer wat ligwerp op die oorsake van probleme en hoe dié probleme in die toekoms uitgesorteer kan word.

Louw (1985:35) vra, met verwysing na die gemeentebou-proses, die vraag of daar `n model bestaan wat gerig is op wedersydse betrokkenheid, ondersteuning en verantwoordelikheid met die oog op die bekendmaking van die heil aan die ganse wêreld. Hy argumenteer vir `n dialogiese-intensionele sisteemmodel waar dit gaan om die korporatiewe geheel van die sel-in-die-ligaammodel, waar die totale gemeente self die subjek van pastoraat en die diakonaat is. `n Spanbenadering is belangrik in hierdie model wat gerig is op die geheel van die gemeente, die groter geheel van die kerk en die nood van die wêreld. Die sisteemgedagte werk met die volgende drie aspekte: Eerstens is die geheel die volheid van Christus en is dus meer, asook andersoortig, as die som van die dele, wat wel kwalitatief deel van die geheel uitmaak. Tweedens besit die sisteem `n inhrente dinamiek wat oop is na buite. Dit gaan om selfverloënende diens en hierdie *diakonia* beteken nie alleen die voorbereiding, bekendmaking en verkondiging van die evangelie nie, maar ook die suksesvolle inwerkingstelling daarvan. (Louw 1985:36)

Louw (1985:37) verwys na 1 Kor 12:5 wat praat van die verskeidenheid van die bediening wat gerig is op die opbouing van die gemeente. Die *diakonia* help mense in nood en gaan saam met die sigbare uitdrukking van gemeenskap van die heiliges. By Paulus het die diensmotief dus `n wye reikwydte omdat dit in wese die effektiewe kommunikasie van die goeie nuus van Jesus Christus in al sy fasette beoog (Louw 1985:37).

Derdens: die sisteem is isomorfies, waar elke individu dieselfde waardes en doestellings deel wat die geheel in sy eenheid en gerigtheid bevorder.

Die sisteembenadering is dus *dialogies* gestructureer; gerig op die effektiewe *kommunikasie* van die evangelie (*koinonia* en *diakonia*); *organies* van aard (dit gaan in gemeentebou nie net om `n funksionele en effektiewe gehaal van dade en strukture nie, maar om wat elke individu kwalitatief reeds is en wat die gemeente in die wêreld moet wees vir andere), en betrokke by die nood en probleme van mense. (Louw 1985:37)

Louw (1985:38) wys daarop dat die sisteembenadering beplannend te werk gaan met die oog op intensionele bediening wat deeglike programbeplanning en doelwitformulering insluit.

4.4.2 Sisteemdenke en identiteit

De gemeente is een systeem dat open heeft te staan voor haar omgeving. Zij is een *systeem* en als zodanig wordt zij gekenmerkt door eigenheid of identiteit, waardoor zij zich onderscheidt van haar omgeving, maar zij is tevens een *open* systeem, wat maakt dat zij in een voortdurende interactie

staat met haar omgeving. Tussen beide kenmerken bestaat een spanning, die om bewuste hantering vraagt. (Pasveer 1992:110)

Pasveer (1992:28) ondersoek die bydrae wat sisteemteorie in die opbou van `n missionale gemeente kan maak. Hy (1992:32) stel dat sisteme deur die volgende gekenmerk word:

- een *totaliteitsaspect*,
- een *(inter-)relatieaspect* en
- een *finalisatie- of doelgerichtheidsaspect*

Een van die voordele van sisteemdenke is die bestaan van `n basisteorie, wat van toepassing op meer as een wetenskapsterrein is. Die sisteemwetenskap vervul `n intermediêre rol in diens van die kommunikasie tussen verskillende wetenskappe (Pasveer 1992:33). Sy (1992:57) argument is dat `n gemeente as `n sisteem beskou kan word en dat sisteemteorie `n bydrae kan lewer in die ontwikkeling van die gemeente. Hy is verder oortuig dat sisteemdenke `n gemeente kan help om haar bestaansdoel uit te leef (1992:107).

`n Gemeente as geheel word gekenmerk deur sekere eienskappe wat haar van haar omgewing onderskei, maar `n gemeente is en bly `n oop sisteem (“open system”). Dit beteken dat mens nie van `n gemeente losstaande van haar omgewing kan dink nie. Die omgewing beïnvloed die gemeente en die gemeente beïnvloed die omgewing. Daar is dus voortdurend `n wisselwerking tussen gemeente en omgewing. Wat in die omgewing gebeur, word voor die deur van die gemeente gelê en die gemeente moet daarop reageer al dan nie. Dit beteken dat `n voortdurende diskors tussen gemeente en konteks aan die orde van die dag is. Pasveer noem dit `n identiteits-diskors (1992:57-58).

Men zou kunnen aanduiden als een voortdurend ‘identiteitsdiscours’. Dit brengt haar tot een permanent aan die orde zijnd leerproses. Dit betekent dat zij, uitgaande van een eerste voorlopige afgrenzing en identiteitstelling (haar *Ist-Wert*), al zoekend en tastend, telkens nieuwe normen stellend, haar weg op zoek na haar nieuwe identiteit (haar *Soll-wert*) moet vind, op basis waarvan zij in staat gesteld wordt haar handelen vorm te geven. (Pasveer 1992:58)

Sisteemdenke kan gemeentebou in vele opsigte dien (Pasveer 1992:107). Sy eerste argument is dat sisteemdenke `n gemeente kan help om haar identiteit in relasie tot haar *Umwelt* te vind, deur haar as `n sosiale sisteem van die omgewing af te grens. `n Gemeente, deelnemend aan die *missio Dei*, bestaan nie ter wille van haarself nie en is voortdurend in gesprek met dit wat binne haar omgewing en konteks aan die gebeur is (Pasveer 1992:107). Soos wat die gemeente leer van, kommunikeer, in gesprek tree en reageer op dit wat aan die gebeur is, vind identiteitsvorming en identiteitsontdekking plaas.

‘Openheid’ en ‘identiteit’ is twee samehangende kenmerke van ‘n gemeente wat Pasveer (1992:175) as twee brandpunte van ‘n ellips beskryf. Beide hoort bymekaar en is aanwesig op mekaar. Daar moet aandag aan beide gegee word en een mag die oorbeklemtoon word nie. Aandag aan die identiteit van die gemeente los van die opdrag om voortdurend in gesprek met haar omgewing te wees, lei tot *ekklesiосentrisme*. Wanneer daar te veel gekonsentreer word op die omgewing sonder terugkoppeling na haar oorspronklike identiteit, heers daar onder andere onsekerheid oor wat van die gemeente se bydrae verwag kan word.

Kerk gebeurt en vindt haar identiteit in een open communicatie met de wereld, daartoe aangespoord door de Stem die haar roept in het Woord. Dit betekent dat de identiteit van de gemeente voortdurend op tweeërlei manier kritisch bevraagd moet worden: vanuit het Woord en vanuit de ontmoeting met de A(a)nder in de situatie van de ‘aanvechting’. (Pasveer 1992:175)

Wanneer ‘n gemeente gekonfronteer word met nuwe probleemvelde, moet die vraag telkens gevra word wat die gemeente se respons binne die betrokke situasie moet wees (Pasveer 1992:176). Die omgewing bepaal dus in ‘n sekere sin die gemeente se bestaanwyse. Gemeentes word as gevolg van hul deelname en betrokkenheid by die samelewing daagliks gekonfronteer met uitdagings. As ‘n ‘oop sisteem’ is dit ‘n gegewe en as instrument van God se komst na die wêreld is die gemeente bevoorreg om deel te neem aan die *missio Dei* (1992:234). Los van haar verhouding met die wêreld verloor die gemeente haar identiteit (Pasveer 1992:235).

4.4.2 Sinergie: Aksie van vermenigvuldiging

Synergism is the principle that two systems or processes can produce more when harnessed together than when standing alone. (Armour & Browning 1995:53-143)

Nel (2015:74-75) argumenteer dat die opbou van ‘n missionale gemeente nie gelyk is aan *leitourgia* + *paraklesis* + *kubernesis* + *didache* + *koinonia* + *diakonia* + *marturia* + *kerugma* nie, hoewel dit nie kan gebeur sonder al die bedieninge nie. Dit sal ook nie werk om maar net ‘n paar van die ‘belangrikste’ bedieninge te kies en dan daarop te fokus nie. ‘n Plant sal byvoorbeeld nie kan groei as fosfor afwesig is nie, selfs al is al die ander minerale in oormaat aanwesig. In die opbou van ‘n missionale gemeente is ál die bedieninge nodig.

Die ideaal is ‘n aksie van vermenigvuldiging waar al die bedieninge ernstig opgeneem word. Binne só ‘n sisteem-benadering word die bedieninge meer as wat hulle een-een op hulle eie kan word. Die onderskeie bedieninge het mekaar nodig om werklik effektief te wees (Nel 2015:78).

Uit die hoek van die Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe gebruik Stephan Covey (1989:262-263), wat ‘n meestersgraad in besigheidsadministrasie van Harvard en ‘n doktorsgraad in godsdiensonderrig het, die begrip ‘sinergie’.

Simply defined, it means that the whole is greater than the sum of its parts. It means that the relationship which the parts have to each other is a part in and of itself. It is not only a part, but the most catalytic, the most empowering, the most unifying, and the most exciting part" (Covey 1989:263; vgl. Pasveer 1992:35).

Armour en Browning (1995:143-144, kyk Senge 2006:217) definieer sinergie as die beginsels waar twee sisteme meer kan produseer wanneer hulle saamwerk as wanneer hulle op hul eie is.

4.4.2.1 Enkele voorbeeld van vermenigvuldiging

Wat volg, is enkele voorbeeld uit die navorsing se literatuurstudie wat dui op die aksie van vermenigvuldiging van bedieninge wat geïntegreer en gekoördineer word.

i) Paraklesis en leitourgia

Heitink (1998a:180-181) skryf van die verwantskap tussen liturgie en pastorale sorg wanneer hy sê die liturgie is nie beperk tot die erediens op Sondae nie, maar dat dit deel van pastorale sorg kan wees. Liturgie, as die hart van die kerklike gemeente, kan as deel van `n huisbesoek tot uitdrukking kom wanneer daar uit die Bybel gelees of wanneer `n gebed gedoen word.

Waar menselike woorden tekortschieten kan een woord uit die Schrift troosten, bemoedigen en inspireren. Dit vraag van een pastor een hermeneutische gevoeligheid, zowel op het niveau van de geloofsinhoud als op dat van de geloofsbeleving en –ervaring, om in iedere situatie het goede woord te vinden. (Heitink 1998a:181)

Davie (1983:25) merk op dat daar in die verlede na pastorale sorg verwys is as iets tussen die dominee en `n gemeentelid (*pastor* en *parisher* in sy tradisie), maar dat daar al hoe meer tekens van waardering vir ritueel en sakramant in pastorale werk na vore kom. "This feature marked a revival in the Church of England of the traditional pattern of Catholic pastoral care" (Davie 1983:25).

ii) Didache en koinonia

Wanneer die gemeente volgelinge van Jesus is, groei die lede nader aan mekaar ("bonding") en `n sterk gemeenskap van dissipels word gevorm. Die ervaring van mens se verlossing is nie volledig sonder die ervaring van die gemeenskap van die heiliges nie (Nel 2015:195-196).

iii) Leitourgia en koinonia

Wepener en Pauw (2004) verwys na die werk van die sosioloog Anthony Cohen wat argumenteer dat die konstruksie van kollektiewe identiteit altyd rondom sekere simbole waarmee die groepslede hulself identifiseer, plaasvind (kyk Jenkins 1996:106-118). Cohen (kyk Jenkins 1996:110-111) praat van die simboliese konstruksie van kollektiewe identiteit. Hy gebruik die analogie van 'n masker om 'n

simbool te verduidelik. 'n Masker is iets wat 'n persoon dra en waarmee jy uitgeken kan word, maar dit is nie 'n strukturele kenmerk van die groep wat dit 'dra' nie. 'n Simbool is ook nie inherent tot die persoon wat dit dra nie – die simbool word verbeeld omdat dit gekonstrueer is – maar dit is nie denkbeeldig nie, want dit hou werklike gevolge in vir die een wat dit dra. Die groep assosieer wel met die simbool, maar dit beteken nie die groep moet op presies dieselfde wyses dink en optree nie. Die identiteit van die groep maak plek vir diversiteit sonder om gemeenskaplikheid prys te gee (Wepener& Pauw 2004).

iv) Kubernesis en didaché

Met verwysing na die verhouding tussen die *kubernesis* en die *didaché* wanneer hy skryf oor die opbou van 'n missionale gemeente, beklemtoon Nel (2015:157) die belangrikheid daarvan dat kerkleiers deeglike aandag aan onder ander die opleiding ("training") van ouers sken. Kerleiers móét weet hoe kosbaar mense is, dat God mense gebruik en om mense op te lei, is om in mense te belê (Nel 2015:157).

v) Marturia en die aksies van 'n kerk

Met verwysing na die verweefdheid van die bedieninge, argumenteer Chestnut (in Nel 2009:8) dat onderrig, musiek, geestelike lewe, sosiale diens en ander aksies, basies alles wat 'n kerk doen, 'n geleentheid vir evangelisasie is.

vi) Kerugma en paraklesis

Callahan (2010:16) argumenteer dat 'n gemiddelde prediker se boodskappe as bo-gemiddeld ervaar word indien hy of sy gereeld by die gemeentelede besoek aflê. "We have a pastor who is a good shepherd, loving and loved by the congregation. His sermon, rated a 7, will be heard as a 9" (Callahan (2010:16). Cilliers (2004:19) sien die prediking as 'n gekonsentreerde vorm van die Christelike hoop en glo in die prediking word woorde gehoor wat die wêreld nodig het, en bewustelik of onbewustelik daarna hunker (Cilliers 2004:21).

vii) Leitourgia en paraklesis

In sy boek *Worship as pastoral care* wys Wilimon (1979:48) daarop dat daar te groot onderskeid tussen aanbidding ("worship") en werk gemaak word.

Likewise, Christian ministers, if they are doing what they have been called to do, will testify that no clear distinction can or should be made between their work as priest and their work as pastor. When the pastor counsels parishioners in his or her study, beside a hospital bed, or around a kitchen table, the pastor is only doing what he or she does in baptism, at the Lord's table, in a sermon or a wedding – guiding the people of God in a liturgy whereby they are enabled to meet God and God can meet them. (Wilimon 1979:48)

viii) **Koinonia en paraklesis**

Reeds in die 1980's het Louw (1985:41-42) gesê dat die NG Kerk haarself moet besig hou met die vraag oor hoe om die *koinonia* so te struktureer dat lidmate betrokke sal raak by die nood van mense.

Die uitdaging in Suider-Afrika is die bediening van die versoening, nie as prestasie (*minipax!*) nie, maar as vrug van die versoening (*pleromax!*). Diakonia en pastoraat geskied onder die kruis en daarom in die teenwoordigheid en krag van die opstanding. (Louw 1985:42)

ix) **Leitourgia en martyria**

In *Welcoming the stranger* wys Keifert (1992:5) daarop dat *leitourgia* en *martyria* mekaar kan komplementeer en aanvul.

By 'liturgical worship', I mean worship consistent with the historic liturgy of the Christian church whereby 'the full, conscious, and active participation' of the people takes place. This definition of liturgical worship is in explicit contrast to worship understood as 'presentation evangelism,' which leaves people passive observers of a few who seeks to evangelize them. (Keifert 1992:5)

Hy verstaan effektiewe evangelisasie as die verkondiging van die goeie nuus en om mense te lei na 'n publieke identiteit in Christus (Keifert 1992:5).

4.5 Samevatting: Sisteemdenke

In hierdie afdeling het die aandag op die integrering en koördinering van die bedieninge as sisteemdenke gevallen. Sisteemdenke is 'n denkraamwerk waar onderlinge verbande en patronen raakgesien word en wat integrasie tussen die onderdele en die geheel bring. Sisteemdenke is 'n kunsform wat deur die detail van kompleksiteit kyk om die onderliggende sisteme raak te sien wat veranderinge genereer.

Sisteme word verbind deur onsigbare weefsels van onderling verbinde aksies, wat oor jare heen mekaar beïnvloed. Alle gebeure binne 'n missionale gemeente het 'n invloed op mekaar, hoewel dit nie altyd sigbaar is nie.

Die kerk, as 'n geskenk van God aan die wêreld, het al die bedieninge nodig. In die opbou van 'n missionale gemeente kan nie een van die bedieninge verkleineer of geïgnoreer word nie. Elke gemeente het die totale bediening nodig, want dit is God se manier hoe Hy uitdrukking aan alles gee wat Hy deur die gemeente vir die wêreld beplan. 'n Gemeente kan as 'n sisteem beskou word en sisteemteorie lewer 'n bydrae in die ontwikkeling van die gemeente. Dit kan 'n gemeente help om haar bestaansdoel uit te leef.

Sisteemdenke kan gemeentebou in vele opsigte dien. Dit help 'n gemeente om haar identiteit in relasie tot haar konteks te vind, deur haar as 'n sosiale sisteem van die

omgewing af te grens. `n Gemeente, deelnemend aan die *missio Dei*, bestaan nie ter wille van haarself nie en is voortdurend in gesprek met dit wat binne haar omgewing aan die gebeur is. Binne só `n sisteem-benadering word die bedieninge, as gevolg van die interverweefdheid en gesamentlike koördinering daarvan, meer as wat hulle op hulle eie kan word.

4.6 Vooruitskouing

Binne die normatiewe taak is aandag in die voorafgaande drie hoofstukke aan gemeentebou, die kerk se identiteit en die integrering en koördinering van bedieninge geskenk. In hoofstuk 5 en 6 kom die deskriptief-empiriese taak van prakties theologiese interpretasie aan die beurt. In hoofstuk 5 word daar gefokus op die kwantitatiewe navorsing en in die daaropvolgende hoofstuk is die fokus op die kwalitatiewe navorsing.

HOOFSTUK 5

DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK

KWANTITATIEWE NAVORSING

Die doel van die hoofstuk is:

- om kwantitatiewe navorsing te definieer.
- om die verskeie aspekte wat relevant is tot die navorsing uiteen te sit – die omvang van die navorsing, die benadering en die verskillende onderafdelings met betrekking tot die vraelys.
- om die data wat voortgepruit het uit die kwantitatiewe navorsing te beskryf.

5.1 Inleiding

Nadat daar in die voorafgaande drie hoofstukke aandag aan die normatiewe taak van praktiese teologie interpretasie geskenk is, word daar in hierdie hoofstuk oorbeweeg na die deskriptief-empiriese taak. Osmer se deskriptief-empiriese taak word vervolgens ingespan om deur kwantitatiewe navorsing vas te stel tot hoe 'n mate die leraars van Hoëveld Sinode saamstem al dan nie met stellings uit die literatuurnavorsing wat voortgespruit het uit die normatiewe taak.

Kwantitatiewe navorsing is aldus Osmer (2008:49) daarop gemik om numeriese data te versamel, te analiseer en om verwantskappe tussen die veranderlikes te ontdek. “Quantitative research is especially helpful in discovering broad statistical patterns and relationships” (Osmer 2008:50).

Heyns en Pieterse (1990:75) voer aan dat die empiriese metodologie die wetenskaplike metode is wat die geskikste vir navorsing in Praktiese Teologie is. Binne Praktiese Teologie is die empiriese ondersoek onlosmaaklik gekoppel aan teologiese teorieë.

Die woord *empirie* is afkomstig van die Griekse word “*emperia*” wat ervaring beteken (Heitink 1999:221). In die ervaringsproses is daar drie deelprosesse wat in 'n siklus verloop, naamlik waarneming, die inwerking op die omgewing en evaluering. Hierdie benadering tot die term *empirie*, is aldus Heyns en Pieterse (1990:77) in ooreenstemming met "...ons metateorie, naamlik die handelingsteorie, en ons basisteorie aangaande interaksie, naamlik die dialogiese kommunikasieteorie."

Volgens Heitink (1999:229) is daar verskillende metodes vir empiriese navorsing: daar is beskrywende navorsing, ondersoekende navorsing en navorsing wat 'n hipotese toets. Die kwantitatiewe navorsing wat in hierdie studie gedoen is, is ondersoekend van aard en die grondmotief van dié navorsing is die logiese positivisme. “Wat is die bewese feite?” is die waarheidsvraag van die positivisme (Janse van Rensburg 2007:3).

Smith (2005:30) gebruik die metafoor van 'n kaart om die navorsingsproses op 'n baie kreatiewe manier te beskryf. 'n Kaart gee vir ons die groot prentjie van hoe die wêreld rondom ons lyk. Dit help ons om te sien hoe die kontoere en die area lyk waarin ons leef, maar dit help ons ook om te sien hoe die aarde, wat dalk op die oomblik buite ons sigveld is, daar uitsien. Kaarte kan vir ons hierdie beeld van ons wêreld gee deur die kenmerke van die land (bv paaie, stede, riviere, kontoere) met eenvoudige, visuele simbole soos lyne, kleure, stippels en kolletjies aan te dui. "Sociological research can also descriptively map the contours and proportions of social life by simplifying features of the social world relevant to a particular interest and representing them with symbols" (Smith 2005:30). In stede daarvan om lyne, kolletjies en kleure te gebruik, word daar in die navorsingsproses van syfers gebruik gemaak om die dimensies en kwaliteite van die wêreld wat ondersoek word, te skets. Dié syfers oorvereenvoudig uit die aard van die saak die regte wêreld waarin ons leef, maar dit kan tog help om iets van die groter prentjie raak te sien en dit help ons ook om veral die dele te sien wat ons nie elke dag in ons visie het nie.

Dit is op hierdie punt, voordat die navorsingsresultate deurgegee word, belangrik om te noem dat die afleidings van hierdie studie uiters beperk is en hoogstens, maar nie noodwendig nie, moontlikhede op 'n breër vlak kan aandui wat deur verdere navorsing getoets behoort te word.

5.2 Wat is kwantitatiewe navorsing?

Quantitative research gathers and analyse numeric data to explore relationships between variables. Qualitative research seeks to understand the actions and practices in which individuals and groups engage in everyday life and the meaning they ascribe to their experience. (Osmer 2008:49)

Maree (2016:162) definieer kwantitatiewe navorsing as 'n sistematiese en objektiewe proses wat numeriese data van 'n geselekteerde subgroep van 'n populasie gebruik om veralgemenings met betrekking tot die hele populasie te maak. Op hul beurt definieer Leedy en Ormrod die doel van kwantitatiewe navorsing as volg:

Quantitative researchers tend to seek explanations and predictions that will generalize to other persons and places. The intent is to identify relationships among two or more variables and then, based on the results, to confirm or modify existing theories or practices. (Leedy en Ormrod 2015:98)

In hierdie studie is vraelyste gebruik ten einde kwantitatiewe data te verkry. Met kwantitatiewe data word statisties bepaal of daar 'n verband tussen veranderlikes is.

Variables are empirical indicators of the concepts you are researching and are given two or more values. For example, the concept of gender is assigned to values male and female and of social class, upper class, middle class, and working class. (Osmer 2008:49)

Hierdie veranderlikes word gedefinieer as empiriese aanwysers (indikators) van die konsepte wat nagevors word. Twee of meer waardes word aan veranderlikes gegee. As voorbeeld word die stelling: "Ons as gemeenteleiers sien ons gemeente as 'n missionale gemeente", gebruik. Met gebruikmaking van die Likert-skaal (Maree 2016:186; Leedy & Ormrod 2015:161-162), kan die respondenten die volgende opsies met betrekking tot die stelling kies om aan te dui tot hoe 'n mate al dan nie hulle met die stelling saamstem:

- stem beslis saam
- stem gedeeltelik saam
- stem grotendeels nie saam nie
- stem glad nie saam nie
- nie van toepassing op my nie

Die respondent se keuse word 'n empiriese aanwyser (indikator) van die stelling.

In die volgende afdeling word die navorsingsproses wat gevolg is, beskryf.

5.3 Die kwantitatiewe navorsingsproses

Osmer (2008:53) se benadering van 'n navorsingsplan om die navorsingsproses te beskryf, lyk soos volg:

5.3.1 Die mense wat ondersoek is

Soos beplan, in samewerking met professor Nel en die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek, is vraelyste (Bylaag C) aan al die leraars van Hoëveld Sinode uitgedeel of per e-pos gestuur. Tydens die navorsing wat vanaf Junie 2017 tot September 2017 gedoen is, was daar 144 leraars werksaam in Hoëveld Sinode.

5.3.2 Die spesifieke metodes wat gebruik is om data te versamel

Tydens November 2015 is toestemming by Hoëveld Sinode se Sinodale Dienskommissie gevra om navorsing onder die leraars, wat opgedeel word in 14 ringe, te doen.

Nadat toestemming by die Sinodale Dienskommissie verkry is, is besluit om die kwantitatiewe navorsing tydens 2017 se ringsittings te doen omdat elke ring jaarliks vergader. Tydens die eerste helfte van 2017 is die voorsitter en skriba van al 14 ringe geskakel (telefonies en via epos) en inligting met betrekking tot die navorsing is aan hul deurgegee. Die voorsitters van die onderskeie ringe het die navorsing toestemming gegee om op die dag van die ringsitting die vraelyste uit te deel sodat die leraars dit dieselfde dag nog kon invul.

Die onderskeie ringe het op die volgende datums vergader:

- 4 Junie: Ring van Standerton
- 11 Junie: Ring van Evander
- 12 Junie: Ring van Kemptonpark
- 13 Junie: Ring van Linden
- 19 Junie: Ring van Delmas
- 21 Junie: Ring van Turfontein
- 22 Junie: Ring van Johannesburg
- 30 Julie: Ring van Benoni
- 30 Julie: Ring van Heidelberg
- 5 Augustus: Ring van Alberton
- 5 Augustus: Ring van Birchleigh
- 12 Augustus: Ring van Germiston
- 3 September: Ring van Brakpan
- 11 September: Ring van Boksburg

Twaalf van die 14 ringe het tydens die vergadering `n paar minute aan die navorser gegee, terwyl twee van die ringe aan die navorser toestemming gegee het om die vraelyste voor die aanvang van die ringsvergadering uit te deel.

Elke respondent het `n toestemmingsbrief (Bylaag A) geteken waarin hul toestemming verleen om aan die navorsing deel te neem.

5.3.3 Die Navorsingspan wat die navorsing onderneem het

Joyce Jordaan (navorsingskonsultant) en Denise Jankowitz (statistikus) van die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek het deurgaans meegewerk, hulp verleen en raad gegee ten einde die kwantitatiewe navorsing suksesvol af te handel. Hulle was uiters behulpsaam en hul leiding was van onskatbare waarde.

5.3.4 Die stappe wat gevolg is om die projek suksesvol binne 'n spesifieke tydsraamwerk te voltooi

Telefoniese kontak is met meeste van die leraars voor die aanvang van die ringsitting gemaak en nadat die doel van die navorsing verduidelik is, het die navorser hulle gevra om anoniem aan die studie deel te neem. Van die 14 ringsittings was daar net een (ring van Germiston) wat as gevolg van uitstaande verslae nie kon plaasvind nie. Die leraars van dié ring is telefonies gekontak en nadat die navorser met almal gesprek gevoer het, is die vraelyste aan hulle ge-epos of besoek is by hul afgelê. Die gevolg is dat ál die leraars van hierdie ring `n vraelys voltooi het.

Die leraars wat as gevolg van sieke, verlof of ander redes nie hul onderskeie ringsitting kon bywoon nie, is opgevolg en vraelyste is óf aan hulle ge-epos óf die navorser het `n afspraak met hulle gemaak en by hul huis of kantoor besoek afgelê.

Van die 144 leraars van Hoëveld Sinode is 139 voltooide vraelyste voltooi. Twee leraars het aangedui dat hulle nie aan die navorsing wou deelneem nie. Een leraar se voltooide vraelys het die navorser via epos te laat bereik en een leraar werk voltyds by `n barmhartigheidsorganisasie en daar is besluit dat hy nie aan die navorsing moet deelneem nie omdat hy 100 persent van sy tyd aan dié organisasie bestee. Die navorser, wat self `n leraar in Hoëveld Sinode is, het nie 'n vraelys voltooi nie.

5.4 Opstel van vraelys

Maree (2016:177) wys op die belangrikheid van die opstel van 'n vraelys, huis omdat dit die instrument is waarmee data gegenereer word, terwyl Leedy en Ormrod (2015:166-170) twaalf handige wenke deel ten einde die nodige data op 'n effektiewe wyse te bekom.

Die vraelys is in vyf groepe gestructureer en naas biografiese inligting, is die volgende vier aspekte van die probleemstelling in die vraelys geïnkorporeer:

- missionale gemeentewees
- leraars se verstaan van gemeentebou
- identiteit van die gemeente
- integrering en koördinering van die bedieninge

5.5 Cronbach Alfa: Die interne betroubaarheid van die vraelys

Die Cronbach α is 'n meetinstrument wat die interne betroubaarheid van 'n vraelys bereken. Indien die telling groter as 0.7 is, is die interne betroubaarheid goed. Die interne betroubaarheid is vir die volgende items bereken:

Vraag	Cronbach α
• Vraag 9.1 (gesamentlik)	• 0.410
• Vraag 9.2 (gesamentlik)	• 0.542
• Vraag 9.3 (gesamentlik)	• 0.538
• Vraag 10.1a en 10.2a	• 0.759
• Vraag 10.1b en 10.2b	• 0.532
• Vraag 10.1a, 10.2a, 10.1b en 10.2b	• 0.728
• Vraag 11a.1 – 11a.8	• 0.804
• Vraag 11b.1 – 11b.8	• 0.817
• Vraag 12.1 – 12.8	• 0.866

Die vraelys (sien Bylaag C) wat in die navorsing gebruik is, is nie 'n bestaande gestandariseerde vraelys nie, maar 'n vraelys wat aan die hand van die teorie van hoofstukke 2, 3 en 4 opgestel is. Joyce Jordaan van die Universiteit Pretoria se Departement Statistiek skryf die lae meting van Vrae 9.1, 9.2 en 9.3 toe aan die abstrakte aard van die vragen.

Die vroeë wat in vraag 9.1, 9.2 en 9.3 gevra is, het 'n akademiese karakter en die teoretiese onderbou van dié vroeë is moontlik die rede vir die Cronbach α 's van kleiner as 0.7. Die vroeë kan egter as 'n moontlike beginpunt vir verdere navorsing dien, maar die vroeë sal verfyn moet word. Jordaan stel voor dat die teoretiese vroeë wat in 9.1, 9.2 en 9.3 gevra is, later moet dien en dat 'n volgende navorsing eerder met die tipe vroeë begin wat in vroeë 10.1, 10.2, 11a, 11b en 12 gevra is.

5.6 Resultate van die navorsing

Die resultate van die navorsing is statisties vasgelê vir interpretasie. Gereelde konsultasies is met die toegewysde persone van die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek gevoer om die data te kwantifiseer en te analiseer ten einde verbande tussen die veranderlikes te bepaal. In die volgende paragrawe gaan na die resultate van elk van die afdelings gekyk word.

5.6.1 Biografiese inligting (Vraag 1 – Vraag 5)

Die biografiese statistieke van die persone wat aan die navorsing deelgeneem het, word vervolgens deurgegee sodat daar gesien kan word hoe die profiel van die navorsingsgroep daar uitsien.

V1. Geslag

Geslag		Frekvensie	Persentasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Vroulik	18	12.9	12.9	12.9
	Manlik	121	87.1	87.1	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Van die 139 respondentte wat aan die navorsing deelgeneem het, was 18 vroulik en 121 manlik. Die 18 vroulike leraars verteenwoordig 12.9% van die populasie terwyl 87.1% mans was. Ideaal sou daar meer vroulike respondentte kon wees, maar aangesien die studie onder al Hoëveld Sinode se leraars gedoen is, was daar vooraf geen seleksieproses nie. 100% van die vroulike leraars wat tydens die navorsing werksaam in Hoëveld Sinode was, het aan die studie deelgeneem.

V2. Hoe lank is u al in die bediening?

		Frekvensie	Persentasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	1	3	2.2	2.2	2.2
	3	1	.7	.7	2.9

4	7	5.0	5.0	7.9
5	7	5.0	5.0	12.9
7	5	3.6	3.6	16.5
8	2	1.4	1.4	18.0
10	4	2.9	2.9	20.9
11	3	2.2	2.2	23.0
12	1	.7	.7	23.7
13	1	.7	.7	24.5
14	1	.7	.7	25.2
15	5	3.6	3.6	28.8
16	2	1.4	1.4	30.2
17	4	2.9	2.9	33.1
18	3	2.2	2.2	35.3
20	4	2.9	2.9	38.1
21	2	1.4	1.4	39.6
22	4	2.9	2.9	42.4
23	8	5.8	5.8	48.2
24	2	1.4	1.4	49.6
25	5	3.6	3.6	53.2
26	4	2.9	2.9	56.1
27	5	3.6	3.6	59.7
28	3	2.2	2.2	61.9
29	6	4.3	4.3	66.2
30	11	7.9	7.9	74.1
31	6	4.3	4.3	78.4
32	5	3.6	3.6	82.0
33	5	3.6	3.6	85.6
34	3	2.2	2.2	87.8
35	2	1.4	1.4	89.2
36	2	1.4	1.4	90.6

37	4	2.9	2.9	93.5
38	1	.7	.7	94.2
39	1	.7	.7	95.0
40	3	2.2	2.2	97.1
42	1	.7	.7	97.8
43	2	1.4	1.4	99.3
48	1	.7	.7	100.0
Totaal	139	100.0	100.0	

20.9% van die respondente is 10 jaar of minder in die bediening. 17.3% van die leraars is tussen 11 en 20 jaar in die bediening, met die meerderheid (36%) van Hoëveld Sinode se leraars wat reeds tussen 21 en 30 jaar bedien. 23% van die leraars is tussen 31 en 40 jaar in die tuig.

V3. Hoe lank dien u in u huidige gemeente?

		Frekwen-sie	Persentasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	1	14	10.1	10.1	10.1
	2	5	3.6	3.6	13.7
	3	12	8.6	8.6	22.3
	4	8	5.8	5.8	28.1
	5	6	4.3	4.3	32.4
	6	4	2.9	2.9	35.3
	7	4	2.9	2.9	38.1
	8	7	5.0	5.0	43.2
	9	8	5.8	5.8	48.9
	10	13	9.4	9.4	58.3
	11	3	2.2	2.2	60.4
	12	5	3.6	3.6	64.0
	14	4	2.9	2.9	66.9
	15	2	1.4	1.4	68.3

16	3	2.2	2.2	70.5
17	2	1.4	1.4	71.9
18	3	2.2	2.2	74.1
19	3	2.2	2.2	76.3
20	3	2.2	2.2	78.4
23	2	1.4	1.4	79.9
24	2	1.4	1.4	81.3
25	4	2.9	2.9	84.2
26	3	2.2	2.2	86.3
27	3	2.2	2.2	88.5
28	1	.7	.7	89.2
29	2	1.4	1.4	90.6
30	7	5.0	5.0	95.7
31	3	2.2	2.2	97.8
33	2	1.4	1.4	99.3
35	1	.7	.7	100.0
Totaal	139	100.0	100.0	

Die meerderheid van die respondente (58.3%) is tien jaar of minder by die gemeente waar hulle bedien.

14 van die respondente (10.1%) is een jaar of minder by hul gemeente met bykans 'n derde (32.4%) van die leraars wat vyf jaar of minder diens by hul gemeentes het.

V4. Hoeveel leraars is daar by u gemeente?

		Frekwensie	Persentasie	Geldige Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	1	70	50.4	50.4	50.4
	2	45	32.4	32.4	82.7
	3	12	8.6	8.6	91.4
	4	12	8.6	8.6	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Die meerderheid (50.4%) van die respondentie is leraars by gemeentes wat net een dominee het. 32.4% (45 respondentie) bedien saam met een ander kollega, met 12 leraars (8.6%) wat aangedui het dat hulle werksaam in gemeentes is wat drie leraars het. Met twaalf respondentie (8,6%) wat aangedui het dat hulle in gemeentes bedien met vier leraars, beteken dit dat Hoëveld Sinode drie gemeentes het wat deur vier leraars bedien word.

Dit is opvallend dat meer as 50% van die respondentie in ‘eenman’-gemeentes bedien met `n raps minder as `n derde (32.4%) van die respondentie wat aangedui het dat twee leraars by hul gemeente is. In Hoëveld Sinode is daar net sewe gemeentes wat drie of meer dominees het.

V5. Watter een van die volgende drie opsies beskryf u gemeente die beste ten opsigte van ligging?

		Frekwensie	Persentasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Platteland	26	18.7	18.7	18.7
	Voorstedelik	99	71.2	71.2	89.9
	Middestad	14	10.1	10.1	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

71.2% van die respondentie (99 leraars) het aangedui dat hulle in voorstedelike gemeentes bedien. 26 leraars (18.7%) bedien op die platteland, met 14 (10.1%) wat werksaam is in die middestad.

5.6.2 Missionale blootstelling (Vraag 6 en Vraag 7)

V6. Het u die afgelope twee jaar literatuur (boek of artikel) oor missionale gemeente-ontwikkeling gelees?

		Frekwensie	Persentasie	Geldige Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Ja	114	82.0	82.0	82.0
	Nee	25	18.0	18.0	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Die oorgrote meerderheid (82%) van die respondentie het aangedui dat hulle die afgelope twee jaar `n boek of artikel oor missionale gemeente-ontwikkeling gelees het. 25 (18%) van die leraars het gemerk dat hulle nie dié tipe literatuur onder oë gehad het nie.

V7. Het u die afgelope twee jaar aan gesprekke of kursusse oor missionale gemeente-ontwikkeling deelgeneem?

		Frekwensie	Persentasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Ja	100	71.9	72.5	72.5
	Nee	38	27.3	27.5	100.0
	Totaal	138	99.3	100.0	
Vermis	Sisteem	1	.7		
Totaal		139	100.0	100.0	

71.9% van die respondentē het die afgelope twee jaar aan gesprekke of kursusse oor missionale gemeente-ontwikkeling deelgeneem, met 27.3% wat aangedui het dat dit nie die geval was nie. Een respondent het nie die vraag beantwoord nie.

5.6.3 Teenwoordigheid van bedieninge by gemeentes (Vraag 8)

V8: Watter van die volgende bedieninge (waarvan die sentrale karakter in die Griekse benaming aangedui word), is teenwoordig in u gemeente?

V8.1 PREDIKING (Kerugma: bv. eredienste, ander vorme van Woordverkondiging, ens.)

	Frekwensie	Persentasie	Geldige Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Ja	139	100.0	100.0

100% van die respondentē (139 leraars) het aangedui dat prediking teenwoordig is in die gemeente wat bedien word. Dit is die enigste van die agt bedieninge wat 100% teenwoordig by al die respondentē se gemeentes is.

V8.2 LITURGIE (Leitourgia, insluitende bv. musiekbediening)

	Frekwensie	Persentasie	Geldige Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nee	8	5.8	5.8
	Ja	131	94.2	94.2
	Totaal	139	100.0	100.0

Die oorgrote meerderheid van die respondentē (94.2%) het aangedui dat die bediening van *leitourgia* deel is van die gemeente waar hulle bedien. Agt leraars (5.8%) het gemerk dat dit nie in hul gemeente teenwoordig is nie.

V8.3 PASTORALE SORG (*Paraklese: bv. besoeke, Divorce Care, Grief Share, ens.*)

		Frekvensie	Persentasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nee	3	2.2	2.2	2.2
	Ja	136	97.8	97.8	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Net drie van die respondentē (2.2%) het gemerk dat die bediening van pastorale sorg nie by hul gemeente voorkom nie. 97.8% van die respondentē (136 leraars) het egter aangedui dat dit deel uitmaak van hul gemeente se bediening.

V8.4 LEIERSKAP & ADMINISTRASIE (*Kybernesis: bv. gemeenteraad, kantoor, personeel, ens.*)

		Frekvensie	Persentasie	Geldige Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nee	12	8.6	8.6	8.6
	Ja	127	91.4	91.4	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

127 leraars (91.4%) het aangedui dat leierskap en administrasie by hul gemeente teenwoordig is, met twaalf (8.6%) wat gesê het dat dit nie die geval is nie.

V8.5 ONDERRIG (*Didaché: bv. kategese, Bybelskool, volwasse kategese, ens.*)

		Frekvensie	Persentasie	Geldige Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nee	7	5.0	5.0	5.0
	Ja	132	95.0	95.0	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

95% van die respondentē het aangedui dat die bediening van onderrig by hul gemeentes plaasvind, maar 5% het gemerk dat hul gemeentes nie so funksioneer nie.

V8.6 KOINONIA (bv. selgroepe, omgeegroepe, kampe, koffie, ens.)

		Frekvensie	Persentasie	Geldige Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nee	16	11.5	11.5	11.5
	Ja	123	88.5	88.5	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

88.5% van die respondentie (123 leraars) bedien in 'n gemeente waar *koinonia* teenwoordig is, met 16 (11.5%) wat aangedui het dat dit nie die geval in hul gemeentes is nie.

V8.7 DIENS (Diakonia: bv. alimentasie, kosprojekte, ens.)

		Frekvensie	Persentasie	Geldige Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nee	9	6.5	6.5	6.5
	Ja	130	93.5	93.5	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Die diakonia is aanwesig by 93.5% van die gemeentes, terwyl 9 leraars (6.5%) gemerk het dat dit nie die geval is by die gemeentes waar hulle bedien nie.

V8.8 GETUIENIS (*Marturia*: bv. kursusse m.b.t. getuienis, uitreik-aksies, evangelisasie, ens.)

		Frekvensie	Persentasie	Geldige Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nee	29	20.9	20.9	20.9
	Ja	110	79.1	79.1	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Getuienis is die bediening wat by die minste van die respondentie se gemeentes voorgekom het. Slegs 79.1% van die respondentie het aangedui dat dit teenwoordig is, met 20.9% wat gemerk het dat dit nie teenwoordig is in hul gemeentes nie.

Ander bedieninge

Let wel: Die respondentie het die opsig gehad om onder die opskrif "Ander" ander bedieninge te lys. Die volgende bedieninge is genoem:


- Dissipelskapsontwikkeling

- Echo huis
- Gebedsbediening
- Getuienis in die vorm van gemeenskapsbetrokkenheid
- Kontak met ander genootskappe/kerke
- Musiekblyspel, toneel, ensovoorts (kunsvorme)
- Ondersteuning van `n ander NG Gemeente
- Shofar
- Sterk en aktiewe missionale bedieninge
- Sterk fokus op gesinsbediening

5.6.4 Kategorie 1: Die *missio Dei* en die missionale gemeente (Vraag 9.1)

V9.1a: Ons sien onsself as `n missionale gemeente.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	2	1.4	1.4	1.4
	Stem glad nie saam nie	11	7.9	8.0	9.4
	Stem grotendeels nie saam nie	12	8.6	8.7	18.1
	Stem gedeeltelik saam	67	48.2	48.6	66.7
	Stem beslis saam	46	33.1	33.3	100.0
	Totaal	138	99.3		
Vermis	Sisteem	1	.7		
	Totaal	139	100.0	100.0	



In hierdie studie word die argument aanvaar dat die kerk missional in haar wese is (Guder 1998:1-17; Van Gelder & Zscheile 2011:32, kyk hoofstuk 2) en dat *ekklesiologie* uit *missiologie* voorspruit en nie andersom nie. `n Trinitariese siening van God se sending aanvaar dat die Vader, Seun en Gees die kerk na die wêreld stuur (Mat 28:19; Joh 20:21; Hand 1:8, kyk hoofstuk 2). Dit is dus opmerklik dat 23 leraars (16.6%) glad nie of grotendeels nie met die stelling saamstem nie en dat twee gemerk het dat die vraag nie van toepassing op hulle is nie. Elf leraars (7.9%) het gemerk dat hulle glad nie saamstem nie, terwyl twaalf (8.6%) gesê het dat hulle grotendeels nie saamstem nie.

Die meeste van die respondenten (67 leraars wat 48.2% verteenwoordig) het geantwoord dat hulle gedeeltelik met die stelling saamstem, terwyl 46 (33.1%) aangedui het dat hulle beslis saamstem.


Die data suggereer dat daar onsekerheid by die meeste van die respondenten oor hul missionaliteit is. Dit kan dalk wees omdat 18% van die leraars die afgelope twee jaar nie `n boek of artikel oor missionale gemeente-ontwikkeling gelees het nie (kyk vraag 6), of omrede 27.3% van die respondenten nie in die afgelope twee jaar aan kursusse of gesprekke met betrekking tot missionale gemeente-ontwikkeling deelgeneem het nie (kyk vraag 7).

Die missionale gesprek het volgens Guder (2000:xii) eers in 1995 werklik vlam gevat, wat beteken dat meer as 50% van die respondenten teen daardie tyd reeds afgestudeer was (op grond van jare in bediening, kyk vraag 2). Daar kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat die missionale gesprek nie op die voorgrond tydens hul studies was nie en die gevolg is dat dit moontlik nie deel uitmaak van die kern van hul teologiese oortuigings nie. Vraag 1 se data ondersteun wat Guder (1998:3) twee dekades gelede opmerk het toe hy gesê het: "The real issues in the current crisis of the Christian church are spiritual and theological."

V9.1b: Dit is vir my as gemeenteleier belangrik dat die gemeente moet ontwikkel as `n missionale gemeente.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	2	1.4	1.4	1.4
	Stem glad nie saam nie	2	1.4	1.4	2.9
	Stem gedeeltelik saam	27	19.4	19.4	22.3
	Stem beslis saam	108	77.7	77.7	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Dit is vir my as gemeenteleier belangrik dat die gemeente moet ontwikkel as `n missionale gemeente.



Waar slegs 33.1% van die respondenten in vraag 1 aangedui het dat hulle hul gemeente beslis as `n missionale gemeente sien, is dit verblywend dat 77.7% van die leraars aangedui het dat dit vir hulle belangrik is dat die gemeente waar hulle bedien, as `n missionale gemeente moet ontwikkel. 19.4% van die respondenten het aangedui dat hulle gedeeltelik met die stelling saamstem, wat beteken dat 97.1% van die respondenten (beslis of gedeeltelik) met die stelling saamstem. Twee respondenten (1.4%) het gesê die vraag is nie van toepassing op hulle nie en dit is opvallend dat twee leraars (1.4%) gemerk het dat hulle glad nie saamstem nie.


Hoewel baie leraars hul gemeente nog nie as `n missionale gemeente sien nie, is dit positief dat die oorgrote meerderheid van die respondenten hul gemeente se missionaliteit wil ontwikkel. Dit sou `n bron van kommer wees indien die meeste respondenten nie hul gemeentes se missionaliteit wou ontwikkel nie.

Vraag: Waaraan kan mens die hoë persentasie (97.1%) van respondenten wat met die stelling saamstem, toeskryf? Dit kan wees dat die literatuur wat deur 82% van die leraars (vraag 6) gelees is of die kursusse en gesprekke wat deur 71.9% van die leraars bygewoon is (vraag 7), hulle gemotiveer het om hul gemeente se missionaliteit te ontwikkel. `n Verdere moontlikheid is dat die data van vraag 9.1f kan bydra om dié vraag te beantwoord. 80.6% van die leraars het beslis met die stelling saamgestem dat die Drie-enige God 'n missionale God is wat die gemeente waar hulle bedien, as 'n geloofsgemeenskap in die wêreld instuur om die heerskappy van God te verteenwoordig. Op theologiese gronde, tesame met die data van vraag 9.1b en vraag 9.1f maak dit dus sin dat 97.1% van die respondenten hul gemeente se missionaliteit wil ontwikkel. Bosch (2005:492) toon aan dat die kerk in haar wese nie altyd as missionaal ("missionary by its very nature") verstaan is nie, maar met verloop van tyd het dit die geval geword.

We can no longer go back to the earlier position, when mission was peripheral to the life and being of the church. It is for the sake of its mission that the church has been elected, for the sake of its calling that it has been made 'God's own people'. (Bosch 2005:493; vgl. 1 Pet 2:9)

V9.1c: God kom na die wêreld via ons gemeente en ons gemeente staan sentraal in God se reddende plan vir die wêreld.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	2	1.4	1.4	2.2
	Stem grotendeels nie saam nie	8	5.8	5.8	7.9
	Stem gedeeltelik saam	42	30.2	30.2	38.1
	Stem beslis saam	86	61.9	61.9	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	



In hierdie studie word Nel (2015:66) se argument aanvaar dat die kerk nie maar net 'n terloopse werklikheid is nie. Dit het ontstaan in die wil van die drie-enige God ter wille van die wêreld (Nel 2015:66). Die oorgrote meerderheid (92.1%) van die respondentte het beslis of gedeeltelik met die stelling dat God via hul gemeente na die wêreld kom en dat die gemeente sentraal in sy reddende plan vir die wêreld staan, saamgestem. 61.9% het gemerk dat hulle beslis met die stelling saamstem en 30.2% het aangedui dat hulle gedeeltelik saamstem. Agt respondentte (5.8%) het gemerk dat hulle grotendeels nie saamstem nie, met twee (1.4%) wat aangedui het

dat hulle glad nie saamstem nie. Een van die respondente het gesê dat dit nie van toepassing op hom/haar is nie.


Vraag 11a het ondersoek tot hoe `n mate respondente met die stelling saamstem dat God primêr via die agt bedieninge na die gemeente kom. 85.5% het beslis saamgestem dat God deur die prediking na sy gemeente kom. 64% het beslis saamgestem dat Hy deur die liturgie kom. 65.5% het aangedui dat hulle beslis saamstem dat Hy deur die *koinonia* en pastorale sorg kom. Slegs 26.6% glo Hy kom primêr deur leierskap en administrasie, met 56.8% wat beslis saamgestem het dat Hy deur die onderrig na sy gemeente kom. 71.9% het aangedui dat Hy via die diens van barmhartigheid kom, met net 53.2% wat gemerk het dat God primêr na sy gemeente deur getuienis kom.

Die vraag kan gevra word hoekom elf van die respondente nie met die stelling saamgestem het nie. Die vermoede bestaan dat hulle moontlik nie begryp dat die gemeente die primêre manier is hoe Hy na die wêreld kom nie. “The church is God’s subject through whom he comes to the world – not that he cannot come to the world in other ways, but because this way has been revealed to us as his will” (Nel 2015:66).

V9.1d: Die gemeente waar ek bedien moet terugkeer na `n diep studie van haar identiteit om te ontdek en te herontdek wat dit beteken om `n missionale gemeente te wees.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	9	6.5	6.5	7.2
	Stem grotendeels nie saam nie	14	10.1	10.1	17.3
	Stem gedeeltelik saam	56	40.3	40.3	57.6
	Stem beslis saam	59	42.4	42.4	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

**Die gemeente waar ek bedien moet terugkeer
na `n diep studie van haar identiteit om te
ontdek en te herontdek wat dit beteken om `n
missionale gemeente te wees.**



Nel het meer as twee dekades gelede al gesê dat gemeentebou niks anders as identiteitsvorming is nie.


Wie in die kerk hertoe kan kom, kan twee dinge doen: eerstens meewerk aan die formulering van die missie of taak van die kerk (wat uit sy identiteit voortvloe) en tweedens meewerk aan die formulering van die identiteit en missie van `n bepaalde gemeente op `n bepaalde plek en in `n bepaalde konkrete situasie op `n bepaalde tyd in die geskiedenis. (Nel 1994:22)

59 (42.4%) van die respondente stem beslis met die stelling saam dat hul gemeente moet terugkeer na `n diep studie van hul identiteit, met 56 (40.3%) wat aangedui het dat hulle gedeeltelik saamstem. Dit beteken dat 82.7% van die leraars wat aan die navorsing deelgeneem het, tog geneë of ten minste gedeeltelik geneë is om terug te keer na `n diep studie van hul gemeentes se identiteit om te ontdek en te herontdek wat dit beteken om `n missionale gemeente te wees.

Dit is opvallend dat 9 leraars (6.5%) glad nie en 14 (10.1%) grotendeels nie met die stelling saamstem nie.

V9.1e: 'n Missionale gemeente is in haar wese deel van die missio Dei.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem grotendeels nie saam nie	3	2.2	2.2	2.9
	Stem gedeeltelik saam	17	12.2	12.2	15.1
	Stem beslis saam	118	84.9	84.9	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	




Keifert (2007:150) se argumente word aanvaar dat God se koninkryk en missie in die wêreld veel groter as die kerk is, tog is die kerk nodig om God se missie in die wêreld uit te voer. 84.9% van die respondentie (118 leraars) stem beslis saam met die stelling dat 'n missionale gemeente in haar wese deel van die *missio Dei* is, met 12.2% (17 leraars) wat gedeeltelik saamstem. Daar was nie een respondent wat glad nie met die stelling saamgestem het nie, maar dis tog interessant dat 3 leraars (2.2%) grotendeels nie saamgestem het nie.

Wat uitstaan, is dat só 'n hoë persentasie beslis met die stelling saamstem. In hierdie kategorie (9.1) is dit die stelling waarmee die meeste van die respondentie beslis saamgestem het. Die vermoede bestaan by die navorser dat die respondentie wat op 'n teologiese vlak met die stelling saamstem, ook gemerk het dat dit vir hulle belangrik is dat hul gemeentes moet ontwikkel as missionale gemeentes.

V9.1f: Die drie-enige God is 'n missionale God wat die gemeente waar ek bedien as 'n geloofsgemeenskap in die wêreld instuur om die heerskappy van God te verteenwoordig.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	1	.7	.7	1.4
	Stem grotendeels nie saam nie	3	2.2	2.2	3.6
	Stem gedeeltelik saam	22	15.8	15.8	19.4
	Stem beslis saam	112	80.6	80.6	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Die drie-enige God is 'n missionale God wat die gemeente waar ek bedien as 'n geloofsgemeenskap in die wêreld instuur om die heerskappy van God te verteenwoordig.




112 van die respondentte (80.6%) stem beslis met die stelling saamstem, terwyl 22 (15.8%) aangedui het dat hulle gedeeltelik saamstem. Slegs een respondent het aangedui dat hy/sy glad nie saamstem nie, met 3 (2.2%) wat grotendeels nie saamstem nie. Een respondent het aangedui dat die stelling nie van toepassing op hom/haar is nie.

Dit is opvallend dat meer as 80% van die leraars beslis met die stelling saamstem. Die vraag wat ontstaan, is hoekom daar 27 respondentte is wat beslis nie met die stelling saamstem nie. Is daar onsekerheid oor die missionale gerigtheid van God? Is daar onsekerheid oor die geloofsgemeenskap se verteenwoordiging van die heerskappy van God? (kyk Ott 2016:5; Nel 2015:92; Wright 2008:209).

5.6.5 Kategorie 2: Gemeentegebou (Vraag 9.2)

V9.2a: Die gemeente waar ek bedien is veronderstel om kwantitatief (in getalle) te groei.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	6	4.3	4.3	4.3
	Stem glad nie saam nie	12	8.6	8.6	12.9
	Stem grotendeels nie saam nie	24	17.3	17.3	30.2
	Stem gedeeltelik saam	66	47.5	47.5	77.7
	Stem beslis saam	31	22.3	22.3	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	




Slegs 31 respondente (22.3%) het aangedui dat hulle beslis met die stelling saamstem. Die meerderheid (66 respondente wat 47.5% verteenwoordig) het gemerk dat hulle gedeeltelik saamstem, met 17.3% wat aangedui het dat hulle grotendeels nie met die stelling saamstem nie. 12 leraars (8.6%) stem glad nie saam nie en ses (4.3%) het aangedui dat die stelling nie van toepassing op hulle is nie.

Linden (2015:140) argumenteer vanuit die Ou sowel as Nuwe Testament dat dit veilig is om aan te neem dat die kerk in getalle moet groei. Hy verwys na God se belofte aan Abram in Genesis 12:3 dat alle nasies deur hom geseeën sal word en na Jesus se woorde aan Petrus in Matteus 16:18 dat Hy sy kerk sal bou. Verder wys Linden (2015:140) na die *missio Dei* en na Jesus se opdrag in Matteus 28:19 om

dissipels van alle nasies te maak. Die vraag ontstaan dus hoekom nie meer respondentie met die stelling saamstem nie.

V9.2b: Die gemeente waar ek bedien is veronderstel om kwalitatief (in geestelike volwassenheid) te groei.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	STEM grotendeels nie saam nie	1	.7	.7	.7
	STEM gedeeltelik saam	20	14.4	14.4	15.1
	STEM beslis saam	118	84.9	84.9	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	




In teenstelling met die vorige stelling, het 84.9% van die respondentie (118 leraars) aangedui dat hulle beslis met die stelling saamstem. 14.4% (20 leraars) het gemerk dat hulle gedeeltelik saamstem en een leraar (0.7%) het aangedui dat die stelling nie van toepassing op sy/haar gemeente is nie.

Interessant is dat nie een van die respondentie nie met die stelling saamgestem het nie. Dit is die enigste stelling in kategorie 9.1, 9.2 en 9.3 waar geeneen van die respondentie aangedui het dat hulle grotendeels of glad nie met die stelling saamstem nie.

V9.2c: Die gemeenteleiers van die gemeente waar ek bedien weet wat ons gemeente se identiteit is.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	3	2.2	2.2	2.9
	Stem grotendeels nie saam nie	15	10.8	10.8	13.7
	Stem gedeeltelik saam	75	54.0	54.0	67.6
	Stem beslis saam	45	32.4	32.4	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Die gemeenteleiers van die gemeente waar ek bedien weet wat ons gemeente se identiteit is.



Net 32.4% (45 leraars) voel dat hulle beslis met die stelling saamstem. Die meerderheid van die respondentie (75 leraars wat 54% verteenwoordig) stem gedeeltelik met die stelling saam met 10.8% wat grotendeels nie saamstem nie. Drie leraars (2.2%) stem glad nie saam nie en een respondent het aangedui dat die stelling nie van toepassing op hom/haar is nie.

Die vermoede bestaan dat daar `n mate van onsekerheid met betrekking tot die gemeente se identiteit by baie van Hoëveld Sinode se gemeenteleiers bestaan. In die literatuur word telkens verwys na die kerk se identiteitskrisis. De Roest (1998:372-373) skryf oor Christen-gemeenskappe se onsekerheid aangaande hul identiteit en dit word beaam deur Hendriks (1991:144), Burger (1999:53), Heitink (2007:22) en Stanley (2016:43-47). Die data uit hierdie vraag ondersteun die vermoede dat daar onsekerheid by heelparty gemeenteleiers is oor die identiteit van die kerk.

V9.2d: Identiteit motiveer en gee rigting aan die ontwikkeling van 'n missionale gemeente.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	11	7.9	7.9	7.9
	Stem gedeeltelik saam	41	29.5	29.5	37.4
	Stem beslis saam	87	62.6	62.6	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	



Nel (1994:22; kyk 2015:25-50) is vas oortuig dat identiteitsontdekking die ontwikkeling van 'n missionale gemeente motiveer én rigting daaraan gee. Slegs 62.6% van die respondentie (87 leraars) stem beslis met die stelling saam, met 29.5% (41 leraars) wat gedeeltelik saamstem. Dit verteenwoordig 92.1% van die populasie.


Elf leraars (7.9%) het aangedui dat hulle grotendeels nie saamstem nie. Geen respondent (0%) het aangedui dat hulle beslis nie met die stelling saamstem of dat dit nie van toepassing is op hom/haar nie.

In V9.1d het net 42.4% van die respondentie beslis met die stelling saamgestem dat die gemeentes waar hulle bedien, moet terugkeer na 'n diep studie van hul gemeente-identiteit. Dit is dus opmerklik dat 62.6% in hierdie geval beslis saamgestem het dat identiteitsontdekking die ontwikkeling van 'n missionale gemeente motiveer. In V9.3c het net 36.7% van die respondentie beslis met die stelling saamgestem dat heelparty gemeentes nie gesond is nie, omdat hulle nie 'n greep het op wie hulle is en waarvoor hulle geroep is nie.

Op grond van dié gegewens bestaan daar dus `n vermoede by die navorsers dat die verband tussen gemeentebou, missionale gemeenteweес en identiteit nog nie by alle leraars bestaan nie.

V9.2e: Die sleutel tot gemeentebou is identiteitsontdekking en -ontwikkeling.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	4	2.9	2.9	3.6
	Stem grotendeels nie saam nie	6	4.3	4.3	7.9
	Stem gedeeltelik saam	54	38.8	38.8	46.8
	Stem beslis saam	74	53.2	53.2	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	




Van die 139 respondentte wat aan die studie deelgeneem het, het 74 (53.2%) gemerk dat hulle beslis met die stelling saamstem. 38.8% (54 leraars) stem gedeeltelik met die stelling saam, met onderskeidelik ses (4.3%) en vier (2.9%) leraars wat gemerk het dat hulle grotendeels nie saamstem of glad nie saamstem nie. Een respondent het gemerk dat die stelling nie van toepassing op hom/haar is nie.

Wat opvallend is, is dat só 'n hoë persentasie (92%) saamstem (gedeeltelik of beslis) en dat net 7.2% nie saamstem nie.

V9.2f: Die gemeente waar ek bedien word opgebou wanneer daar 'n doelbewuste poging is om die bedieninge te integreer en te koördineer ten einde identiteitsontdekking en identiteits-vinding te faciliteer.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	10	7.2	7.3	8.0
	Stem grotendeels nie saam nie	12	8.6	8.8	16.8
	Stem gedeeltelik saam	66	47.5	48.2	65.0
	Stem beslis saam	48	34.5	35.0	100.0
	Totaal	137	98.6	100.0	
Vermis	Sisteem	2	1.4		
	Totaal	139	100.0	100.0	

**Die gemeente waar ek bedien word opgebou
wanneer daar 'n doelbewuste poging is om
die bedieninge te integreer en te koördineer
ten einde identiteitsontdekking en identiteits-
vinding te faciliteer.**



V9.2f vat die kern van hierdie navorsing saam. Die meerderheid van die respondentie (66 leraars wat 47.5% verteenwoordig) het gedeeltelik met die stelling saamgestem. 34.5% stem beslis saam, terwyl 7.2% en 8.6% onderskeidelik glad nie en net gedeeltelik saamgestem het. Een respondent het aangedui dat die stelling nie van toepassing op hom/haar is nie.


Op grond van die data van V10.1a sê 40.3% van die respondentie dat daar 'n poging van die leierskap se kant is om die bedieninge te integreer. V10.2a se data wys uit dat 43.2% van die respondentie 'n doelbewuste poging aanwend om die bedieninge te koördineer.

Die doel van die integrering en koördinering van die bedieninge is nie net gemeentebou nie, maar ook identiteitsontdekking en identiteitsvorming . Die aantal respondenten wat egter oortuig is dat identiteitsontdekking en identiteitsvorming beslis deur al agt bedieninge kan plaasvind, is relatief laag.

V11b het die respondenten gevra oor tot hoe 'n mate die bedieninge identiteitsontdekking en identiteitsvorming fasiliteer. 69.8% het beslis saamgestem dat prediking een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel. 65.5% het beslis saamgestem dat diens van barmhartigheid een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel. 63.3% het beslis saamgestem dat *koinonia* een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel. Met nie een van die ander bedieninge het meer as 60% van die respondenten beslis saamgestem dat dit een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel nie.

V9.2g: Ons gemeente groei in getalle


		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	4	2.9	2.9	2.9
	Stem glad nie saam nie	23	16.5	16.7	19.6
	Stem grotendeels nie saam nie	44	31.7	31.9	51.4
	Stem gedeeltelik saam	44	31.7	31.9	83.3
	Stem beslis saam	23	16.5	16.7	100.0
	Totaal	138	99.3	100.0	
Vermis	Sisteem	1	.7		
Totaal		139	100	100	



Net 16.5% (23 leraars) het aangedui dat hulle beslis met die stelling saamstem. 31.7% stem gedeeltelik saam, met dieselfde aantal (44) leraars wat gemerk het dat hulle grotendeels nie met die stelling saamstem nie. 16.5% stem glad nie saam nie en 2.9% het aangedui dat die stelling nie van toepassing op hulle is nie.

V9.2h: Ons gemeente groei in geestelike volwassenheid

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	1	.7	.7	.7
	Stem grotendeels nie saam nie	5	3.6	3.6	4.3
	Stem gedeeltelik saam	85	61.2	61.6	65.9
	Stem beslis saam	47	33.8	34.1	100.0
	Totaal	138	99.3	100.0	
Vermis	Sisteem	1	.7		
	Totaal	139	100.0	100.0	




Slegs 33.8% van die respondentē het beslis met die stelling saamgestem. Die meerderheid (85 leraars wat 61.2% verteenwoordig) het aangeui dat hulle gedeeltelik met die stelling saamstem, met 5 leraars (3.6%) wat gemerk het dat hulle grotendeels nie saamstem nie. Een respondent (0.7%) het aangedui dat hy/sy glad nie saamstem nie.

5.6.6 Kategorie 3: Identiteit (Vraag 9.3)

V9.3a: Ons as 'n gemeente is bewus van ons identiteit, ons leef daaruit en ons koester ons identiteit.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	7	5.0	5.0	5.0
	Stem grotendeels nie saam nie	10	7.2	7.2	12.2
	Stem gedeeltelik saam	82	59.0	59.0	71.2
	Stem beslis saam	40	28.8	28.8	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	




Slegs 40 leraars (28.8%) het gemerk dat hulle beslis saamstem, terwyl 59% (82 leraars) gesê het dat hulle gedeeltelik saamstem. Nel (2015:49) vestig ons aandag daarop dat daar al te dikwels nie konsensus onder gemeenteleiers bestaan oor die identiteit van die gemeente nie. “It is sometimes shocking how little of a critical consciousness there is among church leaders in congregations in determining and understanding the identity of a local church within the reformed tradition” (Nel 2015:49).

Sewe leraars (5%) het gemerk dat hulle glad nie saamstem nie en 10 (7.2%) het aangedui dat hulle grotendeels nie saamstem nie.

Die 28.8% wat beslis met die stelling saamstem, verteenwoordig nie eens `n derde van die respondentie nie, tog is dit opvallend dat 59% van die respondentie in V9.3d beslis met die stelling saamgestem het dat die uitdaging vir hul gemeente in `n post-Christendom-wêreld daarin lê om opnuut hul identiteit te herwin en te verdiep. By V9.2d het 62.6% van die respondentie beslis met die stelling saamgestem dat identiteit rigting gee en as motivering dien in die ontwikkeling van `n missionale gemeente.

V9.3b: Ons gemeente se identiteit lê daarin dat ons in Christus gestuurde kinders van God is wat aan Hom behoort.

		Fre-kwensie	Persentasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	4	2.9	2.9	2.9
	Stem grotendeels nie saam nie	13	9.4	9.4	12.2
	Stem gedeeltelik saam	47	33.8	33.8	46.0
	Stem beslis saam	75	54.0	54.0	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	



Meer as die helfte van die leraars (75 wat 54% verteenwoordig) stem beslis met die stelling saam. Nel (2015:26) argumenteer dat daar ten spyte van die talryke metafore in die Skrif tóg 'n theologiese kern met betrekking tot die kerk is.

The church is from the Trinitarian God: The congregation believes in Christ, who are cleansed because of his life-giving sacrifice. The congregation is those who, through Christ, belong to the Father and who as such are being sealed by the Holy Spirit as the 'people belonging to God'. A, if not *the* core, metaphor is that we are *in* Christ. (Nel 2015:26)


33.8% (47 leraars) het aangedui dat hulle net gedeeltelik saamstem en 13 (9.4%) stem grotendeels nie saam nie. Vier leraars (2.9%) stem glad nie saam nie.

Dit is opvallend dat 17 respondentie nie met die stelling saamstem nie (glad nie of grotendeels nie). Hoekom sal dit wees en hoe sien hulle die identiteit van die gemeente?

V9.3c: Heelparty gemeentes is klaarblyklik nie gesond nie, vermoedelik omdat hulle onseker is van hulself en nie 'n greep het op wie hulle is (identiteit) en waarvoor hulle geroep (roeping) is nie.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	2	1.4	1.4	1.4
	Stem glad nie saam nie	4	2.9	2.9	4.3
	Stem grotendeels nie saam nie	25	18.0	18.0	22.3
	Stem gedeeltelik saam	57	41.0	41.0	63.3
	Stem beslis saam	51	36.7	36.7	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Heelparty gemeentes is klaarblyklik nie gesond nie, vermoedelik omdat hulle onseker is van hulself en nie 'n greep het op wie hulle is (identiteit) en waarvoor hulle geroep (roeping) is nie.




Dit is Stott (1992:242-243) wat soos baie ander kenners argumenteer dat gemeentes hul identiteit en roeping moet verstaan. Hy maak die stelling dat heelparty gemeentes onsekerheid beleef met betrekking tot hul identiteit en roeping. 51 leraars (36.7%) stem beslis met die stelling saam, terwyl 41% (57 leraars) gesê het dat hulle gedeeltelik saamstem. Vier (2.9%) het aangedui dat hulle glad nie saamstem nie, terwyl 18% (25 leraars) gemerk het dat hulle grotendeels nie saamstem nie. Twee respondentte (1.4%) het aangedui dat die stelling nie van toepassing op hulle is nie.

Die 36.7% wat beslis saamstem, verteenwoordig 'n relatiewe lae persentasie, terwyl dit opvallend is dat 29 leraars nie met die stelling saamstem nie (grotendeels en glad nie).

V9.3d: Die uitdaging vir ons gemeente in 'n post-Christendom wêreld lê daarin om opnuut ons identiteit te herwin en te verdiep.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	4	2.9	2.9	3.6
	Stem grotendeels nie saam nie	6	4.3	4.3	7.9
	Stem gedeeltelik saam	46	33.1	33.1	41.0
	Stem beslis saam	82	59.0	59.0	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Die uitdaging vir ons gemeente in 'n post-Christendom wêreld lê daarin om opnuut ons identiteit te herwin en te verdiep.



Zscheile (2012:1) argumenteer dat die uitdaging vir die kerk in 'n post-Christendom era daarin lê om opnuut haar identiteit te herwin en te verdiep. Die oorgrote meerderheid (92.1%) van die leraars in Hoëveld Sinode stem saam met die stelling. 82 (59%) het gemerk dat hulle beslis saamstem, met 33.1% wat gedeeltelik saamstem.


Ses leraars (4.3%) het aangedui dat hulle grotendeels nie saamstem nie, met vier (2.9%) wat gesê het dat hulle glad nie saamstem nie. Een respondent het gemerk dat die stelling nie van toepassing op hom/haar is nie.

Met bykans 60% van die leraars wat beslis met die stelling saamstem, is dit tog kommerwekkend dat minder as 30% (V9.3a) aandui dat hul gemeentes uit hul identiteit leef, bewus is daarvan en dit koester. Net 32.4% (V9.2c) het byvoorbeeld aangedui dat hul gemeenteleiers weet wat die gemeente se identiteit is.

V9.3e: Ons identiteit moet gesien word in die lig van God se betrokkenheid in en besorgheid oor die hele skepping (missio Dei).

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	4	2.9	2.9	2.9
	Stem gedeeltelik saam	29	20.9	20.9	23.7
	Stem beslis saam	106	76.3	76.3	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Ons identiteit moet gesien word in die lig van God se betrokkenheid in en besorgheid oor die hele skepping (missio Dei).



Die oorgrote meerderheid van die respondentе (97.2%) was geneig om met die stelling saam te stem. 106 leraars (76.3%) stem beslis saam, met 20.9% wat gedeeltelik saamstem. Vier respondentе (2.9%) stem grotendeels nie saam nie. Dis opmerklik dat nie een van die respondentе glad nie met die stelling saamgestem het nie.


84.9% van die leraars het beslis saamgestem dat 'n missionale gemeente in haar wese deel van die *missio Dei* is (V9.1e) en 80.6% van die leraars het beslis saamgestem dat God 'n missionale God is wat die gemeente in die wêreld instuur om sy heerskappy te verteenwoordig (V9.1f). Daar kan dus met redelike sekerheid afgelei word dat die meeste van die respondentе oortuig is dat God besorg is oor die hele skepping en dat Hy missionale gemeentes in sy 'besigwees' met die wêreld gebruik.

5.6.7 Kategorie 4: Integrering en koördinering van bedieninge (Vraag 10 – Vraag 12)

V10.1a: Daar is 'n doelbewuste poging van ons leierskap se kant om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te integreer.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	6	4.3	4.3	5.0
	Stem grotendeels nie saam nie	21	15.1	15.1	20.1
	Stem gedeeltelik saam	55	39.6	39.6	59.7
	Stem beslis saam	56	40.3	40.3	100.0
Totaal		139	100.0	100.0	

Daar is 'n doelbewuste poging van ons leierskap se kant om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te integreer.




56 leraars (40.3%) het aangedui dat daar 'n doelbewuste poging van hul leierskap se kant is om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te integreer. 39.6% (55 respondent) het net gedeeltelik met die stelling saamgestem, met 15.1% (21 respondent) wat gemerk het dat hulle grotendeels nie saamstem nie. Ses respondent (4.3%) stem glad nie saam nie, met een (0.7%) wat aangedui het dat die stelling nie van toepassing op hom/haar is nie.

Die 40.3% wat beslis doelbewus probeer om die bedieninge te integreer is in 'n sekere sin skokkend laag. Wat verdere kommer wek, is dat bykans net só 'n lae persentasie (43.2%) aangedui het dat hulle beslis 'n doelbewuste poging aanwend om die bedieninge te koördineer.

V10.1b: Ek begryp dat die bedieninge mekaar nodig het, interverweefd is en op mekaar steun.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	3	2.2	2.2	2.2
	Stem gedeeltelik saam	28	20.1	20.1	22.3
	Stem beslis saam	108	77.7	77.7	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Ek begryp dat die bedieninge mekaar nodig het, interverweefd is en op mekaar steun.




77.7% (108 respondent) van die leraars stem beslis met die stelling saam. 20.1% (28 respondent) stem gedeeltelik saam, met drie (2.2%) wat grotendeels nie saamstem nie.

Dit blyk hier `n geval te wees waar die respondent weet dat iets belangrik is (V10.1b), maar dat dit nie in die praktyk gebeur nie (V10.1a).

V10.2a: Daar is 'n doelbewuste poging van ons leierskap se kant om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te koördineer.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	5	3.6	3.6	3.6
	Stem grotendeels nie saam nie	9	6.5	6.5	10.1
	Stem gedeeltelik saam	65	46.8	46.8	56.8
	Stem beslis saam	60	43.2	43.2	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

**Daar is 'n doelbewuste poging van ons
leierskap se kant om die bedieninge wat wel
teenwoordig is, te koördineer.**




43.2% (60 leraars) het aangedui dat daar 'n doelbewuste poging van hul leierskap se kant is om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te koördineer. Die meeste respondentе (46.8%) het gemerk dat hulle gedeeltelik met die stelling saamstem, met net nege (6.5%) wat grotendeels nie saamstem nie. Vyf respondentе (3.6%) het glad nie met die stelling saamgestem nie.

V10.2b: Doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge het 'n rol te speel in die ontwikkeling van die gemeente waar ek bedien se identiteit.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	4	2.9	2.9	2.9
	Stem grotendeels nie saam nie	6	4.3	4.3	7.2
	Stem gedeeltelik saam	56	40.3	40.3	47.5
	Stem beslis saam	73	52.5	52.5	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge het 'n rol te speel in die ontwikkeling van die gemeente waar ek bedien se identiteit.



Hierdie vraag (V10.2b) het die respondenten gepolls oor die rol wat die doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge in 'n gemeente se identiteitsontwikkeling speel. 'n Bietjie meer as die helfte van die respondenten (52.5%) het aangedui dat doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge beslis 'n rol te speel het in die ontwikkeling van hul gemeente se identiteit.

V9.2f het basies dieselfde konsep getoets, maar dit aan gemeentebou gekoppel. In V9.2f se geval het net 34.5% beslis met die stelling saamgestem.

40.3% het gedeeltelik met die stelling in V10.2b saamgestem, met ses (4.3%) wat grotendeels nie saamgestem het nie en vier respondenten (2.9%) wat glad nie saamgestem het nie.


Daar bestaan dus `n vermoede (op grond van die data van V10.2b) dat daar `n mate van onsekerheid heers met betrekking tot die doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge in `n gemeente se identiteitsontwikkeling . Die vermoede bestaan ook (op grond van data in V9.2f) dat daar onsekerheid heers oor die rol van die integrering en koördinering van die bedieninge in die opbou van `n identiteitsgedreve missionale gemeente.

5.6.7.1 God se komste na die wêreld (Vraag 11a)

V11.a1: Prediking – (In ons gemeente is prediking een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem gedeeltelik saam	20	14.4	14.4	14.4
	Stem beslis saam	119	85.6	85.6	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is prediking een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom.




100% van die respondentte het oor die algemeen met die stelling saamgestem. 85.6% (119 respondentte) stem beslis saam dat prediking een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom, met 14.4% (20 respondentte) wat gedeeltelik saamstem. Geen respondent het van die stelling verskil of aangedui dat dit nie van toepassing op hom/haar is nie.

Slegs 69.8% van die respondentte het egter in V11.b1 aangedui dat prediking een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

V11.a2: Liturgie – (In ons gemeente is die liturgie een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	2	1.4	1.4	1.4
	Stem glad nie saam nie	2	1.4	1.4	2.9
	Stem grotendeels nie saam nie	8	5.8	5.8	8.7
	Stem gedeeltelik saam	37	26.6	26.8	35.5
	Stem beslis saam	89	64.0	64.5	100.0
	Totaal	138	99.3	100.0	
Vermis	Sisteem	1	.7		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is die liturgie een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom.




Die meerderheid van die respondentte (89 leraars wat 64% van die populasie verteenwoordig) stem beslis saam met die stelling dat die liturgie een van die primêre maniere is hoe God na sy gemeente kom. 26.6% het aangedui dat hulle gedeeltelik saamstem, met onderskeidelik agt (5.8%) en twee (1.4%) respondentte wat gemerk het dat hulle grotendeels nie of glad nie saamstem nie. Twee respondentte het gemerk dat die stelling nie op hulle van toepassing is nie, terwyl een persoon nie die vraag beantwoord het nie.

Slegs 53.2% van die respondentē het egter in V11.b2 aangedui dat die liturgie een van die primēre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

V11.a3: Pastorale sorg – (In ons gemeente is pastorale sorg een van die primēre maniere hoe God na sy gemeente kom)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	3	2.2	2.2	2.2
	Stem gedeeltelik saam	43	30.9	31.4	33.6
	Stem beslis saam	91	65.5	66.4	100.0
	Totaal	137	98.6	100.0	
Vermis	Sisteem	2	1.4		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is pastorale sorg een van die primēre maniere hoe God na sy gemeente kom.




91 respondentē (65.5%) stem beslis saam met die stelling dat pastorale sorg een van die primēre maniere is hoe God na sy gemeente kom. 30.9% (43 leraars) stem gedeeltelik saam, met 2.2% (drie respondentē) wat grotendeels nie saamstem nie. Twee respondentē het nie die vraag beantwoord nie.

Slegs 51.8% van die respondentie het egter in V11.b3 aangedui dat pastorale sorg een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

V11.a4: Leierskap en administrasie – (In ons gemeente is leierskap en administrasie een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	3	2.2	2.2	2.2
	Stem grotendeels nie saam nie	27	19.4	19.6	21.7
	Stem gedeeltelik saam	71	51.1	51.4	73.2
	Stem beslis saam	37	26.6	26.8	100.0
	Totaal	138	99.3	100.0	
Vermis	Sisteem	1	.7		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is leierskap en administrasie een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom.



30 respondentie (21.6%) het oor die algemeen nie met die stelling saamgestem nie. Drie leraars (2.2%) stem glad nie saam dat leierskap en administrasie een van die primêre maniere is hoe God na sy gemeente kom nie, met 27 respondentie (19.4%) wat grotendeels nie saamstem nie.

Die meerderheid van die respondentie (71 wat 51.1% verteenwoordig) het aangedui dat hulle gedeeltelik met die stelling saamstem, terwyl 37 respondentie (26.6%) beslis met die stelling saamstem. Een respondent het nie die vraag beantwoord nie.


In V11a het leierskap en administrasie op grond van die aantal respondentie wat beslis met die stelling saamstem, (26.6%) die laagste van almal gemeet. In V11b het leierskap en administrasie ook op grond van die aantal respondentie wat beslis met die stelling saamstem, die laagste gemeet (38.1%).

Daar kan dus, op grond van die data uit V11.a4 en V11.b4, 'n moontlikheid bestaan dat die leraars van die Hoëveld Sinode onseker is oor die bediening van leierskap en administrasie.

V11.a5: Onderrig – (In ons gemeente is onderrig een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	2	1.4	1.5	1.5
	Stem grotendeels nie saam nie	10	7.2	7.4	8.8
	Stem gedeeltelik saam	45	32.4	33.1	41.9
	Stem beslis saam	79	56.8	58.1	100.0
	Totaal	136	97.8	100.0	
Vermis	Sisteem	3	2.2		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is onderrig een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom.




Die meerderheid van die respondentie (79 wat 56.8% verteenwoordig) stem beslis saam dat onderrig een van die primêre maniere is hoe God na sy gemeente kom. 32.4% (45 respondentie) stem gedeeltelik saam, terwyl tien respondentie (7.2%) aangedui het dat hulle grotendeels nie saamstem nie. Twee respondentie (1.4%) het aangedui dat hulle glad nie saamstem nie en drie (2.2%) het nie die vraag beantwoord nie.

54% van die respondentie het in V11.b5 aangedui dat onderrig een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

V11.a6: Koinonia – (In ons gemeente is koinonia een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	4	2.9	2.9	2.9
	Stem gedeeltelik saam	41	29.5	30.1	33.1
	Stem beslis saam	91	65.5	66.9	100.0
	Totaal	136	97.8	100.0	
Vermis	Sisteem	3	2.2		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is koinonia een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom.




Die meerderheid van die respondentie (91 wat 65.5% verteenwoordig) stem beslis saam dat *koinonia* een van die primêre maniere is hoe God na sy gemeente kom. 29.5% (41 respondentie) stem gedeeltelik met die stelling saam, terwyl vier respondentie (2.9%) grotendeels nie saamstem nie. Drie van die leraars wat aan die studie deelgeneem het, het nie die vraag beantwoord nie.

Min of meer dieselfde aantal respondentie (63.3%) het in V11.b6 aangedui dat *koinonia* beslis een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

V11.a7: Diens van barmhartigheid- (In ons gemeente is die diens van barmhartigheid een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	10	7.2	7.3	7.3
	Stem gedeeltelik saam	27	19.4	19.7	27.0
	Stem beslis saam	100	71.9	73.0	100.0
	Totaal	137	98.6	100.0	
Vermis	Sisteem	2	1.4		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is die diens van barmhartigheid een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom.



Die meeste van die respondentie (100 wat 71.9% verteenwoordig) stem saam dat die diens van barmhartigheid een van die primêre maniere is hoe God na sy gemeente kom. Naas prediking, was hierdie die bediening wat op grond van respondentie wat beslis met die stelling saamgestem het, die hoogste gemeet het.

19.4% (27 respondentie) stem gedeeltelik saam, terwyl tien (7.2%) aangedui het dat hulle grotendeels nie saamstem nie. Twee respondentie (1.4%) het nie die vraag beantwoord nie.


65.5% van die respondentie het in V11.b7 aangedui dat diens van barmhartigheid een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en

ontwikkel. Weereens was dit naas prediking, die bediening wat op grond van respondent wat beslis met die stelling saamgestem het, die hoogste gemeet het.

V11.a8: Getuienis – (In ons gemeente is getuienis een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	6	4.3	4.3	4.3
	Stem grotendeels nie saam nie	17	12.2	12.3	16.7
	Stem gedeeltelik saam	41	29.5	29.7	46.4
	Stem beslis saam	74	53.2	53.6	100.0
	Totaal	138	99.3	100.0	
Vermis	Sisteem	1	.7		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is getuienis een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom.



Die meerderheid van die respondent (74 wat 53.2% verteenwoordig) het aangedui dat hulle beslis met die stelling dat getuienis een van die primêre maniere is hoe God na sy gemeente kom, saamstem. 29.5% (41 respondent) stem gedeeltelik saam met die stelling, met 12.2% (17 respondent) wat grotendeels nie saamstem nie. Ses respondent (4.3%) het gemerk dat hulle glad nie met die stelling saamstem nie, terwyl een persoon nie die vraag beantwoord het nie.


54% van die respondent het in V11.b8 aangedui dat getuienis een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

5.6.7.2 Bedieninge se rol in identiteitsontdekking en –ontwikkeling (Vraag 11b)

V11.b1: Prediking – (In ons gemeente is prediking een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	1	.7	.7	.7
	Stem grotendeels nie saam nie	2	1.4	1.5	2.2
	Stem gedeeltelik saam	37	26.6	27.0	29.2
	Stem beslis saam	97	69.8	70.8	100.0
	Totaal	137	98.6	100.0	
Vermis	Sisteem	2	1.4		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is prediking een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.




Die meerderheid van die respondentie (97 wat 69.8% verteenwoordig) het beslis met die stelling dat prediking een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel, saamgestem. 26.6% (37 respondentie) stem gedeeltelik saam met die stelling, maar twee respondentie (1.4%) het gemerk dat hulle grotendeels nie saamstem nie. Een leraar (0.7%) het aangedui dat hy/sy glad nie saamstem nie en twee het nie die vraag beantwoord nie.

V11.b2: Liturgie – (In ons gemeente is die liturgie een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	2	1.4	1.5	1.5
	Stem glad nie saam nie	2	1.4	1.5	2.9
	Stem grotendeels nie saam nie	13	9.4	9.5	12.4
	Stem gedeeltelik saam	46	33.1	33.6	46.0
	Stem beslis saam	74	53.2	54.0	100.0
	Totaal	137	98.6	100.0	
Vermis	Sisteem	2	1.4		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is die liturgie een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.




Twee van die respondentte (1.4%) het aangedui dat hulle glad nie met die stelling saamstem nie, terwyl 13 (9.4%) gemerk het dat hulle grotendeels nie saamstem nie. Die meerderheid van die respondentte het egter aangedui dat hulle in die algemeen saamstem dat die liturgie een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

33.1% (46 respondentte) stem gedeeltelik saam met die stelling, met 53.2% (74 leraars) wat beslis met die stelling saamstem. Twee respondentte het nie die vraag beantwoord nie en twee het gemerk dat die vraag nie van toepassing op hulle is nie.

V11.b3: Pastorale sorg – (In ons gemeente is pastorale sorg een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	1	.7	.7	.7
	Stem grotendeels nie saam nie	8	5.8	5.9	6.6
	Stem gedeeltelik saam	55	39.6	40.4	47.1
	Stem beslis saam	72	51.8	52.9	100.0
	Totaal	136	97.8	100.0	
Vermis	Sisteem	3	2.2		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is pastorale sorg een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.




Meer as die helfte van die respondentie (72 wat 51.8% verteenwoordig) stem beslis saam met die stelling dat pastorale sorg een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel. 55 respondentie (39.6%) stem gedeeltelik saam met die stelling, met agt (5.8%) wat grotendeels nie saamstem nie. Een respondentie het gemerk dat hy/sy glad nie saamstem nie en drie het nie die vraag beantwoord nie.

V11.b4: Leierskap en administrasie- (In ons gemeente is leierskap en administrasie een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	4	2.9	2.9	2.9
	Stem grotendeels nie saam nie	18	12.9	13.1	16.1
	Stem gedeeltelik saam	62	44.6	45.3	61.3
	Stem beslis saam	53	38.1	38.7	100.0
	Totaal	137	98.6	100.0	
Vermis	Sisteem	2	1.4		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is leierskap en administrasie een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.




Die meeste respondentie (62 wat 44.6% verteenwoordig) het aangedui dat hulle gedeeltelik met die stelling saamstem dat leierskap en administrasie een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel. 38.1% (53 respondentie) het gemerk dat hulle beslis saamstem, maar 18 (12.9%) het gesê dat hulle grotendeels nie met die stelling kan saamgaan nie. Vier (2.9%) van die persone wat aan die studie deelgeneem het, stem glad nie saam met die stelling nie en twee het nie die vraag beantwoord nie.

V11.b5: Onderrig – (In ons gemeente is onderrig een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	2	1.4	1.5	1.5
	Stem grotendeels nie saam nie	13	9.4	9.6	11.0
	Stem gedeeltelik saam	46	33.1	33.8	44.9
	Stem beslis saam	75	54.0	55.1	100.0
	Totaal	136	97.8	100.0	
Vermis	Sisteem	3	2.2		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is onderrig een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.




Meer as die helfte van die respondentie (75 wat 54% verteenwoordig) stem beslis saam met die stelling dat onderrig een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel. 46 respondentie (33.1%) stem gedeeltelik saam, terwyl 13 (9.4%) grotendeels nie saamstem nie. Twee respondentie (1.4%) het aangedui dat hulle glad nie met die stelling saamstem nie, met drie respondentie (2.2%) wat nie die vraag beantwoord het nie.

V11.b6: Koinonia – (In ons gemeente is koinonia een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	9	6.5	6.6	6.6
	Stem gedeeltelik saam	39	28.1	28.7	35.3
	Stem beslis saam	88	63.3	64.7	100.0
	Totaal	136	97.8	100.0	
Vermis	Sisteem	3	2.2		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is koinonia een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.




Geeneen van die respondentē het totaal en al van die stelling verskil dat koinonia een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel nie. Nege respondentē (6.5%) het egter aangedui dat hulle grotendeels nie saamstem nie.

28.1% (39 respondentē) het gemerk dat hulle gedeeltelik met die stelling saamstem, met die meeste leraars (88 wat 63.3% verteenwoordig) wat gesê het dat hulle beslis met die stelling saamstem. Drie respondentē het nie die vraag beantwoord nie.

V11.b7: Diens van barmhartigheid – (In ons gemeente is die diens van barmhartigheid een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	2	1.4	1.5	2.2
	Stem grotendeels nie saam nie	7	5.0	5.1	7.3
	Stem gedeeltelik saam	36	25.9	26.3	33.6
	Stem beslis saam	91	65.5	66.4	100.0
	Totaal	137	98.6	100.0	
Vermis	Sisteem	2	1.4		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is die diens van barmhartigheid een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.




Bykans 'n derde van die respondentie (91 wat 65.5% verteenwoordig) het beslis saamgestem dat die diens van barmhartigheid een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel. 36 respondentie (25.9%) stem gedeeltelik saam, maar daar was onderskeidelik sewe (5%) en twee (1.4%) respondentie wat grotendeels en glad nie met die stelling saamgestem het nie. Twee (1.4%) respondentie het nie die vraag beantwoord nie.

V11.b8: Getuienis – (In ons gemeente is getuienis een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel)

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	5	3.6	3.6	3.6
	Stem grotendeels nie saam nie	19	13.7	13.9	17.5
	Stem gedeeltelik saam	38	27.3	27.7	45.3
	Stem beslis saam	75	54.0	54.7	100.0
	Totaal	137	98.6	100.0	
Vermis	Sisteem	2	1.4		
	Totaal	139	100.0	100.0	

In ons gemeente is die getuienis een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.




Meer as die helfte van die respondentie (75 wat 54% verteenwoordig) stem beslis met die stelling saam dat getuienis een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel. 27.3% stem gedeeltelik saam, maar 13.7% van die respondentie het aangedui dat hulle grotendeels nie saamstem nie. Vyf respondentie (3.6%) stem glad nie saam met die stelling nie en twee (1.4%) het nie die vraag beantwoord nie.

5.6.7.3 Inter-verweefheid van die bedieninge (Vraag 12)

Vraag 12: Wanneer ek met die agt ondergenoemde bedieninge besig is, is ek bewus van die verweefdheid van die bediening met die ander bedieninge.

V12.a: Prediking met bv. die onderrig en die pastorale sorg.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem gedeeltelik saam	33	23.7	23.7	23.7
	Stem beslis saam	106	76.3	76.3	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	




106 van die respondentē wat 76.3% van die populasie verteenwoordig, het aangedui dat hulle beslis met die stelling saamstem. 23.7% van die respondentē het gesê dat hulle gedeeltelik saamstem.

Dit is opvallend dat nie een van die respondentē glad nie of grotendeels nie met die stelling saamgestem het nie.

V12.b: Liturgie met bv. die verkondiging en die getuienis.


		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	2	1.4	1.4	1.4
	Stem glad nie saam nie	1	.7	.7	2.2
	Stem grotendeels nie saam nie	8	5.8	5.8	7.9
	Stem gedeeltelik saam	37	26.6	26.6	34.5
	Stem beslis saam	91	65.5	65.5	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	



91 van die respondentē (65.5%) het aangedui dat hulle beslis met die stelling saamstem, met 37 (26.6%) wat gemerk het dat hulle gedeeltelik saamstem. Agt respondentē (5.8%) het aangedui dat hulle grotendeels nie met die stelling akkoord gaan nie, met een respondent wat glad nie saamstem nie. Twee van die respondentē het gesê die stelling is nie van toepassing op hulle nie.

V12.c: Pastorale sorg met bv. die koinonia en die diens van barmhartigheid.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	2	1.4	1.4	1.4
	Stem gedeeltelik saam	42	30.2	30.4	31.9
	Stem beslis saam	94	67.6	68.1	100.0
	Totaal	138	99.3	100.0	
Vermis	Sisteem	1	.7		
	Totaal	139	100.0	100.0	




Meer as `n derde (94 leraars wat 67.6% verteenwoordig) van die respondentē het aangedui dat hulle beslis met die stelling saamstem, met 30.2% wat gesê het dat hulle gedeeltelik saamstem. Twee respondentē (1.4%) stem grotendeels nie saam nie en een persoon het nie die vraag beanwoord nie.

V12.4: Leierskap en administrasie met bv. die pastorale sorg en onderrig.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Nie van toepassing op my	1	.7	.7	.7
	Stem glad nie saam nie	2	1.4	1.4	2.2
	Stem grotendeels nie saam nie	19	13.7	13.8	15.9
	Stem gedeeltelik saam	64	46.0	46.4	62.3
	Stem beslis saam	52	37.4	37.7	100.0
	Totaal	138	99.3	100.0	
Vermis	Sisteem	1	.7		
	Totaal	139	100.0s	100.0	


Leierskap en administrasie met bv. die pastorale sorg en onderrig.



83.4% van die respondentie was daarmee geneë om oor die algemeen met die stelling akkoord te gaan. 37.4% (52 respondentie) het beslis saamgestem, met 46% (64 respondentie) wat gedeeltelik saamgestem het. 13.7% van die respondentie kon hulleself grotendeels nie met die stelling vereenselwig nie en 1.4% het aangedui dat hulle glad nie saamstem nie. Een respondent het gesê dat die stelling nie van toepassing op hom/haar is nie en een het nie die vraag beantwoord nie.

V12.e: Onderrig met bv. die prediking en pastorale sorg.


		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	5	3.6	3.6	3.6
	Stem gedeeltelik saam	44	31.7	31.7	35.3
	Stem beslis saam	90	64.7	64.7	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	



Die oorgrote meerderheid van die respondentie kon hul oor die algemeen vereenselwig met die stelling. 64.7% het aangedui dat hulle beslis saamstem, terwyl 31.7% gemerk het dat hulle gedeeltelik met die stelling saamstem. Vyf van die respondentie (3.6%) het gesê dat hulle grotendeels nie saamstem nie.

V12.f: Koinonia met bv. die pastorale sorg en diens van barmhartigheid

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	1	.7	.7	.7
	Stem grotendeels nie saam nie	5	3.6	3.6	4.3
	Stem gedeeltelik saam	38	27.3	27.5	31.9
	Stem beslis saam	94	67.6	68.1	100.0
	Totaal	138	99.3	100.0	
Vermis	Sisteem	1	.7		
	Totaal	139	100.0	100.0	




Die meerderheid van die respondentie (94 wat 67.6% verteenwoordig) het aangedui dat hulle beslis met die stelling saamstem. 27.3% het gesê dat hulle gedeeltelik saamstem, maar daar was onderskeidelik 3.6% en 0.7% van die respondentie wat hulself grotendeels en glad nie met die stelling vereenselwig het nie. Een leraar het nie die vraag beantwoord nie.

V12.7: Diens van barmhartigheid met bv. die koinonia en die leierskap en administrasie.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem grotendeels nie saam nie	9	6.5	6.6	6.6
	Stem gedeeltelik saam	49	35.3	35.8	42.3
	Stem beslis saam	79	56.8	57.7	100.0
	Totaal	137	98.6	100.0	
Vermis	Sisteem	2	1.4		
	Totaal	139	100.0	100.0	

Diens van barmhartigheid met bv. die koinonia en die leierskap en administrasie.




Meer as die helfte van die respondentie (56.8%) stem beslis met die stelling saam. 49 respondentie, wat 35.3% verteenwoordig, stem gedeeltelik saam met die stelling, met net 6.5% wat grotendeels nie saamstem nie.

V12.h: Getuienis met bv. die liturgie, pastorale sorg en prediking.

		Fre-kwensie	Persen-tasie	Geldige persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geldig	Stem glad nie saam nie	5	3.6	3.6	3.6
	Stem grotendeels nie saam nie	5	3.6	3.6	7.2
	Stem gedeeltelik saam	42	30.2	30.2	37.4
	Stem beslis saam	87	62.6	62.6	100.0
	Totaal	139	100.0	100.0	

Getuienis met bv. die liturgie, pastorale sorg en prediking.



Vyf respondentte (3.6%) het aangedui dat hulle glad nie met die stelling saamstem nie, met `n verdere vyf (3.6%) wat grotendeels nie met die stelling saamstem nie. Daar was wel 42 respondentte (30.2%) wat gedeeltelik saamgestem het en 87 leraars (62.6%) wat aangedui het dat hulle beslis met die stelling saamstem.

5.7 Verbande tussen veranderlikes

Kwantitatiewe navorsing word by uitstek gebruik om die verbande tussen veranderlikes raak te sien (Osmer 2008:49).

‘n Chi-kwadraattoets (onafhanklikheidstoets waar twee veranderlikes met mekaar vergelyk word met die veronderstelling dat daar geen verband tussen die twee is nie) is gedoen om die verbande tussen die veranderlikes in die vraelys vas te stel.

Ingevolge hierdie toets is daar wel 'n verband as die p-waarde minder as 0,05 is en indien dit die geval is, kan die nul-hipotese verwerp word.

Die navorsing het uitgewys dat daar 'n betekenisvolle samehang tussen heelparty veranderlikes bestaan, te wete:

5.7.1: Betekenisvolle samehang tussen Vraag 3 en Vraag 9.3a

- **Vraag 3:** Jare in gemeente
- **Vraag 9.3a:** Ons as 'n gemeente is bewus van ons identiteit, ons leef daaruit en ons koester ons identiteit.
- **P-waarde:** 0.034

Die analise het uitgewys dat daar 'n betekenisvolle korrelasie (p-waarde van 0.034) is tussen die respondent wat aangedui het dat die gemeente waar hulle bedien, bewus is van hul identiteit, daaruit leef en dit koester, met die aantal jare wat elkeen die betrokke gemeente bedien.

95.8% van die respondent wat 10 jaar en langer by hul gemeentes is, het met die stelling saamgestem (beslis of gedeeltelik). Van die 71 leraars wat langer as 10 jaar by hul gemeentes is, het 68 aangedui dat die gemeente waar hulle bedien, bewus is van hul identiteit, daaruit leef en dit koester.

Dié statistiek is 'n bevestiging van Nel (2015:79-83) en ander se argument dat gemeentebou niks anders as identiteitsvorming is nie en dat gemeentebou 'n langtermynproses is.

The better we understand the process (and the long-term nature of it), the better equipped we are to discern where we are in the process, the better we are equipped to give leadership in line with the will of God and the identity of the local church. It is almost a given that this presupposes long-term tenures by leaders. (Nel 2015:83)

5.7.2: Betekenisvolle samehang tussen Vraag 9.1b en Vraag 9.3b

- **Vraag 9.1b:** Dit is vir my as gemeenteleier belangrik dat die gemeente moet ontwikkel as 'n missionale gemeente.
- **Vraag 9.3b:** Ons gemeente se identiteit lê daarin dat ons in Christus gestuurde kinders van God is wat aan Hom behoort.
- **P-waarde:** 0.008

'n Totaal van 97.1% (135/139) van die respondent het beslis of gedeeltelik met die stelling saamgestem dat hulle as missionale gemeente wil ontwikkel.

72% (100/139) van die respondent wat aangedui het dat hul gemeente beslis as 'n missionale gemeente moet ontwikkel, het beslis of gedeeltelik met die stelling

saamgestem dat die gemeente waar hulle bedien, se identiteit daarin lê dat hulle in Christus gestuurde kinders van God is wat aan Hom behoort.

86.3% van die respondentē het (beslis of gedeeltelik) met beide stellings saamgestem. Met 'n p-waarde van 0.008 is daar 'n betekenisvolle samehang tussen die twee veranderlikes.

Dit wil voorkom of bogenoemde statistiek die argument steun dat kinders van God gestuurdes is wat nie anders kan as om missionaal kerk te wees nie. Lidmate wat *in* Christus is, is ook gestuur en só 'n gemeente is reeds op die missionale pad. Die feit dat 97% van die leraars wat aan die kwantitatiewe navorsing deelgeneem het, aangedui het dat dit vir hul belangrik is om missionaal te ontwikkel sê iets van die rigting waarin dié leiers hul gemeentes wil stuur.

5.7.3 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 9.1d en Vraag 9.3c

- **Vraag 9.1d:** Die gemeente waar ek bedien, moet terugkeer na 'n diep studie van haar identiteit om te ontdek en te herontdek wat dit beteken om 'n missionale gemeente te wees.
- **Vraag 9.3c:** Heelparty gemeentes is klaarblyklik nie gesond nie, vermoedelik omdat hulle onseker is van hulself en nie 'n greep het op wie hulle is (identiteit) en waarvoor hulle geroep (roeping) is nie.
- **P-waarde:** 0.006

65.5% (91/139) van die respondentē het (beslis of gedeeltelik) met beide stellings saamgestem. Met 'n p-waarde van 0.006 is daar 'n betekenisvolle samehang tussen die twee veranderlikes.

Die statistiek dui dus daarop dat daar 'n verband is tussen die leraars wat aangedui het dat daar na 'n identiteitstudie teruggekeer moet word, asook diegene wat aangedui het dat daar onsekerheid heers oor hul identiteit en roeping. 'n Identiteitstudie kan heel waarskynlik gemeentes begelei om 'n greep te kry op wie hulle is en wat hul roeping is.

5.7.4 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 9.3d en Vraag 10.2b

- **Vraag 9.3d:** Die uitdaging vir ons gemeente in 'n post-Christendom wêreld lê daarin om opnuut ons identiteit te herwin en te verdiep.
- **Vraag 10.2b:** Doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge het 'n rol te speel in die ontwikkeling van die gemeente waar ek bedien, se identiteit.
- **P-waarde:** < as 0.001

Met 'n p-waarde kleiner as 0.001 is daar 'n betekenisvolle samehang tussen die twee veranderlikes. 87% (121/139) van die leraars het gedeeltelik of beslis met beide dié stellings saamgestem.

Die leraars van Hoëveld Sinode stem dus oor die algemeen saam dat identiteitsherwinning en –verdieping, sowel as die doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge `n rol in identiteitsontwikkeling te speel het.

5.7.5 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 9.1f en Vraag 9.3e

- **Vraag 9.1f:** Die drie-enige God is `n missionale God wat die gemeente waar ek bedien, as `n geloofsgemeenskap in die wêreld instuur om die heerskappy van God te verteenwoordig.
- **Vraag 9.3e:** Ons identiteit moet gesien word in die lig van God se betrokkenheid in en besorgheid oor die hele skepping (*missio Dei*).
- **P-waarde:** < as 0.001

Uit die 94.2% (131/139) van die leraars wat gedeeltelik of beslis met beide dié stellings saamgestem, het 67% beslis met beide stellings saamgestem. Met `n p-waarde kleiner as 0.001 is daar `n betekenisvolle samehang tussen die twee veranderlikes

Daar kan dus aangelei word dat die meeste van die leraars wat aan die navorsing deelgeneem het, God as `n missionale God sien en dat gemeentes hul identiteit in die *Missio Dei* kan vind.

5.7.6 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 6 en Vraag 9.1b

- **Vraag 6:** Het u die afgelope twee jaar literatuur (boek of artikel) oor missionale gemeente-ontwikkeling gelees?
- **Vraag 9.1b:** Dit is vir my as gemeenteleier belangrik dat die gemeente moet ontwikkel as `n missionale gemeente.
- **P-waarde:** 0.001

Die verband tussen respondenten wat aangedui het dat hulle die afgelope twee jaar literatuur oor missionale gemeente-ontwikkeling gelees het (V6) en die respondenten wat saamgestem het met die stelling dat dat dit vir hulle as gemeenteleiers belangrik is dat die gemeente waar hulle bedien, as `n missionale gemeente moet ontwikkel (V9.1b). Met `n p-waarde van 0.001 is daar `n betekenisvolle samehang tussen die twee veranderlikes.

Van die 114 respondenten wat `n boek of artikel gelees het, het 95 beslis met die stelling saamgestem dat hulle as `n missionale gemeente moet ontwikkel.

Daar kan dus aangelei word dat die literatuur wat die leraars van Hoëveld Sinode oor missionale gemeente-ontwikkeling gelees het, heel moontlik `n positiewe bydrae lewer met betrekking tot missionale gemeente-ontwikkeling.

5.7.7 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 7 en Vraag 9.1b

- **Vraag 7:** Het u die afgelope twee jaar aan gesprekke of kursusse oor missionale gemeente-ontwikkeling deelgeneem?
- **Vraag 9.1b:** Dit is vir my as gemeenteleier belangrik dat die gemeente moet ontwikkel as `n missionale gemeente.
- **P-waarde:** 0.001

Die verband tussen respondenten wat aangedui het dat hulle die afgelope twee jaar aan gesprekke of kursusse oor missionale gemeente-ontwikkeling deelgeneem het, (V7) en die respondenten wat saamgestem het met die stelling dat dit vir hulle belangrik is dat die gemeente waar hulle bedien, as `n missionale gemeente moet ontwikkel (V9.1b), is opmerklik. *Met `n p-waarde van 0.001 is daar `n betekenisvolle samehang tussen die twee veranderlikes.*

Van die 100 respondenten wat aan gesprekke oor missionale gemeente-ontwikkeling deelgeneem het, het 87 beslis met die stelling saamgestem dat hulle as `n missionale gemeente moet ontwikkel.

Daar kan dus afgelei word dat gesprekke en kursusse oor missionale gemeente-ontwikkeling heel waarskynlik `n positiewe bydrae lewer met betrekking tot missionale gemeente-ontwikkeling.

5.7.8 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 9.1d en Vraag 9.2e

- **Vraag 9.1d:** Die gemeente waar ek bedien moet terugkeer na `n diep studie van haar identiteit om te ontdek en te herontdek wat dit beteken om `n missionale gemeente te wees.
- **Vraag 9.2e:** Die sleutel tot gemeentebou is identiteitsontdekking en -ontwikkeling.
- **P-waarde:** 0.001

Die verband tussen respondenten wat saamgestem het met die stelling dat die gemeente waar hulle bedien, moet terugkeer na `n diep studie van haar identiteit om te ontdek en te herontdek wat dit beteken om `n missionale gemeente te wees (V9.1d), met die respondenten wat aangedui het dat die sleutel tot gemeentebou identiteitsontdekking en -ontwikkeling is (V9.2e), is opvallend. *Met `n p-waarde van 0.001 is daar `n beduidende verwantskap tussen die twee veranderlikes.*

73 respondenten het aangedui dat hulle beslis met die stelling saamstem dat die sleutel tot gemeentebou identiteitsontdekking en -ontwikkeling is. 54 respondenten het gedeeltelik met die stelling saamgestem. Dit verteenwoordig 91.4% van die respondenten.

82.7% van die respondenten het beslis of gedeeltelik saamgestem met die stelling dat die gemeente waar hulle bedien, moet terugkeer na `n diep studie van haar identiteit om te ontdek en te herontdek wat dit beteken om in missionale gemeente te wees

Daar kan dus afgelui word dat leraars in teorie saamstem met die stelling dat die sleutel tot gemeentebou identiteitsontdekking en -ontwikkeling is en dat leraars besef dat daar noodsaak is vir intense studie oor hul gemeente se identiteit, ten einde te ontdek en te herontdek wat dit beteken om in missionale gemeente te wees. Die noodsaak vir dié studie spruit voort uit die teoretiese kennis dat die sleutel tot gemeentebou identiteitsontdekking en -ontwikkeling is.

5.7.9 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 9.1e en Vraag 9.3e

- **Vraag 9.1e:** `n Missionale gemeente is in haar wese deel van die *missio Dei*.
- **Vraag 9.3e:** Ons identiteit moet gesien word in die lig van God se betrokkenheid en besorgheid oor die hele skepping (missio Dei).
- **P-waarde:** < as 0.001

Die verband tussen respondenten wat saamgestem het al dan nie met die stelling dat `n missionale gemeente in haar wese deel van die Missio Dei is (V9.1e), en die respondenten wat saamgestem het al dan nie met die stelling dat ons identiteit in die lig van God se betrokkenheid en besorgheid oor die hele skepping gesien moet word (V9.3e). Met `n p-waarde kleiner as 0.0001 is daar `n betekenisvolle samehang tussen die twee veranderlikes.

84.9% (118) van die respondenten het beslis met die stelling saamgestem dat `n missionale gemeente in haar wese deel van die Missio Dei is. Van dié 118 respondenten het 98 beslis met die stelling saamgestem dat ons identiteit in die lig van God se betrokkenheid en besorgheid oor die hele skepping gesien moet word.

Daar kan dus afgelui word dat die wete dat `n missionale gemeente in haar wese deel van die Missio Dei is, heel moontlik tot die ontdekking lei dat gemeentes se identiteit in die lig van God se betrokkenheid en besorgheid oor die hele skepping gesien moet word.

5.7.10 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 9.1a en Vraag 9.2c

- **Vraag 9.1a:** Ons sien onsself as `n missionale gemeente.
- **Vraag 9.2c:** Die gemeenteleiers van die gemeente waar ek bedien weet wat ons gemeente se identiteit is.
- **P-waarde:** 0.03

Die verband tussen respondenten wat hulself as `n missionale gemeente al dan nie sien (V9.1a) en respondenten wat aangedui het, dat die gemeenteleiers van hul onderskeie gemeentes weet al dan nie wat hul gemeente se identiteit is (V9.2c). Met `n p-waarde van 0.03 is daar `n beduidende verwantskap tussen die twee veranderlikes.

Slegs 45 respondenten (32.4%) het aangedui dat hul gemeenteleiers beslis weet wat hul gemeente se identiteit is. 46 respondenten (33.1%) het aangedui dat hulle hulself beslis as `n missionale gemeente sien. Albei persentasies is relatief laag.

Die mate van onsekerheid met betrekking tot die missionale identiteit wat daar vermoedelik in gemeentes bestaan, kom na vore wanneer daar gekyk word hoeveel van die respondentē net gedeeltelik met die stellings saamgestem het. 67 respondentē (48.2%) stem gedeeltelik saam dat hulle hulself as `n missionale gemeente sien , met 54% van die leraars wat gedeeltelik met die stelling saamstem dat hul gemeenteleiers weet wat hul identiteit is.

Daar kan dus afgelei word dat onsekerheid van die gemeente-leierskap se kant met betrekking tot die gemeente se identiteit, heel waarskynlik `n beduidende invloed op die missionale selfbeeld van die gemeente kan uitoefen.

5.7.11 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 9.2d en Vraag 9.3d

- **Vraag 9.2d:** Identiteit motiveer en gee rigting aan die ontwikkeling van `n missionale gemeente.
- **Vraag 9.3d:** Die uitdaging vir ons gemeente in `n post-Christendom wêreld lê daarin om opnuut ons identiteit te herwin en te verdiep.
- **P-waarde:** < as 0.001

Die verband tussen respondentē wat saamgestem het al dan nie met die stelling dat identiteit motivering verleen en rigting gee aan die ontwikkeling van `n missionale gemeente (V9.2d) en die respondentē wat saamgestem het al dan nie met die stelling dat die uitdaging vir hul gemeente in `n post-Christendom wêreld daarin lê om opnuut hul identiteit te herwin en te verdiep (V9.3d). *Met `n p-waarde kleiner as 0.001 is daar `n beduidende verwantskap tussen die twee veranderlikes.*

Bykans al die respondentē (92.1%) het met die stelling (beslis of gedeeltelik) saamgestem dat identiteit motivering en rigting aan die ontwikkeling van `n missionale gemeente gee. Presies dieselfde persentasie van die respondentē (92.1%) het met die stelling (beslis of gedeeltelik) saamgestem dat die uitdaging vir die gemeentes waar hulle bedien daarin lê om opnuut hul identiteit te ontdek. Daar was 64 respondentē wat beslis met beide stellings saamgestem het.

Daar kan dus afgelei word dat die omhelsing van die uitdaging om op `n identiteitsontdekingsreis heel moontlik rigting en motivering aan die ontwikkeling van `n missionale gemeente sal gee.

5.7.12 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 9.2f en Vraag 10.2b

- **Vraag 9.2f:** Die gemeente waar ek bedien word opgebou wanneer daar `n doelbewuste poging is om die bedieninge te integreer en te koördineer ten einde identiteitsontdekking en identiteits-vinding te fasiliteer.
- **Vraag 10.2b:** Doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge het `n rol te speel in die ontwikkeling van die gemeente waar ek bedien se identiteit.
- **P-waarde:** < as 0.0001

Die verband tussen respondent wat saamgestem het al dan nie met die stelling dat die gemeente waar hulle bedien, opgebou word wanneer daar `n doelbewuste poging is om die bedieninge te integreer en te koördineer ten einde identiteitsontdekking en identiteits-vinding te fasiliteer (V9.2f) en respondent wat saamgestem het al dan nie met die stelling dat die doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge `n rol te speel het in die ontwikkeling van die gemeente waar hulle bedien se identiteit (V10.2b). Met `n p-waarde kleiner as 0.001 is daar `n beduidende verwantskap tussen die twee veranderlikes.

Dié twee vrae is bykans identities en daar kan dus afgelei word dat die leraars van Hoëveld Sinode wat aan die navorsing deelgeneem het, in teorie saamstem dat die doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge `n rol te speel het in die ontwikkeling van die gemeente waar hulle bedien se identiteit.

5.7.13 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 10.1a en Vraag 10.2a

- **Vraag 10.1a:** Daar is `n doelbewuste poging van ons leierskap se kant om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te integreer.
- **Vraag 10.2a:** Daar is `n doelbewuste poging van ons leierskap se kant om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te koördineer.
- **P-waarde:** < as 0.0001

Met `n p-waarde kleiner as 0.0001 is daar `n betekenisvolle samehang tussen die twee veranderlikes.

76.3% (106/139) van die respondent het met beide die stellings saamgestem (beslis of gedeeltelik). Die leraars het dus aangedui dat hulle sowel as hul leierskap `n poging aanwend om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te integreer en te koördineer.

5.7.14 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 10.2b en Vraag 11.b1,2,4,6 en 7

- **Vraag 10.2b:** Doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge het `n rol te speel in die ontwikkeling van die gemeente waar ek bedien se identiteit.
- **Vraag 11.b:** In ons gemeente is die agt ondergenoemde bedieninge een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel:

Vraag 11.b1 - Prediking

Vraag 11.b2 – Liturgie

Vraag 11.b4 – Leierskap en Administrasie

Vraag 11.b6 – Koinonia

Vraag 11.b7 – Diens van barmhartigheid

Die volgende verbande kon aangetoon word tussen Vraag 10.2b en vyf van die bedieninge van Vraag 11b:

Bediening	P-waarde
Prediking	0.001
Liturgie	0.021
Leierskap en administrasie	0.002
Koinonia	0.044
Diens van barmhartigheid	0.004

92.8% (125/139) van die leraars het aangedui dat hulle beslis of gedeeltelik met die stelling saamstem dat die doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge `n rol te speel het in die ontwikkeling van die gemeente waar hulle bedien se identiteit.

Prediking: Van die leraars wat saamgestem het met die stelling van 10.2b het 91.4% aangedui dat prediking een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Liturgie: Van die leraars wat saamgestem het met die stelling van 10.2b het 82% aangedui dat die liturgie een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Leierskap en administrasie: Van die leraars wat saamgestem het met die stelling van 10.2b het 79.1% aangedui dat die leierskap en administrasie een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Koinonia: Van die leraars wat saamgestem het met die stelling van 10.2b het 86.3% aangedui dat koinonia een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Diens van barmhartigheid: Van die leraars wat saamgestem het met die stelling van 10.2b het 87% aangedui dat die diens van barmhartigheid een van die primêre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

5.7.15 Betekenisvolle samehang tussen Vraag 11a en Vraag 11b

- **Vraag 11a:** In ons gemeente is die agt ondergenoemde bedieninge een van die primêre maniere hoe God na sy gemeente kom.
- **Vraag 11b:** In ons gemeente is die agt ondergenoemde bedieninge een van die primêre maniere waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Die volgende verbande kon aangetoon word tussen Vraag 11a en sewe van die bedieninge van Vraag 11b:

Bediening	P-waarde
Prediking	< as 0.0001
Liturgie	< as 0.0001
Pastorale sorg	< as 0.0001
Leierskap en administrasie	< as 0.0001
Onderrig	< as 0.0001
Koinonia	< as 0.0001
Diens van barmhartigheid	< as 0.0001

Prediking: 96.4% van die respondentē het saamgestem (beslis of gedeeltelik) dat prediking een van die primēre maniere is hoe God na sy gemeente kom én dat prediking een van die primēre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Liturgie: 85.6% van die respondentē het saamgestem (beslis of gedeeltelik) dat die liturgie een van die primēre maniere is hoe God na sy gemeente kom én dat liturgie een van die primēre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Pastorale sorg: 89.2% van die respondentē het saamgestem (beslis of gedeeltelik) dat die pastorale sorg een van die primēre maniere is hoe God na sy gemeente kom én dat pastorale sorg een van die primēre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Leierskap en administrasie: 74.1% van die respondentē het saamgestem (beslis of gedeeltelik) dat die leierskap en administrasie een van die primēre maniere is hoe God na sy gemeente kom én dat dié bediening een van die primēre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Onderrig: 84.9% van die respondentē het saamgestem (beslis of gedeeltelik) dat onderrig een van die primēre maniere is hoe God na sy gemeente kom én dat onderrig een van die primēre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Koinonia: 89.2% van die respondentē het saamgestem (beslis of gedeeltelik) dat die koinonia een van die primēre maniere is hoe God na sy gemeente kom én dat koinonia een van die primēre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Diens van barmhartigheid: 89.2% van die respondentē het saamgestem (beslis of gedeeltelik) dat die diens van barmhartigheid een van die primēre maniere is hoe God na sy gemeente kom én dat dié diens een van die primēre maniere is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Die oorgrote meerderheid van die leraars van Hoëveld Sinode stem dus in teorie saam dat die bedieninge een van die primêre maniere is hoe God na die wêreld kom én dat die bedieninge een van die primêre maniere is waardeur `n gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

5.8 Vooruitskouing

In die volgende hoofstuk word die Deskriptief-empiriese taak vervat wanneer die kwalitatiewe data weergegee word. In Hoofstuk 7 sal sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe data geëvalueer en geïnterpreteer word met die oog om knelpunte en kernaspekte te identifiseer.

HOOFSTUK 6

DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK

KWALITATIEWE NAVORSING

Die doel van die hoofstuk is:

- Om kortlik die rede te gee waarom vir kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe navorsing gekies is.
- Om kwalitatiewe navorsing te definieer.
- Om die navorsingsplan te beskryf.
- Om die half-gestruktureerde vraelys te omskryf.
- Om die data wat voortgespruit het uit die kwalitatiewe navorsing aan te bied.

6.1 Inleiding

In hierdie studie is `n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing ingespan ten einde data te bekom. Dié kombinasie staan as die gemengde ondersoek-metode (mixed method of inquiry) (Maree 2016:312; Silverman 2013:136; Creswell & Clark 2011; kyk Tashakkori & Teddlie 2010; vgl. Osmer 2008:50) bekend. Maree (2016:312; vgl. Creswell & Clark 2011:1-2; vgl. Tashakkori & Teddlie 2010:2) voer aan dat die gemengde ondersoek-metode relatief nuut is, maar die veld het die afgelope twee dekades só ontwikkel dat Tashakkori en Teddlie (kyk 2010:8-11) nege karaktereinskappe van dié metode kon aantoon.

Wat gewoonlik gebeur is dat kwantitatiewe navorsing gedoen word om die respondent se houding jeens `n sekere onderwerp te bepaal wat dan opgevolg word deur in-diepte onderhoude ten einde die individue se perspektiewe op die bepaalde onderwerp te ontgin (Maree 2016:312; vgl. Creswell & Clark 2011:2). Creswell (2010:60) wys daarop dat die aanvanklike gesprek oor die gemengde ondersoek-metode daarop gefokus was om dit te regverdig, maar met gelang van tyd het kenners dié gesprek laat vaar en al hoe meer voorstelle begin maak oor hoe só `n projek aangepak kan word.

Kwantitatiewe navorsing word dikwels gekritiseer omdat dit faal om die betekenisvas te vang wat menslike handelinge voorafgaan én omdat dit nie daarin slaag om die diversiteit van verskillende leefwêrelde in ag te neem. Aan die ander kant word kwalitatiewe navorsing gekritiseer omdat dit sag, onwetenskaplik en subjektief kan wees (Osmer 2008:50). Behalwe dat die navorsing die kwaliteit en integriteit van die navorsing wou behou, wou hy ook die swakpunte van sowel kwantitatiewe as kwantitatiewe navorsing ondervang en daarom is gekies om beide metodes in dié studie in te span.

It is more helpful to view quantitative and qualitative research on a continuum. At one end is *extensive* research in which the field being investigated is very broad and, thus, commonly uses quantitative strategies like surveys and statistical analysis. At the other end is intensive research, in which the field being investigated is very narrow but is studied in great depth. (Osmer 2008:50)

6.2 Wat is kwalitatiewe navorsing?

Qualitative research is a situated activity that locates the observer in the world. Qualitative research consists of a set of interpretive, material practices that make the world visible. These practices transform the world. They turn the world into a series of representations, including field notes, interviews, conversations, photographs, recordings, and memos to the self. At this level, qualitative research involves an interpretive, naturalistic approach to the world. This means that qualitative researchers study things in their natural settings, attempting to make sense of or interpret phenomena in terms of the meanings people bring to them. (Denzin & Lincoln 2011:3)

Maree (2016:53) wys daarop dat daar breë konsensus oor heelparty aspekte van kwalitatiewe navorsing is. Kwalitatiewe navorsing steun op woorde eerder as op numeriese data en werk met betekenis-gebaseerde (meaning based) en nie statistiese metodes om data te analiseer. Daarbenewens is kwalitatiewe navorsing naturalisties (naturalistic) met die fokus op natuurlike omgewings waar daar interaksie is. Oop, verkennende vrae (vgl. Silverman 2013:201) word gevra (in teenstelling met geslote vrae) en baie klem word geplaas om te verstaan wat gebeur en aan die gebeur is (Maree 2016:53).

Leedy en Ormrod (2015:269) erken dat daar heelparty metodologieë met betrekking tot kwalitatiewe navorsing is, maar voer aan dat alle kwalitatiewe benaderings twee aspekte in gemeen het. Eerstens word daar gefokus op 'n fenomeen of fenomene wat in natuurlike omgewings (in the "real world") plaasvind of plaasgevind het. Tweedens gaan kwalitatiewe navorsing oor die vaslegging en bestudering van die kompleksiteit van die fenomeen of fenomene. Kwalitatiewe navorsers sal selde poog om dit wat nagevors word te vereenvoudig, want hulle hou in gedagte dat dit wat bestudeer word verskeie dimensies én lae het en wil dit huis op 'n meervlakkige wyse beskryf (Leedy en Ormrod 2015:269).

Osmer (2008:49) definieer kwalitatiewe navorsing as navorsing wat poog om die alledaagse handelinge sowel as praktyke van 'n individu of groep te verstaan. Verder poog kwalitatiewe navorsing om die betekenisse te verstaan wat 'n individu of groep aan hul ervarings en belewenisse toeken. (Osmer 2008:49)

Marshall en Rossman (2016:2) beskryf kwalitatiewe navorsing as pragmatis en verklarend en dié tipe navorsing is in die deurleefde ervarings van mense begrond. Volgens hulle sal kwalitatiewe navorsing tipies die volgende vyf kenmerke vertoon:

- Dié tipe navorsing vind plaas in die natuurlike wêreld (nie in 'n laboratorium nie),
- klem word op die menslikheid (humanity) van die deelnemers geplaas,
- daar word op die konteks gefokus,
- die navorsing is ontluikend, ontvouend en verklarend
- en dit is fundamenteel verklarend (fundamentally interpretive).

Kwalitatiewe navorsers is volgens Marshall en Rossman (2016:2-3) geneig om sosiale wêrelde as holisties en kompleks te beskou. Kwalitatiewe navorsers is bewus van wie hulle in die navorsingsproses is en die rol wat hulle in die navorsing speel. Daar word gesteun op 'n komplekse vorm van deduktiewe sowel as induktiewe redenering waar die een die ander op 'n konstante basis inlig en gewoonlik sal kwalitatiewe navorsers op 'n sistematiese manier te werk gaan om data te bekom (Marshall & Rossman 2016:2-3).

Osmer (2008:50-53) beskryf heelparty strategieë ten einde kwalitatiewe data te bekom en dit sluit onder meer die volgende tipes navorsing in:

- Narratiewe navorsing: Hierdie tipe navorsing fokus op die vertel en versameling van individue se stories.
- Gevallestudie navorsing: Hierdie tipe navorsing fokus op 'n enkele gevallestudie of 'n beperkte aantal gevallestudies wat in diepte vir 'n bepaalde tydperk bestudeer word.
- Etnografiese navorsing: Etnografiese navorsing se fokus is om 'n kulturele prentjie van 'n volk, groep of gemeenskap te kry.
- "Grounded theory" navorsing: Hierdie tipe navorsing poog om 'n teorie daar te stel wat in die veld van ondersoek begrond is. Die teorie spruit voort uit die ondersoek en dien nie in hierdie geval as 'n vertrekpunt vir die navorsing nie.
- Fenomenologiese navorsing: Fenomenologiese navorsing poog om die essensie van 'n spesifieke tipe gebeurtenis te beskryf. Die tipe navorsing sluit die beskrywing van 'n spesifieke tipe aktiwiteit van 'n groep in.
- "Advocacy" navorsing: Hierdie strategie is begrond in 'n eksplisiete politieke agenda en poog om 'n rol in gemeenskaps-transformasie te speel.

Marshall en Rossman (2016:15-31) sowel as Leedy en Ormond (2015:271-276) verwys na van die bestaande strategieë, maar wys daarop dat daar 'n paar ander benaderings bestaan om kwalitatiewe data te verky.

There are many qualitative design *traditions*, but not a menu of specific designs that you choose from or a fixed set of steps that you progress through. In qualitative research you need, to a substantial extent, to *construct* your design, rather than to follow a prescribed pattern or sequence. (Maxwell 2012:77)

Maxwell (2012:76-77) argumenteer dat kwalitatiewe navorsing eerder iets is wat die navorser self doen as waarvoor daar `n stap-vir-stap handleiding is. Hy (Maxwell 2012:84-85) verwys na die praktiese sowel as die intellektuele doelwitte van die navorsing en plaas klem op die verskil wat tussen die twee doelwitte bestaan, omrede dit `n effek op die ontwerp van die navorsing het. Praktiese doelwitte fokus daarop om doelwitte te bereik, waar intellektuele doelwitte se fokus op verstaan is. In kwalitatiewe navorsing is dit veral die intellektuele doelwitte wat aandag geniet omdat dit fokus op dit wat die navorser nie weet nie en meer oor wil leer (Maxwell 2012:85). Vir die doeleindeste van hierdie studie word vir `n fenomenologiese strategie gekies om data te bekom.

Vervolgens die navorsingsplan wat vir hierdie studie gevolg is.

6.3 Navorsingsplan

A research plan involves decisions about the following: (1) the people, program, or setting that will be investigated, (2) the specific methods that will be used to gather data, (3) the individuals or research team that will conduct the research, and (4) the sequence of steps that will be followed to carry out the project in a specific time frame. (Osmer 2008:53)

In hierdie afdeling wat handel oor die navorsingsplan word inligting met betrekking tot die bestaande vier besluite weergegee.

6.3.1 Die mense wat aan die navorsing deelgeneem het

Al die leraars van Hoëveld Sinode wat tydens 2017 werksaam in een van die sinode se gemeentes was, is vir die kwantitatiewe navorsing genader. Uit dié groep het 139 van die 144 leraars aan die kwantitatiewe navorsing deelgeneem. Ten einde tot `n beter verstaan van leefwêreld, gemeente en denkwyses van die leraars te kom, het die navorser in samewerking met sy studieleier, Professor Malan Nel, besluit om kwalitatiewe navorsing in die vorm van half-gestrukteerde onderhoude te voer.

Van die 139 leraars het 99 aangedui dat hulle in `n voorstedelike gemeente bedien, 26 bedien op die platteland en 14 het gemerk dat hul gemeente in die middestad is. Joyce Jordaan, van die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek het aan al die leraars wat aan die kwantitatiewe navorsing deelgeneem het `n nommer toegeken en daarna met behulp van Excel se RANDOM-funksie aan elke persoon `n waarskynlikheid (tussen 0 en 1) toegeken. Sy het die data volgens die RANDOM-waardes van klein na groot gerangskik en die name deurgegee wat vir `n onderhoud genader kon word. Daar is dus met behulp van “proportional stratified sampling” (Leedy & Ormond 2015:180) op grond van ligging, met elf leraars wat in voorstedelike gebiede bedien, drie op die platteland en twee in die middestad onderhoude gevoer. Wanneer `n leraar nie aan die navorsing kon deelneem nie, is die volgende persoon wat deur die RANDOM-funksie verkies is, vir `n onderhoud genader.

6.3.2 Navorsingsmetodes

Marshall en Rossman (2016:141) argumenteer dat daar basies vier primêre maniere is om data te versamel. Eerstens kan daar deelgeneem word in die omgewing (participating in the setting), tweedens kan daar direk ge-observeer word, derdens kan in-diepte onderhoude gevoer word en vierdens kan dokumente of ander voorwerpe wat van belang is, ge-analiseer word. Meeste studies gebruik 'n kombinasie van metodes ten einde data te bekom. Leedy en Ormond (2015:277) argumenteer dat die kwalitatiewe navorser metodes soos observasie, onderhoude, voorwerpe, geskrewe dokumente, audiovisuele material, elektroniese bronne soos e-posse en webblaale en basies eniglets anders sal inspan ten einde antwoorde op hul navorsingsvrae te kry. "Potential sources of data are limited only by a researcher's open-mindedness and creativity" (Leedy & Ormond 2015:277)

Osmer (2008:54) verwys na ses tipes navorsingsmetodes wat die volgende insluit:

- Onderhoude: Onderhoud vind plaas tussen die navorser en deelnemer. Data word verkry wanneer en soos wat die deelnemer op die navorser se vrae reageer.
- Deelnemende observasie: Die navorser word deel van die omgewing wat bestudeer word. Hy/sy neem deel aan dit wat in die omgewing gebeur, neem soveel as moontlik waar en versamel vir die tydperk van die studie verbale en visuele data.
- Analisering van artefakte: In hierdie geval word geskrewe dokumente en voorwerpe wat simbolies waarde het, ge-analiseer.
- Analisering van spasie (spatial analysis): Hierdie tipe navorsingsmetode fokus op die ruimte/spasie/vertrek/gebou/dekor/boustyl van 'n organisasie.
- Analise van demografie: Hierdie tipe navorsing fokus daarop om informasie met betrekking tot 'n spesifieke populasie te verkry. Dit kan data soos ouderdom, geslag, inkomste, opvoeding, ensovoorts insluit.
- Fokusgroepe: Fokusgroepe is gewoonlik homogene groepe met betrekking tot sekere demografieë soos byvoorbeeld ouderdom, geslag, jare lidmaatskap, ensovoorts. Verbale data word oor 'n sekere onderwerp verkry deur in gesprek, onder leiding van 'n gesprekleier, met 'n groep van tien of minder mense te tree.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is gekies om onderhoude met die 16 verkose leraars te voer.

6.3.3 Onderhoude

Maree (2016:92) definieer 'n onderhoud as 'n tweerigting-gesprek waar die onderhoudvoerder vrae aan die deelnemer vra om data te versamel en om kennis te versamel met betrekking tot die idees, opinies, sieninge, gedrag, oortuigings en opvattings van die deelnemer. Die doel van kwalitatiewe onderhoude is om die wêreld deur die oë van die deelnemer te sien. Die doel is altyd daarop gerig om ryk,

beskrywende data te verkry wat die navorser kan help om die deelnemer se konstruksie van kennis en die sosiale werklikheid te verstaan (Maree 2016:93). Indien die deelnemer die onderhouvoerder vertrou én die onderwerp ter sprake belangrik ag, sal hy/sy inligting aan die onderhoudvoerder verskaf wat nie op enige ander wyse bekom sou kon word nie (Maree 2016:93).

Binne kwalitatiewe navorsing word daar onderskei tussen die volgende drie tipes onderhoude: Ongestruktureerde, half-gestruktureerde en gestruktureerde onderhoude (Maree 2016:93). Omdat daar reeds kwantitatiewe navorsing gedoen is, het die navorser besluit om half-gestruktureerde onderhoude met die geselekteerde persone te voer. Half-gestruktureerde onderhoude word algemeen in navorsingsprojekte gebruik om data wat uit ander oorde verkry is, te bevestig (Maree 2016:93). "Oop" vrae word gevra en hierdie vrae word opgevolg deur verdere vrae ten einde opklaring te verky of om tot 'n dieper verstaan te kom. Die onderhoudvoerder moet attent op die antwoorde van die deelnemer wees ten einde nuwe inligting te identifiseer wat betrekking op die navorsing het (Maree 2016:93).

Die sukses van onderhoude hang af van die mate waartoe geloofwaardigheid en betroubaarheid verseker kan word (Maree 2016:94). Om dié rede moet onderhoude sistematies, deursigtig, geloofwaardig en reproducerbaar wees (Maree 2016:94). Dit is belangrik dat die onderhoudvoerder presies hoor wat die deelnemer sê en wat die deelnemer bedoel met wat hy/sy sê. Om te verseker dat die onderhoudvoerder die antwoorde korrek weergee, stel Maree (2016:94) die volgende drie "probing" tegnieke voor. Eerstens word detail georiënteerde "probes" gebruik om te verseker dat die onderhoudvoerder die "wie", "waar" en die "wat" van die deelnemer se antwoord verstaan (vgl. Silverman 2013:327; Flick 2007:81). Tweedens kan die deelnemer gevra word om meer uit te brei en derdens kan opklaringsvrae gevra word om te verseker dat die onderhoudvoerder se verstaan van dit wat gesê is, korrek is. Onderhoude moet opgeneem word (vgl. Silverman 2013:208) nadat die toestemming van die deelnemer verkry is en die data moet so gou as moontlik ná afloop van die onderhoud opgeskryf word, omrede dit dan nog vars in die onderhoudvoerder se geheue is (Maree 2016:94).

6.3.4 Navorsing-span

Die navorsingspan het bestaan uit die volgende drie persone: Neels Marais (navorser), Professor Malan Nel (studieleier) en Joyce Jordaan (Departement Statistiek).

6.3.5 Opstel van half-gestruktueerde vraelys

Die half-gestruktueerde vraelys is, soos wat die geval was met die kwantitatiewe navorsing, gebasseer op die inhoud van Hoofstukke 2, 3 en 4. Aangesien daar reeds 'n vraelys vir die kwantitatiewe navorsing opgestel is, het dié vraelys as basis vir die kwalitatiewe navorsing gedien.

Met die opstel van `n vraelys tref Maxwell (2012:104) ‘n onderskeid tussen wat hy noem navorsingsvrae (research questions) en onderhoudsvrae (interview questions). Navorsingsvrae (research questions) is wat die navorser wil verstaan of poog om te verstaan, terwyl onderhoudsvrae (interview questions) dit is wat jy die deelnemers vra ten einde tot verstaan te kom (kyk Rubin & Rubin 2005:173-200). Om tot hierdie tipe verstaan te kom moet egte vrae (real questions) gevra word (Maxwell 2012:105). Kunsmatige vroegte wat ontwerp is om ‘n sekere reaksie te ontlont is nie van pas nie. Wat van pas is, is vroegte waarop antwoorde gegee word waarin die navorser werklik belangstel. Egte, onderhoudsvrae is in samewerking met die studieleier, Professor Malan Nel, ontwerp.

In navolging van Maxwell (2012:105) het die navorser homself in die skoene van die deelnemers geplaas ten einde te bepaal hoe hulle moontlik op die vroegte sou reageer. Daar is ge-antisipeer hoe die deelnemers die vroegte sou verstaan en hoe dit beantwoord sal word. Nadat die vraelys opgestel is, is ‘n loods-studie (Maxwell 2012:87, 105, vgl. Silverman 2013:208) gedoen om te verseker dat die vroegte wat opgestel is, op só ‘n manier deur die deelnemers verstaan word, sodat die antwoorde bydraend tot die navorsing sou wees. Die inhoud van die vraelys word in 6.4 bespreek.

6.3.6 Maak van afsprake

Die 16 geselekteerde leraars is telefonies gekontak en vriendelik versoek om aan die kwalitatiewe navorsing deel te neem. In elke geval het die navorser homself voorgestel en die rede vir die oproep gegee. Nadat die navorser die deelnemer (geselekteerde leraar) se toestemming verkry het om aan die kwalitatiewe navorsing deel te neem is daar op ‘n geskikte dag, tyd en plek besluit waarop die onderhoud gevoer kan word. Die leraars is gekontak ten einde tot ‘n beter verstaan van hul leefwêreld, opinies, sieninge, oortuigings en opvattings te kom. Die onderhoude sowel as die vroegte was half-gestruktueerd en hoewel voorafbepaalde vroegte opgestel en in ‘n sekere volgorde gevra is, was die navorser geneë daarmee as die leraar wat aan die onderhoud deelgeneem het, spontaan oorbeweeg het na ‘n volgende kategorie wat later behandel sou word. Vroegte sowel as opvolg-vroegte (Maree 2016:93; Osmer 2008:62-63) is geformuleer ten einde tot ‘n beter verstaan van ‘n bepaalde onderwerp/kategorie te kom.

6.3.7 Onderhoudsvrae vir half-gestruktureerde onderhoude

Die sewe vroegte wat in die half-gestruktureerde onderhoude gevra is, is in vier kategorieë opgedeel. Die vier kategorieë stem ooreen met die vier kategorieë wat onder die loep in die kwantitatiewe navorsing gekom het. Vervolgens iets oor elke kategorie.

Kategorie 1 – Gemeentegebou:

In hierdie kategorie is gepoog om tot `n dieper verstaan van die leraars se denke met betrekking tot die sleutel tot gemeentegebou te kom. Uit die kwantitatiewe navorsing is data verkry wat aantoon tot hoe `n mate al dan nie die respondenten met die stelling saamstem dat identiteitsontdekking en -ontwikkeling die sleutel tot gemeentegebou is. Die doel van die eerste vraag van kategorie 1 was om vas te stel hoe die leraars oor die sleutel tot gemeentegebou dink, sonder dat die identiteitsvraagstuk op die tafel gesit word.

Die volgende vraag is aan elkeen van die 16 deelnemers gevra:

- Vraag 1: Wat is in u opinie die sleutel tot gemeentegebou?

Kategorie 2 – Missionale gemeentes

Die twee vroeë van kategorie 2 handel oor missionale gemeenteweес. Die doel van die eerste vraag (Vraag 2a) was om die leraars se siening en verstaan van die term *missionale gemeente* beter te verstaan. Die deelnemers is dus gepols oor hoe hulle dié term verstaan.

As opvolgvraag (Vraag 2b) is gevra of dit belangrik is al dan nie om te ontwikkel as `n missionale gemeente. Uit die kwantitatiewe data is inligting verkry of dit belangrik is om te ontwikkel as `n missionale gemeente al dan nie, maar redes vir die respondenten se antwoorde het ontbreek. Die opvolgvraag se doel was om die deelnemers se opinies, sieninge, oortuigings en opvattings met betrekking tot die ontwikkeling van `n missionale gemeente beter te verstaan.

Die volgende vroeë is aan elkeen van die 16 deelnemers gevra:

- Vraag 2a: Wat verstaan u onder die term *missionale gemeente*?
- Vraag 2b: Hoekom al dan nie is dit belangrik om te ontwikkel as `n missionale gemeente?

Kategorie 3 – Die identiteit van die plaaslike gemeente

Die vroeë in kategorie 3 handel oor die identiteit van die plaaslike gemeente. Die eerste vraag (vraag 3) in dié kategorie se doel was om te verstaan hoe die leraars dink oor die gemeente waar hulle bedien, se identiteit. Die leraars is aangemoedig om te probeer verwoord hoe die lidmate dié vraag sal beantwoord. Die vraag se doel is om `n antwoord te kry op die “Wie is ons?”-vraag.

As opvolgvraag (Vraag 3b) is die deelnemers gepols oor die bestaansdoel en roeping van die gemeentes waar hulle bedien. Die doel van die vraag is om die opinies, sieninge, oortuigings en opvattings van die leraars met betrekking tot hul gemeente se bestaansdoel te verstaan. Waar die eerste vraag met die “Wie is ons?”-vraagstuk werk, fokus die opvolgvraag (Vraag 3b) met die “Hoekom is ons hier?”-vraagstuk.

Die volgende vrae is aan elkeen van die 16 deelnemers gevra:

- Vraag 3a: Hoe verstaan julle as gemeente julle identiteit?
- Vraag 3b: Hoe verstaan julle as gemeente julle bestaansdoel en roeping?

Kategorie 4 – Die integrering en koördinering van die bedieninge

Die vierde en laaste kategorie se vroegte handel oor die integrering en koördinering van die bedieninge. Vraag 4a se doel was om uit te vind hoe die deelnemers God se koms na die wêreld verstaan. Uit die kwantitatiewe navorsing is data met betrekking tot die agt bedieninge verkry oor hoe die leraars oor God se koms na die wêreld dink, via die bedieninge. Die doel van Vraag 4a was om leraars te pols (sonder enige verwysing van die navorser se kant na die agt bedieninge) oor God se koms na die wêreld.

As opvolgvraag handel Vraag 4b oor die ontdekking en ontwikkeling van `n gemeente se identiteit. Nel (2015:241) se argument is dat al die bedieninge identiteitsontdekking en -ontwikkeling kan faciliteer. Die doel van die vraag was om beter te verstaan hoe die leraars identiteitsontdekking en –ontwikkeling sien en verstaan.

Die volgende vroegte is aan elkeen van die 16 deelnemers gevra:

- Vraag 4a: Hoe kom God na die wêreld?
- Vraag 4b: Hoe ontdek en ontwikkel `n gemeente haar identiteit?

6.4 Versameling van die data

Aangesien die primêre databron vir die navorsing die woorde en die waarneembare gedrag van die deelnemers is, moet die navorser nie net kan luister na dit wat die deelnemer sê nie, maar ook die gedrag van die deelnemer kan waarneem (Maxwell 1999:7). Dit is die rede hoekom die navorser gekies het om persoonlike onderhoude met elk van die 16 geselekteerde leraars te voer. Die 16 onderhoude is persoonlik deur die navorser gedurende November 2017 by die leraars se onderskeie gemeentes óf tuis in hul studeerkamers, gevoer. Tydens die onderhoude het die navorser tot die beste van sy vermoë gepoog om `n aktiewe luisterraar te wees wat aandag aan sowel die verbale as nie-verbale kommunikasie van die deelnemers skenk (kyk Osmer 2008:61-62). Die navorser het op Osmer (2008:62) se waarskuwing ag geslaan dat die onderhoudvoerder nie te veel moet praat en te haastig moet wees nie.

Met toestemming van die deelnemers (Bylaag B) is die onderhoud met `n “Samsung galaxy voice recorder” opgeneem, ten einde `n akkurate transkripsie van die onderhoud neer te skryf.

6.4.1 Die navorser se subjektiwiteit

Daar is nog altyd debat gevoer oor die noodsaaklikheid al dan nie van die navorser wanneer navorsing gedoen word. Maxwell (2012:97-98) voer aan dat subjektiwiteit van die navorser dikwels iets was wat geëlimineer of vermy moes word. Daar is egter `n nuwe benadering wat nie die navorser se subjektiwiteit totaal en al wil vernietig nie. In dié benadering word die navorser se subjektiwiteit as `n komponent van die verstaansproses gesien.

Maxwell (2012) moedig navorsers aan om hul eie sieninge, waardes en disposisies wat deel van die studies is, in ag te neem. Die navorser se sieninge, waardes en disposisies kan moontlik `n bron van distorsie wees, maar dit kan tog wel `n waardevolle hulpbron vir die navorser wees. Die navorser het ag geslaan op Maxwell se argument.

6.5 Aanbieding van die data

Die navorser se benadering om die data aan te bied sal in die volgende formaat wees:

- 1) Kategorie van vrae
- 2) Die vraag of stelling
- 3) Die data in die vorm van aanhalings

Die 16 onderhoude is getranskribeer en elke antwoord van die sewe vrae is in `n paragraaf vervat. Wanneer daar byvoorbeeld na ‘D # 01’ verwys word, verwys dit na die eerste deelnemer en die ‘P’ duï die paragraaf aan. ‘D #02: P9’ verwys dus na die tweede deelnemer en daar word na paragraaf 9 verwys.

6.5.1 Kategorie 1 – Gemeentebou

Vraag 1: Wat is in u opinie die sleutel tot gemeentebou?

In die oorgrote meerderheid van die gevalle het die deelnemers daarop gewys dat *verhoudings* die sleutel tot gemeentebou is.

Deelnemer # 01 het gesê hy kan homself moeilik gemeentebou sonder `n fokus op *verhoudings* indink. “Daar moet diep *verhoudings* wees, en dan na jou kerkraad toe en dan van jou kerkraad na jou gemeente en dan van jou gemeente na jou gemeenskap”(D # 01:P1). Die tweede deelnemer het die vraag in een woord beantwoord deur te sê *verhoudings* is die sleutel tot gemeentebou (D # 02:P2).

Deelnemer # 03 het verwys na `n *verhouding* met die Here, maar ook met mekaar (D # 03:P3), terwyl die vierde deelnemer geantwoord het met die woorde:

My kyk hierna is *verhoudings*. Ek sê altyd vir die jong teologiese studente wat by my gemeentejaar doen, die gemeente wil nie weet hoe goed jy die Nuwe Testament ken nie, hulle wil weet of jy lief is vir hulle. Want jy kan heel week

in jou studeerkamer sit en jy kan die wonderlikste teologies mees suiwerste preek Sondagmore bring, maar as jy nie hulle wêreld ken nie en hulle jou nie ken nie, maak dit geen verskil nie. Gemeentes wat uitmekaar val, val oor verhoudings uitmekaar". (D # 04:P4)

Deelnemer # 05 se antwoord het gesentreer om die waarde van langtermynverhoudings: "Ek dink die sleutel tot gemeentebou is langtermynverhoudings en dan daarmee saam natuurlik die groot ding van die liefde. Langtermynverhoudings sonder liefde gaan nie iets bereik nie" (D # 05:P5). In die sesde onderhoud het die deelnemer onwetend die vorige deelnemers se sentimente beaam deur te sê: "Die sleutel tot gemeentebou...dit lê maar in verhoudingsbou" (D # 06:P6).

In die sewende onderhoud het die deelnemer (D #07) klem geplaas op gesonde verhoudings, spesifiek met verwysing na die kerkraad, die leiers en met die gemeente self (D #07:P7). In die negende onderhoud het die klem geval op wat die leraar "connectedness" genoem het. Hy het dit beskryf as die "in-bind" van iemand in `n gemeenskap. Met verwysing na Leonard Sweet (2014) se boek *From tablet to table*, het hy gesê dat hul leraarspan al hoe meer lidmate uitdaag om rondom `n tafel te sit, sodat daar na mekaar se stories geluister kan word: "Want daai is connectedness" (D #09:P9). Deelnemer # 10 het soos in die geval van deelnemer # 02 die vraag in een woord beantwoord deur te sê: "Verhoudings." Hy het later bygevoeg dat die kruks van die kerk in verhoudings lê (D #10:P10). Deelnemer # 14 het die vraag beantwoord deur te sê: "Weet jy, ek sal begin deur te sê dis maar basies verhoudings. Jy moet maar bereid wees om uit jou studeerkamer te kom en by mense uit te kom" (D #014:P14). In die 15de onderhoud is die noodsaak van verhoudings weereens beklemtoon, maar die deelnemer het spesifiek daarna verwys dat dit nie uitsluitlik oor die leraar se verhouding met sy lidmate gaan nie. "Ek dink `n predikant moet `n belangrike rol speel om `n milieu te skep waar mense besef verhoudings is belangrik en ons moet aandag aan verhoudings gee" (D #15:P15).

Van die ander deelnemers het buiten verhoudings, ook prediking, leierskap, deelname aan die *Missio Dei* en die uitleef van `n gesamentlike roepingsbesef, beklemtoon. In die agtste onderhoud het die deelnemer na prediking as die sleutel tot gemeentebou verwys: "As die gemeente deur die prediking aangeraak word, sal die gemeente ontplof" (D # 08:P8). Deelnemer #12 sê die leierskap van die gemeente moet `n visie hê van wat die kerk is, terwyl deelnemer #13 deelname aan die *Missio Dei* beklemtoon het. In die laaste onderhoud het die deelnemer gesê dat die sleutel tot gemeentebou `n gesamentlike roepingsbesef is. Hy het dit verduidelik as `n visie wat deur ál die partye wat by die gemeente betrokke is, gedeel word. "Jy moet binne jou eie konteks, moet jy ontleed wat die roeping van God vir daai gemeente is. En die ouens wat saam met jou die gemeentebou doen, moet deel in daai visie en daai missie, anders is dit doodgebore" (D #16:P16).

Slegs een deelnemer (D # 01: P1) het met oortuiging begin deur te sê dat die sleutel tot gemeentebou by identiteit begin. Hy het geantwoord: “Die sleutel tot gemeentebou begin definitief by gemeentebou. `n Mens moet seker wees wie jy as gemeente is en wat jou identiteit is.” Hy het sy antwoord uitgebrei deur te sê gemeentes kommunikeer altyd iets na buite toe en “as jy nie weet wie jy is nie, dan kommunikeer jy dit ook só en dit het definitief `n invloed op gemeentebou” (D # 01:P1). Hy het bygevoeg dat `n gemeente wat nie `n omhelsende identiteit van alle geslagte en ouderdomme het nie, word moeilik opgebou (D # 01:P1). Deelnemer # 03 was die enigste ander deelnemer wat pertinent na identiteit verwys het. “Ek dink dit gaan oor `n gemeente wat sy bestaan en identiteit in Christus vind en gevind het” (D # 03:P3).

6.5.2 Kategorie 2 – Die *missio Dei* en die missionale gemeente

Vraag 2a: Wat verstaan u onder die term “missionale gemeente”?

Die deelnemers het in die algemeen die vraag tweeërlei beantwoord. Daar is verwys na wat *binne* `n missionale gemeente gebeur en daar is verwys na wat *buite* `n missionale gemeente gebeur.

6.5.2.1 Die deelnemers het soos volg gerapporteer oor wat *binne* `n missionale gemeente gebeur:

Deelnemer # 01 het gesê lidmate van `n missionale gemeente word by die gemeente toegerus, versterk en verdiep (D #01:P17). Die tweede deelnemer het na die gemeente as `n ‘oefenskool’ verwys waar lidmate geroep en gestuur word én waar die seën aan die einde van `n erediens as `n wegsembling die wêreld in, dien (D # 02:P18). Tydens die derde onderhoud het die deelnemer klem geplaas op die oproep om in die Here se voetspore te volg (D #03:P19), terwyl deelnemer # 04 die onderlinge versorging en groei na God beklemtoon het (D #04:P20).

Deelnemer # 05 het gesê lidmate van `n missionale gemeente leef met die bewustheid dat hulle daar moet wees vir alle mense wat God nodig het (D # 05:P21), terwyl deelnemer # 07 beklemtoon het dat lidmate met `n bewustheid van God se roeping moet leef. In die negende onderhoud het die deelnemer daarop gewys dat die kerk in haar wese missional is en huis daarom moet lidmate bemagtig en uitgedaag word om ‘na buite te leef’ (D #09:P25). Deelnemer #10 sien missionaliteit as iets wat deel is van lidmate se menswees en hy het bygevoeg dat die NG Kerk nog altyd `n “evangelise hart” (D # 10:P26) gehad het. In die volgende onderhoud het deelnemer #11 gesê dat die term missionaliteit baie met Jesus se voorbeeld te doen het en dat lidmate by Jesus moet leer. “Gaan kyk na wat was Jesus se sending, hoe het Jesus sending gedoen en raak betrokke daarby” (D #11:P22).

Deelnemer #12 het daarop gewys dat missionale gemeentes nie ter wille van hulself bestaan nie en het op die belangrikheid van toerusting gewys sodat gelowiges hul gestuurdeheid kan uitleef. Hy het ook benadruk dat `n missionale gemeente `n

gemeente is waar elke lidmaat verstaan dat hy/sy `n gestuurde is (D #12:P28). Deelnemer #13 het `n missionale gemeente as `n “sendinggedreve” gemeente wat na buite gerig is, genoem (D #13:P29). Hy het bygevoeg dat `n verhouding met die Here tot missionaliteit lei, want gelowiges volg die voorbeeld van Jesus. Soos deelnemer #13 het deelnemer #14 ook verwys na die “na buite gerigtheid” van `n missionale gemeente. Deelnemer #15 se verstaan van missionale gemeenteweес draai rondom die argumente dat só `n gemeente nie ter wille van haarself bestaan nie (vergelyk deelnemer # 12) en dat missionaliteit nog altyd deel van die kerk was. In die 16de onderhoud het die deelnemer sy verstaan van missionale gemeenteweес as volg verduidelik: “Elke lidmaat word geroep om uit te gaan met die evangelie” (D #16:P32).

6.5.2.2 Die deelnemers het die volgende gesê oor wat *buite* `n missionale gemeente gebeur:

Deelnemer # 01 het gesê lidmate van missionale gemeentes word toegerus, versterk en verdiep, juis sodat hulle kerk in die wêreld kan wees (D # 01:P17). In die tweede onderhoud was die klem om `n verskil in die wêreld te maak, maar ook om die wêreld aan te raak (D #02:P18). Deelnemer # 03 het lidmate van missionale gemeentes met die volgende woorde beskryf: “Instrumente, gestuurdes, lig, die Here se hande en voete” (D #03:P19). Deelnemer # 04 het (vergelyk deelnemer # 01) gesê dit gaan daaroor “om kerk in die wêreld te wees,” maar bygevoeg dat gelowiges die wêreld moet seën sowel as dien. Sy woorde: “Omgee het geen grense nie,” verwoord iets van sy verstaan van die kerk se rol in die wêreld.

In die vyfde onderhoud is die rol van missionale gemeentes se lidmate as volg beskryf: “Om soos Christus te wees in die wêreld met die mense wat om jou is” (D # 05:P21). Daar is genoem dat gelowiges `n verskil in hul leefwêreld moet maak en hul geloof in die markplein moet uitleef (D # 06:P22), terwyl deelnemer # 07 klem geplaas het op die Here Jesus se opdrag soos dit vir ons in Matteus 28 opgeteken is (D # 07:P23). In die agtste onderhoud was die klem op lidmate se uitleef van hulle geloof waar hulle hulself ook al bevind (D # 08:P24).

Deelnemer #09 se verstaan van `n missionale gemeente is dat lidmate “na buite leef” en deelnemer #10 het daarop gewys dat missionaliteit `n leefstyl is waar gelowiges ander mense seën en bedien. In die elfde onderhoud was die klem op gemeentes wat doen wat God wil hê gedoen moet word en die deelnemer het sy antwoord afgesluit met die volgende woorde: “Jesus se sending na die wêreld word die kerk se sending na die wêreld” (D #11:P27). Deelnemers #13 en #14 se verstaan van die term senteer rondom die uitreik na die gemeenskap, met deelnemer #15 (vergelyk #06) wat gelowiges se manier van leef op die markpleine beklemtoon. Tydens die laaste onderhoud het deelnemer #16 gesê dat elke lidmaat `n gestuurde binne sy/haar konteks is en klem geplaas op die vrug van bekering. “Die doel van bekering is tog om uit te gaan en die evangelie te gaan verkondig” (D #16:P32).

Dit is opvallend dat deelnemer #10 gesê het dat die meeste van sy lidmate nie missionaliteit “gekoop” het nie, terwyl deelnemer #13 se waarneming is dat baie lidmate só sukkel om net te “survive” dat hulle nie lus is én die energie het vir iets soos missionaliteit nie (D # 13:P29). Deelnemer #15 het aanvanklik opgemerk dat missionale gemeenteweес “overrated” is, maar ironies genoeg het hy tog geargumenteer dat die kerk nog altyd missionaal in haar wese is (D #15:P31).

Vraag 2b: Hoekom al dan nie is dit belangrik om te ontwikkel as `n missionale gemeente?

Elkeen van die 16 deelnemers het geargumenteer dat dit belangrik is om as `n missionale gemeente te ontwikkel. Heelparty redes is verskaf hoekom dit belangrik is om as `n missionale gemeente te ontwikkel. Hulle het gewys op die gevolge (negatief) indien `n gemeente nie missionaal ontwikkel nie en hulle het `n paar positiewe gevolge van missionale ontwikkeling opgenoem.

6.5.2.3 Hoekom dit belangrik is om as `n missionale gemeente te ontwikkel

Deelnemer # 02 het gesê soos wat Israel in die tyd van die Ou Testament God se voertuig na die wêreld was, is die kerk nou die voertuig wat God wil gebruik. Deelnemer # 03 het gesê: “Dis `n gemeente se hele doel. Ou gaan jou hele bestaansrede eintlik mis as jy nie in daai rigting ontwikkel nie” (D #03:P35). Deelnemer #06 het geargumenteer dat die ontwikkeling van `n missionale gemeente die kerk se roeping is: “Ons kerk het nie `n bestaansreg as ons nie die evangelie verkondig nie” (D #06:P38). Deelnemer #07 het met die metafoor van `n dam met kanale gewerk en gesê die dam kan nie net al hoe voller en voller word nie. “Jy weet, ons het iets ontvang en ons kan dit nie vir onsself hou nie. Ons kan nie dam-Christene wees nie. Iewers moet `n kanaal wees sodat ander ook by die water kan baat” (D #07:P39). Deelnemer #08 het gesê: “Dit is doodeenvoudig belangrik want God het gesê gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels” (D #08:P40).

Deelnemer #10 het gesê dit is belangrik, want: “Dit is tog maar waar die hart van die Here lê. Hy is `n missionale God” (D #10:P42). In die elfde onderhoud is daarop gewys dat gemeentes gestuurde gemeentes moet wees wat al hoe meer betrokke in die gemeenskap raak. “Ons moet betrokke raak by dit wat God daar buite vir en aan en onder en met die mense doen” (D #11:P43). Deelnemer #12 het gesê gemeentes moet ontwikkel as missionale gemeentes want dit is hoekom hulle hier is, met deelnemer #13 wat geantwoord het: “Ek meen die Here het ons dan geroep om vir Hom te lewe...om vir ander mense te lewe. Ons moet daar wees tot seën vir ander” (D #13:45). Deelnemer #14 het gesê missionaliteit is in ons DNA en deelnemer #16 het gesê gemeentes moet ontwikkel as missionale gemeentes sodat hulle hul doel kan ontdek. “As jy nie missionaal is nie, as dit nie jou doel is om die evangelie uit te dra nie, is jy nie kerk nie” (D #16:P48).

6.5.2.4 Die gevolge as `n gemeente nie missionaal ontwikkel nie

Deelnemer # 01, deelnemer # 04 en deelnemer #16 het proutuit gesê `n gemeente wat nie ontwikkel as `n missionale gemeente nie, gaan sterf: “Dit is definitief belangrik om te ontwikkel want enige instansie of kerk wat nie aan die ontwikkel is nie, is aan die doodgaan” (D #01:P33). Deelnemer # 04 het dit as volg verwoord: “`n Nie-missionale gemeente teken sy eie toemaakdatum. `n Nie-missionale gemeente is soos `n slang wat sy eie stert opvreet” (D #04:P36). Deelnemer #09 se argument is dat `n gemeente wat nie missionaal ontwikkel nie, uiteindelik gaan stagneer. “Ontwikkeling praat van groei. Dit gaan oor ek stagneer nie. Want as `n ding nie groei nie dan is daar regressie” (D #09:P41).

Die eerste deelnemer het bygevoeg dat `n nie-missionale gemeente `n inklusiewe groep mense word wat geen impak op die wêreld het nie. “Wanneer ons nie missionaal dink en missionaal doen nie, mors ons die Here se tyd én koninkrykstyd” (D #01:P33). Deelnemer # 04 het gesê `n gemeente wat nie missionaal ontwikkel nie raak selfgerig en dan word jou bestaansrede gemis.

6.5.2.5 Positiewe gevolge van missionale ontwikkeling

Deelnemer #02 het geargumenteer dat relevansie die vrug van missionale ontwikkeling is. “Dit is belangrik om te ontwikkel as `n missionale gemeente sodat `n gemeente relevant kan bly” (D #02:P34). In die derde onderhoud is gesê: “Hoe ek missionale gemeente-wees verstaan, beteken dat mens iets dieper van Christenwees verstaan. `n Missionale bewussyn verander iets in mens se binnekant” (D #05:P37). Deelnemer #15 het gesê waar gemeentes missionaal ontwikkel, kan lidmate “vir ander iets van Christus wees” (D #15:P47).

6.5.3 Kategorie 3 – Identiteit

Vraag 3a: Hoe verstaan julle as gemeente jul identiteit?

In 15 van die 16 onderhoude het die deelnemers geantwoord deur na “ons” te verwys (vgl. Dick 2007:92). Die deelnemers het hul identiteit as volg beskryf:

- “Ons is `n geloofsfamilie waar almal welkom is” (D #01:P49).
- “Ons is *in Christus*” (D #01:P49).
- “Ons is `n familie wat saam kuier...en ons vestig regtig hierdie familiemetafoor om te sê ons behoort aan mekaar” (D #02:P50).
- “Ons is aanbidders...en dan as ons uitgaan...my identiteit is dat ek gestuur word” (D #02:P50)
- “Ons is `n familie wat *in Christus* is” (D #03:P51; vgl. D #01:P49).
- “Ons is `n Bybel-gebasseerde geloofsfamilie” (D #04:P52).
- “Ons is nie hier vir onsself nie” (D #04:P52).
- “Ons is familie van mekaar, wat omgee vir mekaar” (D #06:P54).
- “Ons identiteit is gevestig in ons verhouding met Jesus Christus” (D #06:P54).

- “Ons is Christene...ons is die liggaam van Christus” (D #08:P56)
- “Ons is ‘n groep mense wat gelowig is, wat die Here dien, liefhet en vir Hom lewe, tot sy eer” (D #08:P56).
- “Ons is deur God geroep om saam met die stad heel te word” (D #09:P57).
- “Ons is geroep en gestuur...ons het ‘n gereformeerde identiteit” (D #09:P57).
- “Ons is sout en lig” (D #10:P58; D #15:P63)
- “Ons is ‘n gemeente binne die gemeenskap...ons is hier en ons moet iets vir die gemeenskap doen” (D #11:P59).
- “Ons is hier ter wille van ander” (D #12:P60).
- “Ons is soos ‘n familie wat soms baklei maar steeds lief vir mekaar is” (D #12:P60).
- “Ons is gereformeerd” (D #13:P61; vgl. D #09:P57).
- “Ons is kinders van die Here” (D #13:61).
- “Ons is kerk van Jesus, hier op hierdie plek” (D #13:P61).
- “Ons is....uit genade, deur gebed, na ander” (D #14:P62).
- “Ek sou graag wou hê ons identiteit moet Christus wees en ek dink as jy vir die gemeente vra, sal hulle dit ook sê” (D #15:63).
- “Ons missie is absoluut missionaal jy weet...ons leuse is: soek, luister, gee om. Maar dan voeg ons by: Maak dissipels vir Jesus Christus” (D #16:P64).

Deelnemer #05 het nie die woord “ons” gebruik nie, maar wel die gemeente waar hy bedien as volg beskryf: “Dit is ‘n gasvrye gemeente waar almal welkom is” (D #05:53).

6.5.3.1 Vraag 3b: Hoe verstaan julle as gemeente jul bestaansdoel en roeping?

Meeste van die deelnemers het hierdie vraag tweeledig beantwoord. Daar is verwys na ‘n gemeente se bestaansdoel en roeping wat haar lidmate aanbetrif en daar is verwys na ‘n gemeente se bestaansdoel en roeping met betrekking tot dié mense wat nie deel is van die geloofsgemeenskap nie. Wat opvallend is, is dat van die deelnemers erken het dat daar ‘n mate van onsekerheid met betrekking tot hul bestaansdoel en roeping bestaan.

6.5.3.2 Gemeente se bestaansdoel en roeping wat haar lidmate aanbetrif

Deelnemer #01 het gesê deel van hul bestaansdoel en roeping is dat hul lidmate die lewe as deel van ‘n geloofs familie moet geniet. “Jy weet...ek wil hê mense moet besef jy kan geloof in Jesus en kerk geniet...jy moet dit geniet” (D# 01:P65). Deelnemer #03 het geantwoord deur te sê hul roeping lê daarin om mekaar te versorg en te bou. In die vierde onderhoud het die deelnemer gesê hul gemeente is voortdurend op die uitkyk vir dit waarmee God besig is. “Jy kyk uit vir God, jy vra vir jouself waarmee is God met my besig. Missionaliteit is nie al waарoor die kerk gaan nie. Missionaliteit nie die prima bestaansrede van ‘n gemeente nie. Dis ‘n onontbeerlike, wesenlike deel van ons bestaan, maar dis nie vir ons al nie” (D #04:P68).

Deelnemer # 06 het verwys na die uitleef van die groot gebod met deelnemer # 08 wat gesê het hul doel is die verheerliking van God. “Verheerlik God deur om te gee vir mekaar, verheerlik God deur mekaar se laste te dra” (D #08:P72).

Deelnemer #12 het sonder om te blik of te bloos gesê hul bestaansdoel is om te oorleef.

In die volgende onderhoud het deelnemer #13 verduidelik dat hul bestaansdoel is om te groei in Jesus Christus en om vrug te dra sodat God verheerlik kan word. Deelnemer #15 sê hul roeping in hierdie wêreld is dat hulle broers en susters van mekaar is in die gemeente. “Dat ons vir mekaar verantwoordelikheid aanvaar...dis in die eerste plek ons roeping om na mekaar om te sien” (D #15:79).

Deelnemer #16 het op teologiese gronde `n onderskeid tussen roeping en bestaansdoel gemaak en gesê dat God die mens roep en dat ons as mense op sy roepstem moet antwoord. “Ek bestaan om aan Sy roeping te beantwoord” (D #16:P80).

6.5.3.3 Gemeente se bestaansdoel en roeping met betrekking tot die wêreld

Deelnemer # 01:P65 het gesê hul gemeente verstaan hul roeping en bestaansdoel vanuit hul identiteit. “Daar is `n groep wat dink ons bestaan ter wille van onsself, maar daar is `n groep wat weet ons bestaan vir die wêreld” (D# 01:P65). Hy het bygevoeg dat hul gemeente geroep en gestuur is en dat hul bestaansdoel `n koninkryks-bestaansdoel is (D# 01:P65).

Deelnemer #02 het geantwoord dat hul bestaansdoel en roeping die wete is dat hulle `n groot impak op hul omgewing moet maak. “Ons moet aansluit by dit waarmee God besig is” (D# 02:P66). Deelnemer #03 het verwys na hul roeping om `n verskil by huise, by skole en by hul werk te maak. Deelnemer #04 het gesê dat hulle nie net op die uitkyk is vir dit waarmee God in hul eie lewens besig is nie, maar dat hulle ook op die uitkyk is vir wat Hy in ander se lewens én ook in die wêreld doen.

“Om `n verskil te maak daar waar ons kom,” was deelnemer # 05 se antwoord, terwyl deelnemer # 06 gesê het hulle bestaan om die evangelie van Jesus Christus te verkondig. “*Be true to our* omgewing...Wees bewus van waar God jou geplaas het, want jy is daar met `n doel,” was deelnemer # 09 se antwoord. Hy (D #09:P73) het verduidelik dat die behoefté van die omgewing bepalend is van waar God jou wil gebruik.

Deelnemer #10 se antwoord was as volg: “Ek dink dis verskriklike eenvoudige metafore wat Jesus gebruik...ek meen wat doen sout? Sout preserveer en sout gee smaak...en dis wat ons in die wêreld doen. En lig? Lig maak alles wat donker is, lig. Ons roeping en bestaansdoel is om sout en lig te wees” (D #10:P74). Deelnemer #13 het gesê hulle moet “groei in die gemeenskap, sodat ons iets vir hulle kan beteken” (D #13:P77). Deelnemer # 14 het klem geplaas om deur gebed en genade na ander te gaan (D #14:P79), hoewel deelnemer #15 gesê het dat lidmate nie net

na mekaar moet omsien nie, maar dat dit ook hul roeping is om om te sien na wie ook al `n behoefte het.

“Ons doel is om die evangelie uit te dra en in die proses mense wat seer het `n tuiste te gee,” was deelnemer #16 se antwoord. Hy het bygevoeg dat hulle die basiese lering “dat Jesus die Here is,” na buite wil uitdra (D #16:P80).

Daar was twee deelnemers wat erken het dat daar met betrekking tot hul bestaansdoel en roeping `n mate van onsekerheid in die gemeente heers. Deelnemer #01 het gesê dat mense “verward” (D #01:P65) is oor hul bestaansdoel en roeping. Deelnemer #06 het gesê as hy briefies aan die Kerkraad sou uitdeel en hulle moet neerpen wat die gemeente se roeping en bestaansdoel is, sal hy baie verskillende antwoorde kry. Hy reken baie van sy kerkraadslede sal gewoon sê: “Ons weet nie” (D #06:P70).

6.5.4 Kategorie 4 – Integrering en koördinering van bediening

Vraag 4a: Hoe kom God na die wêreld?

Die deelnemers het dié vraag op verskeie maniere beantwoord. Telkens is die woord ‘deur’ gebruik om God se komste na die wêreld te beskryf.

- Deur gemeentes, deur Jesus, deur gelowiges, deur waar ons kerk in die wêreld is, deur die plaaslike gemeente en deur gewone mense wat Jesus ontmoet het en kerk in die wêreld is (D #01:P81).
- Deur my en jou as gelowiges wat aansluit by dit waarmee God besig is (D #02:P82).
- Deur Sy mense, deur Sy Woord, deur ons omgee in die wêreld (D #03:P83).
- Deur Sy Woord, deur die Gees, deur gelowiges se luister na mekaar, deur Christus se komste (D #04:P84).
- Deur Christus se komste, die Gees, deur kinders van die Here wat sy teenwoordigheid dra. “God werk deur enige ou, of hy gelowig is of nie. Ons moet net luister” (D #05:P85).
- “Deur ons, ons is die gestuurders wat Sy hande en voete is. Hy kom na die wêreld deur sy kerk, deur sy mense, daar is nie `n Plan B nie” (D #06:P86).
- Deur mense, deur gelowiges, deur Sy kinders, deur gebrokenes (D #07:P87).
- “Deur Christene as Sy beelddraers. Ons is Sy tempel” (D #08:P88).
- “Deur die Woord, die natuur, deur mense, deur Jesus Christus. God kom egter op meer maniere as wat ons dink. Hy gaan ons verras” (D #09:P89).
- “Hy kom deur Sy Woord, Hy kom deur sy Gees op allerlei maniere, Hy kom deur wêreldgebeure, Hy kom deur jou interaksie met mede-gelowiges. Hy is ook by die stukkendes, die randfigure en die gemarginaliseerde. Hy kom deur stilte...miskien kom God deesdae na ons op `n sagte manier...ek weet nie. Deur komplekse Teologie in verstaanbare Afrikaans” (D #10:P90).

- Deelnemer #11 het gesê God is eintlik klaar betrokke in die wêreld. “Hy is betrokke deur die kerk. God is ook betrokke in die wêreld deur Christene en gelowiges wat daar buitekant aan die gang is. Hy kom deur mense wat mekaar besoek. Hy kom deur Bybel te lees” (D #11:P91).
- “Jare terug sou ek gesê het deur die kerk, maar ek dink die Here kom met meer goed na die wêreld as deur die kerk. Ek dink die Here is baie meer betrokke, maar onder andere by die kerk. Ons moet inval by dit wat God besig is om te doen. Hy gebruik sy kerk, maar as sy kerk nie daar is nie gebruik hy ander mense om te help waar nood is” (D #12:P92).
- Deur Sy Gees, deur gelowiges, deur klein dingetjies (D #13:P93).
- Deur Christus se koms, deur mense. “Die Gees maak gebruik van konkrete mense om sy werk te doen” (D #14:P94).
- “Was dit Calvyn wat gesê het: ‘God is ons Vader en die kerk is ons moeder?’ Ek sou graag wou glo dat die Here na die wêreld kom deur die NG Kerk. Hy kom deur Sy mense wat gehoorsaam aan Hom is en erns maak dat hulle Sy beelddraers en verteenwoordigers is. Hy kom deur ons as gestuurders” (D #15:P95).
- “Ek dink deur Sy dissipels. Deur Sy dissipels en deur Sy Heilige Gees, maar Sy Heilige Gees werk in mense. God kom na my toe deur Sy Woord, Hy kom na my toe deur sy Heilige Gees en dan realiser dit in die vrug van die Gees wat ek openbaar” (D #16:P96).

Vraag 4b: Hoe ontdek en ontwikkel `n gemeente haar identiteit?

Die deelnemers het dié vraag op uiteenlopende wyses beantwoord. Vier van die deelnemers het onder ander na die belangrikheid van die prediking en eredienste verwys, terwyl drie klem gelê het op die belangrikheid van die koinonia in identiteitsontdekking. Vier deelnemers het na die belang van die gemeente se konteks verwys, met vier ander wat die belangrikheid dat lidmate in die identiteitsproses moet inkoop, onderstreep.

Die eerste deelnemer het as volg geantwoord:

Jy gaan hê `n realistiese kyk na wat aan die gebeur is. Wat het ons? Wie is die mense wat hier is? Wat is min of meer die inhoud van die preke en kommunikasie? Jy gaan kyk die werklikheid in die oë, maar jy moet ook vra wat die gemeente se sterkpunte en leemtes is. Hierdie tipe goed gee aan `n mens ontsettende waardevolle leidrade oor wie jy is, want op `n manier doen jy wat jy is. (D #01:P97)

Hy het verwys na die belangrikheid wat `n gemeente se konteks in identiteitsvorming speel: “Jy kan nie jou identiteit by iemand anders loop haal nie. Jy moet wees wie jy is – dit is vir my `n ontsettende belangrike ding” (D #01:P97).

In die tweede onderhoud het die deelnemer klem geplaas op identiteitsontdekking in Christus. “Ek dink net ek moet my identiteit wat ek in Jesus Christus het, ontdek.

Wees net jouself. Ontdek wie ek is in Jesus Christus. Ons identiteit lê nie in ons Afrikanerskap nie, ons identiteit lê in Jesus Christus” (D #02:P98). Deelnemer # 03 het gesê identiteitsontdekking gaan oor verhoudings – horisontaal en vertikaal. “Die eredienste is vir my nogal redelik sentraal...jou prediking, die doop, die nagmaal. Wat verder belangrik is, is `n praktiese gewortelheid in jou omgewing, sonder dit gaan identiteitsontdekking nie gebeur nie” (D #03:P99).

Deelnemer #04 het sonder om te skroom gesê die gemeente neem die identiteit van die leraar aan. “In ons kerkmodel is dit `n gegewe dat `n gemeente sy of haar identiteit ontdek en ontwikkel deur die identiteit wat die leraar het. Hy word die gemeente se identiteit. Kyk na die identiteit van gemeentes...dit korreleer met die identiteit van die leraars” (D #04:P100).

In die vyfde onderhoud het die deelnemer gesê daar is `n “klomp goed” wat bydrae tot identiteitsontwikkeling, maar het die eredienste en dit wat by die huise gebeur, uitgesonder. “Ek dink die kerk, die huis, die skool, jou alles, jou hele mensewees, waar jy is, dra by tot die gemeente se identiteit. En ek dink dit is waaruit dit gevorm word. Die projekte wat `n gemeente aanpak, of die projekte wat jy loods, vorm ook jou identiteit. Ek en my vrou het byvoorbeeld `n projek geloods waar ons nagmaalsetes begin hou het. Daai samekoms en daai saam-eet het begin om hul identiteit te vorm. By ons pasafgelope basaar het ek ook weer gesien ons saamwees vorm ons identiteit” (D #05:101). Deelnemer # 06 het gesê identiteitsontwikkeling en identiteitsontdekking vind plaas wanneer lidmate tyd saam spandeer. “Dit lê vir my in verhoudings. In ons samekoms op Sondae en in ons gesprekke rondom braaivleisure. Daar waar `n ou kan praat met mekaar en deel...en ek wil selfs sê in Bybelstudiegroepe waar daar omgee vir mekaar is. Vir my...ek weet nie...dit bly terugkom elke keer na verhoudings toe...omgee vir mekaar...saam met mekaar kan praat...en en daar begin jy mos ontdek wie is jy tussen...hoe is jy tuis in die ligaam van die Here” (D #06:P102).

“Ek dink jy ontdek jou identiteit deur besig te wees met die Woord van God,” was deelnemer # 07:se antwoord. “Ek kan verkeerd wees...maar ek voel veilig en gemaklik om te sê dat ons ons identiteit moet ontwikkel aan die hand van die Skrif” (D # 07:P103). In die agtste onderhoud het die deelnemer gesê identiteit word ontdek en ontwikkel wanneer “mense soos Christene lewe” (D #08:P104).

Deelnemer # 09 het klem geplaas op deelname. “`n Gemeente se rykdom is sy mense. Hoe meer die mense ontdek wat hul rol is en waar God hulle wil gebruik...hoe meer ontwikkel identiteit. So ek dink daai ontwikkeling gebeur wanneer gemeentelede half die geleentheid gegun word om te ontdek waar hulle `n verskil kan maak” (D #09:P105).

In die tiende onderhoud was die klem op visie. “Jou dominees en geestelike leiers moet `n visie hê én dit verkondig. En die tweede ding is, die mense moet daarby inkoop. Mens moet eintlik die ding saam ontwerp...die leiers moenie dit net op die

gemeente aflaai nie” (D #10:P106). Deelnemer #11 het opgemerk dat identiteitsontwikkeling en -ontdekking nie iets is wat spontaan gebeur nie. “Ek dink tensy iemand die gemeente doelbewus daartoe bring...om oor identiteit te dink...gaan dit nie eintlik gebeur nie. `n Krisis kan maak dat jy dit doen. Trauma kan ook aanleiding gee tot identiteitsgesprekke en ek dink ook as daar `n vakature by `n gemeente ontstaan kan daar daaroor gedink word. `n Dominee wat weg gaan kan `n gemeente dwing om daaroor te praat, maar gemeentes wat normaal aan die gang is, het nie nodig om daaroor te dink nie” (D #11:P107).

Deelnemer #12 het gesê die prediking is sentraal in identiteitsontwikkeling en identiteitsontdekking, maar hy het opgemerk dat prediking alleen nie genoeg is nie. “Dit moet op elke plek gebeur waar die ouens bymekaarkom. Jou leierskap moet saam met jou inkoop op die ding. Mens bou identiteit deur dit oor en oor te hoor. Herhaling, herhaling, herhaling” (D #12:P108). Deelnemer # 13 het gesê dit begin by die soek van die Here se leiding.

Paulus sê jy moet jou denke vir die Here gee. Dit begin daar. Jy moet regtig by die Here gaan sit en sê: ‘Here, ons is hier en ons is in die nood en ons het U hulp nodig. Ons soek U leiding deur die Gees om hierdie gemeente reg te bestuur – hierdie gemeente se identiteit. (D #13:P109)

In die veertiende onderhoud is die rol van die prediking en die gemeente se saamwees benadruk, met deelnemer # 15 wat die klem geplaas het op Godsvrae.

Ek dink `n gemeente moet begin deur die volgende vrae te vrae: Wie is God? Hoe is God? Wie is God in ons omstandighede? Waar sien ons God? Hoe ervaar ons God? En dan moet ons as `n gemeente daarop bou. Wat ook belangrik is, is die vraag oor hoe ons God se beelddraers en verteenwoordigers in ons omgewing gaan wees. Ons Godsvrae én die antwoorde op ons Godsvrae moet in gesprek gesit word met die vrae wat die omgewing vra. (D #15:P111)

In die laaste onderhoud het die deelnemer gesê: “Jou konteks bepaal jou identiteit. God plaas jou hier en jy moet ontdek wat jou roeping is. Ons moet binne ons konteks bepaal wat ons moet doen” (D #16:P112).

6.6 Voortuitskouing

Osmer se deskriptiewe-empiriese taak is in hoofstuk 5 en 6 uitgevoer. In hoofstuk 7 word die data wat uit die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing voortgespruit het, ge-analiseer en geëvalueer. Dié taak staan as die interpretatiewe taak bekend en is veral daarmee gemoeid om knelpunte en kernaspekte wat uit die data spruit, te identifiseer en om dan van teorieë gebruik te maak om dié aspekte beter te verstaan.

HOOFSTUK 7

INTERPRETATIEWE TAAK

Die doel van hierdie hoofstuk is om:

- die kernaspekte en knelpunte (“issues”) wat uit die kwalitatiewe en kwantitatiewe data gekom het, te identifiseer.
- te verduidelik hoe daar by dié knelpunte uitgekom het.
- van teorieë gebruik te maak ten einde die kernsake en knelpunte beter te verstaan.
- te toets of die kwalitatiewe data deur die kwantitatiewe data bevestig, bevraagteken of weerlê word.

7.1 Inleiding

Die primêre doelstelling van Osmer (2008:79-128) se interpretatiewe taak is om kernsake en knelpunte (“issues”) te identifiseer en om dan van teorieë gebruik te maak ten einde dit beter te verstaan. Dit gaan oor die aanwending van teorieë wat die navorsing kan help om die patronen en dinamika van wat aan die gebeur is, beter te verstaan (Osmer 2008:80).

Wetenskaplike teorieë wat in die interpretatiewe taak gebruik word, kan met ‘n kaart vergelyk word (Osmer 2008:80). Sulke kaarte gee navorsers ‘n idee van die landskap en moontlike paaie waarop gereis kan word, maar daar moet onthou word dat die kaart nie die landskap is nie en dat die regte kaart, wat by die doel pas, gekies moet word.

In hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem as volg verwoord: Die navorsingsvermoede (en -probleem) is dat die ontwikkeling van missionale gemeentes negatief beïnvloed word wanneer die integrering en koördinering van al die bedieninge nie identiteitsontdekking en identiteitsvorming op ‘n hermeneutiesevlak fasiliteer nie.

Die kern-konsepte van die navorsingsprobleem is die volgende:

- identiteit
- gemeentebou
- missionale gemeentes
- integrering en koördinering van al die bedieninge

Data uit die kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe navorsing het gewys dat daar ‘n aantal knelpunte met betrekking tot identiteit, gemeentebou, missionale gemeentes en die integrering en koördinering van al die bedieninge bestaan.


Die kernsake en knelpunte word vervolgens kortlik weergegee, maar dit word eers later in die hoofstuk in meer detail bespreek.

7.2 Uitwys van kernsake en knelpunte

Met `n vraende beskeidenheid sit die navorser die volgende vier kernsake en twee knelpunte op die tafel (dit word volledig in 7.4 bespreek)

- **Kernsaak:** Die gebrekkige besef by van die leraars dat identiteit `n relasionele werklikheid is.
- **Kernsaak:** Heelwat leraars het vermoedelik nie die vaardighede, kennis en ondervinding om die skuif van instandhouding (“maintenance”) na gestuurheid (“mission”) te maak nie.
- **Kernsaak:** Gebrekkige begrip dat `n gemeente se bestaansdoel en roeping vanuit haar identiteit voortspruit.
- **Kernsaak:** Die bydrae wat die integrering en koördinering van die bedieninge in identiteitsontdekking en -ontwikkeling speel, word heel moontlik nie ten volle begryp nie.
- **Knelpunt:** Die diakonia is nie wesenlik/prominent teenwoordig in die leraars se verstaan van gemeentelike identiteit nie.
- **Knelpunt:** Moontlike misverstaan met betrekking tot die rol van die bedieninge in God se komst na die wêreld.

7.3 Skematische voorstelling van die kernsake en knelpunte met behulp van ATLAS.ti se “Network view” (Friesse 2014:219-261)



Dié kernaspekte en knelpunte en hoe by hulle uitgekom is, word in afdeling 7.5 bespreek.

7.4 Interpreting van die data

Soos in die geval van die kwantitatiewe navorsing het die navorser sowel 'n beskrywende as eksplorerende studie met betrekking tot die data gedoen. Osmer (2008:82-86) se “sagely wisdom”-metode is gebruik om die data te evalueer. Dié metode van data-evaluering is weldeurdag. Daar word van teorieë van sowel die wetenskap as die kunste gebruik gemaak om die data te verstaan en om daarop te reageer. In die laaste plek is 'n karaktereienskap van die “sagely wisdom”-metode dat wyse oordeel aan die dag gelê moet word.

Die eerste kenmerk van bedagsaamheid (“thoughtfulness”) kan tweeledig verstaan word: eerstens verwys dit na leiers wat bedagsaam is wanneer hulle met ander mense werk, maar dit sluit ook die insig wat hul in alledaagste aangeleenthede het, in. Bedagsaamheid streef altyd na insig (Osmer 2008:82).

Met teoretiese interpretasie word daar van die teorieë van sowel die wetenskap as die kunste gebruik gemaak om die data te verstaan en om daarop te reageer. Daar moet gelet word dat teorieë wat deur die menslike rede ontwikkel is, feilbaar is. Sulke teorieë bied `n blik op die waarheid en spreek nie die waarheid self aan nie.

Aan die verste kant van die spektrum is teoretiese interpretasie wat die vermoë insluit om teorieë van die kunste en wetenskap te gebuik om sekere episodes, kontekste en situasies te verstaan, maar ook om daarop te reageer (Osmer 2008:83).

7.4.1 Friesse se NCT-metode vir analisering van die data met behulp van ATLAS.ti

ATLAS.ti is `n sagteware-program wat tot die genre van CAQDAS behoort. CAQDAS staan vir “Computer-aided qualitative data analysis software.” ATLAS.ti, net soos die ander CAQDAS-programme, analyseer nie data nie. Dit is gewoon `n hulpmiddel wat die analiseringsproses ondersteun (Friesse 2014:1).

Software frees you from all those tasks that a machine can do much more effectively, like modifying code words and coded segments, retrieving data based on various criteria , searching for words, integrating material in one place, attaching notes and finding them again, counting the numbers of coded incidences , offering overviews at various stages of a project, and so on. By using ATLAS.ti, it becomes much easier to analyse data systematically and to ask questions that you otherwise would not ask because the manual tasks involved would be too time consuming. (Friesse 2014:1)

Susanne Friesse (2014:2) het in 1992 vir die eerste keer `n sagteware-program vir data-analisering gebruik en sedertdien het sy `n metode (in die epistemologiese sin) ontwikkel wat van waarde kan wees om kwalitatiewe data te analyseer. Sy noem dié metode “Computer-assisted NCT analysis” (Friesse 2014:3), waar die N vir “noticing, die C vir “collecting” en die T vir “thinking” staan.

“Computer-assisted NCT analysis” se fokus is die analisering van kwalitatiewe data (en nie die hele navorsingsproses nie). Dié metode kan geïntegreer word met verskeie metodologieë en navorsers kan induktief sowel as deduktief te werk gaan. “Whether you come from an ethonographic, a phenomenological or a grounded theory tradition...I am interested in teaching you how to approach the analysis of your data in a systematic computer-assisted way” (Friesse 2014:3).

Friesse (2014:12) gee toe dat dit soms `n liniêre proses is waar interessante aspekte in die data raakgesien word, dit bymekaargemaak word, daaroor gedink word en

uiteindelik tot insiggewende resultate lei, maar sy erken dat dit nie altyd só liniêr is nie (Friesse 2014:12).

i) N – “Noticing”

“Noticing” het te maken met die proses waar interessante goed (“interesting things”) in die data raakgesien en gevind word. Wat belangrik is, is dat dié interessante aspekte gemerk en benoem word (Friesse 2014:13).

ii) C – “Collecting”

Friesse (2014:13) argumenteer dat navorsers met verloop van tyd goed (“things”) in die data gaan raaksien wat ooreenkoms met ander vertoon. Dit mag selfs gebeur dat sulke tipe goed onder dieselfde kode resorteer. As iets byvoorbeeld baie naby aan `n ander aspek van die data is, maar nie heeltemal onder een kode resorteer nie, kan `n nuwe kode geskep word wat beide aspekte saamvat. “You can continue to collect more similar data segments and later, when you review them, it will be easier to think of better and more fitting code names to cover the substance of the material you have collected” (Friesse 2014:13).

Die intellektuele werk wat in dié fase gedoen word, is dieselfde as wat in die verlede sonder sagteware-programme gedoen is.

iii) T –“Thinking”

We need to use our brains from the very beginning of the analytical process, even though I have left the thinking aspect of the model until last. (Friesse 2014:14)

Navorsers moet konstant dink wanneer hulle besig is om na interessante aspekte in die data te soek. Daar moet gedink word oor kode-name. Daar moet gedink word wanneer sub-kategorieë ter sprakte kom. Daar moet gedink word wanneer potensiële patronen en verhoudings uit die data na vore kom. Gewoonlik, wanneer die kodering afgehandel is, kom die volgende vrae by navorsers op: Hoe pas die verskillende stukkies van die legkaart in mekaar? Hoe kan die verskillende aspekte van die bevindings geïntegreer word? Hoe sien `n groot prentjie van die fenomeen wat bestudeer is, daaruit?” ATLAS.ti is veral van waarde om die denkende gedeelte (“thinking part”) van kwalitatiewe data-analiseering visueel voor te stel met byvoorbeeld die “network view”-funksie (Friesse 2014:14).

Wanneer die navorser verduidelik hoe daar by die knelpunte uitgekom is en watter teorieë gebruik kan word om die knelpunte beter te verstaan, word daar veral op die “T” van Friesse se NCT-metode gefokus.

iv) Die twee fases van die NCT-metode

Friesse (2014:17-18) se NCT-metode funksioneer op `n deskriptiewe sowel as `n konseptuele vlak.

Analisering op `n deskriptiewe vlak

Die doel van deskriptiewe analisering is om die data te verken, om daardeur te lees en om interessante aspekte bymekaar te maak (soos gedoen in hoofstuk 6). Soos wat navorsers begin om kodes aan die verskillende dele van die data toe te ken, bly hulle voortdurend op die uitkyk vir ooreenkomsste, sowel as verskille in die data. Die gevolg is `n gestruktureerde koderingslys wat later in die proses weer gebruik kan word. Dié koderingslys word met verloop van tyd verfyn en soos wat nuwe aspekte raakgesien en bymekaargemaak word, word daar in die rigting van `n finale koderings-skema beweeg. Analisering op `n deskriptiewe vlak sluit ook kommentaar op die verskillende data-segmente in (Friesse 2014:17-18).

Analisering op `n konseptuele vlak

Wanneer ál die data gekodeer is, betree die navorser die volgende fase. Voordat dié fase betree word, was die navorser deurdrenk van die data self. “Until now, he or she has been immersed in the data, working from the inside out” (Friesse 2014:18). Die doel van die analisering van die data op `n konseptuele vlak is om na die data vanaf die perspektief van die navorsingsvrae te kyk.

ATLAS.ti se verskeie analitiese funksies soos die “query tool” en die “cooccurrences tools” is hier van groot waarde. Tydens dié proses sal nuwe aspekte van die data na vore kom, maar wat veral sal uitstaan, is die verbande wat in die data bestaan. Die analise gaan `n tree verder. Daar word dieper gegrawe, detail word ondersoek en navorsers kan beter verstaan hoe alles bymekaar pas (Friesse 2014:18).

Die navorser fokus in dié hoofstuk op die “C” (“collecting”) en “T” (“thinking”) van Friesse se NCT-metode.

v) Die bymekaarmaak van data wat bymekaar pas (“collecting things”)

Coding in a technical sense simply means assigning a label to a data segment. (Friesse 2014:82)

Die sagteware-program ATLAS.ti is gebruik om kodes aan die kwalitatiewe data toe te ken. Strauss (in Strauss & Corbin 1997:viii) beskryf die sosioloog Kathy Charmaz as `n baie ervare navorser en om dié rede word by haar kers opgesteek, veral wat kodering (“coding”) aanbetrif.

Kodering beteken dat die navorser segmente van die navorsing met `n etiket (“label”) benaam. Hierdie etiket kategoriseer die data, dit som dit op en dit verwys terug na die data. Kodering is die proses waar gedefineer word waарoor die data gaan (Charmaz 2014:111).

Through coding, we raise analytical questions about our data from the very beginning of data collection. Coding distills data, sorts them, and gives us an analytic handle for making comparisons with other segments of data. (Charmaz 2014:4)

Kodering is die vernaamste skakel tussen data-versameling en die ontwikkeling van 'n ontluikende teorie om dié data te verduidelik. Deur middel van kodering definieer die navorsers wat in die data gebeur en stoei met die data ten einde vas te stel wat dit kan beteken. In die woorde van Charmaz (2014:113): "Codes crystallize what we learn while studying our data." Kodering gee aan navorsers die gereedskap om data uit mekaar te haal en uit te vind hoe dit aanmekaar gesit is. Met kodering word die data wat uitmekaar gehaal is, met 'n samevattende kode benaam en 'n analitiese 'handvatsel' ("analytical handle") word voorgestel om abstrakte idees te ontwikkel wat elke segment van die data kan interpreteer (Charmaz 2014:113).

Navorsers word aangemoedig om 'aksie' in die data raak te sien, met die gevolg dat daar met woorde wat aksies beskryf, gekodeer word (Charmaz 2014:116). Glaser (1978) argumenteer dat data-kodering met "gerundiums" die navorsers help om naby die data te bly en dat dit van waarde is om prosesse te bespeur. Charmaz is 'n voorstander dat daar met "gerundiums" gekodeer word 'n "Gerundium" is die verboë infinitief van 'n werkwoord wat as substantief gebruik word . Sy (Charmaz 2014:120) stel gevolglik die volgende riglyne vir kodering ("code for coding") voor:

- Bly oop.
- Bly naby die data.
- Hou die kodes eenvoudig.
- Konstrukteer kort kodes.
- Behou aksies.
- Vergelyk data met data.
- Beweeg vining deur die data.

Deur middel van kodering word ontdekings gemaak en navorsers kan so die empiriese wêreld beter verstaan (Charmaz 2014:137).

7.5 Bespreking en verduideliking van die kernsake en knelpunte

In hierdie afdeling word verduidelik hoe daar by die bovenoemde ses kernsake en knelpunte uitgekom het. Die data wat uit die kwalitatiewe navorsing voortgespruit het, kom onder die loep en dit word in gesprek met die kwantitatiewe data gebring.

7.5.1 Kernsaak 1: Die gebrekkige besef by van die leraars dat identiteit 'n relasionele werklikheid is.

Tydens die kwalitatiewe navorsing (kyk hoofstuk 6) is die deelnemers eerstens gepolls oor wat volgens hul opinie die sleutel tot gemeentebou is.

Vraag 1: "Wat is in u opinie die sleutel tot gemeentebou?"

i) Kodes

Met behulp van ATLAS.ti is die volgende as hoof-kategorie kodes (Friesse 2014:130) op die vraag "Wat is in u opinie die sleutel tot gemeentebou?" geïdentifiseer:

- verhoudings
- identiteit
- kontekstuele relevansie
- leierskap
- prediking
- integrering en koördinering van bedieninge

Dié kodes is egter nie naastenby ewe veel gebruik nie. Die kode wat verreweg die beste in die data gegrond is, is die kode 'verhoudings'. Dié kode is 61 keer gebruik. Die kode 'identiteit' is 18 keer gebruik, 'kontekstuele relevansie' 10 keer, die kode 'leierskap' het drie keer voorgekom het, terwyl 'prediking' en 'integrering en koördinering van bedieninge' elk twee maal gebruik is.

Verhoudings, identiteit, kontekstuele relevansie, leierskap, prediking en die integrering en koördinering van bedieninge is die sleutelkonsepte waarna die leraars die meeste verwys het. Dié ses konsepte is as die sleutel tot gemeentebou voorgehou, maar slegs drie leraars het tydens die onderhoude na meer as twee van die konsepte verwys.


Nel (2015:23-88) argumenteer vir 'n vyf dimensionele verstaan van die begrip *gemeentebou*. Die vyf dimensies wat hy beskryf, is die volgende:

- gemeentebou as identiteitsvorming
- gemeentebou as reformasie
- gemeentebou as die integrering en koördinering van bedieninge
- gemeentebou as langtermynbediening
- gemeentebou as afhanklikheid van God

Wat opvallend is, is dat vier van Nel se konsepte uit die kwalitatiewe data na vore kom. Die enigste konsep wat nie pertinent in die onderhoude genoem is nie, is die konsep van reformasie (Nel 2015:50).

Dit wil voorkom of die meeste van die leraars slegs `n een- of twee-dimensionele verstaan van die begrip gemeentegebou het. Ses leraars het op die vraag "Wat is in u opinie die sleutel tot gemeentegebou?" na slegs een van hierdie dimensies verwys, met net vier leraars wat na twee dimensies verwys het.

ii) Skematiese voorstelling van hoof-kategorie kodes met behulp van ATLAS.ti se "Network view"



iii) Verduideliking van hoe daar by die eerste kernsaak uitgekom is (Die gebrekkige besef by van die leraars dat identiteit `n relasionele werklikheid is).

In die onderhoude is die vraag "Wat is in u opinie die sleutel tot gemeentegebou?" aan al 16 deelnemers gevra. Dié deelnemers het op die eerste vraag altesaam 121 keer na 'verhoudings' as die sleutel tot gemeentegebou verwys.

Uit die onderhoude het dit geblyk dat die leraars in die algemeen nie 'verhoudings' met die identiteit van die kerk in verband bring nie. Uit die kwalitatiewe navorsing het dit geblyk dat nie al die leraars die identiteit van die plaaslike gemeente as `n relasionele werklikheid verstaan nie.

Met behulp van ATLAS.ti is die volgende as sub-kategorie kodes (Friesse 2014:130) onder die hoof-kategorie kode van “Verhoudings” geïdentifiseer:

1. Verhoudings as basis vir gemeentebou
2. Liefdevolle verhoudings
3. Langtermyn verhoudings
4. Verhouding met die Here

Die kode ‘Verhoudings as basis vir gemeentebou’ is 33 keer gebruik, terwyl die kode ‘Liefdevolle verhoudings’ 20 keer ingespan is. Die kode ‘Langtermyn verhoudings’ sowel as die kode ‘Verhouding met die Here’ is albei vier keer gebruik.

Die leraars wat aan die kwalitatiewe onderhoude deelgeneem het, se verstaan van gemeentebou het gesentreer rondom goeie verhoudings tussen die lidmate en die leierskap. Die hoofbestanddeel van dié verhoudings moet die liefde wees en klem is geplaas op `n diepte wat met verloop van tyd in liefdevolle verhoudings na vore kom. Daar is `n paar keer na die gelowiges se verhouding met die Here en hul verhouding met mekaar verwys. In vraag 9.2e (hoofstuk 5) is die stelling gemaak dat die sleutel tot gemeentebou identiteitsontdekking en -ontwikkeling is. Slegs 53% van die leraars het beslis met dié stelling saamgestem.

Tydens die onderhoude het net twee van die 16 deelnemers na identiteitsontdekking of identiteitsontwikkeling as die sleutel tot gemeentebou verwys. Deelnemer #01 het opgemerk dat die sleutel tot gemeentebou identiteitsvinding is en dat verhoudings `n natuurlike gevolg van identiteitsvinding is (D #01:P01). `n Ander leraar het genoem dat gemeentebou oor `n gemeente gaan wat haar bestaan en identiteit in Christus vind en gevind het (D #03:P03).

Uit die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing was daar dus nie `n totale ontbrekende besef dat identiteit `n relasionale werklikheid is nie. Dit sou heel moontlik eerder as `n onvolledige besef beskryf kon word en dit is die rede hoekom die eerste knelpunt “die gebrekkige besef by van die leraars dat identiteit `n relasionele werklikheid is”, genoem word.

iv) Teorieë wat kan help om die eerste kernsaak beter te verstaan

I depart from this premise: The congregation is basically a relational unit. It was created and is being recreated (continuously) by God in a relationship of love. (Nel 2009:9)

Nel (2015:26) argumeert dat gemeentebou identiteitsontdekking en identiteitsvinding is (kyk hoofstuk 3). Tydens die kwantitatiewe navorsing het 92% van Hoëveld Sinode se leraars beslis of gedeeltelik met Nel se argument saamgestem dat die sleutel tot gemeentebou identiteitsontdekking en -ontwikkeling (vraag 9.2e) is. Wat egter opvallend is, is dat die leraars tydens die half-gestrukteerde onderhoude egter keer op keer na ‘verhoudings’ as die sleutel tot gemeentebou verwys het.

Dit blyk dus dat die leraars van Hoëveld Sinode vermoedelik nie die relasionale aard van identiteitsontdekking en identiteitsvinding ten volle begryp nie. Van Huyssteen (2016) wys daarop dat konsepte soos *relasioneel*, *relasio-naliteit* en *relasionele waarheid* nog altyd van fundamentele belang vir die Christelike teologie was. Hy argumenteer dat leerstellings soos die Inkarnasie en die Triniteitsleer wesenlik relasioneel is (Van Huyssteen 2016).

Nel (2015:26) sê die identiteit van die kerk is 'n gegewe. Dié gegewe identiteit word met behulp van metafore in die Bybel beskryf. Die feit dat die identiteit met metafore beskryf word, lei soms daartoe dat die identiteit van die kerk nie altyd ten volle verstaan word nie.

Identiteitsontdekking en identiteitsvinding het te make met die feit dat die plaaslike gemeente nie uit 'n klomp individue wat nijs met mekaar te doen het, bestaan nie. Die plaaslike gemeente bestaan uit gelowiges wat 'n saak met mekaar het, want dit gaan nie oor die 'ek' nie, maar oor die 'ons'. "I believe another core issue in understanding ourselves (who we are in Christ) is that we are a 'we'. Building up the local church is about building a corporate sense of identity" (Nel 2015:26). Bybelse waarhede oor die korporatiewe identiteit van die kerk word egter heel dikwels verpersoonlik en net op die individu van toepassing gemaak. Nel (2009:6) plaas egter klem op die saamwees van die gemeente as 'n gemeenskap.

Firet (1986a:85) sê die handeling van om sáam kerk te wees ("the act of assembling together") is die basiese vorm van hoe die liggaam van Christus funksioneer. Met verwysing na die woorde *qahal* en *ekklesia* is dit egter nie ons saamwees as sulks wat van ons 'n gemeente maak nie, maar die feit dat ons deur God bymekaar-gebring is. "It is his presence, him having called us together, that constitutes our togetherness, our koinonia" (Nel 2009:6).

7.5.2 Kernsaak 2: Heelwat leraars het vermoedelik nie die vaardighede, kennis en ondervinding om die skuif van instandhouding ("maintenance") na gestuurdheid ("mission") te maak nie.

Die tweede vraag het gesentreer om die deelnemers se verstaan van missionale kerkwees. In dié afdeling is twee vrae aan die deelnemers gevra. Die eerste vraag het gesentreer om die leraars se verstaan van die term *missionale gemeente* en as opvolgvraag is gevra hoekom dit belangrik is (al dan nie) om as 'n missionale gemeente te ontwikkel. Vraag 2a word bespreek en daarna val die fokus op vraag 2b.

- Vraag 2a: Wat verstaan u onder die term *missionale gemeente*?

Die deelnemers het in die algemeen die vraag tweeërlei beantwoord met verwysing na wat *binne* 'n missionale gemeente gebeur en na wat *buite* 'n missionale gemeente gebeur.

i) Kodes

Met behulp van ATLAS.ti is die volgende as hoof-kategorie kodes (Friesse 2014:130) geïdentifiseer:

- Wat *binne* missionale gemeentes gebeur
- Wat na *buite* gebeur

Die hoof-kategorie kode “Wat *binne* missionale gemeentes gebeur” het die volgende sub-kategorie kodes opgelewer:

- Geroep en gestuur
- Toerusting
- Uitleef van die liefdesgebod

Die kode ‘Geroep en gestuur’ is 13 keer gebruik, die kode ‘Toerusting’ het tien maal voorgekom, terwyl die kode ‘Uitleef van die liefdesgebod’ slegs drie maal gebruik is. Lidmate van missionale gemeentes is bewus daarvan dat hulle geroep en gestuur is om die liefdesgebod uit te leef en huis hiervoor word hulle by hul plaaslike gemeente toegerus.

Dit is opvallend dat heelparty van die deelnemers daarna verwys het dat die kerk missionaal in haar wese is. Die plaaslike gemeente dien dus as die ‘oefenskool’ (kyk Stoppels 2013) waar lidmate toegerus en bemagtig word om deel te word van God se sending. Die plaaslike gemeente leef ook met die bewustheid dat God ‘n missionale God is, wat die gemeente roep. sowel as die wêreld instuur.

Die hoof-kategorie kode “Wat na *buite* gebeur” het die volgende sub-kategorie kodes:


- Voltydse uitleef van roeping
- Kerkwees in die wêreld
- Maak van dissipels

Die kode ‘Voltydse uitleef van roeping’ is 21 keer gebruik, ‘Kerkwees in die wêreld’ het 18 keer voorgekom, met ‘Maak van dissipels’ wat ses keer ingespan is. Die kode ‘Voltydse uitleef van roeping’ verwys na gelowiges wat nie net op Sondae soos Christene leef nie, maar wat elke dag waar hulle ook al is, hul roeping as gestuurde kinders van God uitleef. “Of jy nou by die werk, tussen jou vriende, by Spar of by die Pick n Pay is, dáár is jy ‘n kind van God” (D #02:P18). Deelnemer # 04 het verwys na Christene wie se “omgee geen grense het nie” (D #04:P20), met deelnemer # 05 wat gesê het missionaliteit gaan daaroor om soos Christus vir die mense rondom jou te wees (D #05:P21). Die kode ‘voltydse uitleef van roeping’ gaan ook daaroor “om

‘n verskil te maak rondom jou” (D #06:P22) en om met die wete te leef dat “almal my gemeente is – dit sluit die petroljoggie en die dame wat by Absa werk in” (D #08:P24).

Dit wil voorkom of die leraars van Hoëveld Sinode verstaan dat elke lidmaat ‘n gestuurde is wat ‘n verskil moet maak waar hy of sy ook al lewe. Die leraars het klem geplaas op die voltydse roeping wat gelowiges het om sowel die liefdesgebed as die groot opdrag uit te voer. Kerkwees in die wêreld is verskeie kere benadruk.

ii) Skematische voorstelling van hoof- en sub-kategorie kodes met behulp van ATLAS.ti se “Network view”



iii) Vraag 2b: Hoekom is dit belangrik om te ontwikkel as `n missionale gemeente (al dan nie)?

Al 16 deelnemers het tydens die onderhoude saamgestem dat die gemeente waar hulle bedien as `n missionale gemeente moet ontwikkel. Soos in hoofstuk 6 bespreek, was daar leraars wat skepties was oor `n aspek of twee van missionale gemeente-wees, maar nie een van die deelnemers het aangedui dat hul gemeente nie as `n missionale gemeente moet ontwikkel nie.

Tydens die kwantitatiewe navorsing het 97% (135/139 respondenten) van die leraars aangedui dat dit vir hulle belangrik is om as `n missionale gemeente te ontwikkel. Presies dieselfde persentasie (97%) van die respondenten (135/139) het saamgestem met die stelling dat `n missionale gemeente in haar wese deel van die *Missio Dei* is. Die data uit die kwalitatiewe navorsing het dus die data van die kwantitatiewe navorsing bevestig.

Die leraars wat aan die onderhoude deelgeneem het, was dit eens dat gemeentes missionaal móét ontwikkel. Die gevare van nie-ontwikkeling sluit aspekte soos stagnasie en agteruitgang in en van die deelnemers het gesê dat gemeentes wat nèt vir hulself bestaan, beslis sal doodgaan: "Enige kerk óf instansie óf mens wat nie aan die ontwikkel is nie, is aan die doodgaan" (D #01:P33).

Die kode 'Stagnasie en agteruitgang' is vier keer gebruik, terwyl die kode 'Inklusiwiteit' drie keer ingespan is. Deelnemer # 04 (P36) het gesê: "'n Nie-missionale gemeente is soos `n slang wat sy eie stert opvreet. As jy dit buite in die wêreld nie maak nie, het jy dit ten minste vir `n goeie doel nie gemaak nie. Dan kan jy ten minste sê ons is in die wêreld dood....ons is nie in ons eie geboue dood nie" (D #04:P36).

Die deelnemers was baie positief oor die gevolge van missionale gemeente-ontwikkeling en van tyd tot tyd is `n lyn na die *Missio Dei* getrek. Klem is in die onderhoude op die missionale aard van gemeentes geplaas en heelparty van die deelnemers het gesê dat missionale kerkwees die rede is hoekom die kerk bestaan. Die kode 'Uitlewing van bestaansrede' is elf keer gebruik en 'Voortgaande evangelisasie' agt keer.

Deelnemer # 03 (P35) het gesê die ontwikkeling as missionale gemeente is 'n gemeente se doel: "Ou gaan jou hele bestaansrede eintlik mis...ek dink `n mens raak selfgerig as ou nie in daai rigting ontwikkel nie. Dan mis `n ou die hele rede vir jou bestaan." Deelnemer #06 het gesê die kerk het nie `n bestaansreg as dit nie as missionale gemeente ontwikkel nie, terwyl deelnemer # 08 (P40) opgemerk het dat die Here gesê het dat ons na al die nasies moet gaan. "Dit is doodeenvoudig belangrik want God het gesê gaan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels. Punt." (D #08:P40). Hirsch het tydens `n konferensie oor missionale kerkwees aan Niemandt gesê dat as die kerk nie dissipels maak nie, dop hulle hul

grootste toets. “As jy die toets om dissipels te maak druip, druip jy alles” (Hirsch in Niemandt 2013:31).

iv) Kodes

Met behulp van ATLAS.ti is die volgende as hoof-kategorie kodes (Friesse 2014:130) geïdentifiseer:

- Positiewe gevolge van missionale ontwikkeling
- Gevare van nie-ontwikkeling


Die hoof-kategorie kode “Positiewe gevolge van missionale ontwikkeling” het die volgende sub-kategorie kodes opgelewer:

- Uitlewing van bestaansrede
- Voortgaande evangelisasie

Die hoof-kategorie kode “Gevare van nie-ontwikkeling” het die volgende sub-kategorie kodes opgelewer:

- Stagnasie en agteruitgang
- Eksklusiwiteit

v) Skematische voorstelling van hoof- en sub-kategorie kodes (met behulp van ATLAS.ti se “Network view”)



vi) Verduideliking van hoe daar by dié kernsaak uitgekom is (Heelwat leraars het vermoedelik nie die vaardighede, kennis en ondervinding om die skuif van instandhouding na gestuurheid te maak nie.)

Tydens een van Hoëveld Sindode se ringsittings het 'n leraar met die navorser oor die inhoud van die kwantitatiewe vraelys (hoofstuk 5) gesels. Hy het die vraelys voltooи en gesê dat hy in teorie basies met ál die stellings oor gemeentebou, oor missionale gemeente-wees, die identiteit van die kerk en die integrering en koördinering van bedieninge saamstem. Daarna het hy egter die volgende gesê: "Ek weet nie *hoe* om dit te doen nie. Ek weet nie *hoe* om die teorie in die praktyk toe te pas nie."

Gedurende die onderhoude het D #12 (P44) gesê dat die idee van missionale kerkwees baie mooi is, maar hy het egter bygevoeg dat dit nie aldag in die praktyk werk nie. "Hier is ouens wat regtig ingekoop het in missionale kerkwees, maar die oorgrote meerderheid van die mense verstaan dit nie. Ek weet nie...dit voel vir my of ek dit nie altyd in die praktyk reggekry het nie." Deelnemer #10 (P26) het in teorie ingekoop in missionale kerkwees, maar hy voel dat dit in 'n nuwe, vars vorm gestalte moet kry. "n Ding wat móét gebeur, is dat die jonger generasie 'n outentieke manier van missionale kerkwees moet leef. Ons is nog nie daar nie. Ek weet nie. Gemeentes moet missionale kerkwees in nuwe gestaltes uitleef." Deelnemer #03 (P35) het erken dat hy as leraar nie altyd getrou aan die kerk se missionale roeping is nie.

Deelnemer #11 (P43) het gesê dat hulle wil hê dat hul lidmate na die gemeenskap moet uitreik, maar dit sukkel om te gebeur. "Ons wil baie keer hê gemeentes moet uitgaan na die gemeenskap toe...maar ek wil nou sê....miskien is, miskien het ek nie die regte 'tools' nie, miskien nie die regte persoonlikheid nie of wat ook al...maar ek kry moeilik my gemeente gemotiveer om uit te gaan buitekant toe" (D #11:P43).

Dit blyk dat baie van die ander leraars van Hoëveld Sinode min of meer dieselfde ervaar. Slegs 33% van die leraars het beslis met die stelling saamgestem dat hulle hulself as 'n missionale gemeente sien (vraag 9.1a). Wat egter opvallend is, is dat 78% van respondenten beslis met die stelling dat dit vir hulle belangrik is om te ontwikkel as 'n missionale gemeente saamgestem het (vraag 9.1b). Slegs 2.9% van die leraars het aangedui dat dit nie vir hulle belangrik is om te ontwikkel as 'n missionale gemeente nie (vraag 9.1b).

97% van die leraars voel dis (78% beslis, 19% gedeeltelik) belangrik om as missionale gemeente te ontwikkel, maar dit wil voorkom of dit makliker gesê as gedaan is. Die vraag moet gevra word of leraars voldoende opgelei en toegerus is om dié skuif te maak en om só 'n proses te lei.

Dit wil voorkom of die leraars van Hoëveld Sinode sukkel om die skuif van instandhouding na gestuurheid ("maintenance to mission") te maak.

vii) Teorieë wat kan help om dié kernsaak beter te verstaan

Barrett (2004) het saam met Guder, Hobbs, Hunsberger, Stutzman, Van Kooten en Ziemer agt eienskappe van missionale gemeentes geïdentifiseer (kyk hoofstuk 3). Bykans ál agt van dié eienskappe kan in die data van die kwalitatiewe onderhoude gevind word, maar die een eienskap wat stellig nie genoem is nie, is die eienskap wat handel oor die Bybel.

Guder (in Barrett 2004:59) sê die Bybel is normatief in die lewe van die missionale gemeenskap. "The Bible has a continuing, converting, formative role in die church's life" (Guder in Barrett 2004:59). Die vraag wat gevra kan word, is of die Bybel nie 'n meer sentrale rol in die ontwikkeling van missionale gemeentes moet speel nie. Kan

die Bybel leraars en ander gemeenteleiers nie dalk help om die skuif van instandhouding na gestuurdheid te maak nie?

Guder argumenteer dat dissipelskap en die Bybel hand aan hand gaan. “The missional church is a community where all members are learning what it means to be disciples of Jesus. The Bible has a continuing, converting, formative role in the church’s life” (Guder in Barrett 2004:59). Zscheile (2012:1) se argument is dat die kerk indringend aandag aan die vorming van dissipels moet skenk, huis omrede daar nie van die samelewing verwag kan word om dissipels te produseer nie. Nel argumenteer dat die ontwikkeling van ‘n missionale gemeente niks anders as identiteitsvorming is nie, en dit is huis die Bybel wat gemeentes kan help om ‘n teologiese perspektief op hulself te kry (Nel 2015:89-202).

Die knelpunt wat in dié afdeling onder die loep kom, is dat leraars vermoedelik nie die vaardighede, kennis en vermoë om die skuif te maak van “maintenance” na “mission” nie. Kenners is dit eens (kyk Roxburgh 2005; Joubert 2007; Niemandt 2013; Nel 2015) dat die wêreld vir altyd verander het en gemeenteleiers sukkel om by die huidige situasie aan te pas (Niemandt 2013:18-19). Die vrae wat Niemandt (2013:19) vra, is: “Hoe nou gemaak? Waar leer die kerk?”

Niemandt (2013:20) argumenteer dat daar ‘n sterk nuwe oortuiging aan die groei is en dit het te make met God se uitnodiging om deel te word van die lewiegewende sending van die Drie-enige God.

Dalk moet ons eerder meer van ‘n Google-kerk word! Hulle werk op die beginsel dat hulle mense wegstuur van hul webbladsy af. ‘n Google-kerk stuur sy lidmate die wêreld in. Dit bestaan ter wille van die beweging van God na die wêreld toe. (Niemandt 2013:25)

Die doel van Osmer se interpretatiewe taak is beslis nie om maklik antwoorde op komplekse vrae te gee nie. Maar dit kan tog wel van waarde wees om te let op wat Niemandt (2013:29-33) ‘waardes vir ‘n missionale kerk’ noem. Die uitleef van dié waardes kan moontlik ‘n bydrae lewer ten einde die skuif van “maintenance” na “mission” te maak:

- ‘n Missionale kerk fokus op die drie-enige God en die wete dat God ons oneindig liefhet.
- ‘n Missionale kerk inkarneer die evangelie.
- ‘n Missionale kerk bring verandering omdat God se liefde alles verander.
- ‘n Missionale kerk maak van mense volgelinge van Jesus.
- ‘n Missionale kerk koester verhoudings.
- ‘n Missionale kerk vermenigvuldig (hoofsaaklik deur kerkplanting).
- ‘n Missionale gemeente verbind plaaslike betrokkenheid met ‘n verbondenheid tot die skepping in geheel.

Uit die kwalitatiewe onderhoude het dit egter geblyk dat nie al die leraars ewe opgewonde oor missionale kerkwees is nie en uit die aard van die saak sal dit beteken dat hulle nie maklik die skuif weg van instandhouding sal maak nie. Een het gesê dat missionale kerkwees “overrated” is, terwyl `n ander leraar genoem het dat hy eintlik maar net wil “survive”. In die 15de onderhoud (P31) is missionaliteit “maar nog net `n modewoord” genoem.

Deelnemer #10 het die vermoede dat hy lidmate verloor het as gevolg van sy talle preke oor missionaliteit:

Ons het in ons gemeente geweldig baie missionaliteit gepreek. Vir twee, drie jaar. Ek het `n “gut feeling” wat ek nog nie gaan toets het nie, maar ek dink mense het ons verlaat oor dit. Hulle koop dit nie. Hulle sukkel hulle as af om te oorleef en nou hoor hulle dat hulle ander mense moet gaan seën. Hulle maak die onregverdige konneksie dat die ‘ander’ mense swart mense is, en hulle is nie lus daarvoor nie. (Deelnemer #10 P26)

7.5.3 Knelpunt 1: Die diakonia is nie wesenlik/prominent teenwoordig in die leraars se verstaan van gemeentelike identiteit nie.

Tydens die kwalitatiewe onderhoude is die leraars gepols oor hoe hul die identiteit van die gemeente waar hulle bedien, verstaan.

- Vraag 3a: Hoe verstaan julle as gemeente jul identiteit?

Die deelnemers het uiteenlopende antwoorde op die vraag “Hoe verstaan julle as gemeente jul identiteit?” (kyk hoofstuk 6) gegee. Daar was egter sekere aspekte van identiteit wat meer aandag as ander gekry het. Hoewel daar baie oorvleueling was, kan die deelnemers se verstaan van identiteit in drie kategorieë opgedeel word. Klem is telkens op `n missionale, `n ekklesiologiese en `n relasionele verstaan geplaas.

i) Kodes

Met behulp van ATLAS.ti is die volgende as hoof-kategorie kodes (Friesse 2014:130) geïdentifiseer:

- Missionale verstaan van identiteit
- Ekklesiologiese verstaan van identiteit
- Relasionele verstaan van identiteit

Die hoof-kategorie kode ‘Missionale verstaan van identiteit’ het die volgende sub-kategorie kodes opgelewer:

- gestuurdes
- dissipels wat dissipels maak
- sout en lig

Die kode *gestuurdes* is agt keer gebruik, *dissipels wat dissipels maak* een keer en *sout en lig* drie maal.

Die hoof-kategorie kode ‘Ekklesiologiese verstaan van identiteit’ het die volgende sub-kategorie kodes opgelewer:

- familie
- gasvrye gemeenskap
- gereformeerd
- geroepenes

Die kode ‘familie’ is sewe keer ingespan en ‘gereformeerd’ twee keer. Die kodes ‘gasvrye gemeenskap’ en ‘geroepenes’ het elk een keer voorgekom.


Die hoof-kategorie kode ‘Relasionele verstaan van identiteit’ het die volgende sub-kategorie kodes opgelewer:

- kinders van God
- in Christus
- liggaam van Christus

Die kode *kinders van God* is een keer gebruik, *in Christus* agt keer en *liggaam van Christus* ook een maal.

Dit is opvallend dat die kodes ‘in Christus’ en ‘gestuurdes’ die meeste voorkom. Dit strook met die data uit die kwantitatiewe navorsing waar 88% van die leraars met die stelling saamgestem het dat hul gemeente se identiteit daarin lê dat hulle *in Christus* gestuurdes is (vraag 9.3b). Nel (2015:26) se kernverstaan van ‘n gemeente se identiteit kan as volg opgesom word: ‘n Gemeente is dié wat deur Christus aan God behoort en deur die Heilige Gees as sy eiendom beseël is. “A, if not *the core*, metaphor is that we are *in Christ*” (Nel 2015:26).

ii) Skematische voorstelling van hoof- en sub-kategorie kodes (met behulp van ATLAS.ti se “Network view”)



iii) Verduideliking van hoe daar by die knelpunt uitgekom is (Die diakonia is nie wesenlik/prominent teenwoordig in die leraars se verstaan van gemeentelike identiteit nie.)

Die knelpunt wat uit die kwalitatiewe data na vore kom, is dat die dienende aspek van die plaaslike gemeente se identiteit bykans heeltemal by die leraars wat aan die onderhoude deelgeneem het, ontbreek (kyk Osmer 2008:183-184). In die 16 onderhoude het die deelnemers meer as 8000 woorde gebruik om die vraag “Hoe verstaan julle as gemeente jul identiteit?” te beantwoord. Slegs twee deelnemers het die woord ‘dien’ met betrekking tot ander mense gebruik toe hulle oor hul gemeente

se identiteit gepraat het. In die vierde onderhou (D #04:P52) het die deelnemer na hul gemeente se leuse (*Groei dieper, sorg nader en dien verder*) verwys en in die negende onderhou het die deelnemer dit genoem dat hulle die omgewing moet bedien (D #09:P57).

Die vraag kom dus by die navorsing op of die leraars wat aan die onderhoude deelgeneem het, moontlik 'n onvolledige verstaan van die dienende aspek van die plaaslike gemeente se identiteit het.

iv) Teorieë wat kan help om die knelpunt beter te verstaan

Nel (2015:89-202) skryf breedvoerig oor die identiteit van die missionale kerk. Hy argumenteer vir die volgende drie theologiese perspektiewe:

- 1) kommunikasie van die evangelie
- 2) perspektief van die *diakonia*: Om God en mens (mekaar en die wêreld) te dien
- 3) perspektief van die *didaché*

Die tweede aspek "Serving God and one's fellow man: the perspective of the *diakonia*" (Nel 2015:117) is dus die perspektief waaraan die deelnemers die minste aandag geskenk het. Dit mag wees dat die theologiese waarheid dat Jesus die Christus, Here én *Diakonos* is (kyk Fil 2:5-11; kyk Markus 10:45), nie ten volle met die identiteit van die missionale gemeente verbind word nie.

Die kerk is die skepping van die Vader, Seun en Gees. Wanneer dissipels van Jesus besig is om te dien, beteken dit nie dat die Vader en die Gees nie betrokke is nie.

Rather, in and through the congregation the Holy Spirit brings the Christ-Word to fruition. Without the Holy Spirit the fruition does not take place. It is precisely the Spirit of the Father and the Son that continues the ministry of the Son, the one sent by the Father. It should be stressed that the service in, and the ministry of, the congregation must be understood in terms of the ministry of the triune God. (Nel 2015:118)

Die *diakonia* van Christus is die bron en voorbeeld van die *diakonia* van die kerk (Nel 2015:118).

7.5.4 Kernsaak 3: Gebrekkige begrip dat 'n gemeente se bestaansdoel en roeping vanuit haar identiteit voortspruit.

As opvolgvraag op die vraag oor hoe die leraars die identiteit van hul gemeente verstaan, is die leraars gevra om te verduidelik hoe hulle hul gemeente se bestaansdoel en roeping verstaan.

- Vraag 3b: Hoe verstaan julle as gemeente jul bestaansdoel en roeping?

Die deelnemers het op verskeie maniere hul verstaan van hul gemeentes se bestaansdoel en roeping verwoord. Die meeste leraars se antwoorde het gesentreer om missionale kerkwees. Missionale kerkwees gaan vir hulle veral oor gemeenskapsbetrokkenheid. Deelnemer #01 (P65) het gesê: "Ons bestaan vir die omgewing, die dorp, die land en die wêreld." Deelnemer # 02 (P66) het benadruk dat hul gemeente 'n impak op die omgewing moet hê en dat hulle moet aansluit by dit waarmee God reeds besig is (vgl. D #14:P74; D #15:P79). Deelnemer #03 se fokus was om 'n verskil by "die huise, skole en werke" te maak, met deelnemer # 06 wat gesê het: "...die kerk moet 'n positiewe verskil maak waar ons kom." Deelnemer # 10 se verstaan van missionale kerkwees sentreer rondom die metafore van sout en lig. "Ons is sout en lig. Sout preserveer en gee smaak en lig maak alles wat donker is lig" (D #10:P74).

Daar was deelnemers wat op die koninkryk gefokus het, terwyl ander se fokus eerder op die lidmate was. Twee leraars het gesê hul bestaansdoel en roeping gaan oor die verheerliking van God, terwyl ander hul bestaansdoel vanuit die verkondiging van die evangelie beskryf het. In die eerste onderhoud is klem op die gemeente se bestaansdoel vanuit haar identiteit gelê.

Dit is opvallend dat drie van die leraars gesê het dat hulle onseker is oor hul bestaansdoel en roeping. Een leraar het prontuit gesê hul bestaansdoel is oorlewing.


i) Kodes

Met behulp van ATLAS.ti is die volgende as hoof-kategorie kodes (Friesse 2014:130) geïdentifiseer:

- onsekerheid
- oorlewing
- identiteit
- verheerliking van God
- missionale kerkwees
- verkondiging van die evangelie
- gemeenskap
- koninkryk
- behoefte van lidmate

Die kode *missionale kerkwees* is tien keer gebruik, *gemeenskap* sowel as *lidmaat-gedreve* vier keer en die *verkondiging van die evangelie* drie maal. Die kode *verheerliking van God* twee maal, terwyl *koninkryk*, *identiteit* en *oorlewing* elk een keer ingespan is. Die kode *onsekerheid* is drie keer gebruik.

ii) Skematische voorstelling van hoof-kategorie kodes (met behulp van ATLAS.ti se “Network view”)



iii) Verduideliking van hoe daar by dié kernsaak uitgekom is (Gebrekkige begrip dat `n gemeente se bestaansdoel en roeping vanuit haar identiteit voortspruit)

Dit wil voorkom of daar moontlik `n gebrekkige begrip by van die leraars bestaan met betrekking tot die verband tussen `n gemeente se identiteit en haar bestaansdoel en roeping. Slegs een leraar het gesê dat hul bestaansdoel en roeping vanuit hul identiteit verstaan word (D #01:P65).

Dit is opvallend dat slegs 29% van die leraars wat aan die kwantitatiewe data deelgeneem het, aangedui het dat hulle beslis met die stelling saamstem dat hulle bewus is van hul identiteit, daaruit leef en dit koester (vraag 9.3a). 59% het egter aangedui dat hulle besef dat `n gemeente se uitdaging in `n post-Christendom wêreld daarin lê om opnuut hul identiteit te herwin en te verdiep (vraag 9.3d).

Die knelpunt sentreer dus om die vermoede dat die gemeente se identiteit nie aldag op die tafel is wanneer daar oor bestaansdoel en roeping nagedink word nie.

iv) Teorieë wat kan help om dié kernsaak beter te verstaan

Nel (2015:27-29) argumenteer dat `n gemeente se identiteit haar bestaansdoel voorafgaan (kyk hoofstuk 3). Die kerk se identiteit bepaal haar bestaansdoel en roeping en nie vice versa nie. Dit is juis waarom identiteitsvinding en identiteitsontdekking so belangrik is.

Insight into the purpose of the church's existence – the church's *raison d'être* (reason for being) – as well as the purpose of each congregation within a specific denomination and context, is crucial in developing a missional local church; thus determining one's *raison d'être* is to determine mission. (Nel 2015:27)

7.5.5 Knelpunt 2: Moontlike misverstaan met betrekking tot die rol van die bedieninge in God se komste na die wêreld

Die laaste twee vrae het gehandel oor die bedieninge wat in gemeentes teenwoordig is en hoe die leraars dié bedieninge met betrekking tot God se komste na die wêreld én die ontdekking en ontwikkeling van identiteit in verband bring.

- Vraag 4a: Hoe kom God na die wêreld?

Die meeste deelnemers het gesê dat God deur die gelowiges na die wêreld kom. Verskillende benamings is vir die kerk gebruik, maar dit kom daarop neer dat dié mense wat na hulself as dissipels van Jesus verwys, deur God gebruik word om die wêreld te bereik. Die deelnemers het, soos verwag, ook genoem dat God deur Christus, die Woord, die Gees en die natuur na die wêreld kom.


i) Kodes

Met behulp van ATLAS.ti is die volgende kodes (Friesse 2014:130) geïdentifiseer:

- Christus
- Woord
- Gees
- gelowiges
- mense
- pastorale sorg
- gebrokenes
- stilte
- natuur
- wêreldgebeure
- omstandighede

Die kode *gelowiges* is 16 keer gebruik, *Gees* sewe keer, *Woord* ses keer, *Christus* en *deur mense* (nie-gelowiges) vier maal en *natuur* drie maal. Die kode *pastorale sorg* en *gebrokenes* is twee maal gebruik, met *omstandighede*, *stilte* en *wêreldgebeure* een keer elk.

ii) Skematische voorstelling van kodes (met behulp van ATLAS.ti se “Network view”)



iii) Verduideliking van hoe daar by die knelpunt uitgekom is (Moontlike misverstaan met betrekking tot die rol van die bedieninge in God se komste na die wêreld)

Die knelpunt wat duidelik uit die data van die kwalitatiewe navorsing na vore gekom het, is dat die leraars nie aldag die bedieninge in verband bring met God se komste na die wêreld nie. Dit wil voorkom of die leraars die bedieninge soos byvoorbeeld die *kerugma*, *leitourgia*, *didaché*, *koinonia*, *marturia* en *kubernesis* nie aldag met sy komste na die wêreld verbind nie.

Hoewel daar heelwat kere gesê is dat God deur die kerk (gelowiges) kom, is daar nooit pertinent genoem dat God deur iets soos die prediking en liturgie na die wêreld

kom nie. Daar is ook nie melding gemaak van God se komste via die *didaché*, *koinonia*, *marturia* en *kubernesis* nie. Die enigste twee bedieninge wat uitgelig is, was die *diakonia* en die *paraklesis*.

Data uit die kwantitatiewe data bevestig die navorser se vermoede. Die volgende persentasie leraars het beslis met die stelling saamgestem dat God op die volgende maniere na die gemeente kom (vraag 11a):

Bediening	Persentasie leraars wat beslis met die stelling saamgestem het dat God deur die bediening na die gemeente kom
Prediking	86%
Liturgie	64%
Pastorale sorg	65%
Leierskap en administrasie	27%
Onderrig	57%
Koinonia	65%
Diens van barmhartigheid	72%
Getuienis	53%

Die leraars van Hoëveld Sinode is dus nie 100 persent oortuig dat God deur die bedieninge na die gemeente kom nie.

iv) Teorieë wat kan help om die knelpunt beter te verstaan

Die vraag wat gevra word, is of daar nie moontlik `n diskonneksie by die leraars bestaan tussen die bedieninge wat wel by `n gemeente teenwoordig is en die rol van dié bedieninge in God se komste na die wêreld nie. Daar is ook onsekerheid by die navorser of ál die leraars die argument verstaan dat God na sy kerk kom en dan die kerk gebruik om na die wêreld te gaan (Nel 2015:67)

Nel (2015:78) argumenteer dat die *kerugma*, *leitourgia*, *didache*, *diakonia*, *koinonia*, *paraklesis*, *marturia* en *kubernesis* die manier is hoe God na sy kerk kom en dat die kerk weer op haar beurt na die wêreld gaan. Soos in hoofstuk 4 bespreek, gaan dit oor die integrering en koördinering van die bedieninge in diens van die evangelie van Jesus Christus waar God, mede-gelowiges en die wêreld bedien word (Nel 2015:78).

7.5.6 Kernsaak 4: Die bydrae wat die integrering en koördinering van die bedieninge in identiteitsontdekking en -ontwikkeling speel, word heel moontlik nie ten volle begryp nie.

In die laaste vraag is deelnemers uitgevra oor hul verstaan van hoe `n gemeente haar identiteit kan ontdek en ontwikkel.

- Vraag 4b: Hoe ontdek en ontwikkel `n gemeente haar identiteit?

Die deelnemers het `n wye verskeidenheid van antwoorde op die vraag “Hoe ontdek en ontwikkel `n gemeente haar identiteit?,” gegee. Daar is verwys na die omgewing wat `n rol in `n gemeente se identiteit speel, die rol van die leraar, die Skrif en hoe lidmate hul identiteit kan ontdek wanneer hulle in verhouding met die Here leef en saam met hul gesinslede moeite met iets soos huisgodsdiens doen.

Baie van die leraars het egter sporadies na die rol van die bedieninge in die ontdekking en ontwikkeling van `n gemeente se identiteit verwys.

i) Kodes

Met behulp van ATLAS.ti is die volgende kodes (Friesse 2014:130) geïdentifiseer:

- Bedieninge
- Leef in verhouding met die Here
- Omgewing
- Skrif
- Leraar
- Huisgeloof

Die kode *bedieninge* is 17 keer gebruik, *Leef in verhouding met die Here* vyf keer en *Omgewing* vier keer. Die kode *Leraar* en *Huisgeloof* is een keer elk gebruik.

Van die leraars het gevoel dat hul omgewing en veral die nood én behoeftes in hul onmiddellike omgewing `n rol te speel het in die ontwikkeling van `n gemeente se identiteit. “Ons wil in hierdie omgewing regtig vir mense iets beteken” (D# 13:P109). Deelnemer # 03 het melding gemaak van die rol van die eredienste, die doop en die nagmaal, maar bygevoeg dat `n gemeente nie haar identiteit gaan ontdek en ontwikkel sonder “n praktiese gewortelheid in `n ou se omgewing nie” (D #03:P99).


Deelnemer # 04 was oortuig dat die leraar se identiteit die gemeente se identiteit oor tyd heen sal vorm, met deelnemer # 05 wat klem geplaas het op die identiteitsvormende waarde van ouers wat in huise die Here saam met hul kinders dien.

Onder die kategorie “Bedieninge” is die volgende sub-kategorie kodes geïdentifiseer:

- Diens van barmhartigheid
- Prediking
- Pastorale sorg
- Onderrig
- *Liturgie*
- *Koinonia*
- Leierskap en administrasie

Die deelnemers het na sewe bedieninge verwys wat `n rol kan speel in die ontdekking en ontwikkeling van `n gemeente se identiteit. Die enigste bediening waarna nie verwys is nie, is die bediening van Getuienis.

ii) Skematische voorstelling van hoof- en sub-kategorie kodes (met behulp van ATLAS.ti se “Network view”)



iii) Verduideliking van hoe daar by dié kernsaak uitgekom is (Die bydrae wat die integrering en koördinering van die bedieninge in identiteitsontdekking en -ontwikkeling speel, word heel moontlik nie ten volle begryp nie.)

Dit wil voorkom of die gesamentlike bydrae wat die bedieninge in identiteitsontdekking en -ontwikkeling speel, nie ten volle begryp word nie. Hoewel die leraars wat aan die kwalitatiewe navorsing deelgeneem het, verwys het na die diens van barmhartigheid, prediking, pastorale sorg, onderrig, liturgie, *koinonia* en leierskap en administrasie was daar nie één leraar wat na die gesamentlike funksionering van ál die bediening in identiteitsontdekking en -ontwikkeling verwys het nie.

Kan dit wees dat die leraars nie ten volle begryp dat elke bediening 'n rol te speel het in identiteitsontdekking en –ontwikkeling nie? Begryp die leraars dat identiteitsontdekking en -ontwikkeling te make het met elke bediening afsonderlik,

maar dat dit ook te make het met die gesamentlike funksionering van ál die bedieninge wat teenwoordig is in `n gemeente?

Sewe leraars het nie na die bedieninge se rol in identiteitsontdekking en -ontwikkeling verwys nie en daar was net twee leraars wat na drie of meer bedieninge in hul antwoorde verwys het.

Data uit die kwantitatiewe navorsing bevestig die navorser se vermoede. Die volgende persentasie leraars het beslis met die stelling saamgestem dat die ondergenoemde bediening `n manier is waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel (vraag 11b):

Bediening	Persentasie leraars wat beslis met die stelling saamgestem het dat `n gemeente deur die betrokke bediening haar identiteit kan ontdek en ontwikkel
Prediking	70%
Liturgie	53%
Pastorale sorg	52%
Leierskap en administrasie	38%
Onderrig	54%
Koinonia	63%
Diens van barmhartigheid	65%
Getuienis	54%

Al die leraars van Hoëveld Sinode is dus geensins oortuig dat die bedieninge een van die primêre maniere is waardeur gemeentes hul identiteit ontdek en ontwikkel nie.

iv) Teorieë wat kan help om die kernsaak beter te verstaan

In hoofstuk 4 (Normatiewe taak – Die integrering en koördinering van die bedieninge) is duidelik aangetoon dat elke bediening afsonderlik en al die bedieninge gesamentlik `n rol te speel het in die ontdekking en ontwikkeling van `n gemeente se identiteit.

Die integrering en koördinering van die bedieninge is `n komplekse saak, waar integrering na die inter-verweefdheid en koördinering na die gesamentlike funksionering van die bedieninge verwys. In hierdie studie is gekies vir agt modi van bedieninge waar elke modus daar is om die kommunikasie van die evangelie te dien. Elke bedieningsmodus én almal saam is drie-dimensioneel in die sin dat elkeen diens aan die Trinitariese God, diens aan mekaar en diens aan die wêreld is. Uit die literatuurstudie (kyk hoofstuk 4) het dit duidelik na vore gekom dat ál agt bedieningsmodi identiteitsontdekking en identiteitsvorming fasiliteer.

Die ontdekking en ontwikkeling van `n gemeente se identiteit kan deur al die bedieninge plaasvind, maar wat noodsaklik is, is dat die bedieninge huis geïntegreer en gekoördineer word om dié doel te bereik (Nel 2015:241).

7.6 Vooruitskouing

Die doelwit van Osmer se Interpretatiewe taak is om kernsake en knelpunte te identifiseer en om dan van teorieë gebruik te maak ten einde dit beter te verstaan. Die kernsake en knelpunte wat na vore gekom het, het die navorser se vermoede bevestig dat die ontwikkeling van missionale gemeentes negatief beïnvloed word wanneer die integrering en koördinering van al die bedieninge nie identiteitsontdekking en identiteitsvorming fasiliteer nie. In die laaste hoofstuk word aandag aan Osmer se pragmatiese taak geskenk. Die pragmatiese taak is gemoeid met die maak van strategiese planne ten einde die verlangde uitkomste te bereik.

HOOFSTUK 8

PRAGMATIESE TAAK

8.1 Inleiding

Osmer (2008:176) beskryf die pragmatiese taak van praktiese teologiese interpretasie as die skepping, vorming en vasstelling van strategiese planne ten einde verlangde uitkomste te bereik. Om by werkbare strategiese planne uit te kom word daar noukeurig besin en gereflekteer oor wat in die normatiewe, deskriptief-empiriese en interpretatiewe take gevind is. Die uitdaging is om die verskillende aspekte van dié studie te integreer ten einde `n volledige prentjie te vorm van dit wat bestudeer is, sodat `n betekenisvolle bydrae gelewer kan word. Die navorser is oortuig dat dié studie veral `n bydrae kan lewer met betrekking tot gemeenteleiers wat in `n uitdagende post-Christendom wêreld `n missionale gemeente wat God behaag, bou of ontwikkel.

Ten einde te reflekteer oor die studie, gebruik die navorser `n metafoor uit die rugbywêreld om die bevindinge van die studie te integreer. In in sekere sin pleit dié studie vir `n “back to basics”-benadering. Saterdag ná Saterdag sê sportafrigters in televisie-onderhoude dat hulle spanne verloor het omdat hulle “basics” nie in plek was nie. Wat hulle gewoonlik daarmee bedoel, is dat hulle skrums, lynstane, inskoppe, afskoppe en dissipline nie goed genoeg was nie. Die feit dat die basiese aspekte nie in plek is nie, beteken dat hulle nie `n vaste fondament het waarop hulle hul spelpatroon kan loods nie.

‘n Gemeente wat sekerheid van hul identiteit in Christus het, se “basics” is in plek. Identiteitsontdekking en -ontwikkeling is die hart van, maar ook die groeisentrum vir die ontwikkeling van ‘n missionale gemeente. Wie ons is, bepaal wat ons doen en hoe ons dit doen. Ons identiteit gaan ons doel vooraf. As `n sterk korporatiewe identiteitsverstaan by `n gemeente in plek is, kan die stormwinde van die 21ste eeu maar kom.

‘n Rugbyspan wat suksesvol wil wees, besef egter dat hulle méér moet doen as om net die “basics” in plek te hê. Wat nodig is, is dat almal en alles wat deel van die ‘sisteem’ is – die stutte, haker, slotte, flanke, agtsteman, skrum- en losskakel, senters, vleuels, heelagter, plaasvervangers, hoofafrigter, hulpafrigters, mediese personeel, bestuur, ondersteuners, stadion, klubs en junior strukture – geïntegreer en gekoördineer moet word ten einde die verlangde resultate te bereik. Die voormalige All Black-kaptein Tana Umaga wat deesdae die Auckland Blues afrig, gebruik juis die woord ‘integrering’ wanneer hy oor suksesvolle sportspanne gesels:

I have learnt how to manage people and not just in terms of the rugby team. It's around the club and the administration as well. The biggest things I've learnt is how to deal with those aspects and ensure that everyone is

connected and integrated within one club, even though there are different facets to it. (Tana Umaga 2018)

Die voorspelers het die agterspelers nodig en die lostrio het die senters, haker en vleuels nodig. Die stutte en die slotte steun op mekaar en sonder die haker sal daar nie skrums of lynstane kan plaasvind nie. Die afrigters het die mediese dokters nodig en die mediese dokters werk nou saam met `n aantal terapeute. `n Rugbyspan wat die liga wil wen, kan nie anders as om `n doelbewuste poging aan te wend om die verskeie elemente te integreer en te koördineer nie.

8.1.1 Probleemstelling en navorsingsvermoede

Aan die begin van hierdie navorsing (hoofstuk 1) het die navorser genoem dat hy op die volgende vrae fokus:

- Tot hoe `n mate word die ontwikkeling van 'n missionale gemeente deur die teologiese en kontekstuele identiteitsverstaan binne en van die gemeente beïnvloed?
- Tot hoe 'n mate hou hierdie identiteitsverstaan en –ontwikkeling direk verband met die integrering en koördinering van alle bedieninge in belang daarvan?

8.1.2 Die hipotese

Met die aanvang van die navorsing is die hipotese gestel dat die ontwikkeling van missionale gemeentes negatief beïnvloed word wanneer die integrering en koördinering van al die bedieninge nie identiteitsontdekking en identiteitsvorming op `n hermeneutiese vlak faciliteer nie. Die navorsingsvermoede sentreer om die teorie dat elke bediening identiteitsontdekking en identiteitsvorming faciliteer en wanneer dié bedieninge in belang daarvan geïntegreer en gekoördineer word, word `n identiteitsgedreve missionale gemeente opgebou.

8.2 Toetsing van probleemstelling

Navorsing met betrekking tot gemeentebou, die identiteit van die missionale gemeente en die integrering en koördinering van die bedieninge is in hierdie studie uitgevoer en in dié afdeling word dit teen die probleemstelling getoets, waarna voorstelle vir die pad vorentoe gemaak word.

8.2.1 Opbou van `n missionale gemeente

Die bestudering van die betrokke literatuur (hoofstuk 2), tesame met die analisering en evaluering van die kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe data, het (onder andere) die volgende kennis met betrekking tot die opbou van `n missionale gemeente gegenereer:

- Gemeentebou is nie iets waarop daar voortdurend binne gemeentes gefokus word nie. Hoewel dit God is wat die gemeente bou, moet die proses deur

gemeenteleiers geïnisieer en gedryf word. Die leraars erken egter dat hulle nie aldag die energie, lus of passie het om só `n proses aan te pak nie.

- Gemeentebou is identiteitsvorming . `n Gemeente wat in `n post-Christendom wêreld bestaan se primêre uitdaging is om haar identiteit te herwin en te verdiep.
- Leraars besef dat hulle die skuif van instandhouding na gestuurdheid moet maak, maar hulle weet nie aldag *hoe* om dit te doen nie.

8.2.2 Die identiteit van `n missionale gemeente

Die bestudering van die betrokke literatuur (hoofstuk 3) tesame met die analisering en evaluering van die kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe data het (onder andere) die volgende kennis gegenerer:

- Die bydrae wat identiteitsontdekking en -ontwikkeling in die opbou van `n missionale gemeente speel, word onderskat en nie ten volle begryp nie.
- Daar is `n gebrekkige begrip dat `n gemeente se bestaansdoel en roeping vanuit haar identiteit voortspruit.
- Daar word nie genoeg gepraat en gereflekteer oor die identiteitsvraagstuk nie.

8.2.3 Integrering en koördinering van bedieninge

Die bestudering van die betrokke literatuur (hoofstuk 4), tesame met die analisering en evaluering van die kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe data, het (onder andere) die volgende kennis gegenerer:

- Elke bediening (afsonderlik én gesamentlik) het `n rol te speel in identiteitsontdekking en -ontwikkeling.
- Die bydrae wat die integrering en koördinering van die bedieninge in identiteitsontdekking en -ontwikkeling speel, word heel moontlik nie ten volle begryp nie.
- Daar bestaan na alle waarskynlikheid `n misverstand met betrekking tot die rol van die bedieninge in God se komste na die wêreld.
- Daar bestaan by van die leraars `n gebrekkige verstaan met betrekking tot sisteemdenke en die integrering en koördinering van die bedieninge.

8.2.4 Bevestiging van navorsingsvermoede

Die navorsingsvermoede dat die ontwikkeling van missionale gemeentes negatief beïnvloed word wanneer die integrering en koördinering van al die bedieninge nie identiteitsontdekking en identiteitsvorming faciliteer nie, is deur die analisering en evaluering van sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe data bevestig.

Die navorsing se aanbeveling is dat gemeenteleiers eienaarskap sowel as verantwoordelikheid aanvaar ten einde die gemeentes waar hulle bedien, op `n pad

van identiteitsontdekking en -ontwikkeling te lei. Strategieë om identiteitsontdekking en -ontwikkeling te faciliteer word in afdeling 8.3 hieronder bespreek.

8.3 SMART-aksieplanne: Strategieë om verandering teweeg te bring

The church is called to mission for the integrity of mission, not for the sake of church growth. (Callahan 1990:19)

In hierdie afdeling word daar gefokus op voorgestelde strategieë wat kan lei tot die integrering en koördinering van bedieninge in die opbou van 'n identiteitsgedreve missionale gemeente. Die pragmatiese taak is immers gemoeid met die inisiëring en implementering van strategiese planne ten einde verlangde uitkomste te bereik en daarom word daar in dié afdeling daarop gefokus.

Die strategiese aksieplanne word aan die hand van Keifert se SMART-model voorgestel. Keifert (2007:98–102; kyk hoofstuk 2) stel voor dat gemeentes al hoe meer van SMART-aksieplanne gebruik maak om hul doelwitte te bereik, aangesien baie van die dinge wat by 'n gemeente beplan en oor gedroom word, nooit uitgevoer of afgehandel word nie. Waar Keifert se "A" vir aanspreeklikheid en bemagtiging staan, voeg die navorsing 'aksieplanne' by wat kan bydra om mikpunte te bereik.

Die SMART-model van Keifert (2007:98–102) word kortliks weergegee en daarna word strategiese voorstelle gemaak.

S = Spesifieke, konkrete mikpunte. 'n Doelstelling moet baie spesifiek en baie konkreet geformuleer word.

M = Missionaal gerig. Alle spesifieke, konkrete doelstellings moet missionaal gerig wees. Aksieplanne moet deel uitmaak van die gemeente se gestuurde roeping. Voordat 'n SMART-aksieplan geïmplementeer word, moet dit vir almal duidelik wees waar dié planne binne die gestuurde visie van die gemeente inpas.

A = M(A)gtiging, aanspreeklikheid en aksieplanne. 'n Persoon moet aangestel en bemagtig word om toe te sien dat 'n sekere aksie uitgevoer word en 'n ander persoon moet aangestel word teenoor wie die eerste persoon aanspreeklik is. Aksieplanne wat 'n bydrae kan maak om die spesifieke mikpunte te behaal, word korporatief uitgedink en geïmplementeer.

R = Hulpbronne. 'n Lys van die hulpbronne wat benodig word, moet opgestel word.

T = Tydskedes. Alvorens 'n spesifieke, konkrete missionale doelstelling aangepak word, moet 'n duidelike tydskede uitgewerk word waarvolgens die taak afgehandel moet word.

8.3.1 Bereiking van strategiese doelwitte

McChesney (2016) stel vier dissiplines aan gemeenteleiers voor ten einde hul strategiese doelwitte te bereik. Eerstens moet daar gefokus word op die

buitengewone belangrike doelwitte – hy verwys daarna as die “wildly important goals.” Sy argument is dat daar altyd meer goeie idees in organisasies is, as wat daar kapasiteit is om dit deur te voer.

“This is especially true in churches. You have limited staff, resources, and volunteers. The more good ideas you have, the less impact they’ll make in your pursuit of the vision.” Daar moet dus gefokus word op die heel belangrikste doelwitte. Tweedens moet aktief aandag geskenk word aan wat hy die “lead measures” noem, sodat daar onmiddellik aksie geneem kan word indien die resultate nie na wense is nie. Daar moet bepaal word wat die verlange resultate dryf en dié aksies moet deurlopend gemeet, geëvalueer en aangepas word.

Derdens moet `n sigbare telbord gehou word sodat daar op die buitengewone belangrike doelwitte sowel as die aksies wat hul dryf, gefokus word. In die vierde plek stel McChesney voor dat werknemers deurlopend aanspreeklik teenoor mekaar gehou word.

Om doelwitte te bereik is harde werk wat baie deursettingsvermoë vereis en daarom beklemtoon Nel (2015:335) die noodsaak van deurlopende leierskap tydens die implementering van die strategiese plan. Omdat toewyding aan die saak van Christus soms skokkend laag is, moet dit tydens hierdie fase onthou word dat die motiveringsfase altyd `n deurlopende proses is (Nel 2015:336). Quinn (2004:148) maak melding van die belangrikheid van “adaptive confidence” wanneer `n onseker toekoms ingegaan word. Die kern van “adaptive confidence” is dat leiers die vermoë het om aan te pas by nuwe werklikhede en dat hulle die selfvertroue het om aan te leer wat hulle ook al moet aanleer (vgl. Elton 2009:192).

In die volgende paragrawe word strategiese aksieplanne opgestel op grond van die resultate van hierdie navorsing en daar sal nou aangesluit word by die literatuurnavorsing sowel as die data verkry uit die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing.

8.3.2 Drie doelstellings

McChesney (2016) argumeert dat kerkleiers eerder minder as meer doelwitte moet hê. Sy argument is dat daar altyd méér goeie idees in kerke, skole, maatskappye en ander organisasies is as wat daar hulpbronne is om dit deur te voer. Met inagneming van McChesney se argument, kies die navorsing vir die volgende drie primêre doelstellings:

- **Doelwit 1:** Herontdekking van God-gegewe missionale identiteit
- **Doelwit 2:** Ontdekking van die bydrae wat die bedieninge in identiteitsontdekking en -ontwikkeling maak
- **Doelwit 3:** Doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge

Vervolgens word aksieplanne aan die hand van Keifert se SMART-model beskryf ten einde die bestaande drie doelwitte te bereik.

8.3.2.1 Doelwit 1: Herontdekking van God-gegewe missionale identiteit

i) Wat is die spesifieke mikpunt?

Gemeentes gaan opnuut op `n ontdekkingstog ten einde hul identiteit *in Christus* te ontdek en te herontdek. Een van die dimensies van gemeentebou is identiteitsontdekking (kyk Nel 2015:25-50) en dit is huis identiteitsvinding wat `n bron van motivering vir sowel lidmate as gemeenteleiers is (kyk Nel 2015:237-248). Omdat identiteitsontdekking en -ontwikkeling `n fundamentele deel van elke fase van die gemeentebou-proses is, is daar doelbewus gekies dat gemeentes op die herontdekking van hul God-gegewe missionale identiteit fokus.

Uit die aard van die saak sal gemeenteleiers en lidmate die “Wie is ons?”-vraag op verskillende maniere en met die klem op verskillende aspekte van die kerk beantwoord. Die navorser wil egter beklemtoon dat gemeenteleiers daarna moet streef dat al drie die theologiese perspektiewe, soos beskryf deur Nel (2015:89-202), deel van hul gemeente se antwoord is en dat die woordjie ‘ons’ gebruik word sodat die korporatiewe aard van die kerk se identiteit onderstreep word. Dit is die navorser se keuse om te kies vir die volgende beskrywing van die identiteit van die missionale kerk:

- Ons is *in Christus* gestuurde kinders van God wat aan Hom behoort (relasionele, missionale dimensie van ons identiteit).
- Ons is dissipels van Jesus wat dissipels maak (perspektief van die *didaché*).
- Ons is dienaars van God, ons mede-gelowiges en die wêreld (perspektief van die *diakonia*).
- Ons is getuies van Jesus (perspektief van die kommunikasie van die evangelië).

ii) Is dié aksieplan missionaal gerig?

Identiteitsvinding is by uitstek missionaal gerig. Soos in hoofstuk 3 bespreek is, sê Zcheile (2012): “At the heart of the missional church conversation lies a challenge: to recover and deepen the church’s Christian identity in a post-Christendom world in the light of the triune God’s mission in all of creation.”

Die aksieplan dat gemeentes op `n ontdekkingstog na hul identiteit gaan ten einde hul identiteit *in Christus* te ontdek en te herontdek is dus honderd present missionaal. Met identiteitsvinding kom gemeentes huis tot die verstaan dat hulle ter wille van die wêreld bestaan en dat God deur hulle die wêreld wil bereik (Nel 2015:67-68). `n Missionale gemeente is `n gestuurde gemeente wat dissipels van alle nasies maak. Lidmate van dié tipe gemeentes is bewus van hul roeping om die

evangelie uit te dra en is bereid om naas God en hul medegelowiges ook nie-gelowiges te dien.

iii) Aanspreeklikheid, bemagtiging en aksieplanne

Die navorser stel voor dat die gemeenteleier tesame met die kerk- of gemeenteraad die voortou in die proses neem, maar ook aanspreeklikheid daarvoor aanvaar. Die leraar moet die ontdekkingstog na hul gemeente se identiteit inisieer, maar hy of sy moet dit nie sonder die kerk- of gemeenteraad doen nie. `n Gemeenteleier wat saam met sy kerkraad aanspreeklikheid vir die proses aanvaar, kan dit oorweeg om die volgende te doen (kyk Osmer 2008:207-216):

- Stel `n driejaarplan met betrekking tot die gemeente se ontdekkingstog na hul identiteit op. Dié plan kan die onderstaande aksies insluit.
- Spandeer tyd om diep verhoudings te smee met dié gemeenteleiers (lidmate) wat graag op `n identiteitsontdekkingspad wil stap. Kom gereeld by `n ete bymekaar en leer mekaar se lewenstories ken.
- Leraars en ander gemeenteleiers kies spesifieke tekste uit die Ou en Nuwe Testament wat iets oor die kerk se missionale identiteit sê, vir die erediens (kyk Linden 2015:266-270). Uit die aard van die saak kan en moet leraars nie week in en week uit oor identiteit preek nie, maar daar kan dikwels daarna verwys word.
- Leraars en ander gemeenteleiers beklemtoon voortdurend die belangrikheid en erns van identiteitsvinding deur daaroor te preek, daaroor te gesels en dit op welke wyse aan die gemeente te kommunikeer (e-pos, whatsapp, facebook, twitter, Instagram, ensovoorts.)
- Leraars en ander gemeenteleiers kan Bybelstudies en ander materiaal ontwikkel wat lidmate in selgroepe, kleingroepsbyeenkomste en op wegbreke bestudeer. Huisgesinne kan baat by sulke tipe materiaal wat identiteitsgesprekke tydens huisgodsdiens stimuleer.
- Leraars en ander gemeenteleiers bou stadig maar seker verhoudings met persone wat aktief by die wel en wee van die gemeenskap betrokke is. Leiers kan byvoorbeeld gespreksgeleenthede met mense van die polisie, skole, munisipaliteit, gemeenskapsentrum, maatskaplike raad, kinderhuise, hospitale en tehuise vir senior burgers inisieer.

Gemeentebou is `n spansport. Só ook word die ontdekkingstog na `n gemeente se identiteit nooit alleen aangepak nie. Dis die leraar se verantwoordelikheid om leiers te identifiseer wat `n positiewe bydrae in die gemeente en die gemeenskap kan maak. Dit sal die leraar sowel as die gemeente baat indien leiers betrek word wat reeds in die rigting van die verlangde uitkomste praat. Lidmate met wie die visie van verandering resoneer, is bes moontlik ideale kandidate aan wie verantwoordelikhede opgedra kan word. Die besigheidswêreld het ons geleer dat dit van kardinale belang is dat die regte mense op die bus is én dat hulle op die regte sitplekke moet wees (Collins 2001:63-64). Dié persone moet bemagtig word om mee te werk aan die

veranderingsproses (Osmer 2008:199). Bemagtiging is veral van waarde waar verantwoordelikhede en nie take nie, aan persone opgedra word.

iv) Hulpbronne benodig

Voordat die identiteitsontdekkingstog aangepak word, moet die nodige hulpbronne sover moontlik geïdentifiseer word. Die volgende vrae kan leidrade met betrekking tot die hulpbronbehoeftes verskaf:

- Kan ons gaan kers opsteek by gemeentes in ons sinode (of waar ook al) wat reeds dié pad gestap het?
- Wie is die lidmate in ons gemeente wat `n bydrae kan lewer?
- Wie is die mense in ons gemeenskap wat `n bydrae op ons ontdekkingstog kan lewer?
- Watter Bybel-tekste praat spesifiek oor missionale identiteit?
- Wie is die kenners op die gebied van missionale identiteit wat `n gespreksgeleentheid by ons gemeente kan fasiliteer?
- Watter boeke, wat verstaanbaar vir gemeenteradslede is, is beskikbaar?
- Is daar video's op youtube beskikbaar wat ons op ons ontdekkingstog kan gebruik?
- Gaan ons ekstra personeel moet aanstel?
- Moet ons ons huidige personeelstruktuur herevalueer?
- Watter ontlukende hulpbronne is daar moontlik in ons omgewing wat nog nie ontgin is nie?

Wanneer antwoorde op die bostaande vrae gekry is, moet `n realistiese monetêre waarde aan elke hulpbronbehoefte (waar nodig) gekoppel word.

v) Tydskedules

Voordat 'n spesifieke missionale doelstelling aangepak word, moet 'n duidelike tydskedule uitgewerk word waarvolgens die taak afgehandel moet word. Keifert (2007:101) sê groot missionale doelstellings moet in kleiner tussenstappe opgedeel word. "Die SMART-aksieplan kan `n keerdatum vir almal van dié kleiner komponente aandui, maar die tydskedule moet altyd na die tydperk tussen die huidige vergadering en die volgende een verwys" (Keifert 2007:102).

8.3.2.2 Doelwit 2: Ontdekking van die bydrae wat die bedieninge in identiteitsontdekking en -ontwikkeling maak.

i) Wat is die spesifieke mikpunt?

Die evaluering van die kwantitatiewe en kwalitatiewe data het laat blyk dat nie ál die leraars die bydrae wat die bedieninge in identiteitsontdekking en -ontwikkeling maak, ten volle begryp nie.

Die konkrete, spesifieke doelwit wat op die tafel gesit word, is dat leraars, gemeenteleiers en lidmate die bydrae wat elke bediening maak ten opsigte van identiteitsontdekking en -ontwikkeling, verstaan (kyk hoofstuk 4). Meeste leraars, gemeenteleiers en lidmate sal begryp dat prediking `n bydrae lewer met betrekking tot identiteitsontdekking en -ontwikkeling. Die uitdaging is egter dat leraars, gemeenteleiers en lidmate besef dat die ander bedieninge elkeen afsonderlik, maar ook as geheel, `n bydrae lewer met betrekking tot identiteitsontdekking en -ontwikkeling. Wat hiermee saamgaan, is dat leraars, gemeenteleiers en lidmate sal besef dat God deur die bedieninge heen na die wêreld kom.

In hoofstuk 4 is verduidelik hoe die verskillende bedieninge identiteitsontdekking en -ontwikkeling fasiliteer. Die volgende kan as spesifieke mikpunte gestel word:

- Leraars, gemeenteleiers en lidmate verstaan die bydrae wat die liturgie, pastorale sorg, leierskap en administrasie, onderrig, *koinonia*, diens van barmhartigheid en getuienis met betrekking tot identiteitsontdekking en -ontwikkeling lewer.
- Elke lidmaat wat deel van `n bediening is, kry aan die begin van die jaar `n uitdeelstuk (in die vorm van `n boekie, boekmerk, uitdeelstuk, ensovoorts) waarop die volgende inligting weergegee word:
 - Wie is ons?
 - Wat is ons bestaansdoel?
 - Hoe vorm ons bediening ons identiteit?
 - Bedieningsdatums
 - Vergaderdatums
 - Kampdatums

Die katekte wat byvoorbeeld verantwoordelik is vir hoëskool-kategese, kan die volgende uitdeelstuk ontvang:

NG KEMPTON-KRUIN

GR 8 -11 KATEGESE

Wie is ons? Ons as `n groep kategete is gestuurde kinders van God wat aan Hom behoort. Ons is dissipels van Jesus Christus, ons getuig van Hom en ons dien God, mekaar en die wêreld.

Wat is ons bestaansdoel? Ons begelei jongmense om te word wie hulle reeds in Christus is. Ons bestaansdoel is om die jongmense dissipels van Jesus te maak soos ons hulle bedien en oor Hom getuig.

Hoe vorm ons bediening ons identiteit? Kategese-onderrig (*didaché*) is een van die maniere hoe God na die jongmense kom en deur die jongmense na die wêreld. Deur die *didaché* word die tieners blootgestel aan die weë van die Here, maar hulle word ook geleei en gehelp om dié weg met wysheid en onderskeiding te loop. Navolging van Christus is nie `n trappie na iets groters nie. Dit is die vervulling van ons bestaan. Ons gemeente is `n gimnasium vir die lewe as volgelinge van Jesus. Ons, sowel as die tieners, is deel van die kerk wat `n oefenruimte is waar navolging van Christus ingeoefen word. Soos ons Hom volg, word ons al hoe meer wie ons reeds in Christus is.

Bedieningsdatums: Elke Sondag van die skoolkwartaal.

Vergaderdatums: Elke laaste Sondag van die skoolkwartaal om 16:00 in die Rooisaal.

Kampdatums: 1-3 Februarie, 6-8 April, 10-12 Oktober.

Só `n uitdeelstuk kan vir *elke* bedieninge gemaak word. Die betrokke bediening se bydrae in identiteitsontdekking en identiteitsontwikkeling kan uitgespel word en daar kan deurlopend na dié dokument verwys word.

ii) Is dié aksieplan missionaal gerig?

Die aksieplan is beslis missionaal gerig want al die bedieninge funksioneer afsonderlik, maar oor tesame, om nie net die kerk nie, maar ook die kerklos en kerklose mense te bedien.

Each of these modes is mainly there to serve the communication of the gospel. Each ministry and all of them together are three-dimensional. This means that each should always be service to the triune God, service to one another and service to the world. (Nel 2015:70)

iii) Aanspreeklikheid, bemagtiging en aksieplanne

Die leraar sal die leiding moet neem, want hy of sy is na alle waarskynlikheid die persoon wat die bedieninge en hul rol in die identiteitsontdekkingssproses die beste verstaan. Soos hierbo genoem, is daar egter by heelwat van die leraars van Hoëveld Sinode `n gebrekkige verstaan teenwoordig. Dit beteken die onderskeie kerkrade sal die leraars aanspreeklik moet hou om hulself op te skerp met betrekking tot die rol van elke bediening in identiteitsvinding en identiteitsontwikkeling. Die leraar sal aanspreeklik gehou moet word om oor `n tyd heen die gemeente te leer wat die bedieninge se rol in identiteitsvinding en identiteitsontwikkeling is. Soos lidmate en gemeenteleiers die bedieninge se rol in die proses verstaan, kan die leraar dié persone bemagtig om op verskeie vlakke gesprekke oor die rol van die bedieninge te voer.

iv) Hulpbronne benodig

Voordat die doelwit nagejaag word, moet die nodige hulpbronne sover moontlik geïdentifiseer word. Die volgende vrae kan leidrade met betrekking tot die hulpbronbehoeftes verskaf:

- Watter teoloog of leraar kan ons gemeente help om te verstaan dat die bedieninge elkeen afsonderlik, maar ook as geheel, `n bydrae lewer met betrekking tot identiteitsontdekking en -ontwikkeling?
- Watter literatuur is beskikbaar wat leraars, gemeenteleiers en lidmate kan lees?
- Is daar bedieninge wat nie in ons gemeente funksioneer nie? Wat kan ons doen om dit weer in plek te sit? Wat het ons daarvoor nodig?

Wanneer antwoorde op die bestaande vrae gekry is, moet `n realistiese monetêre waarde aan elke hulbronbehoefte (waar nodig) gekoppel word.

v) Tydskedules

Die ontdekking van die bydrae wat die bedieninge in identiteitsontdekking en -ontwikkeling maak, is nie iets wat eenmalig gebeur en dan nooit weer herbesoek word nie. Dit is `n voortdurende proses. Wat belangrik is, is dat die proses moet begin en dat bedieningsgroepe aan die begin van die jaar (of aan die begin van `n projek) bymekaarkom en saam gesels oor die volgende vrae: “Wie is ons?” “Wat is ons bestaansdoel?” “Hoe gaan dit wat ons doen ons help om ons identiteit te ontdek en te ontwikkel?” “Hoe vorm hierdie bediening ons gemeente se identiteit in Christus?”

8.3.2.3 Doelwit 3: Doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge

i) Wat is die spesifieke mikpunt?

Daar moet `n doelbewuste poging van die gemeenteleierskap wees om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te integreer en te koördineer. ‘Integrering’ verwys veral na die inter-verweefdheid en ‘koördinering’ na die gesamentlike funksionering van die bedieninge en ons wat dit doelbewus in ag neem.

ii) Is dié aksieplan missionaal gerig?

Hierdie doelwit slaag die toets van missionale gerigtheid want ál die bedieninge (afsonderlik en gesamentlik) is in hul wese deel van God se plan vir die wêreld.

iii) Aanspreeklikheid, bemagtiging en aksieplanne

Die navorsers stel voor dat die leraar saam met sy/haar bedieningsleiers die proses inisieer en aanspreeklik gehou word teenoor die kerkraad. Die gemeenteleiers wat aanspreeklikheid vir die proses aanvaar, kan dit oorweeg om die volgende vroeë te vra ten einde aksieplanne op te stel:

- Wat is die bedieninge wat teenwoordig is in ons gemeente?
- Wie is die bedieningsleiers en wat is hul kontakbesonderhede?
- Hoe gaan die bedieningsleiers mekaar leer ken?
- Hoe kan die bedieningsleiers leer wat by die ander bedienings gebeur?
- Hoe kan die integrering van die bedieninge op `n praktiesevlak gefasiliteer word?
- Hoe kan die koördinering van die bedieninge op `n praktiesevlak gefasiliteer word?
- Hoe kan lidmate wat iets van sisteemdenke verstaan, die kerkraad help in die proses?
- Watter persone in ons omgewing kan die kerkraad help om die bedieninge beter te integreer en te koördineer?

Antwoorde op die bogenoemde vroeë kan die leierskorps help om `n plan op die tafel te sit wat die gesamentlike funksionering van die bedieninge ondersteun.

iv) Hulpbronne benodig

Die integrering en koördinering van die bedieninge het persone nodig wat sisteemdenke verstaan. Lidmate (of mense in die gemeenskap) met die nodige kennis en ondervinding van sisteemdenke kan van onskatbare waarde vir `n gemeente wat al hoe meer in die rigting van geïntegreerde bediening beweeg, wees.

v) Tydskedes

Die integrering en koördinering van die bedieninge is `n deurlopende proses wat jaar in en jaar uit aandag moet kry. Dit is `n agendapunt wat altyd op die kerkraad se

radar moet wees en die navorser stel voor dat dit indringend by die eerste vergadering van die jaar bespreek word en dat aksieplanne opgetrek word.

8.4 Slotopmerking

Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle nijs doen nie. (Joh 15:5)

Die kerk van die Here Jesus Christus het die voorreg om in die 21ste eeu opnuut weer haar identiteit in Christus te ontdek en te ontwikkel. Die kerk is en was nog nooit maar net `n terloopse werklikheid wat toevallig die lig gesien het nie. Die kerk is gebore in die wil van die drie-enige God en Hy is `n missionale God wat die verskillende gemeentes regoor die aarde as `n dienende geloofsgemeenskap in die wêreld instuur om sy liefdevolle heerskappy te verteenwoordig.

Gemeentes se identiteit lê daarin dat hulle gestuurde kinders van God is wat aan Hom behoort. In die tyd waarin ons leef, kan gemeentes nie anders as om opnuut weer hul identiteit te ontdek en te ontwikkel nie. Callahan (1990:63-66) se verstaan van leierskap het te make met gemeenteleiers wat mense op hul soeke na individualiteit, gemeenskap, betekenis en hoop lei. `n Ontdekkingstog na `n gemeente se identiteit sal beslis `n groot bydrae lewer tot mense se soeke na individualiteit, gemeenskap, betekenis en hoop. Alles wat gemeentes doen, is veronderstel om voort te spruit uit hul identiteit *in Christus*. Hy het immers kort voor sy kruisigung gesê dat sy volgelinge in Hom moet bly, want hulle kan nijs sonder Hom doen nie.

Ons is immers Syne en Hy bou sy kerk. As sy mede-werkers is dit ons roeping om vanuit ons identiteit te bedien. `n Identiteitsgedreve missionale gemeente sal `n baken van hoop, maar ook `n lig en `nrots in `n donker, onseker wêreld wees.

Literatuurverwysings

- Achtemeier, P.J., 1996, *Hermeneia – a critical and historical commentary on the Bible: 1 Peter*, Fortress Press, Minneapolis.
- Armour, M.C. & Browning, D., 1995, *Systems-sensitive leadership*, College Press Publishing Company, Joplin.
- Arnold, B.T., 2009, *Genesis*, Cambridge University Press, New York.
- Avenant, J.C., 2011, *Die verhouding ouermentoraad, geloofsidentiteit en betrokkenheid van jongmense na belydenisaflegging*, MA-Skripsie, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Bailey, K.E., 2008, *Jesus through middle eastern eyes: Cultural studies in the gospels*, InterVarsity Press, Downers Grove.
- Baker, C.A., 2011, *Identity, memory, and narrative in early Christianity: Peter, Paul and recategorization in the book of Acts*, Pickwick, Eugene, Oregon.
- Barrett, L.Y. (ed.), 2004, *Treasure in clay jars: Patterns in missional faithfulness*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Barth, K., 1962, *Church dogmatics: The doctrine of reconciliation*, part 1-4. vol. 4, transl. G.W. Bromiley, T&T Clark, Edinburgh.
- Barth, M., 1974, *The Anchor Yale Bible: Ephesians 4-6*, Yale University Press, New Haven.
- Bauman, Z., 2004, *Identity*, Polity Press, Malden, MA.
- Beasley-Murray, G.R., 1987, *Word Biblical commentary: John*, vol. 36, Word Books, Waco.
- Beaudion, T.M., 2001a, 'Celebrity deathmatch: The church versus capitalism', *Princeton Theological Seminary: The Princeton lectures on youth, church, and culture*, pp. 1-18, Beskikbaar by: <http://www.ptsem.edu/lectures/?action=results&by=creator&qtext=creator:%22Beaudion,+Thomas+M.%22&sort=title>. [Besigtig op 4 Julie 2017].
- Beaudion, T.M., 2001b, 'After purity: Contesting theocapitalism', *Princeton Theological Seminary: The Princeton lectures on youth, church, and culture*, pp. 19-29. Beskikbaar by: <http://www.ptsem.edu/lectures/?action=results&by=creator&qtext=creator:%22Beaudion,+Thomas+M.%22&sort=title>. [Besigtig op 4 Julie 2017].
- Beaudion, T.M., 2003, *Consuming faith: Integrating who we are with what we buy*, Sheed & Ward, Oxford.

Bevans, S.B., 2015, 'Beyond the new evangelization: Toward a missionary ecclesiology for the twenty-first century', in R.R. Gaillardetz & E.P. Hannenberg (eds.), *A Church with open doors: Catholic ecclesiology for the third millennium*, Liturgical Press, Collegeville.

Bevans, S.B., 2016, 'A prophetic dialogue approach', in C. Ott (ed.), *The mission of the church: Five views in conversation*, (ebook), pp. 30-46, Baker Academic, Grand Rapids. Beskikbaar by:
<https://play.google.com/books/reader?printsec=frontcover&output=reader&id=NffLDAAAQBAJ&pg=GBS.PT3>.

Beyer, H.W., 1965, 'Kubernein', in G. Kittel (ed.), *Theological Dictionary of the New Testament IV*, transl. G.W. Bromiley, pp. 1035–1037, Eerdmans, Grand Rapids.

Bilezikian, G., 1997, *Community 101: Reclaiming the local church as community of oneness*, Zondervan, Grand Rapids.

Bisschoff, J.H., 1991, 'Gemeentegebou: 'n Praktiese-Teologiese basisteorie', Ongepubliseerde DD-proefskrif, Unisa, Pretoria.

Bolger, R.K. (ed.), 2012, *The gospel after Christendom: New voices. New cultures. New expressions.*, Baker Academic, Grand Rapids.

Bolkenstein, M.H., 1977, *De Brieven van Petrus en Judas*, Callenbach, Nijkerk.

Bonhoeffer, D., 1959, *The cost of discipleship*, 6th edn., SCM Press Ltd, Norwich.

Bonhoeffer, D., 1967, *Letters and papers from prison*, 3rd edn., SCM Press Ltd, Londen.

Bosch, D.J., 1985, *The Lord's prayer: Paradigm for a Christian lifestyle*, Christian Medical Fellowship, Pretoria.

Bosch, D.J., 1991, *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission*, Orbis Books, Maryknoll.

Bosch, D.J., 1994, *A spirituality of the road*, Institute for missiological and ecumenical research, Pretoria.

Bosch, D.J., 1995, *Believing in the future: Toward a missiology of western culture*, Gracewing Publishing, Valley Forge.

Boshart, D.W., 2011, *Becoming missional: Denominations and new church development in complex social contexts*, Wipf and Stock Publishers, Eugene.

Branson, M.L., 2004, *Memories, hopes and conversations: Appreciative inquiry and congregational change*, The Alban Institute, Herndon, Virginia.

Breytenbach, H.S., Pieterse, H.J.C., 1992, 'Doelwitte vir gemeentebou in die lig van `n praktiese teologiese ekklesiologie' in *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 7 (2): pp 101-112.

Bria, I., 1996, *The liturgy after the liturgy: Mission and witness from an orthodox perspective*, WCC Publications, Geneva.

Brouwer, R., De Groot, K., De Roest, H., Sengers, E. & Stoppels, S. 2007, *Levend lichaam: Dynamiek van christelike geloofsgemeenschappen in Nederland*, Uitgeverij Kok, Kampen.

Bruce, F.F., 1988, *The book of the Acts*, Eerdmans, Grand Rapids.

Brueggemann, W., 1993, *Texts under negotiation: The Bible and postmodern imagination*, Fortress Press, Minneapolis.

Brueggemann, W. (ed). 2001. *Hope for the world: Mission in an global context*. Louisville: John Knox Press.

Brueggemann, W., 2003, *An introduction to the Old Testament: The canon and Christian imagination*, Westminster John Knox Press, Louisville.

Brueggemann, W., 2011, *David and his theologian: Literary, social and theological investigations of the early monarchy*, Cascade Books, Eugene.

Brümmer, J.F., 1981, 'Strategiese bestuur'. Ongepubliseerde Magister in Bedryfsadministrasie-skripsi, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Buckingham, M., 2007, [DVD], Global leadership summit 2007 team edition: *Go put your strengths to work*, Willow Creek Association, Barrington.

Burger, C., 1991, *Die dinamiek van `n Christelike geloofsgemeenskap*, Lux Verbi, Kaapstad.

Burger, C., 1995, *Gemeentes in transito: Vernuwing geleenthede in `n oorgangstyd*. Lux Verbi, Kaapstad.

Burger, C. 1997. *Familie van God*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C., 1999, *Gemeentes in die kragveld van die Gees: Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*, Bufton, Stellenbosch.

Burger, C., 2011, *Waar is Jesus nou?: Hoe Jesus ná sy hemelvaart onder ons teenwoordig is en werk*, Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Burger, C., Marais, F. & Mouton, D. (eds.), 2017, *Cultivating missional change: The future of missional churches and missional theology*, Bible Media, Wellington.

Callahan, K.L., 1990, *Effective church leadership: Building on the twelve keys*, Harper & Row Publishers, San Francisco.

- Callahan, K.L., 2010, *Twelve keys to an effective church, 2nd edition*, Jossey-Bass, San Francisco.
- Carrol, J.W., 2006, *God's potters: Pastoral leadership and the shaping of congregations*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Castells, M., 2000, *The Rise of The Network Society: The Information Age: Economy, Society and Culture*, Vol. 1, Blackwell publishing, Oxford.
- Charmaz, K., 2014, *Constructing Grounded Theory, 2nd edn*, SAGE Publications, Londen.
- Cilliers, J. 2004. *Die lewende stem van die evangelië: Nuut gedink oor die basiese beginsels van prediking*. Stellenbosch: Sun Press.
- Collins, J., 2001, *Good to great*, Random House Business Books, Londen.
- Conrad, E.W., 1999, *Zechariah*, Sheffield Academic Press, Sheffield.
- Covey, S.R., 1989, *Seven habits of highly effective people: Powerful lessons in personal change*, Simon & Schuster Ltd, Londen.
- Creswell, J., 2003, *Research design: Qualitative, quantitative, mixed methods approaches, 2nd edn.*, SAGE Publications, Thousand Oaks.
- Creswell, J., 2010, 'Mapping the developing landscape of mixed methods', in A. Tashakkori & C. Teddlie, *SAGE handbook of mixed methods in social & behavioural research, 2nd edn.*, SAGE Publications, Thousand Oaks.
- Creswell, J. & Clark, V.L., 2011, *Designing and conducting mixed methods research, 2nd edn.*, SAGE Publications, Thousand Oaks.
- Davie, P., 1983, *Pastoral care and the parish*, Basil Blackwell, Oxford.
- DeBorst, R.P., 2016, 'An integral transformation approach,' in C. Ott, ed., *The mission of the church: Five views in conversation*, (ebook), pp. 65-89, Baker Academic, Grand Rapids. Beskikbaar by: <https://play.google.com/books/reader?printsec=frontcover&output=reader&id=NffLDAAAQBAJ&pg=GBS.PT3>.
- De Groot, K., 2007, 'Fluïde vormen van kerk-zijn', in R. Brouwer, K. De Groot, H. De Roest, E. Sengers & S. Stoppels. *Levend lichaam: Dynamiek van christelijke geloofsgemeenschappen in Nederland*, Uitgeverij Kok, Kampen.
- Dekker, G., 2000, *Zodat de wereld verandert: Over de toekomst van de kerk*, Ten Have Uitgeverij, Utrecht.
- De Klerk, B.J., 2000, 'Liturgiese identiteitsvorming as antwoord op die invloed van die verbruikerskultuur', *In die Skriflig* 34/4, pp. 451-468.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., 2011, (eds.), *The SAGE handbook of qualitative research*, 4th edn, SAGE Publications, Thousand Oaks.

De Roest, H., 1998, *Communicative Identity: Habermas' perspectives of discourse as a support for practical theology*, Uitgeverij Kok, Kampen.

De Roest, H. & Stoppels, S., 2007, 'Levend lichaam' in R. Brouwer, K. De Groot, H. De Roest, E. Sengers & S. Stoppels. *Levend lichaam: Dynamiek van christelijke geloofsgemeenschappen in Nederland*, Uitgeverij Kok, Kampen.

De Waard, J. & Smalley, W.A., 1979, *A translator's handbook on the book of Amos*, United Bible Society, New York.

Dick, D.R., 2007, *Vital signs: A pathway to congregational wholeness*, Discipleship Resources, Nashville.

Dietrich, S., Jørgensen, K., Korslien, K.K. & Nordstokke, K., 2014, *Diakonia as christian social practice*, Regnum Books, Oxford.

Dingemans, G.D.J., 1987, *Een huis om in te wonen*, Uitgeverij Boekencemtrum, 's-Gravenhage, B.V.

Doyle, D.M., 2000, *Communion as ecclesiology*, Orbis Books, Maryknoll.

Dulles, A.R., 2002, *Models of the church*, Doubleday, New York.

Dunn, J.D.G., 1998, *The theology of Paul the apostle*, Eerdmans, Grand Rapids.

Dykstra, R.C., 2005, *Images of pastoral care: Classic readings*, Chalice Press, Missouri.

Easum, B., 2007, *A second resurrection: Leading your congregation to new life*, Abingdon Press, Nashville.

Elford, R.J., 1999, *The pastoral nature of theology*, Cassel, Londen.

Elton, T.M., 2009, 'Characteristics of congregations that empower missional leadership: A Lutheran voice,' in Van Gelder, C. (ed.), *The missional church & leadership formation: Helping congregations develop leadership capacity*, Eerdmans, Grand Rapids.

Erikson, E.H., 1968, *Identity: Youth and crisis*, Faber and Faber, Londen.

Ferebee, R.C., 2012, *Cultivating the missional church: New soil for growing vestries and leaders*, Morehouse Publishing, New York.

Firet, J., 1986a, *Dynamics in pastoring*, Eerdmans, Grand Rapids.

Firet, J., 1986b, 'Kroniek van de praktische theologie', in *Praktische Theologie*, 1986/5, pp.579-594.

- Flick, U., 2007, *Designing qualitative research*, SAGE Publications, Londen.
- Fowl, S.E., 2012, *The New Testament library: Ephesians*, Westminster John Knox Press, Louisville.
- Fowler, J.W., 1981, *Stages of faith: The psychology of human development and the quest for meaning*, Harper & Row, San Francisco.
- Fowler, J.W., 1989, *Faith development and pastoral care*, Fortress Press, Philadelphia.
- Frederickson, S., 2007, 'The missional congregation in context', in C. Van Gelder, (ed.), *The missional church in context: Helping congregations develop contextual ministry*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Friesen, D.J., 2012, 'Formation in the Post-Christendom era', in R.K.Bolger, (ed.), *The gospel after Christendom: New voices. New cultures. New expressions.*, Baker Academic, Grand Rapids.
- Friesse, S., 2014, *Qualitative data analysis with ATLAS.TI*, (2nd edn.), SAGE Publications, Londen.
- Gaillardetz, R.R. & Hannenberg, E.P., (eds.), 2015, *A Church with open doors: Catholic ecclesiology for the third millennium*, Liturgical Press, Collegeville.
- Gibbs, E., 2013, *Rebirth of the church: Applying Paul's vision for ministry in our post-Christian world*, Baker Publishing group, Grand Rapids.
- Gibbs, E. & Coffey, I., 2001, *Church next: Quantum changes in Christian ministry*, Inter-Varsity Press, Leicester.
- Gibbs, E. & Bolger, R.K., 2005, *Emerging churches: Creating christian community in postmodern cultures*, Baker Academic, Michigan.
- Gittins, A.J., 2008, *Called to be sent: Co-missioned as disciples today*, Liguori Publications, Liguori.
- Glenny, W.E., 2013, *Amos: A commentary based on Amos in Codex Vaticanus*, Koninklijke Brill NV, Leiden.
- Green, J.B., 2007, *The two horizons New Testament commentary: 1 Peter*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Groenewald, E.P., 1932, *Koinonia (gemeenskap) by Paulus*, Naamloze vennootschap, Delft.
- Groeschel, G., 2015 [DVD], Global leadership summit 2015 team edition: *Expanding Your Leadership Capacity*, Willow Creek Association, Barrington.

- Guder, D.L., (ed.), 1998, *Missional church: A vision for the sending of the church in North America*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Guder, D.L., 1999, *The incarnation and the church's witness*, Trinity Press International, Harrisburg.
- Guder, D.L., 2000, *The continuing conversion of the church*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Guder, D.L., 2016, 'A multicultural and translational approach', in C. Ott, (ed.), *The mission of the church: Five views in conversation*, pp 47-64, (ebook), Baker Academic, Grand Rapids. Beskikbaar by: <https://play.google.com/books/reader?printsec=frontcover&output=reader&id=NffLDAAAQBAJ&pg=GBS.PT3>.
- Heitink, G., 1998a, *Pastorale zorg*, Uitgeverij Kok, Kampen.
- Heitink, G. 1998b, 'Het gemeentelid als subject', in G. Heitink, J. Van de Meent, S. Stoppels, *Een gezamenlijke trektocht, Meedenken met Jan Hendriks over gemeenteopbouw*, Uitgeverij Kok, Kampen.
- Heitink, G., 1999, *Practical theology: History, theory, action domains: Manual for practical theology*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Heitink, G., 2007, *Een kerk met karakter: Tijd voor heroriëntatie*, Uitgeverij Kok, Kampen.
- Heitink, G., 2011, *Golfslag van de tijd: Europa's niet te stillen verlangen naar God*, Uitgeverij Kok, Utrecht.
- Heitink, G., Van de Meent, J., Stoppels, S. 1998b, *Een gezamenlijke trektocht. Meedenken met Jan Hendriksover gemeenteopbouw*, Uitgeverij Kok, Kampen.
- Hendriks, H. J., (red.), 1992a, *Gemeentes vertel*, Lux Verbi, Kaapstad.
- Hendriks, H. J., 1992b, *Strategiese beplanning in die gemeente*, Hugenote, Wellington.
- Hendriks, H.J., 2001, 'Developing a contextual, missional ecclesiology in a congregation using a practical theological methodology', *Practical Theology of South Africa*, 16(1):1-18.
- Hendriks, H.J., 2007, 'Evangelism in Africa', *Practical Theology of South Africa*, 22(1):23-40.
- Hendriks, J., 1991, *Een vitale en aantrekkelijke gemeente*, (2nd edn.), Uitgeverij Kok, Kampen.

Hendriks, J., 2008, *Verlangen en vetroouwen: Het hart van gemeenteopbouw*, Uitgeverij Kok Kampen.

Heyns, L.M, 1986, ‘n Prakties-Theologiese ondersoek na die kerklike strukture van die Nederduitse Gereformeerde Kerk’, Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif, Unisa, Pretoria.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C., 1990, *Eerste tree in die praktiese teologie*, Gnosis, Pretoria.

Hiebert, P.G. & Meneses, E.H., 1995, *Incarnational ministry: Planting churches in band, tribal, peasant, and urban societies*, Baker Books, Grand Rapids.

Hirsch, A., 2006, *The forgotten ways: Reactivating the missional church*, Brazos Press, Grand Rapids.

Hirsch, A. & Ferguson, D., 2011, *On the verge: A journey into the apostolic future of the church*, Eerdmans, Grand Rapids.

Hirsch, A. & Catchim, T., 2012, *The permanent revolution*, Jossey-Bass, San Francisco.

Hoek, J., 1999, *Gemeentezijn: Dat houdt wat in*, Uitgeverij: Boekencentrum, Zoetermeer.

Hornby, A.S., (ed.), 2010, *Oxford advanced learner’s dictionary of current English*, Oxford University Press, Londen.

Hunsberger, G.R., 2004, ‘Discerning missional vocation’, in L.Y. Barrett, (ed.), *Treasure in clay jars: Patterns in missional faithfulness*, Eerdmans, Grand Rapids, pp 33- 58.

Hunsberger, G.R. en Stutzman, L.L., 2004, ‘The public witness of worship’, in L.Y. Barrett, (ed.), *Treasure in clay jars: Patterns in missional faithfulness*, Eerdmans. pp Grand Rapids, 100-116.

Hybels, B., 2002, *Courageous leadership*, Zondervan, Grand Rapids.

Hybels, B., 2007 [DVD], Global leadership summit 2007 team edition: *Vision to die for*, Willow Creek Association, Barrington.

Hybels, B., 2014, *Simplify: Ten practices to unclutter your soul*, Tyndale House Publishers, Carol Stream.

Imperatori-Lee, N.M., 2015, ‘Unsettled accounts: Latino/a theology in the church of the third millennium’, in R.R. Gaillardetz, & E.P. Hannenberg, (eds.), *A Church with open doors: Catholic ecclesiology for the third millennium*, Liturgical Press, Collegeville.

- Janse van Rensburg, G.F., 1990, 'Gemeente in die jaar 2000', Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif, Unisa, Pretoria.
- Janse van Rensburg, J., 2007, 'Navorsingsmetodologie', Notas van Seminaar gehou op 9 Maart 2007 by die Fakulteit Teologie, Noordwes Universiteit:1–11.
- Jenkins, R., 1996, *Social identity*, Routledge, Londen.
- Jewett, R., 2013, *Romans: A short commentary*, Fortress Press, Minneapolis.
- Jenkins, M., 2012, 'Religious leadership', in B.J. Miller-McLemore, (ed.), *The Wiley-Blackwell companion to Practical Theology*, Wiley-Blackwell, Chichester.
- Jobes, K.H., 2011, *Letters to the church: A survey of Hebrews and the general epistles*, Zondervan, Grand Rapids.
- Jones, A.H., 2009, *The teaching of the 12: Believing & practicing the primitive christianity of the ancient didache movement*, Paraclete Press, Brewster, Massachusetts.
- Joubert, S.J., (red.), 2008, *Die perfekte storm: Hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef*, Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.
- Keifert, P.R., 1992, *Welcoming the stranger: a public theology of worship and evangelism*, Fortress Press, Minneapolis.
- Keifert, P.R., 2007, Ons is nou hiér: `n Nuwe era van gestuur-wees, Bybel-Media, Wellington.
- Keller, T., 2006, 'Leadership and church size dynamics', *The Movement Newsletter*, Fall 2006, pp 1-14.
- Kirk, J.A., 1999, *What is mission?: Theological explorations*, Darton, Longman and Todd Ltd, Londen.
- Kittel, G. & Friedrich, G., 1973, *Theological dictionary of the New Testament (Vol. 5)*, Eerdmans, Grand Rapids.
- König, A., 1974, *Die profeet Amos*, N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad.
- Kuhnke, U., 1992, *Koinonia: Zur theologischen rekonstruktion der identität christlicher Gemeinde*, Patmos Verlag, Düsseldorf.
- Kuyper, A., 1909, *Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid: Derde deel*, Tweede hersiene druk, Kok, Kampen.
- Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C., 2007, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, Pharos, Kaapstad.

- Lakeland, P., 2015, 'Ecclesiology and the use of demography: Three models of apostolicity' in R.R. Gaillardetz & E.P. Hannenberg, (eds.), *A Church with open doors: Catholic ecclesiology for the third millennium*, Liturgical Press, Collegeville.
- Leedy, P.D. & Ormond, J.E., 2015, *Practical research: Planning and design*, 11th edn., Pearson Education, Upper Saddle River, NJ.
- Linden, C., 2015, 'Identity in congregational development through hermeneutical and contextual preaching', Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Linville, J.R., 2008, *Amos and the cosmic imagination*, Ashgate Publishing Company, Aldershot.
- Logan, S.T., 1986. Phenomenology of preaching. In S.T. Logan (ed.) *The preacher and preaching*. Phillipsburg, NJ: Presbyterian and Reformed:129-160.
- Long, T.G., 1988, *The senses of preaching*, Westminster John Knox, Louisville.
- Long, T.G., 1989, *The witness of preaching*, Westminster John Knox, Louisville.
- Long, T.G. & Tisdale, L.T., (eds.), 2008, *Teaching preaching as a christian practice: A new approach to homiletical pedagogy*, Westminster John Knox Press, Kentucky.
- Louw, D.J., 1985, *Op die breuklyn*, NG Kerk-uitgewers, Kaapstad.
- Louw, J.P. & Nida, E.A., (eds.), 1988, *Greek-English lexicon of the New Testament: Based on semantic domains*, United Bible Societies, New York.
- Lundbom, J.R.. 2010, *Jeremiah closer up: The prophet and the book*, Sheffield Phoenix Press, Sheffield.
- Luz, U., 2001, *Hermeneia – a critical and historical commentary on the Bible: Matthew 8-20*, Fortress Press, Minneapolis.
- Mann, A. 1999. *Can our church live?: Redeveloping congregations in decline*, Lanham, Rowman & Littlefield, Maryland.
- Mann, C.S., 1986, *The Anchor Bible: Mark* (Vol. 27), Doubleday, New York.
- Marais, F., 2009, 'Clueless is nie meer skande,' *Kruisgewys: Bedieningsontwikkeling*, 9/1, pp.8-9, Bybel-Media, Wellington.
- Maree, K., 2016, *First steps in research*, 2nd edn., Van Schaik Publishers, Pretoria.
- Marshall, C. & Rosmann, G.B., 2016, *Designing qualitative research*, 6th edn., SAGE Publications, Thousand Oaks.

- Martoia, R., 2008, 'Sweefstokleierskap', in S.J. Joubert, (red.), *Die perfekte storm: Hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef*, Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.
- Matthews, K.A., 1996, *The new American commentary: Vol. 1, Genesis 1-11:26*, Broadman & Holman Publishers, Nashville.
- Maxwell, C., 2012, *A realist approach for qualitative research*, SAGE Publications, Thousand Oaks.
- Mays, J.L., 1969, *Amos*, SCM Press Ltd, Londen.
- McChesney, C., 2016 [DVD], *Global leadership summit 2016 team edition: The 4 disciplines of execution*, Willow Creek Association, Barrington.
- McClaren, B.D., 2007, *Everything must change: Jesus, global crisis, and a revolution of hope*, Thomas Nelson, Nashville, Tennessee.
- McClaren, B.D., 2010, *A new kind of Christianity: Ten questions that are transforming the faith*, Harper-Collins Publishers, New York.
- McClure, J.S., 1991, *The four codes of preaching: Rhetorical strategies*, Fortress Press, Minneapolis.
- McFague, S., 1983, *Metaphorical Theology: Models of God in religious language*, SCM Press Ltd, Londen.
- Meistre, G., 1991, 'Gemeentebou in terme van die charismata', Ongepubliseerde D.Th.- proefschrift, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Michel, O., 1967, 'οικοδομέω in the NT', in G. Kittel, & G. Friedrich, *Theological dictionary of the New Testament*, vol. 5, Eerdmans, Grand Rapids.
- Miller-McLemore, B.J., (ed.), 2012, *The Wiley-Blackwell companion to Practical Theology*, Wiley-Blackwell, Chichester.
- Moltmann, J., 1974, *Crucified God*, SCM Press Ltd., Londen.
- Moltmann, J., 1975, *The experiment hope*, Fortress Press, Philadelphia.
- Moltmann, J., 1977, *The church in the power of the spirit: a contribution to Messianic ecclesiology*, Philadelphia Harper & Row, Philadelphia.
- Moltmann, J., 1985, *God in creation*, Fortress Press, Minneapolis.
- Moltmann, J. 1992. *The Spirit of life: An universal affirmation*, Fortress Press, Minneapolis.
- Moltmann, J., 1993, *The church in the power of the Spirit: A contribution to messianic ecclesiology*, (2nd edn.), SCM Press Ltd., Londen.

- Moltmann, J., 1997, *The source of life: The Holy Spirit and the theology of life*, SCM Press, Londen.
- Moltmann, J., 2010, *Sun of righteousness, arise!: God's future for humanity and the earth*, transl. M. Kohl, Fortress Press, Minneapolis.
- Moltmann, J., 2015, *The living God and the fullness of life*, Westminster John Knox Press, Louisville.
- Müller, J.C., 1987, 'Vastheid, Variasie en Kreatiwiteit in die Liturgie', in A.J. Smuts, (ed.), *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, bl. 34-42, NG Boekhandel, Pretoria.
- Müller, J.C., 2011, 'Postfoundational practical theology for a time of transition', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 67(1), Art. #837, 5 bladsye. doi.10.4102/hts.v67i1.837.
- Murphy, F.X., 1986, *The Christian way of life: Message of the fathers of the church*, Michael Glazier, Wilmington.
- Muurling, W., 1851. *Practische Godgeleerdheid of beschouwing van de Evangeliebediening, voornamelijk in de Nederlandsche Hervormde Kerk: Een handboek bij de academische lessen*, Oomkens Academiedrukker, Groningen.
- Nel, M., 1988, 'Gemeentebou: 'n Reformatoriese Bediening', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, Vol 13 (2) 1998, pp. 26-37.
- Nel, M., 1994, *Gemeentebou*, Orion Uitgewers, Johannesburg.
- Nel, M., 1999, 'Die doel van gemeentebou', Verbum et Ecclesia; Skrif en Kerk: vol. 20, no. 2, pp. 385-398.
- Nel, M., 2001a, *Ek is die verskil: Die invloed van persoonlikheid in die prediking*, CLF-Uitgewers, Bloemfontein.
- Nel, M., 2001b, *Jeugbediening: 'n Inklusiewe gemeentelike benadering*, Barnabas, Bloemfontein.
- Nel, M., 2005, *Who are we? Understanding and finding identity in the local church*, Halfway House, Johannesburg.
- Nel, M., 2009, 'Congregational analysis: A theological and ministerial approach', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 65(1), Art. # 303, 17 bladsye, DOI: 10.4102/hts.v65i1.303.
- Nel, M., 2015, *Identity-driven churches: Who are we, and where are we going?*, Biblecor, Wellington.
- Newbigin, L., 1986, *Foolishness to the Greeks: The gospel and western culture*, vol. 6, Eerdmans, Grand Rapids.

- Newbigin, L., 1989, *The gospel in a pluralist society*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Newbigin, L., 1991, *Truth to tell: The gospel as public truth*, vol. 2, SPCK.
- Newbigin, L., 1994, *A word in season: perspectives on the Christian world missions*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Newbigin, L., 1995, *The open secret: An introduction to the theology of mission*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Newbigin, L., 1996, *Truth and authority in modernity*, Trinity Press International, Valley Forge.
- Newbigin, L. & Wainwright, G., 2003, *Signs amid the rubble: The purposes of God in human history*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Newman, B.M. & Nida, E.A., 1980, *A handbook on the gospel of John*, United Bible Society, Stuttgart.
- Newman, B.M. & Stine, P.C., 1988, A handbook on the gospel of Matthew, United Bible Societies, New York.
- Niemandt, C.J.P., 2007, *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*, Lux Verbi, Wellington.
- Niemandt, C.J.P., 2013, *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede*, Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.
- Niemandt, C.J.P., 2017, 'Experiences with denominations in South Africa: Complex leadership and transformational mission leadership in a denominational structure', in C. Burger, F. Marais & D. Mouton, (eds.), *Cultivating missional change: The future of missional churches and missional theology*, Bible Media, Wellington.
- Noort, N., Paas, S., De Roest, H. & Stoppels, S., 2008, *Als een kerk opnieuw begint: Handboek voor missionare gemeenschapsvorming*, Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer.
- Nouwen, H.J.M., 1994, *In the name of Jesus: Reflections on Christian Leadership*, Crossroad, New York.
- Oden, P., 2015, *The transformative church: New ecclesial models and the theology of Jürgen Moltmann*, Fortress Press, Minneapolis.
- Ogden, G., 2003, *Transforming discipleship: Making disciples a few at a time*, InterVarsity Press, Downers Grove.
- Olson, E.T., "Personal Identity", The Stanford Encyclopedia of Philosophy (Spring 2016 Edition), Edward N. Zalta (ed.), URL = <<http://plato.stanford.edu/archives/spr2016/entries/identity-personal/>>. [Besigtig op 8 Sep 2016].

- Osmer, R.R., 1990, *A teachable spirit: Recovering the teaching office in the church*, John Knox Press, Louisville.
- Osmer, R.R., 2008, *Practical theology*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Osmer, R.R., 2012, 'Formation in the missional church: Building deep connections between ministries of upbuilding and sending', in D.J. Zscheile, (ed.), *Cultivating sent communities: Missional spiritual formation*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Ott, C., (ed), 2016, *The mission of the church: Five views in conversation*, (ebook), Baker Academic, Grand Rapids. Beskikbaar by: <https://play.google.com/books/reader?printsec=frontcover&output=reader&id=NffLDAAAQBAJ&pg=GBS.PT3>.
- Pannenberg, W., 1976, *Jesus: God and man*, transl. L.L. Wilkins, & D.A. Priebe, SCM Press, Londen.
- Pasveer, J., 1992, *De gemeente tussen openheid en identiteit: Een opensysteemtheorie als model voor de gemeente ten dienste van haar opbouw*, Theologische Uitgeverij Narratio, Gorinchem.
- Pasztor, J., 2001, 'God's mission taken up as the mission of the church', in W. Brueggemann, (ed.), *Hope for the world. Mission in a global context. Papers from the Campbell Seminar*, Westminster John Knox Press, Louisville, pp 137-149.
- Pieterse, H.J.C., 1986, *Verwoording en prediking*, NG Kerkboekhandel Transvaal, Pretoria,
- Pieterse, H.J.C., 1993, *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*, RGN-Uitgewers, Pretoria.
- Pieterse, H.J.C., 1998, 'Die rol van rituele en simbole in die identiteitsvorming van 'n geloofsgemeenskap – 'n Gereformeerde perspektief', *Skrif en Kerk* 19/2, 342-347.
- Pieterse, H.J.C., 2001, *Prediking in 'n konteks van armoede*, Unisa-uitgewers, Pretoria.
- Pigeon, E.C., 2014, *AMG's comprehensive dictionary of the New Testament words*, AMG Publishers, Chattanooga.
- Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A., 1988, *Psigologiese woordeboek*, Lexicon Uitgewers, Pretoria.
- Post, P., Nel, P. & Van Beek, W., (eds.), 2014, *Sacred spaces and contested identities: Space and ritual dynamics in Europe and Africa*, Africa World Press, Trenton.
- Quinn, R.E, 1996, *Deep change: Discovering the leader within*, Jossey-Bass Publishers, San Francisco.

- Quinn, R.E., 2004, *Building the bridge as you walk on it: A guide for leading change*, Jossey-Bass Publishers, San Francisco.
- Rackham, R.B., 1901, *Oxford commentaries: The Acts of the apostles*, Methuen & Co, London.
- Radine, J.H., 2010, *The book of Amos in emergent Judah*, Mohr Siebeck, Tübingen.
- Rehfeldt, R.N. 2014, 'Preaching to shape congregational identity', Word & World, 34, 2, pp. 206-214, ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost, [Besigtig op 29 April 2016].
- Report of Liturgical Committee, 1974, Supplement of Psalter Hymnal, Board of Publications of the Christian Reformed Church, Grand Rapids.
- Richards, L.O. & Hoeldtke, C., 1980, *A theology of church leadership*, Zondervan, Grand Rapids.
- Richards, L.O. & Hoeldtke, C., 1982, *A theology of church leadership*, 4th edn., Zondervan, Grand Rapids.
- Ricouer, P., 1991, 'Narrative identity', transl. M.S. Muldoon, *In Philosophy Today*, Vol 35, Issue 1, Spring, Oorspronklik gepubliseer as "L'identité narrative" in *Esprit*, nos 7-8, 1988.
- Ridderbos, H., 1979, *Paul: An outline of his theology*, 3rd edn., Eerdmans, Grand Rapids.
- Ridderbos, H., 1997, *The gospel according to John: A theological commentary*, transl. J. Vriend, Eerdmans, Grand Rapids.
- Roberts, J.H., 1983, *Die brief aan die Efesiërs*, NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad.
- Rommen, E., 2016, 'A sacramental vision approach', in C. Ott, (ed.), *The mission of the church: Five views in conversation*, (ebook), pp. 90-109, Baker Academic, Grand Rapids. Beskikbaar by: <https://play.google.com/books/reader?printsec=frontcover&output=reader&id=NffLDAAAQBAJ&pg=GBS.PT3>.
- Rouse, R. & Van Gelder, C., 2008, *A field guide for the missional congregation: embarking on a journey of transformation*, Augsburg Fortress, Minneapolis.
- Roxburgh, A.J., 2005, *The sky is falling!?: Leaders lost in transition*, ACI Publishing, Eagle.
- Roxburgh, A.J., 2010, *Missional map making: Skills for leading in times of transition*, Jossey-Bass, San Francisco.

- Roxburgh, A.J., 2011, *Missional: Joining God in the neighborhood*, Baker Books, Grand Rapids.
- Roxburgh, A.J., 2015, *Structured for mission: Renewing the culture of the church*, InterVarsity Press Books, Dowvers Grove.
- Roxburgh, A.J. & Romanuk, F., 2006, *The missional leader: Equipping your church to reach a changing world*, Jossey-Bass, San Francisco.
- Roxburgh, A.J. & Boren M.S., 2009, *Introducing the missional church: What it is, why it matters, how to become one*, Baker Books, Grand Rapids.
- Rubin, H.J. & Rubin, I.S., 2005, *Qualitative interviewing: The art of hearing data*, SAGE Publications, Thousand Oaks.
- Runyon, T. (ed.), 1979, *Hope for the Church: Moltmann in dialogue with practical theology*, Abingdon, Nashville.
- Sarna, N.M., 1989, *The JPS Torah Commentary: Genesis*, The Jewish Publication Society, Philadelphia.
- Schaller, L.E. & Tidwell, C.A., 1975, *Creative church administration*, Abingdon, Nashville.
- Schaller, L.E., 2003, *From geography to affinity: How congregations can learn from one another*, Abington Press, Nashville.
- Schoeman, W.J., 2014, 'Merkers vir 'n eietydse prakties-teologiese ekklesiologie', *Verbum et Ecclesia* 35(2), Art. #881, 8 bladsye.
- Senge, P.M., 2006. *The fifth discipline: The art & practice of the learning organization*. Random House Business Books, Londen.
- Senior, D., 1998, *Abingdon New Testament commentaries: Matthew*, Abingdon Press, Nashville.
- Silverman, D., 2013, *Doing qualitative research*, 4th edn., SAGE Publications, Thousand Oaks.
- Smit, C.H., 1997, 'Ekklesiologie en gemeentebou: `n Prakties-teologiese studie', Ongepubliseerde D.Div.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Smit, D.J., 2006, 'Church unity in freedom', in M. Wolf, & M. Welker, (eds.), *God's life in the Trinity*, Fortress Press, Minneapolis, pp 73-92.
- Smith, C., 2005, *Soul searching*, Oxford University Press, New York.
- Stanley, A., 2016, *Deep and wide*, (ebook), Zondervan, Grand Rapids.

Stark, C., 1998, 'Een plaats voor vieren: Eredienst en gemeenteopbouw', in G. Heitink, J. Van de Meent, S. Stoppels. *Een gezamentlike trektocht: Meedenken met Jan Hendriks over gemeenteopbouw*, Uitgeverij Kok, Kampen.

Stead, M.R., 2009, *The intertextuality of Zechariah 1-8*, T & T Clark, New York.

Stein, R.H., 2008, *Baker exegetical commentary on the New Testament: Mark*, Baker Academic, Grand Rapids.

Stetzer, E., 2016, 'A evangelical kingdom community approach' in C. Ott (ed.), *The mission of the church: Five views in conversation*. (ebook), pp. 110-133, Baker Academic, Grand Rapids. Beskikbaar by: <https://play.google.com/books/reader?printsec=frontcover&output=reader&id=NffLDAAAQBAJ&pg=GBS.PT3>.

Stoppels, S., 1998, 'De trektocht van Jan Hendriks', in G. Heitink, J. Van de Meent, S. Stoppels. *Een gezamentlike trektocht: Meedenken met Jan Hendriks over gemeenteopbouw*, Uitgeverij Kok, Kampen.

Stoppels, S., 2013, *Oefenruimte: Gemeente en parochie als gemeenschap van leerlingen*, Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer.

Stoppels, S. & Sengers, E., 2007, 'Revitalisering', in R. Brouwer, K. De Groot, H. De Roest, E. Sengers & S. Stoppels. *Levend lichaam: Dynamiek van christelijke geloofsgemeenschappen in Nederland*, Uitgeverij Kok, Kampen.

Stott, J.R.W., 1982, *Between two worlds: The art of preaching in the twentieth century*, Eerdmans, Grand Rapids.

Stott, J., 1992, *The contemporary Christian: An urgent plea for double listening*, InterVarsity Press, Leicester.

Strauss, A. & Corbin, J. (eds.), 1997, *Grounded theory in practice*, SAGE Publications, Thousand Oaks.

Stuart, D., 1987, *Word Biblical Commentary*, Vol. 31: Hosea-Jonah, Word Books Publisher Waco, Texas.

Sweet, L., 2001, *Soultsunami: Sink or swim in new millennium culture*, Zondervan, Grand Rapids.

Sweet, L., 2008, 'Bestorm die perfekte storm', in S.J. Joubert (red.), *Die perfekte storm: Hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef*, Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Sweet, L., 2014, *Tablet to table: Where community is found and identity formed*, NavPress Publishing Group, Colorado.

- Tashakkori, A. & Teddlie, C., 2010, *SAGE handbook of mixed methods in social & behavioural research*, 2nd edn., SAGE Publications, Thousand Oaks.
- Te Velde, M., 1989, *Gereformeerde gemeenteopbouw: Een eerste koesbepaling voor een nieuw theologisch vak*, Uitgeverij De Vuurbraak, Barneveld.
- Te Velde, M., 1992a, *Gemeenteopbouw 1: Doelgericht en samehangend werken in de christelijke gemeente*, Uitgeverij De Vuurbraak, Barneveld.
- Te Velde, M., 1992b, *Gemeenteopbouw 2: Bijbelse basisprincipes voor het functioneren van de christelijke gemeente*, Uitgeverij De Vuurbraak, Barneveld.
- Thompson, W.D. (ed.), 1981, *Preaching Biblically: Exegesis and interpretation*, Abingdon, Nashville.
- Umaga, J.I.F., 2018, *Tana Umaga chats to sport 24*, beskikbaar by: <https://www.sport24.co.za/Rugby/SuperRugby/tana-umaga-chats-to-sport24-20180316> [Besigtig op 18 Maart 2018].
- Van Aarde, A.G., 1995, 'Kerk en teologie op pad na die derde millenium: Gedagtes oor die kontekstualisering van die dialektiese teologie in 'n plurale samelewing', HTS 51, pp. 39-64.
- Van der Merwe, J.C., 1999, 'n Prakties-teologiese evaluering van 'n gemeentebouprojek in die Nederduitsch Hervormende gemeente Kempton Park-Oos met die oog op die daarstelling van 'n praktykmodel in die Nederduitsch Hervormende kerk van Afrika', Ongepubliseerde D.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Van der Ven, J.A., 1993, *Practical theology: An empirical approach*, Kok Pharos, Kampen.
- Van Gelder, C. (ed.), 1999, *Confident witness – changing world: Rediscovering the gospel in North America*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Van Gelder, C., 2007a, *The ministry of the missional church: A community led by the Spirit*, Baker, Grand Rapids, Michigan.
- Van Gelder, C. (ed.), 2007b, *The missional church in context: Helping congregations develop contextual ministry*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Van Gelder, C. (ed.), 2009, *The missional church & leadership formation: Helping congregations develop leadership capacity*, Eerdmans, Grand Rapids.
- Van Gelder, C. & Zscheile, DJ., 2011, *The missional church in perspective: Mapping trends and shaping conversation*, Baker Academic, Grand Rapids.
- Van Gennep, F.O., 1989, *De terugkeer van de verloren vader*, Uitgeverij Tem Have, Baarn.

Van Hooijdonk, P., 1998, 'Hiërarchische allergie? De situering en de noodzaak van apostoliciteit in de christelijke gemeente', in G. Heitink, J. Van de Meent, S. Stoppels, *Een gezamenlijke trektocht: Meedenken met Jan Hendriks over gemeenteopbouw*, Uitgeverij Kok, Kampen.

Van Huyssteen, J.W.V., 2016, *Relasionale waarheidsbegrip*. Elektroniese Christelike Kern ensiklopedie, besigtig op 13 Februarie 2018, by <http://cke.christians.co.za/2016/03/30/relasionale-waarheidsbegrip/>.

Van Riessen, H.I., 1973, *De maatschappij der toekomst*, 5de druk, Uitgeverij T. Wever, Franeker.

Van Wyk, T. & Van Aarde, A.G., 2015, 'Metafore vir die ontmoeting tussen God en mens en 'n "swerwende" teoloog se soekend-wandelende reis', HTS Teologiese Studies 71(3), Art. #3116, 9 bladsye, <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v71i3.3116>.

Volf, M., 1998, *After our likeness: The church as the image of the Trinity*, Eerdman, Grand Rapids.

Volf, M., 2006, 'Being as God is: Trinity and generosity', in M. Volf, & M. Welker, (eds.), *God's life in the Trinity*, Fortress Press, Minneapolis, pp 3-12.

Volf, M. & Welker, M. (eds.), 2006, *God's life in the Trinity*, Fortress Press, Minneapolis.

Walker, A.G. & Parry, R.A., 2014, *Deep church rising: Rediscovering the roots of Christian orthodoxy*, Cascade Books, Eugene.

Walton, S.J., 2014, 'Calling the church names: Learning about Christian identity from Acts', Perspectives In Religious Studies, 41, 3, pp. 223-241, ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost, viewed 29 April 2016.

Warren, R., 1995, *Purpose driven church*, Zondervan, Grand Rapids.

Webb, B. G., 2003, *The message of Zechariah*, InterVarsity Press, Downers Grove.

Wenham, G.J., 1987, *Word Biblical Commentary: Volume 1, Genesis 1 – 15*, Word Books, Waco.

Wepener, C.J., 2008, 'Liturgy on the edge of tradition', *Practical Theology in South Africa*, 23(2), pp. 313-335.

Wepener, C.J., 2009, *From fast to feast: A ritual-liturgical exploration of reconciliation in South African cultural contexts*, Uitgeverij Peeters, Leuven.

Wepener, C.J., 2011, *Soos 'n blom na die son draai: Liturgiese voorstelle vir die gebruik in die algemene erediens en in ander spesifieke dienste*, Bybel-Media, Wellington.

Wepener, C.J. en Pauw, J.C., 2004, 'Terug na die toekoms – oor die samehang tussen rituele tyd en identiteit', *Scriptura* 85/1, 110 – 122.

Wepener, C.J. en Van der Merwe, J. (eds.), 2009, *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi, Wellington.

Williams, C.S.C., 1964, *A commentary on the Acts of the apostles*, Adam & Charles Black, Londen.

Willimon, H.W., 1979, *Worship as pastoral care*, Abingdon, Nashville.

Wofford, R. 2009. Biblical Hermeneutics. [Aanlyn]. *Preaching Points*. Beskikbaar by: <http://www.preachingpoints.com/2009/01/biblical-hermeneutics/> [Besigting op 12 Mei 2017].

Wolters, A., 2014, *Zechariah: Historical commentary on the Old Testament*, Peeters, Leuven.

Wright, C.J.H., 2010, *The mission of God's people: A biblical theology of the church's mission*, Zondervan, Grand Rapids.

Wright, J.E., 1982, *Erikson: Identity & religion*, The Seabury Press, New York.

Wright, N.T., 2008, *Surprised by hope: Rethinking heaven, the resurrection and the mission of the church*, Harper-Collins Publishers, New York.

Zscheile, D.J., 2012, 'A missional theology of spiritual formation', in *Cultivating sent communities: Missional spiritual formation*, Eerdmans, Grand Rapids.

Zscheile, D.J. (ed.), 2012, *Cultivating sent communities: Missional spiritual formation*, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

XIII Ordinary General Assembly of the Synod of Bishops, 2012, *Instrumentum Laboris*, of the new evangelization for the transmission of the Christian faith preface, 23, 45, 62, besigting op 7 Junie 2017, by http://www.vatican.va/roman_curia/synod/documents/rc_synod_doc_20120619_instrumentum-xiii_en.html.

LYS VAN BYLAE

A – Toestemmingsbrieve vir kwantitatiewe navorsing

B – Toestemmingsbrieve vir kwalitatiewe navorsing

C – Kwantitatiewe vraelys

BYLAAG A



Fakulteit Teologie

INGELIGDE TOESTEMMING TOT DEELNAME AAN AKADEMIESE NAVORSING

Titel:

Geïntegreerde bediening in die ontwikkeling van `n identiteitsgedreve missionale gemeente

Navorser:

Ds. CTR (Neels) Marais
NG Kempton-Kruin,
Universiteit van Pretoria (Departement Praktiese Teologie)
neels@kruin-kerk.co.za

Beste _____

U word uit die rol van u amp uitgenooi om deel te neem aan `n akademiese navorsingstudie wat handel oor geïntegreerde bediening in die ontwikkeling van `n identiteitsgedreve missionale gemeente.

Doel van die studie:

In die navorsing sal antwoorde op die volgende vrae gesoek word:

- tot hoe `n mate die ontwikkeling van `n missionale gemeente deur die teologiese en kontekstuele identiteitsverstaan binne en van die gemeente beïnvloed word;
- tot hoe `n mate hierdie identiteitsverstaan en –ontwikkeling direk verband hou met die integrering en koördinering van alle bedieninge in belang daarvan.

Die resultate van die studie sal in `n proefskrif en `n akademiese joernaal gepubliseer word. Indien u dit verlang, sal `n opsomming van die resultate aan u gestuur word. Geeneen van die respondenten se name sal in die finale publikasie genoem word nie.

Tydduur van die studie:

Die studie sal gedoen word oor `n drie jaar-periode en die geprojekteerde datum van voltooiing is 2018.

Navorsingsprosedures:

Binne die empiriese benadering kies die navorser vir toetsende maar ook eksplorerende navorsing. Daar word in hierdie studie van kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. In hierdie studie word vraelyste gebruik ten einde kwantitatiewe data te verkry.

Met kwalitatiewe navorsing sal gepoog word om in-diepte gesprekke met gemeenteleiers te voer ten einde te bepaal in hoe `n mate daar doelbewus gepoog word om identiteitsontdekking en identiteitsvorming te faciliteer deur middel van die integrering en koördinering van die bedieninge.

Wat van u verlang word:

Daar word van u verlang om die vraelys met betrekking tot die gemeente waar u bedien, so noukeurig en akkuraat as moontlik te voltooi. Indien u deelneem aan die kwalitatiewe navorsing word daar van u verlang om die vrae so volledig moontlik te beantwoord.

U regte:

U deelname aan hierdie studie is baie belangrik. U mag egter kies om nie aan hierdie studie deel te neem nie en u mag ook, sonder om `n rede te verskaf, enige tyd u deelname aan dié studie beëindig. Indien u kies om u deelname te beëindig sal daar geen negatiewe gevolge wees nie.

U as respondent kan die navorser enige tyd kontak met betrekking tot enigiets wat met die studie te doen het. Die respondent sowel as die navorser moet albei `n getekende afskrif van hierdie dokument bewaar.

Konfidensialiteit:

Alle informasie sal as konfidensieel beskou word. Respondente en hul gemeentes se anonimitet sal behou word en slegs die navorser tesame met die Universiteit van Pretoria se Department Statistiek sal toegang tot die data hê. Die relevante data sal vernietig word indien u kies om nie verder aan die studie deel te neem nie.

GESKREWE INGELIGDE TOESTEMMING

Ek bevestig hiermee dat ek volledig ingelig is oor die aard van hierdie navorsing. Ek verstaan dat ek enige tyd, sonder benadeling van enige aard, my toestemming mag terugtrek en deelname aan hierdie studie mag staak. Ek bevestig dat ek voldoende geleentheid gehad het om vrae te vra.

Respondent: _____

Navorser: _____

Datum: _____

Kontaknommer van navorser: 083 320 5950 / 011 391 1343

BYLAAG B



INGELIGDE TOESTEMMING TOT DEELNAME AAN AKADEMIESE NAVORSING

Titel:

Geïntegreerde bediening in die ontwikkeling van 'n identiteitsgedreve missionale gemeente

Navorser:

Ds. C.T.R. (Neels) Marais

NG Kempton-Kruin

083 320 5950

Beste _____

U word uit die rol van u amp uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsingstudie wat handel oor geïntegreerde bediening in die ontwikkeling van 'n identiteitsgedreve missionale gemeente.

Doel van die studie:

In die navorsing sal antwoorde op die volgende vrae gesoek word:

- tot hoe 'n mate die ontwikkeling van 'n missionale gemeente deur die theologiese en kontekstuele identiteitsverstaan binne en van die gemeente beïnvloed word;
- tot hoe 'n mate hierdie identiteitsverstaan en –ontwikkeling direk verband hou met die integrering en koördinering van alle bedieninge in belang daarvan.

Die resultate van die studie sal in 'n proefskrif en 'n akademiese joernaal gepubliseer word. Indien u dit verlang, sal 'n opsomming van die resultate aan u gestuur word. Geeneen van die respondenten se name sal in die finale publikasie genoem word nie.

Navorsingsprosedures:

Binne die empiriese benadering kies die navorser vir toetsende maar ook eksplorerende navorsing. Daar word in hierdie studie van kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak.

Met kwalitatiewe navorsing sal gepoog word om in-diepte gesprekke met gemeenteleiers te voer ten einde te bepaal in hoe 'n mate daar doelbewus gepoog word om identiteitsontdekking en identiteitsvorming te faciliteer deur middel van die integrering en koördinering van die bedieninge.

Wat van u verlang word:

Indien u deelneem aan die kwalitatiewe navorsing word daar van u verlang om die vrae so volledig moontlik te beantwoord.

U regte:

U deelname aan hierdie studie is baie belangrik. U mag egter kies om nie aan hierdie studie deel te neem nie en u mag ook, sonder om 'n rede te verskaf, enige tyd u deelname aan dié studie beëindig. Indien u kies om u deelname te beëindig sal daar geen negatiewe gevolge wees nie. U as respondent kan die navorser enige tyd kontak met betrekking tot enigiets wat met die studie te doen het. Die respondent sowel as die navorser moet albei 'n getekende afskrif van hierdie dokument bewaar.

Konfidensialiteit:

Alle informasie sal as konfidensieel beskou word. Respondente en hul gemeentes se anonimitet sal behou word en slegs die navorser tesame met die Universiteit van Pretoria se Department Statistiek sal toegang tot die data hê. Die relevante data sal vernietig word indien u kies om nie verder aan die studie deel te neem nie.

GESKREWE INGELIGDE TOESTEMMING

Ek bevestig hiermee dat ek volledig ingelig is oor die aard van hierdie navorsing. Ek verstaan dat ek enige tyd, sonder benadeling van enige aard, my toestemming mag terugtrek en deelname aan hierdie studie mag staak. Ek gee toestemming dat ons gesprek opgeneem en getranskribeer mag word. Ek bevestig dat ek voldoende geleentheid gehad het om vrae te vra.

Respondent: _____

Navorser: _____

Datum: _____

BYLAAG C – VRAELEYS VIR KWANTITATIEWE NAVORSING

Vraelys: Identiteit-gedreve missionale gemeentes

<p>Nommer van vraelys (kantoorgebruik)</p> <p>1. Geslag <input type="checkbox"/> Vroulik <input checked="" type="checkbox"/> Manlik</p> <p>2. Hoe lank is u al in die bediening? _____ jaar</p> <p>3. Hoe lank dien u in u huidige gemeente? _____ jaar</p> <p>4. Hoeveel leraars is daar by u gemeente? _____</p> <p>5. Watter een van die volgende drie opsies beskryf u gemeente die beste ten opsigte van u ligging?</p> <table style="margin-left: 100px; border-collapse: collapse;"> <tr><td style="border: 1px solid black; padding: 2px; text-align: center;">1</td><td>Platteland</td></tr> <tr><td style="border: 1px solid black; padding: 2px; text-align: center;">2</td><td>Voorstedelik</td></tr> <tr><td style="border: 1px solid black; padding: 2px; text-align: center;">3</td><td>Middestad</td></tr> </table> <p>6. Het u die afgelope twee jaar literatuur (boek of artikel) oor missionale gemeente ontwikkeling gelees? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> 1 <input type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/> 2</p> <p>7. Het u die afgelope twee jaar aan gesprekke of kursusse oor missionale gemeente ontwikkeling deelgeneem? <input type="checkbox"/> Ja <input checked="" type="checkbox"/> 1 <input type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/> 2</p> <p>8. Watter van die volgende bedieninge (waarvan die sentrale karakter in die Griekse benaming aangedui word), is teenwoordig in u gemeente?</p> <p>PREDIKING (Kerugma: bv. eredienste, ander vorme van Woordverkondiging, ens.) <input type="checkbox"/> 1 LITURGIE (Leitourgia, insluitende bv. musiekbediening) <input type="checkbox"/> 2 PASTORALE SORG (Paraklese: bv. besoeke, Divorce Care, Grief Share, ens.) <input type="checkbox"/> 3 LEIERSKAP & ADMINISTRASIE (Kybernesis: bv. gemeenteraad, kantoor, personeel, ens.) <input type="checkbox"/> 4 ONDERRIG (Didache: bv. kategese, Bybelskool, volwasse kategese, ens.) <input type="checkbox"/> 5 KOINONIA (bv. selgroepe, omgeegroepe, kampe, koffie, ens.) <input type="checkbox"/> 6 DIENS (Diakonia: bv. alimentasie, kosprojekte, ens.) <input type="checkbox"/> 7 GETUIENIS (Marturia: bv. kursusse m.b.t. getuienis, uitreik-aksies, evangelisasie, ens.) <input type="checkbox"/> 8</p> <p>Ander, spesifiseer asb:</p>	1	Platteland	2	Voorstedelik	3	Middestad	Kantoorgebruik v0 <input type="checkbox"/> v1 <input type="checkbox"/> v2 <input type="checkbox"/> v3 <input type="checkbox"/> v4 <input type="checkbox"/> v5 <input type="checkbox"/> v6 <input type="checkbox"/> v7 <input type="checkbox"/> v8.1 <input type="checkbox"/> v8.2 <input type="checkbox"/> v8.3 <input type="checkbox"/> v8.4 <input type="checkbox"/> v8.5 <input type="checkbox"/> v8.6 <input type="checkbox"/> v8.7 <input type="checkbox"/> v8.8 <input type="checkbox"/> v8.9 <input type="checkbox"/>
1	Platteland						
2	Voorstedelik						
3	Middestad						

9. Dui aan tot watter mate u met die volgende stellings m.b.t. u gemeente saamstem

0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4

v9.1a
v9.1b
v9.1c
v9.1d
v9.1e
v9.1f

9.1 DIE MISSIO DEI EN DIE MISSIONALE GEMEENTE

- a) Ons sien onself as 'n missionale gemeente.
- b) Dit is vir my as gemeenteleier belangrik dat die gemeente moet ontwikkel as 'n missionale gemeente.
- c) God kom na die wêreld via ons gemeente en ons gemeente staan sentraal in God se reddende plan vir die wêreld.
- d) Die gemeente waar ek bedien moet terugkeer na 'n diep studie van haar identiteit om te ontdek en te herontdek wat dit beteken om 'n missionale gemeente te wees.
- e) 'n Missionale gemeente is in haar wese deel van die *missio Dei*.
- f) Die Drie-enige God is 'n missionale God wat die gemeente waar ek bedien as 'n geloofsgemeenskap in die wêreld instuur om die heerskappy van God te verteenwoordig.

0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4

9.2 U VERSTAAN VAN GEMEENTEBOU

- a) Die gemeente waar ek bedien is veronderstel om kwantitatief (in getalle) te groei.
- b) Die gemeente waar ek bedien is veronderstel om kwalitatief (in geestelike volwassenheid) te groei.
- c) Die gemeenteleiers van die gemeente waar ek bedien weet wat ons gemeente se identiteit is.
- d) Identiteit motiveer en gee rigting aan die ontwikkeling van 'n missionale gemeente.

0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4
0	1	2	3	4

v9.2a
v9.2b
v9.2c
v9.2d

- e) Die sleutel tot gemeentebou is identiteits-ontdekking en identiteitsontwikkeling.
- f) Die gemeente waar ek bedien word opgebou wanneer daar 'n doelbewuste poging is om die bedieninge te integreer en te koördineer ten einde identiteits-ontdekking en identiteits-vinding te fasiliteer.
- g) Ons gemeente groei in getalle.
- h) Ons gemeente groei in geestelike volwassenheid.

	0	1	2	3	4	v9.2e
	0	1	2	3	4	v9.2f
	0	1	2	3	4	v9.2g
	0	1	2	3	4	v9.2h

9.3 DIE IDENTITEIT VAN ONS GEMEENTE

- a) Ons as 'n gemeente is bewus van ons identiteit, ons leef daaruit en ons koester ons identiteit.
- b) Ons gemeente se identiteit lê daarin dat ons in Christus gestuurde kinders van God is wat aan Hom behoort.
- c) Heelparty gemeentes is klaarblyklik nie gesond nie, vermoedelik omdat hulle onseker is van hulself en nie 'n greep het op wie hulle is (identiteit) en waarvoor hulle geroep (roeping) is nie.
- d) Die uitdaging vir ons gemeente in 'n post-Christendom wêreld lê daarin om opnuut ons identiteit te herwin en te verdiep.
- e) Ons identiteit moet gesien word in die lig van God se betrokkenheid in en besorgheid oor die hele skepping (missio Dei).

	0	1	2	3	4	v9.3a
	0	1	2	3	4	v9.3b
	0	1	2	3	4	v9.3c
	0	1	2	3	4	v9.3d
	0	1	2	3	4	v9.3e

10. INTEGRERING EN KOÖRDINERING VAN BEDIENINGE

10.1 DOELBEWUSTE INTEGRASIE

“Integrering” verwys veral na die inter-verweefdheid van die bedieninge soos bv. dat daar altyd onderrig (didache) in die verkondiging (kerugma) is en ons wat dit doelbewus in ag neem.

Kantoorgebruik

Stem beslis saam				
Stem gedeeltelik saam				
Stem grotendeels nie saam nie				
Stem glad nie saam nie				
Nie van toepassing op my				

v10.1a



v10.1b



a) Daar is 'n doelbewuste poging van ons leierskap se kant om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te integrer.


b) Ek begryp dat die bedieninge mekaar nodig het, interverweefd is en op mekaar steun.

10.2 DOELBEWUSTE KOÖRDINERING

“Koördinering” verwys na die gesamentlike funksionering van die bedieninge soos bv. verkondiging (kerugma) en liturgie (leitourgia) en ons wat doelbewus daarmee rekening hou.

Stem beslis saam				
Stem gedeeltelik saam				
Stem grotendeels nie saam nie				
Stem glad nie saam nie				
Nie van toepassing op my				

v10.2a



v10.2b



a) Daar is 'n doelbewuste poging van ons leierskap se kant om die bedieninge wat wel teenwoordig is, te koördineer.

b) Doelbewuste integrering en koördinering van die bedieninge het 'n rol te speel in die ontwikkeling van die gemeente waar ek bedien se identiteit.

AGT BEDIENINGE : DIE ONTDEKKING EN ONTWIKKELING VAN 'N MISSIONALE IDENTITEIT**11. In ons gemeente is die agt ondergenoemde bedieninge een van die primêre maniere...**

- a) hoe God na sy gemeente kom. b) waardeur die gemeente haar identiteit ontdek en ontwikkel.

Prediking	0	1	2	3	4
Liturgie	0	1	2	3	4
Pastorale sorg	0	1	2	3	4
Leierskap & administrasie	0	1	2	3	4
Onderrig	0	1	2	3	4
Koinonia	0	1	2	3	4
Diens van barmhartigheid	0	1	2	3	4
Getuienis	0	1	2	3	4

Stem beslis saam	0	1	2	3	4
Stem gedeeltelik saam	0	1	2	3	4
Stem grotendeels nie saam nie	0	1	2	3	4
Stem glad nie saam nie	0	1	2	3	4
Nie van toepassing op my	0	1	2	3	4

Kantoorgebruik

v11a1	v11b1
v11a2	v11b2
v11a3	v11b3
v11a4	v11b4
v11a5	v11b5
v11a6	v11b6
v11a7	v11b7
v11a8	v11b8

12. Wanneer ek met die agt ondergenoemde bedieninge besig is, is ek bewus van die verweefdheid van die bediening met die ander bedieninge.

- a) Prediking met bv. die onderrig en die pastorale sorg.
- b) Liturgie met bv. die verkondiging en die getuienis.
- c) Pastorale sorg met bv. die koinonia en die diens van barmhartigheid
- d) Leierskap en administrasie met bv. die pastorale sorg en onderrig
- e) Onderrig met bv. die prediking en pastorale sorg
- f) Koinonia met bv. die pastorale sorg en diens van barmhartigheid
- g) Diens van barmhartigheid met bv. die koinonia en die leierskap en admin
- h) Getuienis met bv. die liturgie, pastorale sorg en prediking

	Kantoorgebruik				
	0	1	2	3	4
Stem beslis saam					
Stem gedeeltelik saam					
Stem grotendeels nie saam nie					
Stem glad nie saam nie					
Nie van toepassing op my					

v12.1
v12.2
v12.3
v12.4
v12.5
v12.6
v12.7
v12.8